

17153

276


ONDERWYS

AAN DIE KAAP

onder die

BATAAFSE REPUBLIEK

'n Kultuur - historiese Studie



dr. P. S. du Toit

ONDERWYS AAN DIE KAAP

Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek

1803 — 1806

'N KULTUUR-HISTORIESE STUDIE

deur

P. S. DU TOIT, M.A. M.Ed., D.Phil.



J. L. VAN SCHAİK, BPK., PRETORIA
1944

Skrywer van:

Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652—1795.

Onderwys in Kaapland, 1652—1939.

Onderwys in Drakenstein gedurende 'n anderhalwe Eeu, 1689—1839.

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.

VOORWOORD.

Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek behels 'n voortsetting van die werk vervat in *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*. Dit behandel nl. in aansluiting by laasgenoemde die onderwysgeskiedenis van die tweede en laaste periode van Nederlandse bewind aan die Kaap.

Soos in die geval met *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*, is ook hier van die standpunt uitgegaan dat die geskiedenis van die onderwys van 'n land nie in die eerste plek die geskiedenis van sy groot opvoedkundiges en hulle lewe en werk is nie, of dat dit sonder meer die geskiedenis van pedagogiese stelsels is nie, maar word dit gesien as „'n uiteensetting van pedagogiese denke en doen, as 'n deel van 'n groot organiese geheel: die algemene kultuurgeskiedenis van die mensheid.”¹⁾ In hierdie lig gesien, is onderwysgeskiedenis inderdaad kultuurgeskiedenis. Tussen opvoeding en kultuur bestaan dan ook 'n voortdurende wisselwerking en wedersydse beïnvloeding.

Die kort tydperk hier onder behandeling, vorm 'n periode wat gewoonlik beskou word as een wat ryk aan beloftes was maar gedurende welke daar maar min tot stand gekom het; dit sou dan 'n periode wees gekenmerk deur „provisionele” ordonnansies, waarvan die bepalings in die praktyk maar min tereg gekom het. Die doel van hierdie verhandeling is om in die lig van die feite hierdie oordeel wat op 'n gemeenplaas berus, te ondersoek en vas te stel wat presies die prestasies van die Bataafse Owerheid aan die Kaap op die gebied van die onderwys was. Dit sal al gou duidelik word dat gedurende hierdie periode 'n besondere mate van bedrywigheid aan die dag gelê is, 'n aktiwiteit wat wel deeglik ook die gebied van die onderwys sou raak.

Daar val nie 'n lang lys van werke te vermeld wat reeds die onderwerp ten dele behandel nie. Daar is die baanbrekerswerk van dr. E. G. Malherbe vervat in sy *Education in South Africa (1652-1922)*, waarin die skrywer hom veral bepaal het by die aspek van onderwys-

¹⁾ Sien Du Toit, P. S., *Onderwys aan die Kaap onder die Komp., voorwoord, p. V.*

administrasie en 'n kort maar stimulerende hoofstukkie aan hierdie periode gewy het. Dan is daar die veel onvollediger werk van mevr. McKerron: *A History of Education in South Africa (1652-1932)*, asook verskeie kleiner werkies en artikels oor ons onderwysgeskiedenis — in die literatuurlys aangedui — waarin die skrywers vlugtig gestap het oor die kort periode van drie jaar hier onder behandeling.

Spesiale vermelding verdien die werk van dr. J. P. van der Merwe: *Die Kaap onder die Bataafse Republiek (1803-1806)*. Die skrywer van hierdie detailstudie het behalwe 'n hoofstuk oor die „Algemene beskawing van die Kaap,” waarin ook onderwyssake die aandag geniet, 'n verdere hoofstuk gewy aan die „Onderwys-Ordonnansie vir die Kolonie.”

Aangesien hierdie werke uit die aard van die saak maar betreklik min gegewens vir hierdie studie opgelewer het, moes byna uitsluitlik geput word uit primêre bronne wat hoofsaaklik bestaan uit bestuurlike stukke wat hulle bevind in die Staatsargief in Kaapstad asook in verskillende Kerkargiewe. Die reisbeskrywings uit hierdie tyd is maar gering in getal en onderwysaangeleenthede het by die skrywers hiervan slegs terloopse vermelding geniet.

Dit is vir my aangenaam om die personele van die verskillende biblioteke asook die amptenare van die verskillende argiewe deur my besoek, te bedank. Aan my vrou wat my steeds getrou bystaan en behulpsaam is, deur met matematiese presiesheid dokumente te kopiëer, en ook die manuskrip van hierdie werk oorgeskrywe het, is ek in die besonder dank verskuldig.

P. S. DU TOIT.

INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD.

HOOFSTUK I.

- Vroegste Bemoeiinge en Eerste Reëlinge
Oorgawe en oorname van die Kaap, 1. De Mist se *Memorie* en sy eerste aanbevelings i.v.m. onderwyssake hier, 2. Bespreking van die *Memorie*, 4. De Mist herei hom verder voor vir die uitvoering van sy opdrag: Korrespondensie, 5. Die instelling van die Regeringsliggame en hulle onderwysverpligtinge, 9. Die Goewerneur, 9. 'n Drukkery as hulpmiddel, 10. Die „Politieke Raad” se verpligtinge, 10. Die Raad der Gemeente, 11.

Bliss.
1—13

HOOFSTUK II.

- Die Skoolorder van De Mist: Voorbereiding
Kom verder op hoogte van sake hier, 14. Janssens se reis na die Binneland, 14. Berigte uit die buitgemeentes, 15. De Mist se proklamasie van Junie 1803, en sy oproep, 15. Sy versoek aan die Asiatiese Raad om onderwysers, 16. De Mist se reis, 16. Sy voordrag voor die Politieke Raad vroeg in 1804, 17. Raadpleeg die pasgestigte Maatskappy „Tot Nut van 't Algemeen,” 18. Sy Rapport, 18. De Mist raadpleeg 'n Spesiale Kommissie i.s. moontlike belastings vir onderwysdoeleindes, 20. Sy ondersoek en volledige Rapport, 21.

14—26

HOOFSTUK III.

- Die Skoolorder van De Mist: Ontleding
Sy voorwoord ter inleiding, 27. Eerste deel: Die Skolarge, 28. Leerkragvoorsiening en 'n Kweekskool vir toekomstige onderwysers, 29. Die buitdistrikte, 31. 'n Kos- en Dagskool vir Kaapstad, 32. 'n Kos- en Dagskool vir jong dogters aan die Kaap, 33. Die gewone Laer skole in Kaapstad, 33. Skool te Simonsbaai, 34. Die Latynse skool, 34. Indirekte dwangmiddels, 35. Tweede Hoofdeel: Onderwysfonds, 36.

27—38

HOOFSTUK IV.

- Die Skoolorder van De Mist: Bespreking
Nuwe denkbearde, 39. Invloed van die Spesiale Kommissie

39—55

en die Maatskappy, „Tot Nut van 't Algemeen,” 40. Herkoms van die „nuwe idees”: onderwys as 'n saak van die Staat en Sekulêre onderwys, 43. Vroeë aanduidings van De Mist se opvattinge, 43. Invloed van Filosofiese skrywers en van die Franse Rewolusie, 44. Die idee van volksonderwys onder staatsorg, histories beskou, 45. Die posisie dien-aangaande in Nederland onder Franse invloed, 48. Die Onderwyswette in Nederland van 1801 en 1806, 49. Die invloed van die verskeie „Maatskappye” in die Moederland, 50. Die Maatskappy „Tot Nut van 't Algemeen,” 51. De Mist het gewortel in moederaarde: Kind van sy tyd, 53. Verset aan die Kaap teen sy idees en verklaring hiervan, 54.

HOOFSTUK V.

Die Pahuds en hulle skool vir jong dogters 56—71

Die afskeidsgroet van die Kommissaris, 56. Uitvoering van die Skoolorder: Samestelling van die nuwe Skoolkommissie, 56. Die opvoeding van dogters 'n verwaarloosde saak, 58. Skoolorder van De Mist i.s. Kos- en Dagskool vir jong dogters, 60. Die aankoms van die Pahuds aan die Kaap en hulle aanbod, 60. Hulle uiteensetting van die Instituut wat hulle beoog, en van hulle aanvangsmoelikhede, 61. Goewr. en Raad raadpleeg die Skoolkommissie, 63. Hulle voorstel i.s. Mevr. Pahud, 64. Voorskotte aan die Pahuds, 65. Hulle aanstelling en die stigting van die skool vir jong dogters, leervakke, ens., 66. Die Pahuds in geldelike moeilikheid, 67. Die verdere geskiedenis van die „Young ladies' School,” 69.

HOOFSTUK VI.

Verdere Onderwysaangeleenthede aan die Hoofplaas 72—96

DIE LATYNSE SKOOL:

By aankoms hier aangetref, 72. Bepalings in die Skoolorder i.s. die skool, 73. Die Memorie van die Skolarge i.v.m. die skool, 73. Verdere geskiedenis van die skool, 74.

DIE GEWONE OPENBARE LAER SKOLE:

'n Belangrike onderwysfaktor, 75. Beheer, 75. C. M. Villet en B. de la Motte, 76. Villet en F. Delitz, 78. J. B. Renou en J. G. Klijnders, 78. H. C. Vermaas en A. van Vollesom, 79. Hammerstein, 79. J. H. Voorman, 80. Die bestaande skole in 1806; sommige leerkragte ou staatsmakers, 81.

„KERKSKOLE”:

Die Diakonie-skool en die onderwys van behoeftige kinders, 83. Die skool van die Lutherse kerk, 84.

OORSEESE STUDIE:

'n Gewoonte nog steeds in gebruik, 85. Die Regering verleen geldelike hulp, 86.

'N BEDRYWIGE SKOOLKOMMISSIE:

Bedrywig in verskillende rigtinge, 86. Die vergoeding van die geoutoriseerde skoolmeester, 87. Voorsiening van skoolboeke, 88.

OPLEIDING VAN ONDERWYSERS:

Die Politieke Raad raadpleeg die Skolarge oor die saak, 89. Geld beskikbaar gestel vir kwekelinge, 89. Niks kom van die saak terêg nie, 90.

DIE ONDERWYSFONDS:

Die bestaande fonds sedert 1790, 90. Die Kommissaris en die advies van die Maatskappy „Tot Nut van 't Algemeen,” 91. Klop aan by Asiatische Raad, 91. Die tweede deel van die Skoolorder, 92. Balansstaat van die fonds in 1804, 92. Verduideliking van die gewese Skolarge in 1805, 93. Die Politieke Raad raadpleeg die nuwe Skoolkommissie, 93. Vertraging in die oormaking van die skoolfonds, 94. Ontvang voorskotte uit die Landskas, 95.

HOOFSTUK VII.

Die Tot Nut Van 't Algemeen 97—108

Die oprigting van die Moederlandse Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen, 97. 'n Dergelyke Maatskappy aan die Kaap gestig, 98. Erkenning deur die Kommissaris, 99. 'n Oproep en 'n doelstelling, 99. Soek 'n onderwyser, 101. Die eerste Algemene Vergadering, 102. Die oprig van 'n skool: J. H. Brinkhoff, 103. 'n Gebou aangekoop, 103. 'n Skool ge-open, 104. Lewensloop van die onderwyser, 104. Vordering van die skool, 106. Sy verdere geskiedenis, 108.

HOOFSTUK VIII.

Onderwys in die Buitedistrikte 109—142

TOESTANDE IN DIE ALGEMEEN:

Vroegste reëlings, 109. Janssens se reis na die binneland en sy bevindinge aangaande die toestand van die onderwys, 110. De Mist se uitstappie na Simonsbaai, en wat hy daar aangetref het, 110. Sy reis na die binneland en sy bevindinge, 111. Die Kommissie van Landbou en Veeteelt, 112. Faktore verantwoordelik vir die gebrekkige toestande: Die plunderinge van Kaffers op die Oosgrens, 112. Die verspreidheid van die bewoners, 113. Die trekgees, 114. Groot huishoudinge op die spel, 115. 'n Verwilderingsproses? 116. Beskawingsinvloede as teenwig: godsdienssin, 117. Gasvryheid, 117. Huisonderwys op die boereplase, 119. Instruksie vir hierdie onderwysers deur die Stellenbossche Skoolkommissie opgetrek, 119. Waardebepaling van hulle werk, 122.

DORPSKOLE:

Kerkplekke in die buitgemeentes ontwikkel in Kerkdorpie met eie skole, 123.

STELLENBOSCH: Freiling as opvolger van Knoop in 1800, 124. Die stigting van 'n tweede skool met Storm as onderwyser, 124. Onderlinge wrywing en versoening, 125. Storm bedank en Freiling oorhoeks met die Kerkraad, 126. Freiling se verslag aangaande sy skool, 127.

DRAKENSTEIN: Hermans as Voorleser-skoolmeester, 128. In gedrang by die Kerkraad oor kaartspeel, 128. Later oor aanranding, 129. Onderhandelinge i.v.m. 'n skoolkamer, 129. Sy salaris, 130. 'n Tweede openbare skool sedert 1793: Moses Davids, 131. Die Privaatskool van Von Lindenbaum 132. 'n Katoliek as onderwyser in Frans, 133. Die samestelling van die distrikskoolkommissie vir Stellenbosch en sy instruksie vir die dorpskoolmeesters, 134.

ROODE ZAND: Die skool van die Voorleser-skoolmeester sedert 1743, 136. A. C. Broodriek as onderwyser, 136.

SWARTLAND: Skool bestaan sedert 1745: Wietse Botes, 136. H. van der Horst en Louysen as leenkrigte in die tyd, 136.

GRAAFF-REINET: Onderwyswerk hier reeds kort na 1785 gedoen: Hermanus ter Smitten, 137. Simonds, De Vries en Rens, 137. Ellendige toestande van die onderwys ten tyde van die Bataafse Republiek en pogings tot verbetering, 138.

SWELLENDAM: Jacobus de Coö, Christoffel Keuringheim en Hendrik Havinga as onderwysers, 138. Compagne, 138. 'n Tweede Voorleser-skoolmeester, 139. Cornelis Gelderblom en Paulse, 139. De Mist se reëlings i.s. onderwys sake hier, 140. Waardebepaling van die dorpskole, 140.

VERDERE REËLINGS OWERHEIDSWÊE:

Die hulp van die Tot Nut van 't Algemeen, 141. Die Huweliksordonnansie van De Mist insake onderwysfinansiering, 141. Die Ordonnansie vir die Buitedistrikte, en die onderwys: Instruksies aan die Landdroste en aan die Veldkornette in hierdie verband, 142.

HOOFSTUK IX**Onderwys aan Nie-Blankes 143—157****SLAWE-ONDERWYS:**

Beleid teenoor invoer van slawe in die algemeen, 143. Slawekinders in die gewone skole, 143. In die skool in die slawelose, 144. In dorpskole en op die boereplase, 144. Skool vir onvermoënde bejaarde persone en slawe, 144.

SENDING-ONDERWYS :

Die stigting van Sendinggenootskappe, 144. Die houding van De Mist en Janssens teenoor Sendingwerk en Sending-onderwys, 145.

DIE MORAWIESE SENDELINGE EN GENADENDAL :

Voortsetting van Schmidt se werk in 1792, 146. Von Bauchenroeder getuig aangaande Baviaanskloof, 146. Die bevindinge van Janssens en De Mist tydens hulle lands-reise en die herdoping tot Genadendal, 147. Kohnkammer by die Wynbergse Hottentotkamp, 148. Getuïenisse van latere waarnemers: Latrobe, Moodie en Teenstra, 148.

DIE L.S.G. EN BETHELSDORP: Die aankoms van Sendelinge van die L.S.G. hier, 149. Dr. van der Kemp se pogings in die Kaffergebiede en later te Graaff-Reinet, 149. Werkzaam by Swartkopsbaai, Fort Frederick en eindelijk op Bethelsdorp, 150. Janssens se reëlins, en De Mist se ont-nugtering, 150. Laasgenoemde se reëlins, 151.

DIE SUID-APRIKAANSE SENDINGGENOOTSAP: Die stigting van die Genootskap, 152. Skoolonderrig in die „Oefenings-huis,” 153. Die houding van De Mist en Janssens teenoor die Genootskap en sy onderwyswerk, 153.

WERK IN DIE BUITEGEMENTES: Plaaslike komitees op dorpe in die binneland, 154.

STELLENBOSCH: J. N. Desch se pogings, 154. Bakker se dienste, 155. Die houding van die plaaslike Kerkraad en 'n tydelike verwarring, 156.

DRAKENSTEIN: Paulsen se bedrywighede sedert 1806, 157.

Die *Boesmans* en die *Kaffers* i.s. onderwys van die kant van die blankes, 157.

HOOFSTUK X.

Besluit	158—162
Die prestasies van die Bataafse owerheid hier op die gebied van die onderwys, 158. In hoeverre uitvoering gegee is aan De Mist se Skoolorder en waarom daar nie meer van terêg gekom het nie, 159. Invloed op onderwysreëlins in jare onmiddellik daarna, 161. *De Mist as Opvoedkundige, 162.	
Literatuur en Bronne	163—167

HOOFSTUK I.

VROEGSTE BEMOEIINGE EN EERSTE REËLINGE.

Nadat die Kaap sedert 1652 gedurende 'n anderhalwe eeu regeer was deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, het dit in 1795 in Engelse hande oorgegaan. Teen hierdie tyd was reeds belangrike baanbrekerswerk op die gebied van onderwys, en verligting in die algemeen, verrig.¹⁾ Tot 1803 het hier 'n periode van Britse tussenbewind gevolg wat in ons onderwysgeskiedenis met geen noemenswaardige veranderinge gepaard gegaan het nie. Tog het die Skolarge by voortdoring hierdie groot saak behartig en is hulle sedert 1796 hierin bygestaan deur die Burgersenaat wat in hierdie jaar ontstaan het.²⁾

Kragtens die vredesbepalings van Amiens op 27 Maart 1802, moes die Kaap teruggegee word aan Holland, en wel aan die bewindhebbers van die Bataafse Republiek. Reeds vanaf die preliminêre ooreenkoms van Londen tussen Engeland en Frankryk van 1 Oktober 1801, was daar sprake van belangrike teruggawe van gebied. Voorbereidings is derhalwe ook in dier voege deur die Bataafse Regering getref en so is ook vir die moontlike teruggawe van die Kaap voorsiening gemaak. Dit is om hierdie rede dat die Staatsbewind, soos blyk uit 'n „Extract uit het Register der Besluiten van het Staats Bewind der Bataafsche Republiek,” op hulle vergadering van 4 Desember 1801, besluit het om „De Raad der Aziatische Bezittingen en Colonien aan te schryven en te gelasten zo als geschied by dezen om het Staats Bewind te dienen van Consideratien en Advis, omtrent den voet en wijze waar op de Regeering van de Kaap de Goede Hoop eventueel zal behoren te worden ingericht.”³⁾

Op 10 Desember is hierdie opdrag gestel in die hande van die „Departement tot de Indische Zaaken,” 'n komitee uit die „Raad der Aziatische Bezittingen en Colonien.” Om hieraan uitvoering te gee, was as gevolg van die onkunde van die lede aangaande die heersende toestande

¹⁾ Sien Du Toit, P. S., *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*.

²⁾ Sien Du Toit, P. S., *Onderwys in Kaapland, 1652-1939*, p. 49.

³⁾ Aangehaal De Mist, *Memorie*, p. 1.

aan die Kaap, voorwaar geen gemaklike taak nie. Hulle het egter dadelik met die grootste nougesetheid en ywer tewerk gegaan. Hierby het goed te pas gekom die beskikbare „Memorien, Rapporten en Missiven,” asook die verslae van die Kommissaris-generaals Nederburgh en Frykenius. Owerigens is ook gebruik gemaak van ander bronne uit die tyd, soos reisbeskrywings. Dit het veral moeilik gegaan om 'n duidelike denkbeeld te vorm van die toestande tydens die Britse tussenbewind.

J. A. de Mist was lid van hierdie kommissie, en die leeuwaandeel van die werk het op hom geval. Op 1 Februarie 1802 het hy die gevraagde rapport gereed gehad en nadat dit voor die kommissie gelê is, is sy „Memorie, houdende de consideratiën en advys van het Departement tot de Indische Zaaken, omtrent den voet en wyse, waarop de Regeering van de Caab de Goede Hoop, eventueel zal behooren te worden ingericht” aan die Staatsbewind gestuur.⁴⁾

Uit hierdie Memorie blyk duidelik dat De Mist sy aandag geskenk het ook aan die saak van die opvoeding aan die Kaap. Dit is trouens uit hierdie Memorie van hom dat ons vir die eerste maal kennis maak met De Mist as opvoedkundige, wat bestem was om hier as belangrike onderwyshervormer te voorskyn te tree.

Nadat hy in die eerste afdeling van sy rapport, ter inleiding, 'n „algemeene beskouing der Volkplanting” gegee het, wend hy hom in 'n verdere afdeling van die tweede deel, tot „Godsdienst, Opvoeding, Beschaaving.”⁵⁾

De Mist neem as vanselfsprekend aan „dat geene maatschappy zonder Godsdienst bestaanbaar zy,” en skryf die toestande van algemene onrus en „weerbarstige gedraagingen” aan die Kaap, en hier dink hy veral aan Graaff-Reinet, toe aan 'n totale verbastering van die sedes, daarom beveel hy aan „het voorzien in verbeterde middelen van beschaaving onder de Colonisten.”⁶⁾

Hy keur die werk van predikante in die binnelande goed, maar is van mening dat 'n ruime getal „taamlyk bekwaame schoolmeesters” hier nog beter tot die so hoog nodige eerste beginsels van beskawing sal kan en behoort by te dra. Hy besef dus al dadelik die tekort aan geskikte leerkragte wat daar in die buiteland bestaan, en beveel vervolgens aan :

⁴⁾ Sien nota van De Mist, *Memorie*, p. 2.

⁵⁾ *Memorie*, p. 44. Uit hierdie groepering blyk al dadelik dat De Mist die bestaande toestande en die noue verband tussen godsdienst en onderwys nie uit die oog verloor het nie. Tog sal ons later sien hoedat hy die eerste was om 'n definitiewe poging aan te wend om onderwys meer direk onder die staat te bring.

⁶⁾ *Memorie*, p. 45.

„en het is waarlyk der ernstige oplettenheid des Gouvernements, dubbel waardig,” dat minstens 20 of 25 geskikte jong mense wat hulle as onderwysers bekwaam het in die Kweekskole vir Onderwysers van die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen, onder gunstige voorwaardes gewerf moet word om hulle na die Kaap te begewe waar hulle veral in die buitelandse distrikte diensbaar gestel kan word. Aan die Skolarge plaaslik sou dan opgedra word om die nodige middels hiervoor aan die hand te doen.

'n Klein dog uitgesoekte getal, goeie verstaanbare en verstandiglik gekose skoolboeke en eenvoudige sedekundige handleidinge, en veral kort stigtelike liëdere en lofsange, behoort in groot hoeveelheid en kosteloos aan die onderwysers meegegeë te word om op alle moontlike maniere onder hulle leerlinge en in die huisgesinne versprei te word.

As die kragtigste hulpmiddels om die beskawing te bevorder, noem hy dan die leer van lees en skrywe, die eerste en eenvoudigste reëls van rekenkunde en die beginsels van die aardrykskunde.⁷⁾

De Mist het besef dat die uitvoering van hierdie planne geld sou vereis, en was van mening dat dit in 'n groot mate gevind sou kon word uit 'n geringe skoolgeld, bestaande uit koring, skape of spesie, wat elke huisgesin aan die skoolmeester van die distrik sou kon bydra. Hy is gedagtig daaraan hoedat die vermoënde landbouers reeds sedert geruime tyd gewoon was om 'n meester in hulle eie huise te onderhou, maar meen dat 'n verstandige Regering in staat sal wees om naby-mekaarwonende boere te beweeg om 'n gemeenskaplike huisonderwyser in diens te neem en te salariëer.

Die opstel van besonderhede moet volgens hom aan die toekomstige koloniale bestuur oorgelaat word, maar die saak self, nl. die bevordering van die beskawing en „versagting” van die sedes, gebou op die gesonde en eenvoudige reëls van die „weldadigste” godsdiens, beskou hy as van soveel belang te wees, dat daarsonder alle ander politieke instellings en verbeterings as nutteloos gehou mag word; „de Volkplanting moet daar mede staan of vallen, en geen support van kosten, uit de publike kas, daar toe te geeven, *mag*, noch *moet*, het Gouvernement van de daarstelling deezer, of andere, betere, middelen, terug houden.”⁸⁾

Vervolgens wend die opsteller van die Memorie hom tot die opvoeding van die jeug in Kaapstad, 'n saak wat die sorgvuldige oplettendheid van die toekomstige regering nie mag ontglim nie. Sy oordeel, gebaseer op die bevindinge van reisigers en berigte van geloofwaardige volksgenote, aangaande die toestande van die onderwys aan die Kaap,

⁷⁾ *Ibid.*, p. 47.

⁸⁾ *Ibid.*

was nie gunstig nie. Hierdie toestand skryf hy toe aan die verderflike invloed van die Franse wat 'n tyd lank aan die Kaap vertoef het. Dit het as gevolg gehad 'n verbastering van die lewenswyse en 'n sug na weelde. Die daaropvolgende Engelse bestuur het nie daarin geslaag om hierin verbetering aan te bring nie, hoewel hulle volgens De Mist, blykens „zydelingsche berichten" 'n Kosskool opgerig het vir jong dogters van meer vermoënde ouers.

De Mist het ook uit die Rapport van die Kommissaris-generaals Nederburgh en Frykenius daarvoor bevestiging gevind dat 'n groot rede vir die verval van sedes in die Kolonie, die gebrek aan „bekwame" middels tot opvoeding van die jeug was. Hy dra ook kennis van die groot „Plan ter verbeetering van 't Schoolweezen" wat die Skolarge in 1790 opgetrek het en van die vertraging wat daar aanvanklik gekom het omdat die Politieke Raad vir hulself die reg voorbehou het om hierdie plan te mag verander volgens hulle mening.⁹⁾

Ook aan die vraagstuk van die algemene opvoeding van die Hottentotte het die opsteller aandag gegee. Hy het nl. aanbeveel dat aan die moeilike dog heilsame poginge van die Hernhutters of Evangeliese Broederskap, asook van ander godsdienstige maatskappye wat deur middel van hulle sendelinge aan hierdie uithoek die beginsels van godsdiens versprei, alle moontlike aanmoediging en beskerming verleen moes word.¹⁰⁾

Verder beveel hy aan dat die toekomstige koloniale bestuur by voortdoring allerlei kunste en wetenskappe moet aanmoedig, asook moet sorg vir die bevordering van die openbare biblioteek en die aanmoediging van goeie geneeskundiges om hulle hierheen te begewe, asook van onderwysers in die seevaartkunde en skeeps- en timmerbou, van goeie smede, timmerliede, messelaars, skilders en meer dergelike handarbeiders, wat almal deel mag hê in die bevordering van die beskawing van 'n maatskappy. Bo alles moet daar egter streng aangedring word op die oprig van 'n drukpers „vooral in een land, waar alle andere hulpmiddelen tot verlichting en beschaaving van zeden, zo schaars en moeilik te appli- ceeren zyn."¹¹⁾

Uit hierdie Memorie wat op 6 Februarie 1802 aan die staatsbewind oorhandig is, blyk duidelik dat De Mist wat die toestand van die Onderwys aan die Kaap betref, reeds ten dele op hoogte van sake was en dat hy reeds in staat was om sy vinger op 'n hele paar gebreke en tekort-

⁹⁾ Oor hierdie saak sien Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*, p. 215.

¹⁰⁾ *Memorie*, p. 49.

¹¹⁾ *Ibid.*, p. 50.

kominge te lê. Dit het egter ook duidelik geword dat sy ondersoek wat die onderwys betref nie te deurtastend was nie en dat hy in sekere opsigte maar gedeeltelik ingelig was en dat sy gevolgtrekkings nie tot in die besonderhede korrek was nie. Ons het byv. geen bevestiging gevind vir die waarheid van die „terloopse” berig wat hy ontvang het omtrent die bestaan van ’n skool vir jong dogters aan die Kaap nie. Ook het ons nie regverdiging gevind vir sy skrywe na aanleiding van genoemde reserwe van die Politieke Raad rakende die plan tot verbetering van die Skoolwese van 1790: „Commissarissen deeden wel deeze reserve modificeeren, doch toen was het te laat . . .”¹²⁾ In 1792 is hierdie misverstand uit die weg geruim en alhoewel Here XVII nie voor 1794 hulle offisiële goedkeuring aan die „plan” van die Skolarge geheg het nie, was hulle intussen reeds bedrywig met die oprigting van ’n provisionele Latynse skool en die insameling van die beloofde geld wat tot die instandhou van die skool moes dien.¹³⁾

Op 27 Maart 1802, d.w.s. kort na die inhandiging van die Memorie, vind die definitiewe verdrag van Amiens plaas en aangesien die Engelse volgens die elfde artikel hiervan onderneem het om die Kaap binne drie maande aan die Bataafse outoriteite te oorhandig,¹⁴⁾ was die Bataafse owerhede verplig om dadelik alles in gereedheid te bring vir die oorname van hierdie waardevolle koloniale gebied. Daar is besluit om ’n kommissaris te benoem om dit van die Engelse Regering te kom oorneem en om alle sake te kom reël. Dit verbaas ons nie om verder te verneem dat die keuse om hierdie belangrike opdrag te kom uitvoer, geval het op De Mist self, die opsteller van die Memorie.

Nadat De Mist, met die oog op die optrek van die Memorie, met behulp van offisiële stukke, mondelinge mededeling en reisbeskrywings, reeds ten dele op hoogte van sake i.v.m. die onderwystoestande aan die Kaap was en aangesê was om die Kaap vir Holland te kom oorneem, het hy voortgegaan om hom vir sy verantwoordelike werk te bekwaam en om verder op hoogte van sake te kom ook wat onderwysaangeleenthede betref. By wyse van korrespondensie het hy dan ook in verbinding met verskeie vooraanstaande persone aan die Kaap getree, en het — aangesien dit vir hom reeds genoegsaam duidelik geword het dat ’n verneme leemte gelê het in die tekort aan bekwame onderwysers, soos

¹²⁾ *Ibid.*, p. 49.

¹³⁾ Sien Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*, Hoofstuk xvii.

¹⁴⁾ Sien Theal, *Records 1801-1803*, p. 274.

hy dan ook in sy Memorie aangetoon het — die daad by die woord gesit en vervolgens ernstige pogings begin aanwend in verband met die werwing van 'n aantal jong mense in die moederland wat gewillig sou wees om hulle op gunstige voorwaardes as onderwysers na die Kaap te begewe.

Hy en Janssens, wat intussen aangestel is om hom as Goewerneur na die Kaap te vergesel, het nou met verenigde kragte tewerk gegaan in die behartiging van die belange van die Onderwys, 'n taak wat dan ook blykens 'n „Extract uit het Register der Besluiten van de Staatsbewind der Bataafsche Republiek,” aan die Goewerneur opgedra is.¹⁵⁾ Ons vind die aangestelde Kommissaris hierna in verbinding met 'n sekere Dibbetz aan wie dit opgedra is „om eenige geschikte voorwerpen, als onderwysers op te spooren.”¹⁶⁾ Dibbetz het op sy beurt weer die hulp ingeroep van die heer C. Wertz, „Fransch Kost Schoolhouder op de Heerengracht by de Blauwburgwal,” met 'n versoek aan hom of hy hom nie met sodanige „voorwerpe” in aanraking kan bring, „om als schoolmeesters aan de Kaap de Goede Hoop te fungeeren.”¹⁷⁾

Op 1 April het Wertz sy mening skriftelik aan Dibbetz hieromtrent meegedeel. Hy het by hierdie geleentheid nl. aan die hand gedoen dat dit die beste sou wees om slegs drie of vier knap manne op te spoor en oor te haal om onder gunstige voorwaardes by hulle 'n paar jongelinge van sowat 15 of 16 jaar te voeg, sodat die laaste onder die oog van eersgenoemde gevorm sou kon word om weer op hulle beurt andere aan te kweek. Hy het dan ook reeds so 'n vry knap jongeling, en wel 'n leerling uit die Kweekskool van die Maatskappy tot Nut van 't Algemeen,¹⁸⁾ wat by hom as ondermeester werksaam was en gereed skyn te wees „om op voordeelige voorwaardes zijn fortuin elders te zoeken,” in die oog gehad. Hy is ruim 21 jaar oud, ongetroud, skrywe baie goed, is in reken, taal en aardrykskunde „vry wel bedreven” en praat die Franse taal „tamelyk wel.”¹⁹⁾ Hierdie brief is in sy oorspronklike onder die aandag van die Kommissaris gebring.²⁰⁾

Wertz het dit egter goedgevind om persoonlik met die Kommissaris in aanraking te kom, onder die voorwendsel dat hy reeds 'n bekwame

¹⁵⁾ *Besluiten van het Staatsbewind aan Com. de Mist* 1802, B.R. 101, p. 79; *Instructien* 1802-1805, B.R. 114, p. 7.

¹⁶⁾ Wertz aan Goewr., 4 Mei 1802, *Brieven aan Com. de Mist* 1802, B.R. 106, p. 495.

¹⁷⁾ Wertz aan De Mist, *Ibid.*, p. 416.

¹⁸⁾ Sien Hoofstuk vii.

¹⁹⁾ Wertz aan Dibbetz, 1 April 1802, *Brieven aan Com. de Mist* 1802, B.R. 106, p. 412.

²⁰⁾ Sien brief Dibbetz aan De Mist, 3 April 1802, *Ibid.*, p. 415.

persoon gevind het maar eers nog sekere inligting soek wat hy op sy beste by die Kommissaris self sou kon kry. In sy brief het hy melding gemaak van sy onderhandelinge met Dibbetz en sy gewilligheid uitgespreek „ter bereiking van dit heilzaam oogmerk.”²¹⁾

'n Persoonlike onderhoud met die Kommissaris is hom toegestaan en by hierdie geleentheid het hy ook aan De Mist aan die hand gedoen dat aangesien „het zeer bezwaarlyk zoude zyn om terstond een genoegzaam aantal geschikte en kundige voorwerpen te vinden, vooral indien de condities van 300 à 350 guldens tractement niet merkelyk verhoogd werd,” dit beter sou wees om 3 of 4 „voorwerpen van een braaf en zedelyk karakter, en voorzien van genoegzame bekwaam en geschiktheid,” met meer voordelige voorwaardes te lok om hulle na die Kaap te begewe, vergesel van kwekelinge wat hier dan onder hulle toesig nader tot onderwysers bekwaam sou kon word.²²⁾

Die Kommissaris het sy goedkeuring aan hierdie denkbeelde geheg, en Wertz het belowe om dit nader uiteen te sit. Hy het egter intussen begin vrees dat hy besig was om hom in te meng in 'n saak wat reeds aan 'n ander persoon opgedra was. In hierdie vermoede is hy gesterk deurdat Dibbetz nie eens geantwoord het op die reedsvermelde brief waarin hy aan hom sy menings bekend gemaak het nie.²³⁾ Sy verbasing was dus groot toe hy ongeveer 'n maand later 'n brief ontvang het van die burger W. van Deventer „Fransch Duitsch Schoolhouder te Delft” wat hom by Dibbetz aangemeld het „over eene School meesters plaats aan de Kaap,” maar deur hom (Dibbetz) aangesê is om met Wertz oor die saak te onderhandel. Hy het deur die stilsweye van Dibbetz onder die indruk verkeer dat laasgenoemde „reeds in zyne poogingen gelukkig geslaagd was.”²⁴⁾

Toe Wertz skriftelik van hierdie verwickelinge aan De Mist kennis gegee het, is hom deur die sekretaris mondeling te kenne gegee dat weens die bespoediging van sy vertrek en nadere inligting wat hy omtrent die toestand van die onderwys aan die Kaap ontvang het, die Kommissaris-generaal besluit het „om dit gedeelte van zyne missie voor als nog niet ten uitvoer te brengen.”²⁵⁾

Ook Dibbetz wat intussen met 'n sekere prof. Brugmans oor die saak gepraat het, het gevolglik in 'n brief aan die Kommissaris meegedeel

²¹⁾ Wertz aan De Mist, 3 April 1802, *Ibid.*, p. 416.

²²⁾ Wertz aan De Mist, 4 Mei 1802, *Ibid.*, p. 495.

²³⁾ *Ibid.*, p. 496.

²⁴⁾ *Ibid.*, p. 497.

²⁵⁾ *Ibid.*, p. 495.

dat „met het stuk van de Schoolmeesters komt het mij voor, dat ik nu niet meer te doen hebbe, tot dat ik nadere orders van u ontfangen.”²⁶⁾

Terwyl De Mist besig was in die opspoor van onderwysers wat gereed sou wees om na die Kaap te gaan, het, soos te verwag, nadat dit bekend geraak het dat hy as Kommissaris na die Kaap sou gaan, verskeie persone uit eie beweging hom genader in verband met 'n moontlike oortog na die Kaap as onderwysers. Daar was teen hierdie tyd al selfs sprake van die moontlike oprigting van 'n skool of instituut in Kaapstad waarvoor 'n bekwame bestuurder of onderwyser in Nederland gevind sou moes word. Dit is dan ook in verband met hierdie saak dat 'n sekere professor C. Saxe van Utrecht homself met De Mist in verbinding gestel het om as moontlike kandidaat vir hierdie betrekking „uit overdenking en overtuiging der Miriten en Kundigheden in de beschaevende Wetenschappen,” aan te beveel die persoon van Vopijcus Horatius Acker „ Broeder van Horatius Vitringa, Eloquentiae en Poëseos Professor, en thans fungeerenden Rector der Schoole te Hattem, in Gelderland, die van Persoon en uit desselfs Schriften by voorbeeld *Poëmata*, welke al reeds voor de tweede maal te Groningen in den Jare 1787'8 ten voorschyn gekomen zyn, grondig ken, en van wien niet twyfele, of hy zal eene diergelyke eventueele Verkiezing van den Ed. Raad wegens desselfs onvoordeelige omstandigheden gereedelyk accepteeren.”²⁷⁾

De Mist se presiese antwoord op hierdie brief is nie gevind nie maar dit is definitief vas te stel dat van die aanbevole dienste van Acker nie gebruik gemaak is nie. Vroeg in die volgende maand (Mei) het die Kommissaris dan ook in 'n brief aan Wertz meegedeel dat hy besluit het om voorlopig sy bedrywighede in verband met onderwyssake aan die Kaap te staak,²⁸⁾ terwyl hy op dieselfde dag, 4 Mei, ook aan Goewerneur Janssens berig het dat hy as gevolg van inligtinge wat hy omtrent die toestand van die onderwys aan die Kaap ontvang het, besluit het om niks verder in verband met die saak te doen nie alvorens hy nie self die sake aan die Kaap ondersoek het nie en uit die plaaslike omstandighede sou kon geoordeel het hoeveel onderwysers nodig mag wees. Deur hierdie handelwyse hoop hy om die Regering teen onnodige onkoste te vrywaar.²⁹⁾

Uit die voorafgaande het genoegsaam duidelik geword dat De Mist ook die behartiging van die onderwys aan die Kaap deeglik ter harte

²⁶⁾ Dibbetz aan De Mist, Den Haag 17 April 1802, *Ibid.*, p. 430e.

²⁷⁾ C. Saxe aan De Mist, 19 April 1802, *Ibid.*, p. 451.

²⁸⁾ *Ibid.*, p. 495.

²⁹⁾ De Mist aan Janssens, 4 Mei 1802, *Brieven van Com. de Mist* 1802, B.R. 104, p. 59.

geneem het, dat hy die reëling daarvan as een van sy vernaamste pligte beskou het en dat hy kragtens sy bedrywighede en studie in hierdie verband nog voordat hy die moederland verlaat het, goed op hoogte van sake moes gewees het aangaande die dringendste behoeftes. Dit was by hom sonder twyfel 'n saak van erns.

Hoewel De Mist reeds op 1 April 1802 sy opdrag van die Staatsbewind ontvang het, het dit nog tot 5 Augustus geduur voordat alles in gereedheid gebring was vir die uittog. Na 'n reis van byna vier maande het hy en sy geselskap op Vrydag 24 Desember van dieselfde jaar in Tafelbaai aangekom.³⁰⁾ Met die oorname hier het dit as gevolg van onvoorsiene verdraginge nie so maklik gevlot nie, sodat dit tot 21 Februarie van die volgende jaar geduur het voordat die oorgawe plaasgevind het en die Bataafse vlag oor die kasteel gehys is as simbool van die nuwe soewereiniteit.³¹⁾ Die Kommissaris-generaal kon nou, nadat hy vir byna twee maande feitlik sonder gesag aan die Kaap vertoef het, sy belangrike werk hier aanvaar en met konstruktiewe arbeid 'n aanvang maak.

Vervolgens het De Mist en Goewerneur Janssens dadelik die hand aan die ploeg geslaan en reeds met die instelling van die Regeringsliggame, sentrale sowel as plaaslike, en met die uitvaardiging van instruksies aan die verskillende bestuurskolleges het dit duidelik geword dat die behartiging van die onderwysbelange by hulle 'n belangrike plek ingeneem het.

Volgens die besluit van die Staatsbewind van 7 Mei 1802, is die Goewerneur gelas om die verantwoordelikheid vir die onderwys op hom te neem. Hy moes nie alleen sorg dat die openbare godsdiens oral geëerbiedig en beskerm word nie, maar ook „dat kundige en geschikte schoolmeesters door de geheele Colonie verspreid en tot hunnen plicht gehouden worden,” dat nuttige skoolboeke, almanakke en van tyd tot tyd ook „nieuwspapieren met vaderlandsche en Europese nouvelles” en voorskrifte van verbeterde landseconomie onder die ingesetenes, veral van die afgeleë distrikte, versprei word.³²⁾ Om die goewerneur hierin behulpsaam te wees sal hy as opperbestuurder daarvan 'n drukkery tot sy beskikking hê.³³⁾

³⁰⁾ Sien Uitg. St. No. 2, *Notulen de Mist* 1802-1803, Dl. II, B.R. 107, p. 297.

³¹⁾ *Notulen de Mist* (2 Febr. 1803) 1802-1803, Dl. iv, B.R. 108, p. 55.

³²⁾ *Besluiten van het Staatsbewind aan Com. de Mist* 1802, B.R. 101, p. 79; *Instructiën* 1802-1805, B.R. 114, p. 7.

³³⁾ *Ibid.*

De Mist het reeds toe hy sy Memorie opgetrek het veel klem gelê op die waarde van 'n drukkerij in hierdie verband; vandaar sy uitlating: „Maar boven al, moeten wy overeenkomstig den wensch van Commissarissen Generaal ten sterkste insteeren, dat eene *Drukkerij*, in de Caabstad worde opgericht, waar van het algemeen nut geen betoog behoeft.”³⁴⁾

In sy „Provisioneele Instructien voor den Directeur, Boekhouder en Meester-Drukker van 's Lands Drukkerij” is die Direkteur gevolglik beveel om in geval daar 'n skaarsheid aan gewone nuusberigte sou ontstaan, die gebrek aan te suiwer met nuttige aanmerkinge oor die landbou, skeepvaart, geskiedenis, sedekunde, volksbeskawing en so meer, „altijd met het oogmerk om nuttig te zyn.”³⁵⁾

Die Kommissaris het dan ook steeds 'n wakende oog oor die bedryghede van die Drukkerij gehou, en toegesien dat dit altyd 'n goeie invloed op die beskawing sou uitoefen. 'n Weekblad moes dien as 'n nuttige orgaan by die opvoedingsproses, vandaar dat die Kommissaris op Saterdag 5 Maart 1803 die Direkteur van die Drukkerij gelas het om „zinstoorende” drukfoute en verkeerd gespelde name in die volgende nommer te verbeter, en dat in die algemeen beter gelet moes word op die spelling, interpunksie en die gebruik van hoofletters waar nodig, en dat so min moontlik „onduitsche” woorde ingelas moes word, „ten einde ook dat weekblad onmerkbaar dienen mooge tot een middel van Volksbeschaving en Letteroefening.”³⁶⁾

Die Goewerneur sou in hierdie pligte, soos trouens in al sy administratiewe werk, bygestaan word deur die „Politieke Raad” bestaande uit vier lede, met die Goewerneur as aanblywende voorsitter.

Hierdie kollege is op 1 Maart 1803 aan die publiek voorgestel³⁷⁾ en in artikel 29 van die „Provisioneele Instructie voor den Raad van Politie aan de Kaap de Goede Hoop,” is ook dié Raad se verpligtinge teenoor die opvoeding van die jeug duidelik vasgelê.³⁸⁾ Dit moes nl. onafgebroke waak oor die goeie sedes en beskawing „en inzonderheid voor het belangryk stuk der opvoeding,” waartoe behoort: die sorg vir die ongestoorde beoefening van die openbare godsdiens dwarsdeur die kolonie; die besker-

³⁴⁾ De Mist, *Memorie*, p. 50.

³⁵⁾ *Instructiën* 1802-1805, B.R. 114, p. 162.

³⁶⁾ *Notulen de Mist* 1803 Dl. v, B.R. 109, p. 20.

³⁷⁾ Sien Van der Merwe, J. P., *Die Kaap onder die Bataafse Republiek*, 1803-1806, p. 71.

³⁸⁾ Sien *Verzameling van Instructiën aan: Politieke Raad, Raad der Gemeente, enz.* B.R. 117, p. 7.

ming van alle „corporatien en byzondere persoonen” wat hulle daarop toelê om die kennis van die Opperwese en die daarop geboude redelike beginsels van sedekunde, burgerlike deugde en allerlei kunste en wetenskappe van die hoogste noodsaaklikheid onder die „Inboorlingen en Burgeren des lands” te versprei; die sorg dat in alle oorde van die volksplanting bekwame skoolmeesters sal aangestel word en behoorlik onderhou en ten alle tye tot hulle plig gehou sal word; die toesig hou dat by die onderwys en in die openbare skole alleen nuttige leer- en leesboeke gebruik mag word en alle ongeskikte en sedesbederwende boeke, dagblaaie en geskifte geweer moet word; en ten slotte die aanmoediging van alle nuttige wetenskappe en fraaie kunste en die beskerping en indien nodig die beloning van sodaniges wat hulle besonder daarop sou toelê en daarin mag uitmunt.³⁹⁾

Maar ook aan die Raad der Gemeente wat die Burgersenaat vervang het en op 31 Maart 1803 geïnstalleer is, is besondere pligte opgedra in verband met die behartiging van die saak van die opvoeding. Die plegtigheid het plaasgevind in die Raadshuis met ope deure, en by hierdie geleentheid reeds het die Kommissaris in sy aanspraak, as die plig van die Raad o.a. genoem „het vermeerderen en onderhouden van alle middele die strekken moeten tot verbetering van de zoo nodige opvoeding der jeugd: van de beschaving en verligting uwer natuurgenoeten van welke koleur zij zijn mogen.”⁴⁰⁾

In die agtiende artikel van die „Provisioneele Instructie voor den Raad der Gemeente in de Kaapstad, en derzelve District,” is dan ook ten sterkste by die Raad aanbeveel die openbare onderwys en beskawing van die jeug in Kaapstad asook die verskaffing van die middels wat daartoe nodig mag wees.⁴¹⁾ Die verpligtinge van die Raad der Gemeente is vervolgens vroeg in die volgende jaar in 'n „Vernieuwde Provisioneele Instructie,” nader omskrywe.⁴²⁾ Nadat bogenoemde artikel as artikel neenti in die nuwe instruksie herhaal is, het drie verdere artikels oor die saak gevolg. Om beter kontrole oor die onderwys plaaslik te kan uit-

³⁹⁾ Dat hierdie laaste bepaling nie maar net 'n vrome wens gebly het nie blyk uit die feit dat De Mist in Mei 1804 die Goewerneur versoek het om aan 'n sekere Jones wat hom verdienstelik gemaak het op die gebied van die skone kunste, 'n honorarium van 250 gulde of 125 riksdalers toe te ken. Genoemde Jones het nl. 'n grondtekening van Kaapstad aan die Kommissaris gestuur, wat op genoemde wyse sy goedkeuring betuig het, „dat zulke kunstenaars op alle wijzen, aanmoediging van het Gouvernement verdienen.” *Notulen de Mist* 1803-1804, Dl. x, B.R. 111, p. 455.

⁴⁰⁾ *Notulen De Mist* 1803, Dl. v (Uitg. St. 83), B.R. 109, p. 310.

⁴¹⁾ *Verzameling van Instructiën aan Politieke Raad, enz.*, B.R. 117, p. 20.

⁴²⁾ Sien *Ibid.*, p. 159.

oefen, is bepaal dat die Raad uit hulle eie geleedere twee lede moes benoem wat in die besonder belas sou wees met die toesig oor die openbare skole in Kaapstad, die Latynse skool uitgesonderd. Hierdie twee lede sal dan op gesette tye, soos deur die Raad bepaal mag word, al die skole onder hulle toesig besoek en ondersoek instel aangaande die onderrig wat gegee word, „als op de vorderingen van de Jeugd.”

Verder sou dit die Raad der Gemeente veroorloof wees om, handelende op rapport van hulle afgevaardigdes aangaande die toestand van die skole, of wel ook sonder hierdie aanleiding, onder approbasie van die Goewerneur en Rade, sodanige skikkinge omtrent die skoolwese te maak, „als dezelve tot beter onderwys, zedelijke beschaving, en aanmoediging van de Jeugd, dienstig zal oordeelen.”⁴³⁾ Om die Raad in staat te stel om met vrug hierdie belangrike werk te verrig, sal niemand toegelaat word om in Kaapstad of in die distrik as skoolmeester, taalmeester, „of onder welke benaming ook,” in die openbaar onderwys te gee nie, tensy hy in besit is van 'n skriftelike bewys van die Raad „dat zijn zedelijk gedrag en bekwaamheden hem daartoe bevoegd maken.”⁴⁴⁾

Dit is dus duidelik dat aan die Raad der Gemeente in die besonder opgedra was om toesig te hou oor die onderwys in Kaapstad en distrik; 'n werk wat voorheen uitsluitlik gersorteer het onder die Skolarge.⁴⁵⁾

Die Raad der Gemeente het dan ook hierdie belangrike opdrag in alle waarskynlikheid op 'n doelbewuste wyse waargeneem, vandaar dat hulle later toe hulle heeltamal oorskadu is deur die gereorganiseerde Raad van Skolarge soos ingestel volgens De Mist se Skoolorder,⁴⁶⁾ nie al te gelukkig gevoel het onder die nuwe toestand van sake nie. Dit is gevolglik om hierdie rede dat hulle in Maart 1805 by die Politieke Raad aangeklop het. Hulle het daaraan herinner hoedat kragtens reedsvermelde instruksie aan hulle opgedra was „het direct toeverzigt over alle publieke Scholen, except de Latynsche,” en hoedat volgens die nuwe Skoolorder van De Mist op die nuwe Kollege van Skolarge ook sitting sou neem die tydelike president of 'n ander lid uit die Raad der Gemeente. Na aanleiding hiervan het laasgenoemde gevoel dat hulle aan die een kant nie mag afwyk van hulle instruksie nie en aan die ander kant het hulle geneig en verplig gevoel om die algemene belang so veel as moontlik te bevorder. Hulle het gevolglik die vryheid geneem om dit aan die Goewerneur en Rade ter oorweging te gee of dit nie ten einde die werking van die skoolorder met

⁴³⁾ *Ibid.*

⁴⁴⁾ *Ibid.*

⁴⁵⁾ Sien Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*, pp. 89, 191, e.v.

⁴⁶⁾ Sien Hoofstuk iii.

hulle instruksie te laat ooreenstem, wenslik sou wees dat die Raad der Gemeente deur die Goewerneur gekwalifiseer sou word om twee lede uit hulle getal aan te wys „welken in het Colegie van het Bestuur van het Schoolweesen als meede Scholarchen zoude zitting hebben.”⁴⁷⁾ Langs hierdie weg sou die juiste koördinasie gevind kon word tussen die Raad der Gemeente en die Raad van Skolarge insake onderwysbeheer.

Hierdie memorie is op Woensdag 27 Maart 1805 voor die gewone vergadering van die Politieke Raad gebring en nadat Raadslid J. P. van Medenbach Wakker, wat ook president van die Skoolkommissie was, meegedeel het dat laasgenoemde in verband met die versoek erken en geraadpleeg is, is besluit om die versoek van die Raad der Gemeente toe te staan.⁴⁸⁾ Die Raad der Gemeente sou dus deur middel van hulle verteenwoordigers op die nuwe Skoolkommissie by voortdoring 'n belangrike faktor bly in verband met onderwysaangeleenthede.⁴⁹⁾

⁴⁷⁾ *Resolutiën* 1805, B.R. 11, p. 1127; *Bylagen* 1805, B.R. 63, p. 750.

⁴⁸⁾ *Resolutiën* 1805, B.R. 11, p. 1126.

⁴⁹⁾ Ons sal in die volgende hoofstuk verneem hoedat De Mist hulle ook erken het en van hulle dienste gebruik gemaak het by die optrek van sy Skoolorder.

HOOFSTUK II.

DIE SKOOLORDER VAN DE MIST — VOORBEREIDING.

De Mist het al gou besef dat dit vir hom nodig sou wees om die hele saak van die onderwys aan die Kaap in al sy vertakkinge noukeurig te reël deur middel van 'n versigtig opgestelde skoolorder. Hy was gevolglik, nadat hy die reeds-behandelde voorlopige reëlings getref het en aan die verskillende bestuurskolleges hulle verpligtinge teenoor die saak van die opvoeding asook hulle werksaamhede in hierdie verband opgedra het, verder bedrywig in hierdie rigting. Alvorens hy egter sy werk sou kon kroon met 'n volledig-uitgewerkte skoolorder, sou hy hom op verskillende maniere verder op hoogte van sake moes stel betreffende die onderwys-behoeftes van die kolonie in die algemeen. Beide De Mist en Janssens het gevolglik ook aan die onderwys in die buitelande hulle aandag geskenk. Om ook in hierdie verband eerstehandse kennis op te doen het die twee besluit om beurtelings 'n reis na die binnelande te onderneem.

Goewerneur Janssens was eerste aan die beurt toe hy op 3 April 1803 sy reis aanvaar het.¹⁾ Sy bevindings gedurende sy reis rakende die heersende toestande van die onderwys in die buitelande, is van groot belang; hy het nie versuim om die Kommissaris gereeld hieromtrent in te lig nie. Dit het vir hom al gou duidelik geword dat daar 'n skreiende gebrek aan die nodige onderwys bestaan het, en terwyl hy die kritieke toestand van sake onder die aandag van die Kommissaris gebring het, het hy aan die hand gedoen dat sake aanmerklik verbeter sou kon word deur die invoer van sowat 'n dosyn skoolmeesters uit die moederland.²⁾

Nog voordat die Kommissaris die voorbeeld van die Goewerneur gevolg het, het hy per brief en andersins heelwat te hore gekom aangaande die betreurenswaardige toestand waarin die onderwys in die binneland verkeer het. Die Kerkrade van die afsonderlike gemeentes, soos die van Drakenstein, Roope Zand, Swellendam en Graaff-Reinet, het

¹⁾ Sien *Notulen De Mist* 1803, Dl. vi, B.R. 109, p. 15.

²⁾ *Janss.-De Mist*, 9 April 1803. Theal, *Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika*, iii, p. 210.

Vir besonderhede oor Janssens se bevindinge en gevolgtrekkings sien verder Hoofstuk viii.

nie versuim om hulle nood by die Regering te kla nie, en waar enigszins doenlik, het die Kommissaris voorlopige reëlings probeer tref om die toestande te verhelp.³⁾ Tydens 'n uitstappie in Maart 1803 na Simonsbaai gedaan, het hy tot sy verbasing en met leedwese moes leer hoedat daar selfs so naby die hoofstad 'n skreiende gebrek aan onderwys en die nodige onderwysers bestaan.⁴⁾

Dit alles in aanmerking geneem het hy in Junie 1803 besluit om by wyse van 'n proklamasie wat deur publikasie onder die aandag van die hele volksplanting sou kom, een en ander mee te deel aangaande sy bevindings en gewaarwordinge, en om die ingesetenes ernstiglik hulle pligte onder oë te bring.⁵⁾ Indien dit nie reeds by alle beskaafde nasies vir 'n onbetwisbare waarheid aangeneem was nie, dat sonder onderwys, beskawing en godsdiens geen maatskappy kan bestaan nie, so betoog hy, en indien die laaste jare nie geleer het „dat naarmate de banden van Godsdienst by eenig volk losgemaakt en mingeacht, en het publiek onderwys verwaarloosd wordt, de misdaden van allerlei aart in dezelfde evenredigheid vermeerderen, het gezach der wetten vertrapt, en alle gezellige Deugden verwaarloosd worden! Dan zouden de Tafreelen die een groot gedeelte der Binnenlanden van deezen Africaanschen uithoek opleveren, van deeze waarheid een treurige bevestiging kunnen bijbrengen.“⁶⁾ Selfs die berigte wat hy intussen van die Goewerneur op reis ontvang het, het hom nie beter gestem nie. Hy betoog dan verder dat indien die wette en die vrees vir straf geskik is om kwaadwilliges te beteuel, dan moet die openbare godsdiensoefening en die openbare of huisonderwys van die jeug dien om misdade te voorkom en in die nog onbedorwe harte van die opkomende geslag die saad te werp van deug en mensliewendheid, van eerbied vir God, onderwerping aan die wette, van pligmatige gehoorsaamheid aan die bevale van die Regering en van ondergeskiktheid aan die Allerhoogste. Die Kommissaris onderneem dan om geen middele te versuim „om deeze steunpilaaren der maatschappij, *Godsdienst en Opvoeding der Jeugd*, op alle wyse aantemoedigen, te bevorderen en te ondersteunen.“

³⁾ Sien Hoofstuk viii.

⁴⁾ *Not. de Mist* (Maart 1803) 1803, Dl. v, B.R. 109, p. 27.

⁵⁾ Sien *Not. de Mist* (Junie 1803) 1803, Dl. vii, B.R. 110, p. 213; *Origineele Placaatboek*, 1803-1806, B.R. 115, pp. 141-146; *Kaapsche Courant*, 11 Junie 1803.

⁶⁾ *Ibid.* Dit blyk verder uit die proklamasie dat De Mist hier veral gedink het aan die baie klagtes van mishandeling, verwoesting en moord wat dan in die meer afgeleë streke byna straffeloos deur die koloniste sou gepleeg gewees het. Ons het hier dus te doen met die vooroordeel waaronder hy aanvanklik verkeer het, en herinner daaraan hoedat hy later tot ander insigte gekom het.

Vervolgens doen hy 'n beroep op die ingesetenes om te help om voorsiening te maak in die tydelike en geestelike behoeftes van die daaglik aangroeiende distrik van Swellendam; genoemde gemeente is dan ook geoutoriseer om 'n kollekte vir hierdie doel te hou. Indien hulle hieraan gehoor sou gee, sal die Bataafse Regering as hulle die blyke van welwillendheid sien, die loflike poginge ondersteun deur bekwame en verdienstelike leraars en onderwysers uit te stuur.

De Mist het dus by voortdoring die tekort aan geskikte onderwysers besef. In 'n brief, gedateer 9 Julie 1803, aan die Raad van Asiatiese Besittings en Etablissementen het hy dan ook aanbeveel die spoedige uitsending van predikante uit die moederland asook van 'n kundige en „braaven” skoolmeester met een of meer ondermeesters om hier onder die toesig van die Regering skoolmeesters te kan oplei, wat die jeug sal kan onderwys in die lewende tale, die geografie, matesis, geskiedenis ens.⁷⁾ Die koste aan onderwys bestee sou teruggevind word in die besparing in verband met die administrasie van justisie. Hy betreur die feit, — om sy eie woorde aan te haal, — „het hart moet een rechtschaapen man bloeden,” dat hier enige honderde mooi jong mense aangetref word aan wie die milde natuur niks geweier het nie en wat alleen by gebrek aan geleentheid nouliks tot die eerste trappe van beskawing kan geraak. Hierdie feit word selfs deur die jong mense self betreur sodra hulle ouer word.

Die Kommissaris sluit dan sy brief aan die Bewindhebbers met die volgende ernstige versoek: „Ik bidde, ik smeeke des ter liefde van myne Africaanen, en ten dienste van den Lande, dat hoe eerder zo beter door uln. daar omtrend gunstige dispositien mogen genoomen worden. Doch dat voor al de uitzezendene zyn mogen van *opbesproken zeden.*”⁸⁾

Teen hierdie tyd was De Mist reeds gedeeltelik op hoogte van sake met die toestand van die onderwys in die binneland. Om egter persoonlik in aanraking daarmee te kom, het hy in Oktober 1803 op sy beurt self 'n landsreis onderneem. Net soos die geval met Janssens was, het ook hy nou die geleentheid gehad om eerstehandse kennis op te doen en 'n insig te kry in die lewenswyse en besondere moeilikhede en behoeftes van die koloniste. Ook hy het sy bevindings al gaandeweg per brief aan die Goewerneur meegedeel en hieruit het al gou duidelik geword dat wat Janssens oor die onderwystoestande te sê gehad het, nie oordrewe was nie.⁹⁾

⁷⁾ *Uitgaande Brieven* 1802-1804. B.R. 92, p. 126.

⁸⁾ *Ibid.*, p. 127.

⁹⁾ Sien Hoofstuk viii.

Vroeg in 1804 het die Goewerneur 'n voordrag voor die Politieke Raad gehou insake die „innerlyken staat der Colonie.” Hy beskrywe „die staat der Volkplanting,” as „allerzorgelykst” en skyn baie pessimisties te gewees het oor die toekoms,¹⁰⁾ soos duidelik blyk uit sy eie woorde: „Myn eenig genoegen Heeren Raaden! dat ik hier nog smaken kan, zoude bestaan, in order, regul en voorspoed, in en voor de Colonie te bevorderen, en hierdoor ulieder posten veraangenaamen; maar is dit land, zyn de menschen over het algemeen genoomen, voor orde, regul en voorspoed te dragen en te genieten vatbaar? . . . Onze vereenigde pogingen zyn meer dan noodig, om het kwaad maar binnen eenigzints beperkte oevers te houden, veel meer om iets goeds daar te stellen.”¹¹⁾

Die gebrek aan die nodige onderwysers het hom steeds deeglik laat voel. In 'n brief van die Kommissaris, onder datum 31 Julie 1804, aan die Politieke Raad gerig, wys hy daarop dat hy baie struikelblokke in sy weg gevind het, maar dat „vooral het te rug blyven van zo veele Artikelen van eerste noodzaaklykheid” o.a. predikante en skoolmeesters baie stremmend gewerk het.¹²⁾

Die maatskappy waarvoor De Mist 'n onderwys-sisteem moes ontwerp, was geensins homogeen nie; daar was die verskillende klasse wat verskil het wat betref beskawingspeil. So was daar die meer beskaafde en bevoorregte inwoners van Kaapstad, die landbouende bevolking in die omgewing van Kaapstad en die aangrensende distrikte, en die minder verligte en heeltemal verwaarloosde veeboere in die grensdistrikte en op die voorposte.

Die ontwerp van 'n eenvormige onderwys-sisteem wat aan al die klasse reg sou laat geskied, was voorwaar geen gemaklike taak nie. Dit was egter onontbeerlik en terwyl hy langs die reeds behandelde weë sy bes gedoen het om al die onderwysbehoefes van die volksplanting te wete te kom, het hy intussen besef dat ook die pasgestigte Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen¹³⁾ hom hierin behulpsaam sou kon wees. Hy het derhalwe met hierdie doel hulle „consideratien omtrend de Schoolen,” gevra.¹⁴⁾ Hulle moes voor 1 Junie 1803 die Kommissaris voorsien van

¹⁰⁾ Dit wil nogal voorkom asof die Goewerneur dikwels gebuk gegaan het onder swaarmoedigheid. Sien Van der Merwe, J.P., *Die Kaap onder die Bataafse Republiek*, 1803-1806, p. 53.

¹¹⁾ *Secrete Resolutiën* 1803-1804, B.R. 75, p. 64.

¹²⁾ Com. Genl. — Goevr. en Raaden van Politie, 31 Julie 1804. Inkomende Stukken 237, *Not. de Mist* 1803-1804, Dl. x, B.R. 111, p. 583.

¹³⁾ Sien Hoofstuk vii.

¹⁴⁾ Sien *Uitgaande Brieven* 1802-1804, B.R. 92, p. 127; *Brieven van Com. de Mist aan Bat. Govt.* 1802-1804, B.R. 105, p. 163.

hulle denkbeelde oor die beste inrigting van die algemene skole vir die verskillende ouderdomme en sekse en ook in verband met die fondse waaruit die koste vergoed sou moes word.¹⁵⁾

In voldoening aan hierdie opdrag was die Kommissaris reeds in Mei 1803 in besit van hulle „missive met deszelfs bedenkingen over de verbeteringen der Schoolen.”¹⁶⁾ Hierdie rapport het soveel gedoen om die Kommissaris verder 'n idee te gee van die heersende onderwystoestande aan die hoofplaas sowel as in die buitestede, en het vir De Mist soveel rigting gegee in die formulering van sy idees en sy skoolorder, soos uiteindelik deur hom opgetrek, dat dit nodig is om dit op hierdie stadium reeds op die keper te beskou.¹⁷⁾

Hulle het aangevoer deur te betoog dat daar verseker nooit in 'n tydvak van 150 jaar 'n saak van „zo veel Aanbelang en aangeleegtheid,” meer verwaarloos is nie as die opvoeding van die jeug in hierdie volksplanting, — „dezelve is Elendig om niet te zeggen Nul,” — en het dan beloof dat hulle sou probeer om volgens die voorbeeld van die maatskappy met dieselfde naam in die Republiek, soveel as waartoe hulle in staat is te doen om die nodige verbetering tot stand te bring.

Wat betref die middels tot die verkry van 'n fonds, „die tot eene stichting staat in eenen dezelve betrekking als een fundament tot een gebouw,” beveel hulle aan, „kennen wij den Geest en de Goedwilligheid der Ingezeeten,” om die hef van belastingen soveel as moontlik te vermy en liefs aan te wend „eene door het Gouvernement op eene Vaderlyke wijze aangeprezene Don gratuit.” Hulle herinner dan daaraan hoedat die kerk en ander liggame dergelike donasies insamel. Ook verwys hulle na 'n dergelike fonds aangewend tot die oprigting van 'n Latynse skool¹⁸⁾ en staan skepties daarteenoor aangesien die kinders daar Latyn leer terwyl hulle nie hulle moedertaal ordentlik kan lees en skrywe nie. Aan die bedoelinge van die intekenare tot die fonds sou volgens hulle mening veel beter voldoen kon word as gemelde fonds „ten voordeele van het Nationaal Schoolwezen aangewend wierd”; terwyl hulle origens nie twyfel in die goedwilligheid van die Regering om ook van hulle kant 'n bydrae tot die nuttige werk te maak.

Vervolgens gaan hulle oor tot die tweede punt: „te weeten, de wyze

¹⁵⁾ Uitg. St. 97, *Not. de Mist* 1803, Dl. vi, B.R. 109, p. 379.

¹⁶⁾ *Not. de Mist* 1803, Dl. vi, B.R. 109, p. 153.

¹⁷⁾ Sien Ingek. St. 232, *Not. de Mist* 1803, Dl. vi, B.R. 109, p. 322.

¹⁸⁾ Sien Du Toit, P. S., *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795*, Hoofstuk xvii.

hoe, en de Plaatzen waar, op de geschikste en minst kosbare wyze Schoolen zijn aan te leggen." ¹⁹⁾

Die jeug in die Kaap en omstreke kan volgens hulle gevoeglik in drie klasse verdeel word. In die eerste plek is daar diegene wie se ouers genoegsaam met tydelike middele geseën is, sodat hulle in staat is om aan hulle kinders, behalwe die volstrekte noodsaaklike opvoeding, ook onderrig te laat gee in vreemde tale en ander wetenskappe en kunste. Dan is daar diegene wat die „zo gezeegende Middenstaat" uitmaak, „welke door eene eerlijke Neering, of Handteering, het Bestaan voor Vrouw en Kinderen, in der tijd zullen winnen," en ten slotte „de schaamle gemeente," wie se kinders in getal, gode sy dank, nog nie groot is nie. ²⁰⁾

Dan volg 'n paar verdere aanmerkings oor hierdie verskillende klasse. Wat die eerste betref, hulle kan op koste van hulle ouers in goedingerigte skole in hulle moedertaal, in die Franse en Engelse tale, Italiaanse boekhou, in Geografie, tekenkuns, matesis, gewyde en ongewyde geskiedenis onderwys word. Diegene wat hulle hiertoe mag leen, sal nie berou hê nie want dit ontbreek nóg hierdie ouers aan goedwilligheid om hulle kinders 'n goeie opvoeding te laat kry, nóg die jeug aan geestesvermoëns „om aan de Lessen des onderwyzers kennis te oogsten."

Die jeug van die tweede klas, die van die middelstand naamlik, geniet wel ook 'n mate van onderwys in die tans bestaande skole, maar as hierdie skole van naderby beskou word, sal gevind word dat hulle allergebreklike is en moet wees as gevolg van die onbekwaamheid van die onderwysers, die gebrekkige toesig oor die skole en die slegte skooltug en inrigting daarvan.

Kortheidshalwe verswyg hulle dan alles verder oor die skoolwese aan die hoofplaas, behalwe dat die derde klas, die jeug van die arm stand en wese, die aandag van die Regering baie nodig het. Vir hulle kan „op het voorbeeld onzer liefderijke voorvaders in de Republiek, een betaamlyk gestigt en behoorlyk Schoolweezen" daargestel word met behulp van die fondse van die kerk en die Weeskamer.

Wat die platteland betref, beveel hulle aan, die stigting van skole wat tegelyk as kosskole moet dien vir sodanige kinders wat te ver daarvan woon om daagliks daarheen te gaan. Die ouers van hierdie kinders sou dan vir hulle onderrig kon betaal om die helfte, gedeeltelik in mondbehoefte en gedeeltelik in geld. Hierdeur moet die onderwyser in staat gestel word om sonder om in sy beroep te versuim, maklik in die behoeftes van sy skoliere te voorsien.

¹⁹⁾ Ingek. St. 232, *Not. de Mist* 1803, Dl. vi, B.R. 109, p. 324.

²⁰⁾ *Ibid.*, p. 325.

Dergelyke skole kan volgens hulle bestaan op Stellenbosch, die Paarl, Swartland, die Land van Waveren, Swellendam, en oral „waar eene meer dan elders verzamelde Bevolking, zulks toelaat.” Hulle slaan in hulle aanbevelings die verafgeleë buitewyke oor, „om dat derzelfer beklagenswaardige toestand, Immers voor als nog, niet toelaat, aan diergelyke instellingen aldaar te denken.” Tog is hulle van mening dat as die begeerte hier is om „met zekerheid van goed gevolg” te werk te gaan, dan moet oral waar 'n genoegsame getal huisgesinne hulle wil verbind om 'n onderwyser te betaal en te onderhou, 'n skool gestig word. Waar hierdie middel onvoldoende bevind word, behoort bygespring te word en 'n gedeelte van die koste uit 'n ander fonds vergoed te word.

Ongeveer 'n jaar nadat De Mist in besit gekom het van bogenoemde aanbevelings, was hy met die ontwerp van sy be-oogde skoolordonnansie reeds so ver gevorderd dat dit voltooiing genader het. Dit was veral die geldelike kant van die saak wat vir hom nog nie duidelik was nie. Hy het nl. bevind dat as hy sy planne i.v.m. die skole in die praktyk wou bring, hy jaarliks oor 'n fonds van 'n 16,000 Riksdalers sou moes kon beskik. Dit was dan ook „uit redenen van voorzichtigheid, en om zoo veel te minder bezwaar en oppositie te ontmoeten, tegens de introductie der middelen, uit welker heffing voorsz. zomma zal moeten gevonden worden,” dat hy dit goedgedink het om vooraf die menings van „eenige deskundige Afrikaansche Ingezeetenen en geaccrediteerde s'Lands Dienaaren” daaromtrent te verneem.²¹⁾

Op aanbeveling van die Kommissaris is vervolgens op hierdie spesiale Kommissie benoem die onderskeie presidente van die Koloniale Rekenkamer, die Weeskamer, die Desolate Boedelkamer, die Bank van Lening en die Raad der Gemeente, met 'n lid uit die Politieke Raad as voorsitter.²²⁾ Aan hulle is vervolgens oorhandig 'n ontwerp van 'n veertiental belastings „ten profyte van het Schoolfonds.”²³⁾ Uit 'n eerste oogopslag blyk reeds duidelik dat die Kommissaris nie geneig was om veel waarde te heg aan die goedwilligheid van die ingesetenes, soos deur die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen, aanbeveel nie, maar dat hy, nieteenstaande hulle hom dit afgeraai het, sy heil sou seek in belastings. Aan die Kommissie

²¹⁾ *Not. de Mist* (23 Julie 1804) 1803-1804, Dl. x, B.R. 111, p. 82.

²²⁾ *Ibid.*, De Mist — Goevr. en R. v. Politie (23 Julie 1804), Uitg. St. 229, *Ibid.*, p. 529; *Bijlagen* 1804, B.R. 56, p. 233.

²³⁾ Vir konsep van die belastings sien *Not. de Mist* 1803-1804, Dl. x, B.R. 111, p. 533. Ons laat hier doelbewus 'n uiteensetting van die voorgestelde belastings agterweë, omdat hulle duidelik aan die lig sal kom by 'n behandeling van die rapport van die betrokke kommissie dienaangaande.

is opgedra om die ontwerp te bestudeer en insake die volgende punte binne vier weke hulle advies te gee:²⁴⁾ of die daarin voorgestelde belastings met die „inklinasie,” behoeftes en middels van bestaan van die ingesetenes ooreenstem, ja of nee; of in die plek van middels wat hulle wens af te keur ander „minder drukkende, en algemeen meer aangename” sou kon gestel word. Dit het die Kommissie vrygestaan om in sy advies die voorgestelde middels te verhoog, te verlaag, te verander of te verbeter „zo als zy ten beste van myn oogmerk dienstig zal achten.” In sy beraming moes die Kommissie nie in berekening bring die swak bronne van die reeds bestaande skoolfonds nie wat dan aangewend sal kan word om as aanvulling te dien in die geval van misrekening in die bedrae van die ander middels. Ten laaste moes die Kommissie aandui watter middels die minste drukkend en met die meeste gelykheid tot ondersteuning van die skoolfonds in die Kaapse distrik in te voer sou wees.

Hierdie buitengewone Kommissie het onder leiding van J. P. van Medenbach Wakker 'n noukeurige ondersoek ingestel en die onmiddellike resultaat was 'n breedvoerige maar enigszins omslagtige rapport van sowat veertig bladsye.²⁵⁾ Aangesien De Mist ongetwyfeld beïnvloed is deur die menings in hierdie rapport vervat, is 'n relaas van die hoofpunte daarvan hier wenslik. Dit sal trouens ons taak vergemaklik as ons later tot 'n vergelyking tussen die konsep van De Mist, die aanbevelings van die Kommissie en die uiteindelijke skoolorder van die Kommissaris wil kom.

Alvorens hulle oorgegaan het tot die behandeling van die besondere punte, het hulle eers 'n paar „algemeene remarques” gemaak wat by hulle opgekom het terwyl hulle met die ondersoek besig was.

Hulle verstaan dat dit die groot en nuttige oogmerk van die Kommissaris-Generaal is om die jeug te laat onderwys, in nuwe skole wat opgerig moet word en in gebrekkiges wat verbeter moet word, „buiten bezwaar van den Lande.” Hiertoë moes bydra „die er het nut van trekken zullen,” dog hierdie kontribusie moes oor die algemeen geskied „met de meeste *rechtvaardigheid* en de minste *tegenkating*.” Vandaar dat die middels van die Kommissaris gebaseer is, gedeeltelik op die goeie opinie wat hy van die „weldadigheid” van die ingesetenes het, en gedeeltelik op die meer vrywillige „*depences* en *Jouissances*” van die mees vermoëndes onder hulle.

Hoewel die lede van die Kommissie baie graag wou voldoen aan die verlange van die Kommissaris en oortuig was van die nuttigheid en nood-

²⁴⁾ Sien *Not. de Mist*, 1803-1804, Dl. x, B.R. 111, p. 529; *Bijlagen* 1804, B.R. 56, pp. 235, 236.

²⁵⁾ Sien *Bijlagen* 1804, B.R. 56, pp. 233-272.

saaklikheid „der efficasieuse voorzieningen van den Commassaris-Generaal, omtrend het onderwijs en de opvoeding der Jeugd in deeze kolonie,” was hulle tog van mening dat hulle die Kommissaris moes waarsku dat hy nie in hierdie saak die weldadige medewerking, die belangstelling gepaard met opoffering wat vereis word, en wat hy tegemoet sien sou ontmoet nie. Hulle waarsku hom derhalwe in baie duidelike taal dat:

„De enkele naam van *belasting* het zy voor de Schoolen — het zy voor eenig ander even nuttig einde, zal naar het gering inzien van de Onderget: genoeg zyn, om de Schoolen zelve, of welke Institutie het zyn mag, als haare ressources uit belastingen ontleenende, in een ongunstig daglicht te doen voorkomen, en te doen beschouwen als eene bijzondere hatelyke zaak tot drukking der Ingezeetenen.”²⁶⁾

In hierdie verband betoog die Kommissie dan verder dat dit duidelik is dat onder omstandighede die grond vir verbetering gelê moet word deur die Regering en dat stappe van die kant van laasgenoemde die pogings moes voorafgaan wat deur die ingesetenes self aangewend sou word sodra die kolonie meer welvarend sou wees. Hierna sou die Regering kon ophou om hulle aktief daarmee te bemoei. Aangesien die onderwys dan aanvanklik een van die vertakkinge van die administrasie word waarvoor die koste uit die land se gewone inkomste gevind word, is hulle van mening dat ook die koste i.v.m. die onderwys uit die gewone landsinkomste gevind moet word, tot tyd en wyl dat verbeterde ekonomiese toestande die daarstelling van 'n besondere fonds vir onderwys moontlik sou maak. Langs hierdie weg sou verhoogde belastinge wat nodig sal wees, veel minder teenkanting ondervind.

Nadat die Kommissie dit billik gevind het dat die Kommissaris se voorgestelde belastinge hoofsaaklik gebaseer is op „vrywillige depenses en Jouissances der meestvermogene Ingezetenen,” hoewel hul van mening was dat daarna ook die mindervermogenes in eweredigheid in so 'n algemene belasting behoort te deel, gaan hulle vervolgens daartoe oor om die belasting-voorstelle puntsgewys te behandel.

Die eerste artikel, nl. „Eene algemeene Jaarlyksche Collecte door de geheele Hoofplaats, door Scholarchen, enz. in eigen perzoon te doen,” meen hulle te moet afraai aangesien die Skolarge aan bespotting blootgestel sal word. Deur sommige te imponeer sou hulle ook gevaar loop om min vermogene en terughoudende mense meer te laat bydra as waartoe hulle werklik in staat is. Dit sou dus neerkom op 'n belasting „op de *stille* in den Lande — waaraan zig vooral ook onder de vermogene

²⁶⁾ *Ibid.*, p. 239.

veelen wel zouden weeten te onttrekken." Wat punt twee betref, het hulle akkoord gegaan met die heffing van 'n belasting van 4 Riksdalers op elke vat bier en van 1 Riksdaler op elke anker wyn of 40 bottels wat ingevoer word, maar was nie daarvan oortuig dat dit verstandig sou wees om op elke volwasse slaaf of slavin wat ingevoer word 'n belasting van 5 Riksdalers, en elke slaaf of slavin onder 12 jaar 'n belasting van 2½ Riksdalers te hef nie. Dit was by hulle 'n kwessie van opinie: as die invoer van slawe neerkom op 'n vermeerdering van lukse, dan sou hulle hierdie belasting wil goedkeur, maar aangesien die invoer van slawe volgens hulle onontbeerlik is vir die landbou, en hierdie belasting dus „een drukkend bezwaar op den Landbouw" sou beteken, het hulle dit afgeraai.

So het hulle ook De Mist se voorgestelde belastings van ½ persent op alle verkoopte roerende goed ten koste van die verkopers en ½ persent op alle verkoopte vaste goed ten koste van die kopers, afgeraai, as synde „vooral in dit land onevenredig en drukkend." So sal byv. 'n ryk man wat 'n inkomste het-deur huise te verhuur nie hieraan onderhewig wees nie en gevolglik geheel en al die belasting vir die skole kon ontwyk. Dit sou dus geensins belastings van algemene aard wees nie en sou trouens „zeer zwaar vallen op enkele weinige individues, waarvan de meesten in nood zyn." Bovendien is verkopinge in die kolonie reeds „merkelyk bezwaard," o.a. as gevolg van die 5 persent waarop die vendumeester geregtig is i.v.m. roerende en die 2½ persent op vaste goedere.

Dat 'n belasting van 1 Riksdaler per mille heff sal word op alle nuwe of gekontinueerde lenings by die Bank van Lening, vind hulle as 'n punt op sigself van geen belang nie, aangesien dit in ooreenstemming met die Kapitaal by die Bank slegs sowat 5 of 600 Riksdalers sal oplewer. Tog bevind hulle dat in die geval van gekontinueerde lenings, inbreuke gemaak word op 'n kontrak, aangesien debiteurs die kapitaal opgeneem het teen 'n vasgestelde rente van 5 persent.

Die Kommissie het egter geen beswaar daarteen gehad dat voortaan vir alle vrygelate slawe waarvoor aan die kerk voorheen 50 Riksdalers betaal is, ten profyte van die Skoolfonds alleen, 75 Riksdalers betaal sal moet word nie. Ook het hulle die beginsel opgesluit in die bepaling dat van elke testateur wat nie afstammeling het nie, 'n „vrywillige legaat" van minstens 25 Riksdalers gevorder sal kan word, goedgevind, en aan die hand gedoen dat die vereiste bedrag afhanklik gemaak sou kon word van „de groote van het Zegul, welke, volgens de Ordonnantie, tot de Testamenten wordt gebruikt."

Die artikel waarvolgens van alle boedels van Kollaterale of vreemdes

„ab-intestato” vervallende, vir elke erfgenaam binne die kolonie 25 Riksdalers en vir elkeen daarbuite 50 Riksdalers gevorder sou word, is opgeneem in hulle voorgestelde belasting „op de Collaterale Successien.”²⁷⁾

Hulle het met die voorstel dat vir elke koets wat binne die hoofplaas gebruik word, 'n belasting van 10 Riksdalers betaal moet word, akkoord gegaan en het selfs gemeen om onder hulle voorgestelde nuwe middels, gewag te moet maak van ander rytuie vir plesier „onder de benaming van *Charetten* en *Chaisen*.”

Waar De Mist in sy volgende voorstel bepaal het dat vir elke perd, — die ryperde van die militêre of burger-kavalleriste uitgesluit, — 4 skellings²⁸⁾ sou moes bepaal word, het die Kommissie dit nodig gevind om die lys van perde wat uitgesluit mag word, aan te vul. Belastingvry sou dus wees dié wat behoort aan die militêre hoofoffisiere en in diens van die land was, dié wat behoort tot die onderskeie korpse militêre of burgerkavallerieë, (perde deur kavalleriste vir plesier aangehou hierby uitgesluit), tevens 8 perde vir elke kontrakterende of gepriviligeerde bakker en vier sg. togperde vir elke slagter.

Die Kommissie het ook noukeurig ingegaan op De Mist se voorgestelde belastings op die besit van slawe. Die Kommissaris het nl. in hierdie verband voorgestel dat slawe-eienaars wat minder as drie slawe besit het, nie belas sou word nie, maar dat diegene wat vier en meer as vier slawe, sonder onderskeid van ouderdom of geslag, besit, as volg sou moes betaal: het hy tussen 4 en 12 slawe dan moes hy 2 Skellings per kop vir die eerste 4 betaal en 4 Skellings per kop vir die res, terwyl hy vir die wat hy tussen 12 en 20 besit 6 Skellings per kop moet betaal en vir elkeen wat hy tot die getal van 20 besit, een Riksdaler.

Die Kommissie het in beginsel hiermee akkoord gegaan aangesien „niets verdervelyker [is] als dat het houden van Slaven eene *Luxe* word,” en die skole in die kolonie veral nodig is „om het daar uit ontstaane Zeden bederf onder de Jeugd te Corrigeeren.” Tog meen hulle dat dit wenslik sou wees om uit te sluit slawe bo 50 jaar, wat weens hulle ouderdom reeds 'n las vir die base geword het en derhalwe blootgestel sal word „van verstooten te worden en in miserie om te komen,” asook slawekinders onder 10 jaar en slawe wat hoewel in een huisgesin, aan onmondige kinders behoort.

²⁷⁾ Oor hulle nuwe voorstelle, sien later in hierdie hoofstuk.

²⁸⁾ 'n Skelling was gelyk aan 6 stuiwers (6d.) teenoor 'n gulde (Kaapse) wat gelyk aan 16 stuiwers (1/4) en 'n Riksdaler wat gelyk aan 48 stuiwers (4/-) was. Sien Thom, H. B., *Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika*, byvoegsel op p. 386.

Hulle was dit ook daarmee eens dat 'n belasting gehef sal word op alle „societeiten” in die openbaar toegelaat of stilswyend geduld, en het selfs aan die hand gedoen dat De Mist se voorgestelde belasting van een Riksdaler per lid, man of vrou sonder onderskeid van jare, verdubbel moes word. Hiervan wou hulle egter uitgesluit sien, alle godsdienstige geselskappe nie alleen om hulle sodoende te laat onderskei van byeenkomste van „vermaak en verspilling” nie, maar ook om oor die algemeen meer eerbied vir die denkbeeld van Godsdiens in te boesem.

Ook De Mist se voorstel dat al die Kasteleins van die Societeite, Logement-, Herberg- en Biljart-houers, 10 Riksdalers elk sou moes betaal, het hulle goedgevind, maar het gevrees dat sy voorstel dat alle kroeghouers of s.g. „Schachereien” 5 Riksdalers moet betaal „aan zwarigheden onderhevig te zyn, om dat hetzelfde op een wezentlyk deel van S'Lands inkomsten zou neerkomen.” Die Skagerye is nl. huise aan die onderskeie wyn-, brandewyn- en bierpagters teen betaling van paggeld toegestaan. Daar sou dus inbreuk gemaak word op die inkomstes van die pagters wat reeds so 'n groot kapitaal in die landskas stort.

Nadat die Kommissie die voorgestelde belasting van die Kommissaris afgehandel het, het hulle oorgegaan tot die uitvoering van die tweede opdrag aan hulle gestel, nl. om in die plek van die punte deur hulle afgekeur, ander belastinge voor te stel wat hulle „as minder drukkend en algemeen meer aangenaam” beskou.

In die eerste plek stel hulle voor dat i.p.v. die voorgestelde jaarlikse kollekte by die huise van die ingesetenes, tweemaal in die jaar langs die gewone weg kollektes opgeneem moet word in die onderskeie Gereformeerde en Lutherse kerke aan die einde van 'n diens „ten behoeven van het onderhoud der Schoolen.”

Tweedens meen hulle met gerustheid te kan aanprys die belasting „op de Collaterale Successien” wat in 1791 op aandrang van die Regering van Batavia hier ingevoer was en wat sedert dien weer verval het,²⁹⁾ aangesien hierdie belasting meestal uit onverwags opkomende erfenisse waarop nie gereken was nie; ontstaan, en dus deur niemand as drukkend beskou kan word nie. Aangesien die naam „Collateraal” nog in die gehees voortlewe en deur meeste gehaat word, doen hulle derhalwe aan die hand dat die naam verander moet word en die belasting eenvoudig omskrywe moet word; „wanneer zy zig verzeekerd houden, dat dezelve, wel gevat, geene, of weinige zwarigheid zal ontmoeten.”

²⁹⁾ Vir besonderhede van hierdie belasting sien *Secrete Resolutiën* (7 Febr. 1799), C. 111.

In die derde plek stel die Kommissie voor die daarstelling van 'n bedrag van 200,000 Riksdalers wat oorhandig moet word aan die Bank van Lening en waarvan die rente jaarliks tot onderhoud van die skole moet dien. Die Leningsbank moet hierdie geld nie teen 5 persent maar, net soos die Weeskamer, teen 6 persent uitsit sodat langs hierdie weg 'n bedrag van 10,000 Riksdalers gevind kan word. Hierdie bedrag is nie van soveel belang dat as gevolg van die uitgifte daarvan, gevrees hoef te word vir 'n „onberadene vermeerdering van het papieren geld,” en sou weer ingetrek kon word „zo dra de Kolonie tot die hoogte van industrie zal zyn gekomen . . .”

Vervolgens stel die Kommissie voor dat jaarliks deur middel van berekening van die verskuldigde aandeel van elke ingesetene, 'n som ingesamel kan word op dieselfde manier soos tevore reeds geskied het, „voor de extra ordinaire reparatie der Straaten.” Aan die Kaap veroorsaak hierdie gebruik nie onenigheid nie; 'n spesiale kommissie word met die taksering belas, die bedrag word bepaal van 2 of 3 tot 10 Riksdalers vir elke ingesetene en niemand word verplig om sy boedel oop te stel nie. Langs hierdie weg is dan ook dikwels reeds van 5 tot 8,000 Riksdalers per jaar ingesamel. Op hierdie manier dra elkeen sonder uitsondering sy deeltjie by, selfs diegene wat ten spyte daarvan dat die belastings sorgvuldig opgestel is, nie deur een van die belastings geraak word nie.

Ten slotte doen die Kommissie aan die hand dat by die voorgestelde belasting van 10 Riksdalers vir elke koets, ook bygevoeg sal word 'n belasting van 5 Riksdalers vir elke „charet” en $2\frac{1}{2}$ Riksdalers vir elke „chais.”

Die Kommissie sluit hierdie memorie van hulle deur hulle oortuiging uit te sreek dat die voorgestelde belastings deur hulle goedgevind, saam met die nuwe middels deur hulle aan die hand gedoen, ruim die bedrag sal oplewer wat die Kommissaris be-oog. Om krag by te sit by hulle vermoedens, bereken hulle dan by benadering die bedrae wat van vyf van die voorgestelde belastings verwag kan word en kom sodoende reeds te staan op die bedrag van 16,900 Riksdalers.

Dit dan was die belangrike memorie deur die Spesiale Kommissie op uitnodiging van die Kommissaris opgetrek, wat dan ook ter beskikking van laasgenoemde gestaan het by sy finale afronding veral van sy belastingsvoorstelle, en wat duidelike spore gelaat het op die finale vorm waarin De Mist sy belastings wat die tweede deel van sy Skoolorder uitgemaak het, gegiet het. Maar hieroor later!

HOOFSTUK III.

DIE SKOOLORDER VAN DE MIST — ONTLEDING.

Teen September 1804 het De Mist sy voorstudie as afgedaan beskou en was hy na rype beraadslaging en oorweging begerig om sy taak i.v.m. die reëling van die onderwys deur middel van 'n noukeurig-opgestelde ordonnansie te voltooi. Gevolglik het hy onder datum 11 September sy „Schoolordre voor de Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop,” as 'n ordonnansie gepasseer,¹⁾ en dit later by wyse van publikasie in die *Kaapsche Courant*, ten dele altans, nader onder die aandag van die ingesetenes gebring.²⁾

De Mist het sy eintlike order laat voorafgaan deur 'n voorwoord ter inleiding. Hierin betoog hy hoedat hy reeds vanaf die aanvang van sy sending as Kommissaris-Generaal hierheen, dit as een van sy belangrikste pligte beskou het om toe te sien dat die middels tot nasionale beskawing, en daaronder veral die van die opvoeding en onderwys van die jeug in hierdie volksplanting, op alle moontlike maniere daargestel, beskerm, aangemoedig, vermeerder en verbeter moes word.

Tydens sy landsreis het hy dieper onder die besef gekom van die noodsaaklikheid van 'n algehele verandering, of liever van 'n geheel nuwe geboorte, „van een regelmatig, en op Hoog Gezach daartestellen School wezen.” Hy het nl. gevind dat die ingesetenes op die platteland self bewus was van die gebrek aan kennis en onderwysing in die eerste en eenvoudigste wetenskappe, en tewens reikhalsend verlang dat die Regering hierdie verafgeleë streke en die gedurig vermeerderende jeug ook tot 'n voorwerp van sy sorg sal maak.

Wat die skoolwese aan die hoofplaas betref, so betoog hy verder, dit moet nie as heeltetal verwaarloos beskou word nie, dog ook hier ontbreek die reëlmatigheid en samestelling wat so 'n noodsaaklike vereiste is vir die instandhou en die algemene doelmatigheid van die skole. Die

¹⁾ *Instructiën aan Politieke Raad enz. 1803-1805*, B.R. 117, pp. 265-278; Dreyer, A., *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, pp. 31-46.

²⁾ Sien *Kaapsche Courant*, uitgawes tussen 9 Maart—1 Mei 1805.

voordeel hieraan verbonde, is byna uitsluitlik tot die hoofplaas en 'n paar van die aangrensende distrikte beperk, terwyl die meer verafgeleë landstreek, wat dit miskien die meeste nodig het, „tot nu toe daar van zyn verstookten geblewen.”

Hoewel daar reeds vir enige jare loflike pogings aangewend is om deur „vrywillige contributien” 'n fonds te stig vir die oprig en instandhou van skole in die hoofplaas,³⁾ kan hierdie pogings uit die aard van die saak nie tot so'n uitgebreidheid kom as dat die buitelandse ook daardeur sou kon gehelp word nie. Hierin is ook nie van die kant van die Regering soveel ondersteuning en aanmoediging geniet as wat 'n volstreekte vereiste is om inrigtings wat 'n onmiddellike bevordering van die algemene welsyn ten doel het, tot bloei te bring nie.

Die Kommissaris sou nie die opvoeding langer op hierdie los en onbevredigende manier laat voortgaan nie; vandaar sy ordonnansie bestaande uit twee dele.⁴⁾

EERSTE DEEL.

DIE SKOLARGE.⁵⁾

Die eerste paar artikels handel oor die algemene beheer oor die skoolwese in die hele Volksplanting. Die Goewerneur word beskou as „de altydduirende Beschermer en Voorstander,” en as sodanig, as die Opper-Skolarg van die hele skoolwese in die Volksplanting. Saam met die Raad moet hy sorg dat die nodige fondse tot die instandhou van die skole gevind word „en behoorlyk geadministreerd en verantwoord worden.” Die Bestuur van die Skoolwese word opgedra aan 'n kommissie van Skolarge wat benewens die Goewerneur as sg. Opper-Skolarg, sou bestaan het uit 'n lid van die Politieke Raad, deur die Goewerneur te benoem, as aanblywende voorsitter, die tydelike president of 'n ander lid van die Weeskamer, deur die president benoem, twee predikante van die Hervormde en een van die Lutherse gemeente, waarvan die jongste in

³⁾ Sien hieroor Du Toit, P. S., *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie*, pp. 212, 223.

⁴⁾ „Eerste Hoofddeel Betreffende het Bestuur der Openbaare-Schoolen, binnen deze Volkplanting,” en „Tweede Hoofddeel bepaalende de Fondsen, uit welke de kosten tot onderhoud der Openbaare Schoolen zullen gevonden worden.”

⁵⁾ Artikels 1—3.

jare die werk van sekretaris sal waarneem tensy die Kommissie anders mag besluit, die tydelike president van die Raad der Gemeente of 'n ander lid deur hom benoem, en dan 'n sewende lid deur die Goewerneur te benoem wat teen beloning op persentasiebasis as tesourier van die fonds wat gestig sal word, moet optree.

Van hierdie kommissie sal die landdroste en predikante van die Buitedistrikte honorêre mede-lede wees en by aanwesigheid in die Hoofplaas as sodanig die sittinge van die Kommissie kan bywoon en hom van advies dien in verband met die onderwys sake van hulle respektiewe distrikte.

LEERKRAGVOORSIENING EN 'N KWEESKOOLO VIR TOEKOMSTIGE ONDERWYSERS.⁶⁾

Dit is as die hoofsorg van bogenoemde Kommissie vasgelê: „om door goede correspondentie in Nederland, kundige en geschikte Persoonen op voordeelige voorwaarden naar herwaards te nodigen, ten einde de verschillende takken van Opvoeding en Onderwys der Jeugd in deze Volkplanting op zich te willen neemen.” Die status van sodanige onderwysers „is aller achtung en onderscheiding waardig,” en hulle sal dan ook dadelik by hulle benoeming burgerreg ontvang.

In die eerste plek kom hiervoor in aanmerking 'n bekwame persoon om hier 'n Kweekskool op te rig en te beheer waarin jongelinge, by voorkeur Suid-Afrikaners van geboorte, tot onderwysers opgelei kan word, deur hulle „in de meeste volmaaktheid” suiwer Nederlands te leer spel, praat, lees en skrywe en hulle in gewone rekenkunde en die eerste beginsels van die Aardrykskunde, Wis- en landmeetkunde, sodanig te oefen dat hulle na 'n paar jaar se arbeid in staat sal wees om self in genoemde vakke onderwys te gee.

Sodra die Kommissie so 'n persoon gevind het, moet hy met die Raad der Gemeente en met die Landdroste en predikante van die buitdistrikte in verbinding tree en hulle op die mees ernstige wyse beweeg om by wyse van 'n begin, asook by voortdoring, met die toestemming van ouers of voogde, jongelinge nie ouer as twaalf „van goede vermoogens, zonder schadelijke of afzienlyke Lichaams-gebreken,” van eerlike ouers gebore en van onbesproke gedrag, na hierdie Kweekskool te stuur, „ten einde al daar tot het Schoolmeesters-ambt te worden bekwaam gemaakt.” Die ouers en voogde van hierdie jongelinge moet, indien hulle nie onvermoënd

⁶⁾ Artikels 4—14, 19 en 20.

is nie, self sorg vir behoorlike klere en ander benodighede van die kwekelinge, en verder in eweredigheid met hulle vermoëns, jaarliks ten profyte van die fonds 'n som van uiters 100 Riksdalers in geld of landsprodukte van hierdie waarde, bydra.

Weeskinders wat onder die toesig van die Weeskamer staan en kinders van arm ouers kan, indien hulle voldoen aan bogenoemde vereistes, ook in die Instituut opgeneem word. Die Skolarge moet dan met die Weeshere of ander voogde ooreenkom in verband met die skadeloosstelling. Hulle sou ook geheel-en-al kosteloos in die Instituut opgeneem kon word „naar staats- en stands gelegenheid, en naar maate dat de gesteldheid van het School-Fonds zulks in meerdere of mindere ruimte zal toelaaten.” Sodanige kwekelinge wat geheel ten laste van die fonds of van enige ander publieke fonds in die Kweekskool onderwys ontvang het, sal hulle moet verbind om hulle dienste gedurende die eerste tien jaar nadat hulle die eksamen afgelê het, ter beskikking van die Skolarge te stel, om aangewend te word ten dienste van openbare of van private skole, soos die Skolarge mag goedvind.

Die Goewerneur en Raad moet die beste en nodige middele beraam vir die aankoop of oprigting van 'n geskikte gebou vir die Instituut, sover moontlik verwyder van die gewoel van die stad waar daar ook ruimte moet wees vir liggaamsoefeninge. Die optrek van 'n reglement vir huishoudelike reëls vir die Instituut, word opgedra aan die Skolarge wat dit dan aan die Goewerneur ter goedkeuring sal moet voorlê.

By die jaarlikse eksamen en oorplasing van die jongelinge van laer na hoër klasse, behoort aan die „bekwaamste, vlytigste en in zedelykheid boven anderen uitstekende Jongelingen,” premies gegee te word. So kan daar ook vir die Direkteur van die Instituut self, nie 'n beter aanmoediging wees dan dat hy vir elke leerling wat deur die Skolarge goedgevind mag word om aan andere onderwys te gaan gee nie, 'n buitengewone geldelike toelaag in eweredigheid „met de meer of min uitstekende bekwaamheden van zodanigen Jongeling,” mag ontvang.

Die kursus van opleiding mag nie korter dan vyf jaar duur nie alvorens 'n kwekeling sal toegelaat word om aan ander onderwys te gee. Tog sou dit die Skolarge vrystaan om kwekelinge wat deur aanhoudende slegte gedrag „of uit hoofde van blykbaare ongenoegsaame talenten,” nie in staat geoordeel mag word om aan die oogmerk van die Instituut te voldoen nie, te verwyder „zonder iemands wederzeggen of tegenspraak.”

Na verloop van vyf jaar vanaf die opening van die Instituut, sal niemand toegelaat word om in die Volksplanting onderwys te gee nie

behalwe diegene wat in die Instituut die vereiste eksamen afgelê het of deur die Skolarge ondersoek en daartoe in staat bevind is; die kwekelinge sou egter in die geval van gelyke bekwaamhede, die voorrang geniet.

As die getal van die kwekelinge mag verminder, as gevolg van watter oorsaak ook al, sal die Skolarge moet sorg dat dit weer aangevul word, en op sodanige getal gehou word as wat die voordelige staat van die skoolfonds mag toelaat en in ooreenstemming met die aantal onderwysers benodig.

Die nuttigheid van die Instituut sal verhoog word as die Skolarge in staat sal wees om ook voorsiening te maak in die onderwys van „de meest gebruiklyke, en aan deze zyde der Linie in den handel vooral nuttige levende taalen, als Fransche, Engelsche, Hoogduitsche, Portugeesche of Spaansche.” In so 'n geval egter moet die Kommissie waak dat aan die nog onskuldige harte van die kwekelinge, deur die studie van vreemde tale, geen groter neiging ingeboesem word vir die een of ander vreemde nasie nie. Onveranderlike afkeer van vreemde oorheersing en die grootste opoffering ter bevordering of handhawing van die onafhanklikheid van die Bataafse Republiek, en ter bewaring van haar buitelandse besittinge, moet die hoofdeug wees wat hulle daagliks ingeboesem moet word; wat hulle dan weer op hulle beurt op die harte van hulle leerlinge moet druk.

DIE BUITEDISTRIKTE.⁷⁾

Dit is ook aan die Skolarge opgedra om, na verloop van die vyf jaar, die buitelandse distrikte of dorpe van die platteland, na mate die fondse dit toelaat, te voorsien van geskikte onderwysers uit die Instituut. Verder moet hulle toesien dat soveel moontlik geskikte geboue vir kos- en dagskole op koste van die distrikte, opgetrek word en dat die skole dan van meesters uit die Koloniale Instituut voorsien word.

Die Skolarge moet sover nodig aan al die onderwysers dieselfde instruksies gee, hulle publieke en private beloning bepaal, en moet van tyd tot tyd die toestand van die skole ondersoek of dit laat doen deur die Predikante en Landdroste van die distrikte in hulle hoedanigheid as honorêre Skolarge, wat die Kommissie dan omtrent hulle bevindings sal moet inlig. Aan die Skolarge is ook die mag verleen om in die geval van aanhoudende slegte gedrag die betrokke onderwysers uit die diens te ontslaan en deur ander te vervang. Die onderwysers sal in alle opsigte i.v.m. hulle beroep, „onderworpen zyn aan de onbepaalde beschikking

⁷⁾ Artikels 15—18.

der School-Commissie altyd in afhanging van het goedachten van den Gouverneur in der tyd, als Opper-Scholarch." Die ingesetenes van die platteland wat te ver van die hoofstad of van die kerkdorp in hulle distrik af woon of wat om watter rede ook al nie van die naaste openbare skole gebruik kan maak nie, kan hulle na verloop van die vyf jaar by die Skolarge verwoeg met die versoek om 'n private meester as huisonderwyser te mag ontvang. Die Skolarge sal in sodanige gevalle die redelike voorwaardes bepaal waaronder die jongelinge hulle diens sal moet lewer.

'N KOS- EN DAGSKOOL VIR KAAPSTAD.⁹⁾

Tot tyd en wyl dat die Kweekskool 'n geskikte en toereikende getal jongelinge sal kan oplewer, moet egter 'n ander plan gemaak word. Die Skoolkommissie sal derhalwe verplig wees om op die spoedigste en sekerste manier uit Nederland 'n bekwame persoon te ontbied om aan die Hoofplaas waar te neem 'n Kos- en Dagskool tot opvoeding en onderwys vir kinders van die ingesetenes wat sowel in die hoofplaas as daarbuite woonagtig is, asook van vreemdelinge wat van die inrigting gebruik sou wil maak. Aangaande hierdie persoon sal die kommissie moet toesien dat hy van 'n onbesproke gedrag, goëie sedes en beskaafde maniere is, dat hy deur 'n toereikende vaste beloning 'n versekerde bestaan sal vind en dat vir hom 'n geskikte huis as woning en losiesinrigting vir leerlinge, en vir die gee van sy daaglikse lesse, aangewys sal word. Van hom sal verwag word om behalwe die leer spel, praat, lees en „sierlyk schryven" in die Nederlandse taal, sy leerlinge self of met behulp van ondermeesters onderwys te gee in Rekenkunde, in die mees gebruiklike lewende tale en in die eerste beginsels van Wiskunde, Aardrykskunde, Vaderlandse en Algemene Geskiedenis, „en wat dies meer zy." Ook moet hy in staat gestel word om in sy skool onderwys te kan gee in die beskawende, nuttige en vir die liggaam gesonde oefeninge soos Musiek, Dans, Skerm en Perdry. Verder moet die Kommissie toesien dat aan die jongelinge onderwys gegee word in die eerste beginsels van die Christelike Godsdiens „zoo veel mooglyk naar leiding van het Kerk-Genootschap, waar toe derzelve Ouderen behooren of behoord hebben."

'n Matige Losies- en Skoolgeld wat nie die ouers sal hoof af te skrik nie, sal vasgestel word wat gedeeltelik sal strek ten profyte van die Fonds en gedeeltelik ten voordele van die Direkteur.

⁹⁾ Art. 21.

'N KOS- EN DAGSKOOL VIR JONG DOGTERS AAN DIE KAAP.⁹⁾

Dit is voorts aan die sorg van die Kommissie opgedra om onder die voordeligste voorwaardes 'n bekwaam en onbesproke vrou te benoem om die beheer van 'n Kos- en Dagskool vir jong dogters op haar te neem, wat opgerig moet word op 'n gesonde en geskikte plek binne die Volksplanting, liefs op 'n matige afstand van die Hoofplaas geleë.

Die hoofoogmerk van die Instituut moet wees om aan jong meisies sowel as aan ouer dogters, goeie sedes in te prent, en om benewens die beginsels van die nodige Wetenskappe, vroulike handwerke en huishoudkunde, hulle veral te leer om vanaf die teerste jeug af aan, af te sien van die nodelose en alle volksbeskawing-teenwerkende oppassing deur slavinne, en hulle intendeel daaraan gewoon te maak om hulself te kan help, te klee en hul eie lyfstoebehore te besorg. In hierdie verband moet nie uit die oog verloor word dat sagte beskaafdheid, sedelike vrolikheid en goeie maniere „het cieraad der sexe, het geluk der Huishoudingen, en het genoegen der Maatschappy,” uitmaak nie en dat hierdie reëls nie te dikwels voorgehou kan word aan diegene wat belas is met die opvoeding „dier tedere helft van het Menschdom.”

In geval bogenoemde vrou self nie die nodige aanleg of tyd mag hê nie om aan die leerlinge in eie persoon meer te leer dan alleen om suiwer Nederduits te spel, praat, lees en skrywe nie, sal die Skoolkommissie behulpzaam wees in die vind van een of meer geskikte leerkragte wat haar kan bystaan in die onderrig van ander nodige vakke, soos die eerste beginsels van die Rekenkunde, die mees gebruiklike lewende tale, die eerste beginsels van die Christelike Godsdiens, musiek, dans, teken en ander nuttig en beskawingbevorderende kunste en geoorloofde en gesonde ontspannings.

DIE GEWONE LAERSKOLE IN KAAPSTAD.¹⁰⁾

Die sorg vir die orige laere skole in die Hoofplaas vir kinders van beide sekse en van min of meer goeiede ouers, bly soos kragtens die Instruksie aan die Raad' der Gemeente, by voortdurend opgedra aan laasgenoemde, wat egter in die benoem van onderwyser en in die optrek van skoolreglemente sal moet handel in ooreenstemming met die verlangens en algemene Orders en beginsels van die Skoolkommissie. Sodra

⁹⁾ Arts. 22—24.

¹⁰⁾ Art. 25.

die Kweekskool in staat sal wees om geskikte onderwysers te lewer, sal die Raad ook verplig wees om hulle vir die nodige leerkragte tot die Skoolkommissie te wend.

In geval die stedelike fondse nie toereikend mag wees nie, sal die beloning van die meesters en die skoolgeld vir onvermogendes, gevind of aangevul word uit die algemene fonds wat die plan is om op te rig.

Van die sodaniges wat gratis onderwys wil ontvang, sal „ter beoirdeling en ter discretie van den Raad der Gemeente,” nie skoolgeld gevorder word nie. Tog sal die onderwysers vir die onderrig van die kinders van hierdie onvermogendes 'n gelyke toelaag per kind ontvang, om te verhoed dat hy nie aan een kind voorkeur sal gee bo 'n ander nie.

SKOOL TE SIMONSBAAI.¹¹⁾

Die Kommissaris het as gevolg van sy kennismaking met die toestande in Simonsbaai, besluit om spesiaal voorsiening te maak vir die onderwys van die bevolking aldaar, wat van tyd tot tyd toeneem en wat ook die sorgvuldige oplettendheid van die Regering vereis. Dit is derhalwe by die Skoolkommissie aanbeveel om so spoedig moontlik 'n bekwame persoon daarheen te stuur wat in staat sou wees om die kinders daar in spel, praat, lees en skrywe van die Nederduitse taal, Rekenkunde en soveel moontlik ook in die lewende tale en ander wetenskappe, te onderwys. Na verloop van tyd sou ook hierdie wyk kon voorsien word van meesters uit die Kweekskool.

DIE LATYNSE SKOOL.¹²⁾

Hoewel die hier behandelde aspekte van die opvoeding van die jeug in Kaapstad en omstreke, die eerste en vernaamste sorg van die Kommissie moes uitmaak, is ook die Latynse Skool 'n „even gewigtige plaats in derzelfer voorzorg en oplettendheid” aangewys, want die kunde in die Latynse en Griekse tale en die kennis van die Geskiedenis van die Romeinse en Griekse volkere en van die groot en beroemde dade van hulle helde en staatsmanne, vorm in 'n maatskappy die klasse van die burgers aan wie 'op 'n gevorderde leeftyd die publieke bestuur toevertrou kan word. Die reeds bestaande en alle lof verdienende beginsels van die Latynse skool, sou hiertoe as grondslag kon dien. Diegene wat vir die

¹¹⁾ Art. 26.

¹²⁾ Arts. 27—30.

stigting daarvan verantwoordelik is, sal trouens die medewerking van die Regering geniet.

Die onderwys in hierdie skool behoort aan nie minder as twee deskundige persone onder die titel van Rektor en Konrektor toevertrou te word nie, met dié voorbehoud dat die Skoolkommissie die vryheid sal hê om na mate die fonds dit mag toelaat of die getal leerlinge dit noodsaaklik mag maak, die getal met een of meer ondermeesters te kan vermeerder.

Ook ten opsigte van die Latynse skool word die vasstelling van salarisse en skoolgelde ten behoeve van die rektor en konrektor, asook sake in verband met skoolboeke, afsondering van klasse, manier en tyd van bevordering, eksamens, premies en verder alle reglementêre aangeleenthede, aan die Skoolkommissie opgedra, onder goedkeuring van die Goewerneur as Opperskolarg. Van die onderwysers sal dit verwag word om hulle sonder teenspraak aan die bepalinge deur die Skolarge gemaak te onderwerp.

INDIREKTE DWANGMIDDELS.¹³⁾

Die Kommissaris wou egter ook ouers en voogde op 'n mooi manier dwing om van die bogenoemde inrigtings en skole gebruik te maak indien „middelen van overreding alleen niet kragtig genoeg zouden mogen zijn.” Vandaar dat hy bepaal het dat niemand sedert 1 Januarie 1800 binne die Volksplanting gebore, aanspraak kan maak of begunstig sal mag word met enige siviele betrekking of erepos waaraan jaarliks 'n beloning of ander byverdienste verbonde is van tesame 300 Riksdalers, wat nie van voorgenoemde skole gebruik gemaak het of daarbuite „zuiver Nederduitsch zal hebben leeren spellen, spreken, leezen, en schryven en kennis hebben van de eerste beginselen der Rekenkunde.”

Hierby is verder bepaal dat niemand na 1 Januarie 1800 in die Volksplanting gebore, enige aanspraak sal kan maak of selfs nie by wyse van billike promosie sal mag bekom nie, 'n siviele betrekking, werkkring, waardigheid of erepos waaraan 'n jaarlikse inkomste aan vaste traktement en emolumente of aan byverdienstes van tesame 1000 Riksdalers verbonde mag wees nie, tensy hy aan bogenoemde vereistes voldoen en verder nog geslaag het in die hoogste klas van die Latynse skool, alhier of elders, en dit met loflike promosie wat aangedui moet word in 'n getuigskrif deur die Skolarge onderteken. Dit sal egter die Goewerneur vrystaan om in besondere gevalle aan „zelden voorkoomende Subjecten,”

¹³⁾ Art. 31.

wat sonder dat hulle van bogenoemde middele gebruik gemaak het, deur een of ander manier van oefening die nodige bekwaamhede bekom het om nuttige dienare van die Volksplanting te word, vrystelling hiervan te verleen.

In die slotbepaling van hierdie eerste deel van die Skoolorder word dan bepaal dat „deze School-Ordre ten allen tyd zodanig kunnen worden veranderd, vermeerderd of verminderd, als ten beste dezer Volkplanting in der tyd zal worden geoordeeld te behooren.”¹⁴⁾

TWEEDE HOOFDEEL.

ONDERWYSFONDS.

Nadat die Kommissaris in die eerste deel van sy Skoolorder sy onderwysstelsel as sodanig noukeurig uitgewerk het, het hy hom vervolgens in 'n tweede deel, bestaande uit 16 artikels, tot die fondse „uit welke de kosten tot onderhoud der Openbare Scholen zullen gevonden worden,” bepaal.

In die eerste instansie wys die Kommissaris die ingesetenes daarop dat die bydra van matige kontribusies tot die oprigting en onderhoud van openbare skole, nie as 'n las beskou kan word nie, maar wel as 'n diens wat hulle hulle kinders en nakomelingskap bewys en as 'n daad van dankbaarheid vir die middels van opvoeding waarvan hulle self in hulle jeug die voordele geniet het. Die reeds bestaande skoolfonds word dan vir hierdie doel onder die beheer van die skoolkommissie gestel, met spesiale opdrag dat dit onder geen omstandighede vir enige ander doel gebruik mag word nie dan alleen ten behoeve van die onderwys. Die fonds sal onderhou en vermeerder word met behulp van die volgende middele van inkomste: Vier Riksdalers inkomende reg sal geverg word vir elke vat bier en 1 Riksdaler op elke anker wyn wat van buite af ingebring word,¹⁵⁾ terwyl die Leningsbank moet uitbetaal 1 Riksdaler per 1000 Riksdalers vir elke nuwe of gekontinueerde lening by die Bank aangegaan.

Vir elke vrygelate slaaf of slavin vir wie daar tot dusver 5 Riksdalers aan die Hervormde Kerk uitbetaal is, sal voortaan 75 Riksdalers, en vir vrygelate kinders onder tien jaar die helfte van hierdie bedrag ten be-

¹⁴⁾ Art. 32.

¹⁵⁾ 1 Anker=44 gewone bottels; 2 ankers='n half aam.

hoeve van die Skoolfonds betaal word. Elke ingesetene van Kaapstad en distrik wat 'n testament laat optrek, sal 'n legaat moet maak ten behoeve van die Skoolfonds. Die bedrag hiervan sal oorgelaat word aan die edelmoedigheid van die testateur, met dié beperking egter dat diegene wat volgens die seëlordonnansie 'n seël van 10 Riksdalers nodig het „tot het doen beschryven van hunnen uitersten wil,” nie minder as 25 Riksdalers moet bemaak nie en diegene wat met 'n laer seël kan volstaan, nie minder as 12 Riksdalers nie.

Verder moes vir elke perd binne Kaapstad aangehou, 1 Riksdaler per jaar betaal word. Van hierdie belasting sou egter uitgesluit wees al die ryperde wat militêre offisiere verplig is om aan te hou, alle ryperde behorende tot „de Corpsen Militaire- en Burger-Cavallerie,” die perde in diens en in eiendom van die land, ag perde van elke gepriviligeerde bakker en vier sogenaamde togperde vir elke „geadmitteerd” slagter.

Slawe-eienaars binne Kaapstad sal vir lyfeienes tussen 10 en 50 jaar oud, sonder onderskeid van seks, jaarliks as volg belas word: vir vier tot twaalf slawe, vier skellings elk, vir 13 tot 20, ses skellings, terwyl die wat meer as 20 slawe besit een Riksdaler vir elkeen moet betaal.

Vir elke gewone, buitengewone of ere-lid van 'n in die openbaar toegelate of stilswyend gedulde Sosiëteit van vermaak, sal jaarliks 2 Riksdalers, en van die Kasteleine van die Sosiëteite asook van Herbergen Biljarthouers 10 Riksdalers jaarliks gevorder word. Verder was elke koets, „charet,” en „chaise” in Kaapstad en distrik onderhewig aan 'n belasting van 10, 5 en 2½ Riksdalers onderskeidelik.

Van alle goedere en effekte, roerende of onroerende, deur inwoners van Kaapstad of distrik nagelaat en verkry deur iemand wat nie in die opgaande of neerdalende linie aan die erflater verwant is nie, moet 5 persent van die waarde van daardie goedere ten behoeve van die fonds afgegee word, binne ses maande na die dood van die erflater. Erfgename betaal 5 persent slegs op daardie gedeelte van die nalatenskap wat oorbly na aftrek van skulde, legate of ander wettige betalinge.

Eindelik sal van elke ingesetene van Kaapstad of distrik „by wege van Quotisatie,” 'n jaarlikse skoolkontribusie gevorder word op dieselfde manier as wat reeds vantevore buitengewone heffinge ten behoeve van die strate plaasgevind het. Die bedrag van hierdie kontribusie om bogenoemde middele aan te vul, sal deur die Goewerneur en Raad bepaal word. Vir geen huis of plaas sal dit egter op hoër as 13 Riksdalers gestel mag word nie, terwyl dit van niemand verwag sal word om vir die bepaling van sy vermoë insage te verleen in sy boedel nie, hoewel dit enigiemand

wat van mening is dat hy te hoog aangeslaan word, sal vrystaan om sy besware aan die Goewerneur en Raad voor te lê.

Aan die Skoolkommissie word vervolgens opgedra om onmiddellik na hulle eerste sitting die nodige reglemente te ontwerp vir die „onkostbaar mooglyke” manier van invorder en administreeer van al die bogenoemde middels. Die Reglemente moet dan ter goedkeuring by die Goewerneur en Raad ingelewer word, wat dan sal bepaal wanneer met die invordering 'n aanvang gemaak sal moet word.

Sonder om enigsins nader te bepaal watter belastings met hierdie doel op die ingesetenes van die buitelandstrikte gehê sou kon word, volstaan die Skoolorder deur neer te lê dat nadat die Order in Kaapstad in werking gebring sal wees, die Goewerneur en Raad sal moet bepaal watter jaarlikse bydrae deur die ingesetenes van die platteland ten behoeve van die Kerken- en Skoolfonds in elke drosdy betaal sal moet word.

Ten slotte bepaal die Kommissaris dat, indien daar 'n onvoorsiene moeilikheid in verband met die uitvoering van enige deel van die order hom mag voordoen, dit die Goewerneur en Raad sal vrystaan om daarin die nodige veranderinge en wysiginge aan te bring „als zy ter bevordering van het heilzaam doelwit van den Commissaris Generaal, tot verbetering en het onderhoud der openbaare Scholen, zullen geraden vinden.”

Dit dan was die inhoud van De Mist se belangrike Skoolorder soos finaal opgestel in die Kasteel op 11 September 1804 en wat vervolgens nader onder bespreking geneem word.

HOOFSTUK IV.

DIE SKOOLORDER VAN DE MIST — BESPREKING.

De Mist se skoolorder was beslis een van die belangrikste hoogtepunte in sy liberale bewind en kenmerk ongetwyfeld 'n mylpaal in ons onderwysgeskiedenis. Veral twee nuwe denkkeelde wat in noue verband met mekaar staan, het in sy reëling op die voorgrond getree, nl. die verantwoordelikheid van die staat om volksonderwys te reël en die onttrekking van die onderwys aan die gesag en direkte invloed van die Kerk. Onder die Kompanjie was die skool wel nie uit-en-uit 'n „kerkskool” nie, maar 'n soort van 'n „staatskool,” 'n Gereformeerde staatskool. Die staat het nl. gebruik gemaak van die kerk in die ondersoek van die onderwysers en aan die kerk die reg verleen om voor te skryf wat op die gebied van die godsdienis gedoen moes word. Dit is hierdie reg wat De Mist die kerk sou ontnem. Die kerk sou geen verdere direkte seggenskap oor die skool hê nie.

Die vraag wat hom al dadelik by ons opdring, is waar De Mist aan hierdie „verligte” idees soos in sy Skoolorder vervat, kom, en onder watter invloed hy gestaan het.

In die eerste instansie moet ons daaraan herinner dat De Mist nie somaar blindweg tewerk gegaan het nie, maar, soos reeds aangedui, in verband met die uitwerk van sy skema in besonderhede, die advies ingewin het van die plaaslike Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen, en van 'n Kommissie wat spesiaal aangestel is om sy konsep-belastings te oorweeg. Dit was dan ook veral in verband met laasgenoemde dat hy hom op 'n baie onsekere terrein beweeg het en nogal 'n behoefte aan raad en voorligting gevoel het. Dit is dan ook op hierdie stadium moontlik om vas te stel in hoeverre hy hom plaaslik laat beïnvloed het. Aan die hand van sy konsep van belastings, van die rapport van die spesiale kommissie dien-aangaande en van sy finale ontwerp, is dit moontlik om vas te stel in hoeverre hy van hulle raadgewings gebruik gemaak het en sy oorspronklike ontwerp in dier voege gewysig het, en in watter gevalle hy verkies het om ten spyte van hulle raadgewings sy eie kop te volg.

In die eerste instansie is daar nogal heelwat gevalle aan te dui waar De Mist hom wel deeglik laat beïnvloed het deur die aanbevelings van die Kommissie, o.a. waar hy gebruik gemaak het van hulle wenke in verband met die uitwerk van sy belastings soos in die tweede deel van sy Skoolorder vervat.

Dit was as gevolg van die beswaar wat die Kommissie ingebring het dat De Mist afgesien het van sy plan om 'n algemene jaarlikse kollekte deur die hele hoofplaas deur die Skolarge te laat opneem. Tog het hy in sy skoolorder duidelik laat verstaan dat matige bydraes tot die oprigting en onderhoud van openbare skole nie as 'n las maar as 'n blyk van dankbaarheid beskou behoort te word.

Onder verdere voorgestelde belastings wat De Mist op aanbeveling van die Kommissie laat vaar het, val die invoerreg van 5 Riksdalers op elke volwasse slaaf of slavin, van $2\frac{1}{2}$ Riksdalers op elke slaaf of slavin onder 12 jaar, die belasting van $\frac{1}{2}$ persent op alle verkoopte roerende en vaste goedere en die belasting van 5 Riksdalers deur alle kroeghouders te betaal. In al hierdie gevalle het die Kommissaris die besware van die Kommissie gehandhaaf en hierdie punte eenvoudig nie in sy finale reëling opgeneem nie.

Ook die wenk deur die Kommissie aan die hand gedoen waarvolgens die bedrag van die vrywillige legaat wat elke testateur wat nie afstammelingen het nie, sou vasgestel word, is deur De Mist aanvaar. Dit was egter sonder medewete en toestemming van die Kommissie dat die Kommissaris bepaal het dat hierdie legaat 'n verpligte saak sou wees en van toepassing op alle testamente.

Dit was ook op aanprysing van die Kommissie dat De Mist sy voorgestelde belasting op erfgename uit „alle boedelen aan Collaterale of vreemden ab-intestato vervallende,” gewysig het en in ooreenstemming gebring het met die belasting „op de Collaterale Successien” wat in 1791 op aandrang van die Regering van Batavia hier ingevoer is en sedertdien verval het. De Mist het ook die wenk van die Kommissie aanvaar om in die bewoording van die belasting nie melding te maak van die naam „Collateraal” nie maar om dit liefs te omskrywe.

Dit was ook op ingewing van die Kommissie dat De Mist nie slegs koetse onderhewig aan 'n belasting gemaak het nie maar bepaal het dat ook vir die ander ligter voertuie, en wel die „charet” en die „chaise,” jaarliks 5 en $2\frac{1}{2}$ Riksdalers onderskeidelik betaal sou moes word.

Ook die deur die Kommissie voorgestelde verdubbeling tot 2 Riksdalers as 'n belasting op elke lid van 'n in die openbaar of stilswyend toegelate sosiëteit, is deur De Mist aanvaar. Geen melding is egter in die

finale ontwerp gemaak insake uitsluiting van lede van godsdienstige verenigings, soos ewe-eens deur die Kommissie aan die hand gedoen is nie.

De Mist se voorgestelde belasting op perde het hy ewe-eens in ooreenstemming met die Kommissie se aanbevelings gebring. Waar hy in sy ontwerp slegs perde wat tot die militêre of burgerkavalleriste behoort het van sy voorgestelde belasting uitgesluit het, het De Mist in sy finale ontwerp verdere perde uitgesluit ooreenkomstig die aanbevelings van die Kommissie. Op 'n dergelike manier is bepaal dat slawe-eienaars nie nodig sou hê om belasting te betaal op slawe bo 50 jaar en onder 10 jaar nie; hoewel die Kommissaris oorspronklik van plan was om alle slawe sonder onderskeid van „jaare of sexe” hieraan onderhewig te maak.

Die Kommissaris het verder besluit om ook die wenk van die Kommissie dat 'n sekere bedrag gevind sou kan word met behulp van die heffing van 'n skoolkontribusie op die wyse soos vroeër buitengewone heffinge ten behoeve van die strate gemaak is, te aanvaar. In sy finale ontwerp is vervolgens bepaal dat die bedrag van hierdie kontribusie vasgestel sou word volgens die bedrag wat nog nodig mag wees nadat die ander bronne van inkomste reeds uitgeput is.

Dat De Mist egter nie sonder meer die aanbevelings van die Kommissie en van die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen aanvaar het nie, maar intendeel selfs gereed was om waar hy nie met hulle saamgestem het nie, hulle aanbevelings oor die hoof te sien en volgens eie goeddunke te handel, getuig die volgende gevalle.

In die eerste plek is dit baie duidelik dat De Mist nie geneig was om veel waarde te heg aan die aanbeveling van die Maatskappy dat hy liefs moes afsien van sy voorneme om belastings vir die doel te hef en hom liewers moes verlaat op die goedwilligheid van die ingesetenes tot die gee van vrywillige bydraes. Ten spyte van hulle advies dat hy so min moontlik gebruik moes maak van belastings, en ten spyte daarvan dat ook die spesiale Kommissie hulle so sterk uitgelaat het teen die heffing van belastings, het hy om sy doel te bereik, die hele reeks nuwe belastings ontwerp.

In hierdie verband is dit interessant om aan te merk dat hoewel die eerste deel van die Skoolorder in agtereenvolgende nommers van die *Kaapsche Courant* gepubliseer is, die tweede deel wat sy nuwe belastings bevat het, nooit in die pers gekom het nie. As ons daaraan dink hoe sterk die heffing van belastings deur die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen en deur die Spesiale Kommissie afgeraai is, verbaas dit ons egter nie as ons van hierdie versuim verneem nie. De Mist het derhalwe tog gevrees

vir die teenkanting wat sy stelsel van belastings sou te beurt val. Dit immers was ook die mening van die Skoolkommissie van 1809 waar hulle in verband met die tweede deel van die Skoolorder geskrywe het: „which the Dutch Government did not think proper to make public nor to put into execution.”¹⁾

Behalwe dat De Mist nie geneig was om sy voorneme om 'n fonds deur middel van die heffing van belastings vir onderwysdoeleindes, te laat vaar nie, val nog ander voorbeelde te vermeld waar hy eenvoudig die bevindings van die Spesiale Kommissie links laat lê het. Ten spyte daarvan dat die Kommissie beswaar gemaak het teen sy voorgestelde belasting van 1 Riksdaler op elke 1000 Riksdalers, selfs in die geval van gekontinueerde leninge by die Leningsbank, op grond daarvan dat dit strydig sou wees met 'n kontrak vroeër reeds aangegaan, het hy uitdruklik bepaal dat hierdie belasting betaalbaar sou wees op alle nuwe en gekontinueerde lenings „zonder enige korting.”

De Mist het ook goed raakgesien dat die Kommissie se aanbeveling dat slawe wat aan onmondige kinders behoort nie onderhewig gemaak moet word aan 'n belasting nie, tot sekere ongereeldhede aanleiding sou kon gee, en derhalwe duidelik neergelê dat „van lyfeigenen, behoorende aan Minder-jaargen, zal, in de hier boven bepaalde evenredigheid, door of voor rekening van de Minderjaargen, voorenstaande belasting mede moeten betaald worden.”²⁾

Ewe-eens het De Mist nie die verdere voorstel van die Kommissie om in plaas van 'n jaarlikse kollekte aan die huise van die ingesetenes, twee maal per jaar 'n kollekte in die onderskeie kerke te doen, asook die voorstel dat 200,000 Riksdalers aan papiergeld uitgegee moet word wat dan aan die Leningsbank oorhandig sal word waarop hulle jaarliks 6 persent rente sal moet betaal, aanvaar nie. Hierdie twee voorstelle is deur die Kommissie op uitnodiging van die Kommissaris aan die hand gedoen as verdere middels wat tot stywing van die skoolfonds sou kon dien.

Uit die voorafgaande het genoegsaam duidelik geword dat De Mist in verband met die optrek van die tweede deel van sy skoolorder, nogal in 'n ruime mate gebruik gemaak het van die wenke van die Spesiale Kommissie en dat hierdie wenke hom veral goed te pas gekom het waar

¹⁾ Report School. Commission 1809, *Report Educ. Com.* 1863, App. v, No. 12. Dit is duidelik dat die oorsaak vir hierdie versuim nie in die eerste instansie, soos deur sommige geskiedskrywers, o.a. Theal, toegeskrywe moet word aan die oorname van die Kaap deur die Engelse in 1806.

²⁾ Skoolorder, Deel ii, no. 8.

hy die belastingsvoorstelle in sy ontwerp vervat, in die finale reëling meer in besonderhede uitgewerk het. Dit het egter ewe-eens duidelik geword dat die Kommissaris nie eenvoudig die raad van die Kommissie blindelings gevolg het nie, maar waar hy daarvan oortuig was dat hulle aanbevelings nie gesond was en hulle besware nie steekhoudend was nie, heeltelmal selfstandig te werk gegaan het.

Belangriker egter as om aan te dui in hoeverre De Mist hom by die optrek van sy belastingsontwerp deur die Spesiale Kommissie laat lei het, is om die herkoms vas te stel van sy denkbeelde wat ten grondslag van die Skoolorder as geheel gelê het, nl. die vooropgesette staatsinmenging in verband met volksonderwys en die daarmee gepaard gaande onttrekking van die onderwys aan die gesag en direkte invloed van die Kerk; twee denkbeelde inderdaad wat, gesien in die lig van die destyds-heersende gebruike aan die Kaap, nie minder as rewolusionêr kan beskou word nie.

Die reëling van die onderwys sou voortaan nie 'n saak van die Kerk wees nie maar wel 'n staatsaak. Dat De Mist die bekostiging van die onderwys as 'n aangeleentheid van die staat beskou het, het reeds duidelik geword uit sy Memorie waar ons in hierdie verband die volgende terugvind: „Kortom — de details moeten aan het toekomstig Coloniaal Bestuur worden overgelaten . . . geen support van kosten, uit de publieke kas, daar toe te geeven, *mag*, noch *moet*, het Gouvernement van de daarstelling deezer, of andere, betere, middelen, terug houden.”³⁾

De Mist se stelsel het verder neergekom op 'n stelsel van sekulêre onderwys. Dit is die beginsel wat hy hier aan die Kaap reeds so vroeg soos 24 Maart 1803 in 'n brief aan die predikante van die Hervormde Gemeente aan die Hoofplaas uitgespreek het, waarin hy in verband met sy aanbeveling aan hulle dat 'n geskikte persoon so gou moontlik as onderwyser na Simonsbaai gestuur moet word, bepaal het dat dit moet geskied „zonder het aanvoeren van eenige dogmatiese geschillen tusschen bijzondere Kerkgenoodschappen.”⁴⁾

Reeds op 25 Julie 1804 het De Mist hierdie standpunt van hom insake staatsbeheer van onderwys en die sekulêre aard daarvan in die 18de artikel van sy Kerkorder vasgelê, waar hy bepaal het dat: „de openbaare scholen strekkende tot onderwysing der Jeugd, behooren niet tot eenig byzonder Kerkgenoodschap. Het zyn kweekplaatsen, om goede Burgers

³⁾ *Memorie van De Mist*, p. 47.

⁴⁾ *Uitg. St. 77, Not. de Mist* 1803, Dl. v, B.R. 109, p. 275.

voor den Staat te vormen: en als zodanige staan dezelve onder het onmiddelyk toezigt en bestuur van het Gouvernement.”⁵⁾

Maar selfs privaot onderwys sou aan hierdie opvatting moes voldoen, vandaar dat hy in 'n verdere bepaling vasgelê het dat „geene ongeordende persoonen, staande in betaling en onder het bedwang van byzondere Societeiten, saamgesteld uit Leden van een of meerdere Kerk-geenodschappen, worden binnen deze Volkplanting geduld, om als afgezondene van zodanige Societeiten onder de alhier thands aanwezige, of by vervolg met publiek gezach opterigten Christen-gemeenten eenig gedeelte van het openbaar Leeraars-ambt of privaot onderwys uit te oefenen.”⁶⁾

Goewerneur Janssens skyn later nie eers gediend te gewees het met die geringe mate van seggenskap wat nog aan die Kerk gelaat is waar in die Skoolorder bepaal is dat die twee predikante van die Hervormde et. die een van die Lutherse kerk egter ook sitting sou hê op die Skoolkommissie. Hy sou selfs meer radikaal tewerk wou gaan. In 'n skrifstuk deur hom opgestel, nadat hy die Kaap verlaat het, het hy met die oog op 'n moontlike latere teruggawe, aangaande die direksie van die skoolwese aan die hand gedoen dat dit moet bestaan uit „kundige mannen, en wijnige of geene geestelijken — deeze laatsten smooen alle liberale denkbeelden, kunnen misschien Christenen vormen, maar veel al elendige Leden voor eene Maatschappij, die veel activiteit behoef.”⁷⁾

Hierdie laaste sitaat is merkwaardig en getuig besonder duidelik hoe sterk Janssens onder die invloed van die Franse filosoof Voltaire gestaan het. Bekend is hoe laasgenoemde veral die kerk van daardie dae gehekel het en hoe hewig hy te velde getrek het teen die weelderigheid en onverdraagsaamheid van die kerk en die wêreldsgesindheid, ligsinnigheid en buitensporigheid van die geestelikes. Die aangehaalde mening van Janssens laat dan ook in die besonder dink aan die idees van Voltaire dat die kerk nie alleen eie ondersoek en inisiatief, nie aanmoedig nie, maar selfs smoor.

Dit is trouens moontlik om tallen van voorbeelde aan te stip wat duidelik bewys dat ook De Mist self, as kind van sy tyd, sterk deur die menings van die groot denkers beïnvloed was. Ons sal ons hier tot 'n paar voorbeelde beperk. Kenmerkend is sy idees wat ten grondslag van sy Kerkorder gelê het. Die Rewolusie het 'n einde gemaak aan die bevorregting van die staatskerk en dit is juis hierdie idee wat De Mist in

⁵⁾ Provisioneele Kerken-Ordre voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop. Dreyer, A., *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, p. 12.

⁶⁾ *Ibid.*, p. 11.

⁷⁾ *Verhandeling omtrend het geene gedaan behoord te worden . . .*” p. 42.

'n gewysigde vorm op die kolonie van toepassing wou maak. Hoewel die Nederduits-Gereformeerde Kerk die staatskerk sou bly, sou hier voortaan godsdienstige verdraagsaamheid bestaan en sou niemand voortaan uit staatsbetrekkings uitgesluit wees as gevolg van sy geloof nie; bekwaamheid sou as maatstaf geld by bevorderings. Hierdie maatreël was verder 'n weerspieëling van die gees van gelykheid van die Rewolusie.

Dat De Mist die groot beroering in Europa deurleef het en besiel was met die nuwe idees van die Franse filosowe en die Rewolusie, en dat hy as liberale man onder die indruk van die leringe ook van Rousseau gekom het, word verder bewys deur sy byna-sentimentele bewondering en bejammering van die Suid-Afrikaanse naturelle, wat hy in nabootsing van Rousseau as onskuldige natuurkinders beskou het. Die feit dat Janssens tydens sy landsreis so 'n simpatieke oor verleen het aan die talle van griewe wat deur die Hottentotte teen hulle base na hom aangedra is, getuig dat hy dit met De Mist oor hierdie saak eens was.

De Mist was ook die rasionalisme van die Franse Filosofiese skrywers toegedaan wat sy politieke teorie betref, en alles moes volgens redelike beginsels tot stand gebring word. Vandaar sy vaste geloof dat redelike wette as redmiddel teen alle maatskaplike euwels moes dien. Sy afskrik vir die buitensporige gewelddade van die Franse Rewolusie, verklaar verder sy beleid om die sentrale of uitvoerende gesag aan die Kaap so sterk moontlik te maak. Maar genoeg om aan te dui dat De Mist en Janssens ook afgesien van hulle onderwysbeleid sterk onder die invloed van die nuwe idees gestaan het.

Om terug te kom tot De Mist se stelsel van volksonderwys onder staatsorg. Die idee van opvoeding as 'n saak van die staat is g'n nuwe nie, dit was reeds deur die Grieke gehuldig. Veral in Sparta het die staat die volle toesig oor die onderwys van seuns bo 7 jaar op hom geneem en kon selfs vasstel wie hulle bestaan mag voortsit en wie hulle dood op die berg moes vind.

Cole skryf dan ook: „good citizenship was the chief end of (Greek) Education.”⁸⁾ Plato, die groot Griekse wysgeer (427 — 347 v.K.) het verkondig dat die doel van die onderwys die voorbereiding tot staatsburgerskap was. In sy „Ideale Staat” het hy drie stande onderskei, teweete die werkers, die beskermers of soldate en die regeerders. Vir elk het hy 'n afsonderlike kursus wat hom moes voorberei vir sy rol in die staat,

⁸⁾ Cole, R., *A History of Educational Thought*, p. 12.

voorgeskryf.⁹⁾ Sy opvoeding was dus staatsburgerlik omdat die produkte daarvan die staat moes dien. Opvallend in hierdie verband is dat net soos volgens Plato diegene wat die hele kursus deurloop het, hulle moes verbind om die staat vir 15 jaar te dien, ook De Mist in sy Skoolorder bepaal het dat diegene wat deur bemiddeling van die staat voorberei is tot die gee van onderwys, vir die eerste tien jaar na aflegging van hulle laaste eksamen „geheel ter dispoisitie der Scholarchen” sou wees.¹⁰⁾

Met die geboorte en opkoms van die Kristelike Kerk in die eerste eeu egter, het daar verandering gekom toe die kerkvaders besef het dat hulle hulle kinders moes onttrek aan die invloed van die heidense skole, en genoodsaak was om self skole te stig. Van hierdie tydstip af dateer die stigting van die sogenaamde Katechumense, Katechetiese, Episkopale en Kloosterskole, almal kerklike inrigtings. Voortaan was die onderwys byna uitsluitelik 'n saak van die Kerk en het dit gebly dwarsdeur die middeleue.

Onderwys was egter nog nie 'n volksaak nie; dit het nog nie deurgedring tot alle klasse nie. Dit was die Hervorming wat 'n groot stoot in hierdie rigting gegee het. Luther het in 1524 'n skrywe aan die stedelike regerings van Duitsland gerig waarin hy ten sterkste aangedring het op die stigting van skole.¹¹⁾ Hy wou die taak aan die staat opdra, nie net „opdat ook die jeugd van den minderen man goed onderwys sou kunnen genieten,” maar ook as 'n middel om die opvoeding onder die invloed van die Roomse Kerk uit te kry.

Tog sou die staat nie so gou die oorhand kry nie. Soos Kandel dit stel: „The Reformation did not result in the elimination of the control of education by the ecclesiastical authorities, but in the development of a partnership between them and the state, for education, like religion, was subject to the doctrine.”¹²⁾ So was dit dan dat in die begin van die 18de eeu die Kerk hoofsaaklik nog sake in hande gehad het.

Vanaf die middel van die 18de eeu het hierin egter geleidelik verandering gekom. Dit kan toegeskrywe word aan 'n verval van die godsdienstige gevoel en aan die nuwe idees oor opvoeding wat aan die wêreld gegee is deur die filosowe soos Rousseau. Hy het nl. in sy „Emile” wat in 1762 verskyn het, beweer dat dit die plig van die staat is om iedere burger van sy vroegste jare af op te voed. In byna al die lande kom daar nou verandering; die staat begin sy plig besef. In Pruiſe byv: het die

⁹⁾ *Ibid.*, p. 38.

¹⁰⁾ Sien p. 30.

¹¹⁾ De Zeeuw, P., *De Worsteling om het Kind*, p. 10.

¹²⁾ Kandel, I. L., *The State and Educ. in Europe*, *Teacher's College Record*, May 1930.

staat werklik begin belangstel in die opvoeding, met die gevolg dat honderde elementêre skole deur Frederik die Grote op staatsonkoste opgerig is.

Ook in Engeland het nou 'n ontwaking plaasgevind. Hier was die saak van die onderwys erg verwaarloos en het die staat niks gedoen om dit te verbeter nie; sy was te besig om materiële skatte te vergader. 'n Skrywer het dit treffend as volg uitgedruk: „At the beginning of the nineteenth century the almost incredibly foolish belief was prevalent that the value of a nation's children was insignificant in comparison with immediate money wealth and trade prosperity.”¹³⁾

In 1802 egter het die Britse Parlement 'n wet aangeneem wat verbetering beoog het. Selfs kinders in die fabriek moes voortaan gedurende 'n sekere tyd van die dag onderwys ontvang in lees, skrywe en rekenkunde.¹⁴⁾ Dit was egter nie voor 1832 nie dat die eerste onderwystoelaag van staatsweë gestem is en voor 1839 dat 'n „Education Department” in Engeland in die lewe geroep is nie.¹⁵⁾

Maar ook in die Nederlande self, — waar onderwys hoofsaaklik ook 'n saak van die kerk was, — en veral dit is vir ons van belang, sou daar verandering kom en wel veral onder die invloed van Frankryk en die Franse Rewolusie. Die idees van De Mist kan dan ook die veiligste verklaar word aan die hand van die destyds-geldende beginsels in die Moederland self. De Mist was goed op hoogte van sake met die nuwe opvattings omtrent onderwys in sy eie land en het as kind van sy tyd wortelgeskiet in die moederaarde wat destyds diep onder die indruk van die rewolusionêre idees gestaan het.¹⁶⁾

Gedurende die Rewolusie in Frankryk het 'n gevoelige afname van die invloed van die geestelikes plaasgevind. Terwyl die skole tot daardie tyd hoofsaaklik onder die beheer van die sg. „Religious Orders” gestaan het, het die staat nou onder invloed van die skrywers soos Rousseau die reëling van die onderwys begin oorneem.¹⁷⁾ In Februarie 1790 het die Konstituante vervolgens die Kloosterskole afgeskaf en nog in September van hierdie jaar is die onderwys gereël deur 'n wetsontwerp bestaande uit 208 artikels, wat o.a. bepaal het dat onderwys heeltemal vry sou wees en dat die Catechismus vervang sou word deur 'n opsomming van „die

¹³⁾ Hall, W. C., *The State and the Child*, p. xi.

¹⁴⁾ Craik, H., *The State and Education*, p. 9.

¹⁵⁾ *Ibid.*, pp. 15, 17.

¹⁶⁾ Vgl. „The Age of Reason,” Malherbe, E. G., *Education in S.A.*, p. 52.

¹⁷⁾ Sien Reisner, E. H., *Nationalism and Educ. since 1789*, p. 12.

regte van die mens." 18) Op September 10 en 11 het Talleyrand sy onderwyswet ingedien, „which recognised education as a state function and not as a church function." 19) Die Wetgewende Vergadering het op die ingeslane weg voortgegaan en die godsdienst totaal verban uit die skole. Tydens die bestuur van die Konvensie onder Robespierre, was daar selfs mense wat gemeen het dat alle kinders gedurende 'n sekere tyd in staats-ingerings opgevoed moes word. 20)

Op 25 Oktober 1795 is die onderwys verder deur die wet gereël. In elke kanton sou daar 'n laerskool wees en die onderwysers daarin sou deur die jurie ondervra mag word. Hulle aanstelling sou geskied deur die Departementele Raad in samewerking met die Gemeente Raad. Laasgenoemde moes toesig hou oor die skole en dit het hom selfs vrygestaan om besondere skole op te rig. In November 1797 is onderwys kragtens 'n staatsbesluit verpligtend gemaak en moes selfs die skoolboeke aan die goedkeuring van die Konvensie onderwerp word.

Hierdie idee van volksonderwys, gereël deur die staat sonder kerklike invloed, het ook in Holland ingang gevind. In hierdie verband dien daaraan herinner te word dat die Franse onder Pichegru, in die winter van 1795 Holland binnegedring het en Amsterdam ingeneem het. Die volksparty het hulle aan die kant van die Franse geskaar en die Stadhouer het na Engeland gevlug. Holland het vervolgens 'n grondwet opgetrek op Franse model, onder die naam van die Bataafse Republiek. Van toe af was die Franse invloed in Holland oorwegend, en al gou het ook die rewolusionêre idees in verband met onderwys ingang gevind. Die rede as rigshoer by die maatskaplike en publieke lewe, het ook hier sy verkyning gemaak, en, soos 'n skrywer dit stel, „de stroom van het Rationalisme sleurde in haar vaart alles en alles mee . . . De Jeugd moest worden opgevoed volgens de moderne theorieën." 21)

Reeds kort na die opening van die eerste Nasionale Vergadering op 1 Maart 1796 is die kwessie van die onderwys ter sprake gebring en is selfs 'n Kommissie uit die Nasionale vergadering benoem om 'n plan te ontwerp ter verbetering van die onderwys. 22) Dit was egter nie voor 1798 dat die Staatsbewind oorgegaan het tot die aanstelling van 'n

18) Versluys, J., *Geschiedenis van de Opvoeding en het Onderwijs vooral in Nederland*, Dl. iv, p. 45.

19) Reisner, E. H., *op. cit.*, p. 12.

20) Versluys, J., *op. cit.*, p. 46.

21) De Zeeuw, P., *op. cit.*, pp. 22, 24.

22) Versluys, J., *op. cit.*, p. 49.

„agent“ aan die hoof van 'n Departement van Nasionale Opvoeding, „waaronder begrepen is, de geneeskundige Staatsregeling, de vorming der nationale Zeden, en de bevordering van het openbaar Onderwijs, en van Kunsten en Wetenschappen.”²³⁾ Tot agent, of laat ons hom noem, minister van onderwys, is benoem die burger Theodoor van Kooten. Dit is belangrik om te let op die instruksies wat aan hom oorhandig is, omdat daarin reeds aanwesig was die beginsels wat latere onderwyswetgewing ten grondslag gelê het. So is hierin reeds sinsnedes gebruik soos „nasionaal onderwys,” „jonge burgers en burgeressen van den staat,” en bepaal die sesde artikel daarvan dat „hij zal zorgen, dat alle onderwijs in de leerstellige Godgeleerdheid der onderscheide Gezindheden, -en alle eerdienst of uiterlijke ceremoniën, welke aan bijzondere Kerk-genootschappen verknogt zijn, van de publieke scholen geweerd worden.”²⁴⁾ Artikel 10 het verder bepaal dat die aanstelling van onderwysers deur die plaaslike gemeentebesture sou geskied.

In Mei 1799 is Van Kooten vervang deur J. H. van der Palm, Hoogleraar in die Oosterse tale te Leiden. Aangesien staat en kerk volgens die nuwe grondwet geskei sou wees, is op 21 Mei 1799 bepaal dat die traktemente wat sover uit die publieke kas aan kosters en voorsingers betaal is, as vervalte beskou moes word, en dat onderwysers nie langer beskou moes word as kerklike dienare nie.²⁵⁾

Nog in 1800 het Van der Palm ooreenkomstig sy instruksies 'n skoolwetsontwerp op Laer Onderwys by die Uitvoerende Bewind ingedien, wat dan ook in Junie 1801 op die wetboek geplaas is. Reeds die eerste artikels van hierdie wet is gebaseer op die belangrike beginsel van volks- onderwys gereël en ondersteun deur die staat met behulp van toelae; „het droeg aan de gemeentebesturen op, zorg te dragen voor een voldoende aantal scholen en het onderwijs der arme kinderen; . . . bepaalde, dat, waar het schoolgeld niet voldoende was, aan den onderwijzer vrije woning en bovendien een toelage zou worden gegeven uit de kas van de Gemeente of het rijk.”²⁶⁾ Daar sou nog beide openbare en besondere skole bestaan en onderwys in lees, skrywe en rekenkunde sou op so 'n manier gegee word dat dit „door ontwikkeling van de verstandelijke vermogens der kinderen geschikt moest zijn, om hen tot redelijke wezens te vormen, en wijders in hunne harten in te prenten de kennis en het gevoel van dat

²³⁾ *Ibid.*, p. 50.

²⁴⁾ Aangehaal *Ibid.*, p. 51; ook aangehaal by Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 187.

²⁵⁾ Sien Versluys, J., *op. cit.*, p. 53.

²⁶⁾ *Ibid.*, p. 54.

alles, wat zij aan het Opperwezen, aan de maatschappij, aan hunne ouders, aan zichzelf en aan hunne medemenschen verschuldigd zijn." 27)

Belangrik vir ons studie is dan veral die vierde artikel van die wet, nl. dat „In schoolboeken en leermethode met de meeste zorg moest vermeden worden, al hetgeen zoude strekken tot ondermijning eener goede zedekunde en den eerbied voor het Opperwezen, doch tevens worden daargelaten al het leerstellige, dat door de onderscheidene kerkgenootschappen verschillend wordt begrepen." 28) Skooltoesig is opgedra aan departementele skoolbesture wat uit drie skoolopsieners elk bestaan het, terwyl dit enige burger sou vrystaan om 'n besondere skool op te rig mits hy toestemming daartoe van die gemeentebestuur ontvang het.

Uit hierdie relaas het dit genoegsaam duidelik geword dat kragtens die wet van 1801 volksonderwys eendelik verkry was, dat die behartiging en finansering daarvan deur die staat gedoen sou word en dat die onderwys met die wering van alle leerstellige daarin, sekulêr sou wees. In verband met laasgenoemde het ook die wet van 1806, afgesien van die bepaling dat alle skoolonderwys sodanig ingerig moet word dat onder die aanleer van gepaste en nuttige kundighede die verstandelike vermoëns van die kinders ontwikkel en hulle opgelei word tot „alle maatschappelijke en christelike deugden," ook nog in die 23ste artikel bepaal dat: „Terwyl vastgesteld word het nemen van maatregelen, om de skoolkinderen van het onderwys in het leerstellige van het kerkgenootschap, waartoe zij behooren, geenzins verstoken te doen blijven, zullende het geven van dit onderwys niet geschieden door den skoolmeester." 29)

By 'n bepaling van die invloede waaraan De Mist onderhewig was toe hy sy Skoolordonnansie opgetrek het, verdien origens ook spesiale vermelding die verskeie vereniginge of maatskappye wat gedurende die tweede helfte van die 18de eeu in Nederland hulle ontstaan geneem het — d.w.s. gedurende 'n tyd toe daar vir die eintlike volksonderwys nog maar heel weinig belangstelling was. Onder hulle geleedere was byv. „de Hollandsche Maatschappij van Wetenschappen te Haarlem" en „Het Zeeuwsche Maatschappij der Wetenschappen." 30) Hoewel die primêre doel van hierdie verenigings was om die belangstelling te wek of gaande te hou onder die ontwikkelde burgers, terwyl die eintlike volk nog buite

27) Aangehaal deur De Zeeuw, P., *op. cit.*, p. 31.

28) Aangehaal *Ibid.*, p. 31; ook by Versluys, J., *op. cit.*, p. 55.

29) Aangehaal De Zeeuw, P., *op. cit.*, p. 33.

30) Versluys, J., *op. cit.*, iii, pp. 263, 274.

die bestek van hulle eintlike bemoeiing geval het,³¹⁾ het hulle al gaandeweg o.a. die aandag op volksonderwys gevestig deur prysvrae oor die onderwerp uit te skrywe. So was dit dat die Haarlemse Maatskappy reeds in 1763 die aandag bepaal het op die belang van liggaamlike opvoeding, en dat die Zeeuwsche Maatskappy in 1779 die volgende prysvraag uitgeskryf het: „Welke verbetering hebben de gemeene of openbare vooral de Nederduitsche scholen, ter meerdere beschavinge onzer Natis nog wel nodig? Hoe zou die op voordeeligste wijze kunnen ingevoerd, en, op een bestendigen voet onderhouden worden.” Op hierdie vraag het verskillende antwoorde ingekom, drie waarvan in 1780 bekroon geword is.³²⁾ Uit al die antwoorde het dit duidelik geword dat laer onderwys in 'n buitengewoon onbevredigende toestand verkeer het sowel wat leerkragte, leermiddele en lokale betref.³³⁾

De Mist moes ongetwyfeld goed op die hoogte van sake gewees het omtrent die bedrywighe en werksaamhede van hierdie genootskappe ook op die gebied van die onderwys; beide De Mist en Janssens is trouens in 1802 tot Direkteure van „De Hollandsche Maatschappij van Wetenschappen” gekies. De Mist het selfs terwyl hy in Suid-Afrika was die doel en strewe van die Haarlemse Maatskappy probeer bevorder, terwyl hy in 1803 direkteur was van „Het Zeeuwsche Genootschap” en na sy terugkeer in sy moederland lid was van die „Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden.”³⁴⁾

Dit was egter veral die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen wat in 1784 op Edam gestig is deur 'n doopsgesinde leraar Jan Nieuwenhuyzen, wat hom in die besonder be-ywer het „tot verbetering van het Burger- en Schoolwezen.”³⁵⁾ Die „Tot Nut” het hom in die besonder besig gehou met die onderwys van die laere volksklasse en het hom aanvanklik sorgvuldig buite die stryd gehou wat destyds aan die woed was tussen die Oranjemanne en die Patriotte en het 'n stelsel van onderwys be-oog waarvan almal, van welke party of geloof ook al, sou kon gebruik maak.

Nadat die vereniging omdat dit so sterk patrioties gekleur geraak het, met die politieke stryd gemoed geraak het en nadat die Patriotte in

³¹⁾ Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 183.

³²⁾ Versluys, J., *op. cit.*, iii, p. 274. Sien hieroor ook Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 184. Hy vermeld byv. dat die antwoorde eers in 1781 ingekom het en noem die name van geleerdes wat daaraan deelgeneem het.

³³⁾ Sien Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 184.

³⁴⁾ *Ibid.*, p. 183.

³⁵⁾ Oor stigting ens. van hierdie Maatskappy sien verder Hoofstuk vii.

1795 die mag in hande gekry het, het die „Tot Nut” die geleentheid gekry om kragtig mee te werk in die hervorming van die onderwys. Dr. Martinus Nieuwenhuyzen, seun van die stigter en ywerige sekretaris van die vereniging, het hom sodanig vir die saak beywer dat hy die kampvegter van volksonderwys geword het.³⁶⁾

Dit is dan ook geen wonder dat toe, soos reeds vermeld, die Nasionale Vergadering die reëling van Volksonderwys aangepak en op 10 Junie 1796 'n kommissie benoem het om 'n „Plan van Nasionaal Onderwijs” te ontwerp, die hoofbestuur van die „Tot Nut” van die geleentheid gebruik gemaak het om 'n adres by die Nasionale Vergadering in te dien waarin hy sy denkbeelde oor volksonderwys uiteengesit het.³⁷⁾ Die gevolg was dat bogenoemde kommissie op sy beurt sekere vrae aan die hoofbestuur van die Maatskappy gestel het, waarop hulle geantwoord het in 'n geskrif getitel: „Algemeene denkbeelden over het Nasionaal Onderwijs, ingeleverd in den jare 1796, van wegen de vergadering van hoofbestuurders der Nederlandsche Maatschappij: Tot Nut van 't Algemeen.”³⁸⁾

Besonder belangrik vir ons studie is die menings hierin vertolk. Dit kom neer op die volgende: „Die Regering van die land behoort te sorg vir die onderwys en opvoeding van al die kinders sonder onderskeid; die onderwys sal deur die wet gereël word en onder landstoestig staan; vir soveel dit nodig was, sou dit uit belasting bekostig word en in alle stede, dorpe en gehugte moet goeie en doelmatige skole bestaan. Daarby moes die onderwysers geëksamineer word en hiervoor moet daar van landsweë kweekskole opgerig word. Die onderwysers van die algemene skole moet deur die staat en gemeente (munisipaliteit) besoldig word; ook die onderwysers van die besondere skole sou onder landstoestig staan en die gang van die onderwys sou gebonde wees aan „regeling en metode”. . . . Die godsdienstige onderwys moes geen leerstellige wees nie maar meer 'n waarlik opvoedende en sedekundige karakter aanneem.”³⁹⁾ Aldus die denkbeelde van die „Tot Nut” insake die verpligtinge van die staat in die reëling van volksonderwys, wat hulle reeds voor die optrek van die reeds-behandelde skoolwet van 1801 wêreldkundig gemaak het.

Reeds by 'n oppervlakkige vergelyking blyk duidelik die groot mate van ooreenkoms tussen die twee stukke en is sonder meer vas te stel dat as die Bewindhebbers by die opstel van die skoolwet nie direk onder die invloed van die bevindings van die hoofbestuur van die „Tot Nut” gestaan

³⁶⁾ Sien Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 186.

³⁷⁾ *Ibid.*

³⁸⁾ Versluys, J., *op. cit.*, iii, p. 318.

³⁹⁾ Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 187. Vgl. ook Versluys, J., *op. cit.*, iii, p. 318.

het nie, laasgenoemde ten minste met die Regering gedeel het in hulle liberale opvattings in verband met die onderwys.

Dat De Mist ook van die werksaamhede van hierdie maatskappy kennis gedra het en waarskynlik daardeur beïnvloed is, word bewys uit die feit dat hy reeds in sy *Memorie* daarna verwys het en wel in die volgende woorde: „Men zou dus advyseeren — en het is waarlijk der *ernstige oplettenheid des Gouvernements, dubbel waardig*: dat men uit de sederd eenige jaaren, door de Maatschappy: *Tot Nut van 't Algemeen*, loflyk aangelegde Kweekskoolen voor Schoolmeesters; Onderwyzers op favorable voorwaarden, terstond een aantal van, ten minsten 20 a 25 geschikte jonge lieden, die doch meestal van mindervermogene ouders gebooren niet allen binnen de Republiek kunnen geplaatst worden, en gaarne elders hun fortuin zullen willen beproeven, engageerden, en by vervolg, geduurig aankweekte, om op de Caab, en vooral, alomme verspreid in de Land districten, geëmployeerd te worden.”⁴⁰⁾ Hoedat De Mist gereed was om hier aan die Kaap ook gebruik te maak van die dienste van die plaaslike maatskappy met dieselfde naam en vervolgens hulle mening ingewin het, het reeds duidelik geblyk.

As ons in aanmerking neem dat De Mist vanuit die staanspoor die reëling van die onderwys aan die Kaap as 'n belangrike verpligting wat op hom gerus het, beskou het en hoedat hy gevolglik nog voor sy vertrek hierheen getrag het om hom op die hoogte te stel insake toestand hier, kan ons met reg aanneem dat hy ook goed op hoogte van sake moes gewees het met die belangrike onderwyswetgewing wat in die moederland van krag geword het kort voor sy vertrek hierheen. Hieraan kan nie getwyfel word nie aangesien hy selfs lid was van die Nasionale Vergadering⁴¹⁾ en as sodanig nie net op hoogte moes gewees het met hulle bedrywigheid insake die gesketste onderwyswetgewing nie maar in alle waarskynlikheid ook 'n werksame aandeel in die besluite moes gehad het. Dat hy kennis gedra het van die bedrywigheid van verskeie ver-

⁴⁰⁾ De Mist, *Memorie*, p. 46.

⁴¹⁾ Hy het sy parlementêre loopbaan op 10 Mei 1796 begin toe hy deur die kiesers van Deventer na die Nasionale Vergadering gestuur is. Na die samestelling van die nuwe Nasionale Vergadering is hy op 11 Augustus 1797 andermaal deur die kiesers van Deventer afgevaardig. Toe die Unitariste in Januarie 1798 besluit het om die Vergadering van Federaliste te suiwer is hy saam met 21 geesverwante gevange geneem. Na sy ontslag op 14 Julie 1798 was hy 'n tyd lank amptloos. Op 21 Mei 1801 is hy, hoewel hy die Konstitusie „abborreerde,” as plaasvervangende lid vir Kampen gekies. Sien Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, pp. 8, 12—13.

enigings of maatskappye in hierdie verband het ook genoegsaam duidelik geword. Aan die hand van voorafgaande moet dan ook verklaar word die beginsels van staatsorg vir die onderwys van kinders sonder onderskeid (d.w.s. volksonderwys), die gevolglike reëling van die onderwys deur die wet, en die feitlike onttrekking van die onderwys aan die direkte gesag en invloed van die kerk.

Dit alles in aanmerking geneem kan ons tot die slotsom kom dat die idees wat De Mist in verband met die onderwys hier wou toepas, in moederaarde gewortel het en derhalwe nie nuut was nie. Hoewel miskien in 'n gewysigde vorm hier ingevoer om by plaaslike omstandighede aan te pas, was hulle toepassing tog 'n uiters rewolusionêre daad en het dit onder die destydse konserwatiewe ingesetenes as 'n skielike donderslag uit die bloue lug neergeslaan. Theal het dan ook hieromtrent betoog: „In nothing were the advanced ideas of the Commissioner-General more clearly displayed than in an attempt which he made to establish a system of public schools not connected with any church, but having as their object the imparting of a good secular education.”⁴²⁾ De Mist het nie genoeg met die plaaslike omstandighede en gebruike rekening gehou nie; verset het dan ook nie uitgebly nie. Hier is veral hewig beswaar gemaak teen sy onttrekking van die onderwys aan die invloed van die Kerk en sy stelsel van sekulêre onderwys; iets wat nie sy ontstaan deur die Kerk gehad het nie, is as uit die bose beskou; „better no education at all from books than instruction not based on religion was the cry of the farmers from one end of the country to the other.”⁴³⁾ Ook De Montmorency herinner daaraan dat dit nie die Britse besitname van die Kaap in 1806 was wat die skema laat misluk het nie, en ook hy skrywe dit toe aan die verset van die Koloniste teen die „irreligious ordinance.”⁴⁴⁾ Dit is dan ook hoofsaaklik as gevolg van hierdie be-oogde gewelddoening van die direkte verband tussen Kerk en Onderwys, dat sy sisteem skipbreuk gely het.⁴⁵⁾

Dit is des te makliker om hierdie teenstand te begryp as ons in gedagte hou dat hierdie nuwe idees i.v.m. volksonderwys selfs in die Moederland teenkanting ondervind het; so kenmerk die invoering daarvan die begin van die reuse kerk- en skoolstryd wat eers in 1920 ter syde gelê is, toe die regte van besondere skole deur die grondwet erken en vasgelê is. Ook die genoemde skoolwet van 1801, het groot opspraak

⁴²⁾ Theal, *Hist. of S.A. since 1795*, Dl. i, p. 172.

⁴³⁾ *Ibid.*, p. 173.

⁴⁴⁾ De Montmorency, J. E. G., *State Intervention in English Education*, p. 150.

⁴⁵⁾ Vgl. Malherbe, E. G., *op. cit.*, p. 54.

verwek, is beskou as behorende tot die „skynvrugte van die vryheidsboom” en beskryf as ’n heidense skoolwet.⁴⁶⁾

Soortgelyk is ook die ontvangs wat die genoemde Maatskappy Tot Nut van ’t Algemeen wat die nuwe beweging ondersteun het, in sommige kringe te beurt geval het. Na hierdie vereniging is selfs in die volgende bewoording verwys: „Er verreezen nu verschillende genootschappen en onder meer ook de ‚Maatschappij Tot Nut van ’t Algemeen’ . . . bederf! Zonder overdrijving mag dit laatste woord er aan worden toegevoegd, want steeds is deze maatschappij ijverig bezig geweest om het ongelooft onder ons volk te bevorderen.” Dit is ook daarvan beskuldig dat al die nuttige wat dit wel verrig het geskoei was „op de theorieën van het ongelooft.”⁴⁷⁾

Dat dit foutief sou wees om as gevolg van die teenstand wat die „nuwe idees” aan die Kaap ondervind het, te wil aflei dat van die Skoolorder in die geheel niks tereg gekom het nie en dat dit eenvoudig ’n dooie letter gebly het, soos dan ook soms betoog word, sal uit die volgende hoofstukke blyk.

⁴⁶⁾ De Zeeuw, P., *op. cit.*, p. 32.

⁴⁷⁾ *Ibid.*, p. 25. •

HOOFSTUK V.

DIE PAHUDS EN HULLE SKOOL VIR JONG DOGTERS.

Vroeg in 1805 het die ywerige kommissaris sy taak as byna afgedaan beskou en het hy aan sy terugreis begin dink. Op 8 Februarie 1805 het hy gevolglik die volgende plegtige afskeidsgroet aan die Kolonie gerig: „Al wat braaf en eerlyk in den Lande is, ontvang by dezen den welmeenenden afskeidsgroet van den Commissaris Generaal, en ondervinde aanhoudend, in hunne persoonen en geslachten, in hunnen Akkerbouw, Veeteelt en Handel, en nuttige onderneemingen of Beroepsbezigheden, de keur van s'Hemels beste zegeningen.”!!!¹⁾ Kort hierna het hy sy terugreis na die moederland aanvaar waar hy na sy aankoms in Julie, 1805 andermaal 'n belangrike rol in die openbare lewe gespeel het.²⁾

Intussen is reeds 'n daadwerklike begin gemaak met die toepassing en uitvoering van die nuwe skoolreëling wat opgedra is aan die agterblywende goewerneur Janssens op wie se skouers die verantwoordelikheid vir sake hier toe geval het.³⁾

'n Begin is gemaak met die samestelling van die nuwe Skoolkommissie, ooreenkomstig die bepalings van die Skoolorder,⁴⁾ toe die Politieke Raad op hulle sitting van 20 Februarie 1805 hulle aandag aan hierdie saak geskenk het. Hiertoe is oorgegaan op voorstel van die Goewerneur self „met bygevoegde vriendelyke nodiging aan het Raadslid van Medenbach Wakker, zig wel te willen belasten met het voorzitterschap deeser Commissie.”⁵⁾ Nadat Wakker hierdie opdrag „op eene gratieuse wyze” aanvaar het, is officieel tot verdere „Scholarchen en Opperbestierders van alle publieke skoolen in deeze volkplanting,” benoem en aangestel die tydelike president of 'n lid van die Weeskamer deur die president te benoem, twee predikante van die Hervormde en een van die Lutherse

¹⁾ Uitg. St. 272, *Not. de Mist* 1804-1805, Dl. II, B.R. 112, p. 296.

²⁾ Sien Van der Merwe, J. P., *op. cit.*, p. 17.

³⁾ Dit is nie doenlik om hier in 'n enkele hoofstuk reg te laat geskied aan 'n behandeling van die uitvoering van die Skoolorder nie. Die saak sal dus ook in verdere hoofstukke die aandag geniet.

⁴⁾ Sien hieromtrent p. 28.

⁵⁾ *Res. Pol. Raad* (20 Febr. 1805) 1805, B.R. 10, p. 675.

gemeente, waarvan die jongste in jare die werk van Sekretaris sou moes waarneem, tensy die Kommissie onderling anders sou besluit, en die tydelike president of 'n lid van die Raad der Gemeente deur die president te benoem. Hierby is as sewende lid, kragtens die mag aan hom verleen om iemand volgens sy eie keuse te benoem, deur die goewerneur benoem die lid van die Raad der Gemeente, P. J. Truter, wat ook as rentmeester van die skoolfonds sou moes optree teen 'n beloning wat in oorleg met die Kommissie op 'n persentasiebasis sou bereken word.⁶⁾

Die aangestelde lede het vervolgens sonder versuim daartoe oorgegaan om hulself tot 'n saamgestelde raad te vorm en reeds op sy volgende sitting, 'n week later, was J. P. van Medenbach Wakker in staat om mondelings aan die Politieke Raad mee te deel dat die Skooldkommissie waarvan hy as voorsitter fungeer „zig ingevolge dat Besluit behoorlyk geconstitueerd heeft” en dat die predikant van die Lutherse gemeente, Hesse, die werk van sekretaris waarneem.⁷⁾ In die eersvolgende uitgawe van die *Kaapsche Courant* is vervolgens bekendgemaak hoedat die Skooldkommissie ooreenkomstig Art. 2 van die skoolorder en kragtens besluit van die Goewerneur en Raad van 20 Februarie, saamgestel is met Mnr. J. P. van Medenbach Wakker, lid van die Politieke Raad, as aanblywende voorsitter, bygestaan deur W. S. van Ryneveld, President van die Koloniale Weeskamer, C. Fleck V.D.M., H. von Manger V.D.M., F. Hesse V.D.M., J. J. Vos, President van die Raad der Gemeente en P. J. Truter, Med. Dr., as rentmeester.⁸⁾ Die Skooldkommissie het by hierdie geleentheid ook daarvan kennis gegee dat hulle besluit het om hulle gewone sittinge te hou in die konsistoriekamer van die Hervormde Kerk op die eerste Dinsdag van elke maand, en dat Eerw. Hesse die funksies van die sekretaris van die Kommissie sou waarneem.⁹⁾

Die Kommissie het nie lank op hom laat wag om sake agtermekaar te bring in verband met die besoldiging van hulle klerklike personeel nie. Daar is besluit dat die „Commis” van die Skooldkommissie 150 Riksdalers en die Pedél 200 Riksdalers jaarkiks sou ontvang, terwyl die rentmeester 2½% van die ontvangste en uitgawes sou geniet „mits niet excederende de somma van Rxd. 1000, en niet beneden 800 Rxd.”¹⁰⁾

⁶⁾ *Ibid.*, p. 676.

⁷⁾ *Ibid.* (27 Febr. 1805), p. 774.

⁸⁾ *Kaapsche Courant*, Saterdag 9 Maart 1805.

⁹⁾ *Ibid.*

¹⁰⁾ *Bijlagen* (Junie) 1805, B.R. 67, p. 412; *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, B.R. 12, p. 2078. Die klerklike werk is in 1807 gedoen deur J. Fleck as „commis and copying clerk” teen 'n vergoeding van 150 Rds. p.j., en deur P. Keeve as „messenger” teen 200 Rds. p.j. *Report School Commission 1807, Report Educ. Com. 1863, App. v, No. 11.*

Op hierdie manier was daar reeds vroeg in 1805 'n daadwerklike begin gemaak met die uitvoering in die praktyk van die Skoolorder van De Mist. Die nuut-saamgestelde kommissie was dan ook besonder gelukkig om sy loopbaan te mag begin onder die voorsitterskap van so 'n bekwame man soos J. P. van Medenbach Wakker. Kragtens 'n besluit van die Staatsbewind is hy in April 1802 tot sekretaris van die Raad van Politie vir die Kaap benoem, terwyl hy werksaam was as „professor in de welsprekenheid en Rector der Latynsche Scholen te Zwolle.”¹¹⁾

Hierdie opnuut-saamgestelde Skoolkommissie bestaande uit vier burgerlike lede en drie „geestelikes” vervang dus in 1805 die Raad van Skolarge wat teen die end van die Kompanjie se bewind bestaan het uit die independente fisikaal, die drie diensoende predikante en 'n ouderling,¹²⁾ en wat gedurende die Britse tussenbewind, toe dit bestaan het uit 'n „Commissioner of the Police, three clergymen and two elders of the Dutch Reformed Church,” ook bekend gestaan het as die „College of Directors of Public Schools.”¹³⁾

Waar die Skoolkommissie vervolgens op hulle beurt self doenig was om uitvoering te gee aan die verdere bepalinge van die skoolorder, was hulle as gevolg van 'n gelukkige sameloop van omstandighede in staat om ten minste van een van die verordeninge onmiddellik werk te maak, en wel dié een rakende die voorgestelde stigting van 'n ordentlike skool vir jong dogters aan die Kaap.

In hierdie verband dien daarop gewys te word dat die kwessie van die onderwys en opvoeding van dogters veel te wense oorgelaat het. Dit was 'n saak wat nog feitlik geen aandag geniet het nie; trouens die algemene mening was gehuldig dat dit oorbodig en 'n tydverkwisting was om aan meisies selfs die geringste mate van boekgeleerdheid en letteroefening te verskaf. Dit skyn egter asof hulle besonder aangetrokke gevoel het teenoor die meer vroulike vorme van vermaak, soos byv. dans. 'n Engelse offisier wat tydens die Britse tussenbewind aan die Kaap was, het in 1806 omtrent die jongedames hier geskrywe: „custom prescribes

¹¹⁾ *Brieven van het Staatsbewind aan Com. de Mist* 1802, B.R. 101, p. 39. In 1807 het W. S. van Rijnveld as voorsitter ageer. Die predikante Fleck, Von Manger en Hesse was nog lede van die Kommissie, asook J. J. Vos wat toe president van die Burgersenaat was wat die Gemeenteraad vervang het. J. A. Vermaak het as 'n nuwe lid bygekom. Dr. Truter het nog as rentmeester opgetree. Sien Report School Com. 1807, *Report Educ. Com.* 1863, App. v, No. 11.

¹²⁾ Du Toit, P. S., *Onderwys aan die Kaap onder die Komp.*, p. 192.

¹³⁾ Sien Malherbe, E. G., *Educ. in S.A.*, p. 37 (voetnoot).

to them no regular plan of education. Brilliant and fashionable accomplishments are their only aim, while the more homely lessons of domestic economy are mere secondary considerations. Accustomed to be surrounded with female slaves from their infancy, they no sooner begin to move than they find they are not allowed to assist themselves... The young women are particularly fond of dancing, and display both elegance and grace...¹⁴⁾ Barrow, wie se waarneminge ook uit hierdie tyd dateer, het aangeteken: „The women of the African peasantry pass a life of the most listless inactivity... The young girls sit with their hands before them as listless as their mothers. Most of them, in the distant districts, can neither read nor write, so that they have no mental resources whatsoever.”¹⁵⁾

Ons wil hier volstaan met die getuienis van nog 'n vroeë besoeker aan ons land, en wel die Groningse reisiger M. D. Teenstra. Hy het na aanleiding van 'n besoek aan 'n plaas waar daar 'n groot familie dogters gewoon het, geskrywe: „De fraai gekleede dochters, ofschoon reeds moeders zijnde, bemoeijen zich met niets; selfs laten vele hare kinderen bij hare slavinnen de borst genieten om zelve geene moeite te willen hebben, — in 't kort, men leeft hier lui en lekker.”¹⁶⁾ By 'n latere geleentheid teken hy aan: „De burgerdochters worden hier meer in taal en teekenkunde, muziek en dans opgeleid, dan wel om eenmaal geschikte echtgenooten, huisvrouwen en gelukkige moeders te worden.”¹⁷⁾

Hoewel ons kan aanneem dat hierdie segsmanne hulle moontlik aan oordrywing en waarskynlik aan generalisasie skuldig gemaak het, is dit tog nie weg te redeneer nie, dat die opvoeding van die dogters veral, veel te wense oorgelaat het. Selfs De Mist het tydens sy landsreis aangaande hulle tot die gevolgtrekking gekom: „Maar de meisjes doen niets — of byna niets — en hun getal is legio.”¹⁸⁾ Dit is dus geen wonder dat hy in 'n brief onder datum 9 Julie 1803, dit aan die „Raad der Asiatische Bezittingen en Etablissements,” nadat hy melding gemaak het van die wenslikheid om hier 'n skool vir seuns volgens beginsels deur hom nader aangegee, te stig, verder as sy oortuiging gegee het: „Eenen Vrouwen school op den zelfden leest geschoeid is hier aller onontbeerlijkst: het geen men daar aan besteed, zal men door de tyd aan kosten der Justitie

¹⁴⁾ *Gleanings in Africa*, pp. 257, 258; Vgl. ook Percival, R. C., *The Cape of Good Hope*, p. 278.

¹⁵⁾ Barrow, J., *Travels into the Interior of Southern Africa*, I, p. 80.

¹⁶⁾ Teenstra, M. D., *De vrugten mijner Werkzaamheden*, p. 200.

¹⁷⁾ *Ibid.*, p. 372.

¹⁸⁾ De Mist-Janssens, 26 Nov. 1803, *Not. de Mist 1803-1804*, Dl. x, B.R. 111, p. 37.

enz., enz. weder uitwinnen. Het hart moet een rechtschaapen man bloeden, als men hier eenige honderden *schoone* jonge lieden van beide sexen aantreft aan welken de milde natuur niets geweigerd heeft, en die alleen by gebrek aan gelegenheid, nauwelyks tot de eerste trappen van menschyke beschaving geraaken kunnen." ¹⁹⁾ Dit is om hierdie rede dat die kommissaris in sy Skoolorder in drie agtereenvolgende artikels spesiaal voorsiening gemaak het vir die oprigting van 'n Kos- en Dagskool vir jong dogters aan die Kaap, en die reglementêre sy daarvan opgedra het aan die Skoolkommissie. ²⁰⁾

Die Kommissie was gelukkig om sonder veel moeite die nodige leerkragte te vind om van die oprigting van 'n skool vir jong dogters 'n voldonge feit te maak. Reeds op 10 Julie 1804 het die „Raad der Asiatische Bezittingen en Etablissements" uit Den Haag die Kaapse Regering per brief verwittig hoedat 'n sekere Abraham Pahud en sy huisvrou Antoinette, gebore Walther, hulle aangemeld het as begerig om 'n onderwysinrigting aan die Kaap te kom oprig. Dit het hulle goedkeuring weggedra en so deel hulle vervolgens die outoriteite aan die Kaap mee, „dat wy de goede voorneemens der beide Requestanten, aangaandé dewelke wy voldoende bezigten hebben bekomen, tot het oprigting van het bedoelde Institut aan de Kaab de Goede Hoop, volkomen probeeren en dat wy dienvolgens verlangen en verwagten, dat gylieden de requesten, by hunne behouden aankomst daar ter plaatze zoveel mooglyk zult bevorderlyk zyn, ter bereiking van hun oogmerk en hun bescherming van het Gouvernement, waar zulks noodig mogt zyn, doen ondervinden." ²¹⁾

Intussen het hierdie berig sowel as die twee genoemde persone aan die Kaap aangekom nadat hulle volgens besluit van 5 Julie 1804 'n vrye passaat hierheen verleen is ²²⁾ en volgens besluit van 29 Augustus aan hulle 'n geldelike voorskot van 3,000 guldens toegesê was. ²³⁾

In uitvoering van die wens van die Asiatische Raad, is genoemde Pahud vervolgens deur die Goewerneur en Raad gelas om by hulle in te lewer 'n afskrif van die ontwerp vir die deur-hom-bedoelde instituut, soos hy reeds by die Asiatische Raad ingelewer het. ²⁴⁾ Aan hierdie opdrag het die Pahuds sonder versuim by wyse van 'n breedvoerige verslag

¹⁹⁾ *Uitgaande Brieven 1802-1804*, B.R. 92, p. 127. Vgl. ook *Brieven van Com. de Mist aan Bat. Govt. 1802-1804*, B.R. 105, p. 163.

²⁰⁾ *Sien p. 33.*

²¹⁾ *Res. Pol. Raad* (23 Jan.) 1805, Dl. I, B.R. 10, p. 249.

²²⁾ *Ibid.* (13 Febr.), p. 467.

²³⁾ *Ibid.* (13 Nov.) 1805, B.R. 14, p. 3532; *Bijlagen*, B.R. 73, p. 107.

²⁴⁾ *Res. Pol. Raad* (23 Jan.) 1805, Dl. I, B.R. 10, p. 247.

uitvoering gegee.²⁵⁾ Hulle het alvorens hulle te bepaal by die eintlike opdrag, van die geleentheid gebruik gemaak om die Raad nader in te lig aangaande die omstandighede wat gelei het tot hulle koms hierheen. Langs hierdie weg verneem ons dat hulle reeds gedurende 'n reeks van jare met veel sukses besig was met die opvoeding van die jeug. Bewus van die verlange van die Regering en die herhaalde wens van die vernaamste families van die Kaap om ook hier die middele te mag bekom „tot eene beschaafde opvoeding der Jeugd,” op dieselfde reëlmatige voet as wat dit in die Republiek plaasvind, het hulle besluit om hulle instituut te laat vaar en hulle hierheen te begewe „wanneer hun de middelen mogten kunnen worden gemakkelijk gemaakt.”²⁶⁾ Dit was op aanmoediging daartoe verkry, dat hulle in die maand Julie 1804 by die Asiatiese Raad aangeklop het, wat dit dan ook vir hulle moontlik gemaak het om die verandering hierheen te maak.

Vervolgens gaan hulle dan daartoe oor om die Politieke Raad 'n uiteensetting en verklaring te gee van die instituut wat hulle voornemens was om hier op te rig. Dit sal bestemd wees vir jong mense van beide sekse deur die respektiewe ouers of voogde aan hulle sorg toevertrou om heeltemal by hulle in te woon. Die Instituut sal sover as wat die plaaslike omstandighede dit toelaat, alles behels waaruit 'n sorgvuldige opvoeding, wat die persoonlike geluk van die kwekelinge en die welsyn van die maatskappy ten doel het, bestaan.

Hulle onderneem om in die gee van onderwys, met die beste sorg vir die gesondheid van die jongmense alle gepaste oplettendheid te verenig wat volgens die studie gemaak van besondere temperamente en karakters, die geskikste sal blyk te wees om die talente van die kwekelinge te ontwikkel, om hulle gees te „versier,” die hart te vorm en tot edele beginsels op te lei, hetsy deur direkte onderwys of met behulp van uitgesoekte leesstof. Om dit kort te stel: „de smaak voor de goede zeden er al wat men onder beschaving brengen kan, zal zo wel door Onderwijs, als voorbeeld en beoeffening, zorgvuldig worden aangekweekt.”²⁷⁾

Die eintlike onderwys egter sal in die besonder behoorlik ingerig wees hoofsaaklik in die volgende vakke: Die Hollandse en Franse tale, die vernaamste grondbeginsels van sedekunde en die Christelike Gereformeerde Religie, die algemene wêreldgeskiedenis en insonderheid die van die vaderland, Geografie, Rekenkunde en die eerste beginsels van

²⁵⁾ Sien *Bijlagen* (Febr.) 1805, B.R. 62, pp. 123, e.v.; *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. I, B.R. 10, pp. 467-476; *Kaapsche Courant*, 16 Febr. 1805.

²⁶⁾ *Bijlagen* (Febr.) 1805, B.R. 62, p. 124.

²⁷⁾ *Ibid.*, p. 127.

Geometrie, die algemene grondbeginsels van die Natuurlike historie en die eerste beginsels van „de Physik daartoe betrekkelijk.”²⁸⁾ Verder onderneem hulle om hulle kwekelinge te oefen in die onderskeie soorte van handwerk wat by die sekse behoort en waarmee dit jong juffroue betaam om hulle besig te hou. Teken, musiek, dans en skerm sal die voorwerpe uitmaak van besondere lesse, waarvoor hulle hoop om plaaslik bekwame meesters te vind om hulle behulpsaam te wees.

Mnr. en Mev. Pahud verseker dan die Goewerneur en Raad dat die belang wat hulle in die besonder daarby het, en die hoop om aan die verwagtinge van die Regering en die ouers te mag beantwoord, die groot beweegrad van die onderneming sal wees, asook 'n waarborg vir die ywer wat hulle sal probeer om aan te wend om die oogmerk te bereik.

Hulle deel dit verder as hulle oortuiging mee dat dit volgens die voorlopige berigte wat hulle van die gesteldheid van die land en die neiginge van die inwoners ontvang het, nodig sou wees om met hulle onderwys maar eers „op eenen gemodereerden voet” te begin, totdat gemaakte vordering uitbreiding mag regverdig.

Verder konstateer hulle dat hoe strelend die vooruitsigte vir hulle ook al was, hulle egter reeds by die eerste oppervlakkige waarneming van die gesteldheid van die land self en ook deur informasie andersins bekom, bemerk het dat hulle hul deeglik misgis het. So vind hulle die hoë lewenskoste vir mense wat niks anders met hulle meegebring het as 'n paar talente, 'n onoorkoomlike aanvangsmoeilikhed. Om aan die oogmerk en verwagtinge te kan beantwoord, vind hulle ook die volgende sake onontbeerlik: 'n geskikte lokaal buitekant en tog in die nabyheid van die stad geleë, 'n paar slawe en slavinne om mee te begin aangesien hulle nie die aankoop of huur daarvan kan bekostig nie, 'n voorlopige geldelike ondersteuning ter verkryging van 'n paar allernoodsaaklikste meubelstukke en behoeftes, ten einde met die instituut 'n aanvang te kan maak.

Vervolgens gee hulle dan hulle persone en die belang van hulle onderneming oor aan die welbhae en beskikkinge van die Regering, wel oortuig van die lewende belang wat die Regering stel „in de opvoeding der schoone Jeugd van deeze Colonie.” Hulle sluit hulle memorie deur die hoop uit te spreek dat aangesien hulle die eerste is wat op aanmoediging van „aansienlike” lede van die Regering, die moed gehad het om hulle bestaan te laat vaar om 'n poging te kom aanwend om in so'n erkende behoefte hier te voorsien, hulle dan ook, veral by die aanvang

²⁸⁾ *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. I, B.R., 10, p. 471. Die oorspronklike stuk in *Bijlagen* 1805, B.R. 62, p. 127, noem nie Geometrie, Natuurlike historie en Fisika nie, ook nie die afdruk in die Kaapsche Courant nie.

van hulle werksaamhede, nie alleen die ondersteuning en hulp van die Goewerneur en Raad sover moontlik sal geniet nie, maar ook van hulle goeie gesindheid en vertroue, wat hulle ten hoogste op prys stel en wat hulle deur hulle gedrag altyd sal probeer waardig bly, by voortdoring verseker mag wees.

Die Goewerneur en Raad het hierdie Memorie by hulle sitting van 13 Februarie 1805 in oorweging geneem. Hulle het met genoeg kennis geneem dat die bedoeling van die Pahuds „hoog gunstig en zeer geschikt is, om de weldadige oogmerken van het Gouvernement, tot meerdere beschaving der schoone Kaapsche Jeugd, te bevorderen.”²⁹⁾ Hulle beloof dus om van Goewernementsweë die nodige ondersteuning te verleen en hou hulself verder daarvan verseker dat hulle van die ingesetenes al die medewerking sal ontvang „welke het voorrecht van eene meer gecultiveerde opvoeding verdient.”

Aangesien die leiding wat die Goewernement aan sodanige instituut meen te gee, aan besonderhede verbonde is, die uitvoering waarvan besondere aandag verdien, is besluit om voordat hulle hieromtrent iets nader sou bepaal, te wag totdat hulle die „expresse commissie overeenkomstig den geest der School-Ordre,” sal benoem het wat dan in onderhandeling met die Regering „in staat gesteld zal worden, om aan dezelve de nodige executie te geeven.”³⁰⁾

Soos reeds vermeld is hierdie skoolkommissie toe op die eersvolgende sitting van die Politieke Raad, en wel op 20 Februarie, offisieel aangestel. Dit blyk dat dit juis die aanwesigheid van die Pahuds aan die Kaap was en die begeerte dat onmiddellik van hulle dienste gebruik gemaak moes word, wat by die Regering as spoorslag gedien het om die aanstelling van die Skoolkommissie nie langer uit te stel nie.³¹⁾ By dieselfde geleentheid het die Raad trouens ook besluit om die nuwe Kommissie uit te nooi om sodra hulle saamgestel sal wees en alvorens hulle tot die verdere uitvoering van hulle opdrag sou oorgaan, die Regering o.a. te berig „op welken voet en wyze voorn.de A. Pahud en zyne Huisvrouw ten meesten nutte deeser volkplanting, kunnen behooren te worden geetablisseed.”³²⁾

Die Skoolkommissie het onmiddellik hulle aandag aan hierdie opdrag gegee en reeds vroeg in die volgende maand 'n volledige rapport gereed gehad wat die bewys gelewer het dat hulle van plan was om die saak

²⁹⁾ *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. I, B.R. 10, p. 475; *Kaapsche Courant*, 16 Febr. 1805.

³⁰⁾ *Ibid.*, p. 476.

³¹⁾ *Sien Res. Pol. Raad* 1805, B.R. 10, p. 674.

³²⁾ *Ibid.*, p. 677.

van die onderwys met erns aan te pak.³³⁾ Dit was duidelik dat van hulle, onder die bekwame leiding van Van Medenbach Wakker, veel verwag sou kon word, indien hulle maar net die nodige middels tot die uitvoer van hulle planne sou kon vind. Aangaande Mnr. en Mevr. Pahud was hulle van mening dat hierdie persone „ten meesten nutte” van die volksplanting sal wees, wanneer hulle sou instem om in die stad self ’n openbare skool waar te neem, hetsy vir beide seuns en dogters of wel vir jong dogters alleen. Hulle het dit nie geregverdigd gevind om vir Pahud en sy vrou op koste van die openbare fonds te vestig nie „zonder dat beide persone van het houden eener openbare school, hun voornaamste werk zouden willen maaken.”

Verder het die Kommissie nou ’n weg oopgesien om met behulp van Mevr. Pahud uitvoering te gee aan artikel 22 en die twee daaropvolgende artikels van die Skoolorder, rakende die oprigting van ’n skool vir meisies onder die direksie van ’n bekwame en onbesproke vrou. Vervolgens beveel hulle aan dat die uitgestrektheid of omvang van die onderwys wat aan die Instituut gegee sou kon word, bepaal moet word in eweredigheid met die beskikbare middels, en dat vireers nie meer dan omtrent 30 jong meisies van nie jonger as 13 jaar, „en in het schryven en leezen reeds wat gevorderd zynde,” opgeneem behoort te word nie.

Indien die Pahuds gevind sou kon word om ’n skool volgens ’n ontwerp deur die Skoolkommissie in ooreenstemming met die betrokke bepalinge in die Skoolorder opgetrek, waar te neem, dan sou die Skoolkommissie verder aan die hand wou doen dat hulle voorlopig vir twee jaar aangestel moet word, en dat aan Mevr. Pahud die vryheid behoort gelaat te word om soveel jong dogters vir eie rekening en op haar eie voorwaardes aan haar huis te loseer, as wat sy voor kans sien, sonder om haar verpligtinge teenoor die kinders in die openbare skool te versuim. Die Kommissie sal dan verwag word om aan Mevr. Pahud te verskaf en in te rig, ’n huis geskik om as skool te dien, terwyl voorlopig vir hulle die huishuur sou moet betaal word „tot op den dag dat eene bekwame woning aan hun zal kunnen worden aangewezen.”³⁴⁾ Aan Mevr. Pahud moet vir haar werk ’n jaarlikse traktement van 1200 Riksdalers betaal word, terwyl haar man die instruksie van die jong dogters in die Franse taal en in ’n paar ander wetenskappe op hom moet neem, teen ’n jaarlikse besoldiging van 600 Riksdalers. Die salaris van beide moet bereken word vanaf die dag van hulle aankoms hier. Dit sal aan die Skoolkommissie

³³⁾ *Sien Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805; Dl. II, B.R. 11, pp. 800-806; *Bijlagen* 1805, B.R. 63, pp. 17-20.

³⁴⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 63, p. 19.

oorgelaat word om die bedrag van die skoolgeld wat ten voordele van die fonds gehef sal word, vas te stel.

Die Goewerneur en Raad was besonder in hulle skik met hierdie memorie en het daarmee in die geheel akkoord gegaan. Hulle het ook die Kommissie versoek om „in den geest van het door haar geadviseerde,” verder werksaam te wees, insonderheid om in oorleg met die heer Pahud so spoedig moontlik die voorgestelde instituut vir jong dogters daar te stel.³⁵⁾

Die Skoolkommissie het sonder versuim hiervan werk gemaak, sodat hulle op 19 Maart 1805 in staat was om aan die Politieke Raad mee te deel dat hulle reeds sover gevorder het dat hulle binnekort „de nodige inrichting tot het etablisseeen van den Heer Pahud en zyne Huisvrouw kunnen daar stellen.”³⁶⁾ Hulle was egter nog verhoed om ten volle hieraan uitvoering te gee, weens die gebrek aan die nodige fondse. Aangesien hulle nog nie in ontvangs was van die fondse wat aan hulle sou oorhandig word nie, vra hulle dan om voorlopig uit die landskas te mag ontvang 'n voorskot van 3000 Riksdalers.³⁷⁾ Hierdie som is aan hulle toegestaan „om door de Commissie in hare qualiteit zodanig te worden verantwoord als by Gouverneur en Raden nader zal worden bepaald.”³⁸⁾

Op versoek om 'n finansiële voorskot is vervolgens deur die Skoolkommissie aan Mnr. en Mevr. Pahud 1500 Riksdalers oorbetaal wat bestee moes word in die aankoop „van de eerste en aller noodzaakelykste Meubilen en verdere behoeften, om deszelfs Institut te etablisseeen.”³⁹⁾ Hulle het daartoe oorgegaan maar as gevolg van die „enorme duurte” nie daarin geslaag om met die geld tot hulle beskikking in „alle zodanige behoeftens” te voorsien nie. Om dié rede het hulle hul genoodsaak gevind om by die Skoolkommissie aan te klop om 'n verdere voorskot van 1000 Riksdalers.⁴⁰⁾ Aangesien dit die bedrag wat aan die Pahuds voorgeskiet sal wees, op 2500 Riksdalers te staan sou bring, het die Skoolkommissie egter gemeen „in dit verzoek eigener autoriteit niet te mogen treden.” Hulle het dus eers die toestemming van die Goewerneur en Raad tot die uitgifte daarvan erlang.⁴¹⁾

³⁵⁾ *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 806.

³⁶⁾ Brief Skoolkom. — Goewr. en R. v. Politie, *Bijlagen* 1805, B.R. 63, p. 643.

³⁷⁾ *Ibid.*, p. 644.

³⁸⁾ *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1070.

³⁹⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 64, p. 79; *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1174.

⁴⁰⁾ *Ibid.*, p. 40; *Ibid.*, p. 1175.

⁴¹⁾ Skoolkom.—Goewr. en Raad, *Bijlagen* 1805, B.R. 64, p. 83; *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1176.

Hierdie versoek is op hulle sitting van 3 April deur die Goewerneur en Raad behandel, wat dan ook besluit het om „aan de School Commissie voormeld te verleenen qualificatie, om aan gem. *Abraham Pahud* het door hem verzogt voorschot van 1000 Rds. te doen.”⁴²⁾ Hulle het egter die Skoolkommissie versoek om soveel doenlik te sorg dat die voorskot deur die suppliant „wezentlyk tot het bedoeld einde worden geëmploieerd, en de restitutie daarvan, op billyk en voor den Suppt. gemakkelyke voorwaarden, worde verzeekerd.”⁴³⁾ Die Pahuds het dus nog by voortdoring die simpatieke steun van die Regering geniet en kon voortgaan met die voorbereidings vir die opening van die instituut vir jong dogters.

Mnr. en Mevr. Pahud is intussen deur die Kommissie „onder approbatie van den Heer Gouverneur deser Colonie, . . . ter voldoening aan de gemanifesteerde intentie van den gewezen Commissaris Generaal Mr. J. A. de Mist,” vir 'n tydperk van twee jaar aangestel „tot het houden van een dag- en kost school voor jonge Dochters,” teen 'n jaarlikse traktement van 1800 Riksdalers en vrye woning.⁴⁴⁾

Reeds vroeg in April 1805 is deur die sekretaris 'n „advertensie” namens die hele Kommissie in die *Kaapsche Courant* geplaas, waardeur die publiek aangaande die planne rakende die stigting van die voorgestelde instituut nader ingelig is.⁴⁵⁾ In die eerste plek het hulle meegedeel hoedat hulle in die raamwerk van hulle planne in verband met „de verbetering van het Algemeen Schoolwezen in de Hoofdplaats,” gebruik gemaak het van die geleentheid wat hom voorgedoen het om onder direksie van Mnr. en Mevr. Pahud 'n „institut voor het onderwys en de opvoeding van jonge juffrouwen,” te open. Hulle maak vervolgens bekend dat as lokaal vir die Instituut, vir die teenswoordige, sou dien die huis no. 6 op die Keizersgracht (nou Darlingstraat) wat die Kommissie met die doel gehuur het. Met die eintlike onderwys sal daadwerklik 'n begin gemaak word op 1 Mei.

Aan Mevr. Pahud is volgens ooreenkoms toegelaat om „jonge juffroue” tot die getal van twaalf vir volle losies by haar aan huis te neem, op sodanige voorwaardes as wat sy met die ouers of voogde sou mag ooreenkom. Vanweë die Skoolkommissie is aan haar opgedra „het bestier eener dagschool, alleen voor jonge dochters,” wat gehou sal word in die somer van 8 tot 12 in die môre en van 2 tot 5 in die namiddag, Woensdag- en Saterdagmiddag uitgesluit.

⁴²⁾ *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1177.

⁴³⁾ *Ibid.*

⁴⁴⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 67, p. 411; *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2077.

⁴⁵⁾ *Kaapsche Courant*, 6 April 1805.

In hierdie skool sou beide Mnr. en Mevr. Pahud onder die oppertoetsig van die Skoolkommissie onderwys gee aan sodanige dogters as wat dit onder goedkeuring van die Skoolkommissie sou besoek. Aanvanklik sou egter nie meer as dertig leerlinge toegelaat word nie, „en ook geene andere dan zulke, die reeds eenige vordering in het leezen en schryven gemaakt hebben.”

Vervolgens word aangekondig dat die volgende vakke in die skool aangebied sou word: die „kunsmatig” lees, behoorlik verstaan en korrek skrywe van die Nederduitse taal; die grondbeginsels van die Christelike sedeleer, soos dit in die Heilige Skrif gevind word en by die lees daarvan, daaruit afgelei kan word; die lees, verstaan en skrywe van die Franse taal; skrywe en rekenkunde; die algemeen-nuttige uit die Aardrykskunde, Natuurkunde en Geskiedenis; allerlei vrouelike handwerk, en sodra moontlik ook sang en teken. Vir elke kind wat van de instituut gebruik maak, sal maandeliks ses Riksdalers betaal moet word; die vakansiedae wat volgens die Instruksie vir onderwysers bepaal sal word, sal vir hierdie doel nie uitgesluit word nie.

Al hierdie sake is onder die aandag van die publiek gebring, met uitnodiging aan alle ouers of voogde wat meen om daarvan gebruik te maak, om nog in die loop van die maand April hulle te verwoeg by die tesourier van die Skoolkommissie, P. J. Truter, Med. Dr.

Die oprigting van die instituut het toe volgens plan geskied, sodat die Goewerneur nadat die Politieke Raad deur die Skoolkommissie daarvan in kennis gestel is,⁴⁶⁾ op sy beurt die Asiatiese Raad omtrent die stigting daarvan meegedeel het. In hierdie brief het Janssens meegedeel hoedat hulle onmiddellik na die aankoms van die Pahuds, hulle beywer het om hulle in staat te stel „aan het weldadig oogmerk des Raads te kunnen beantwoorden,” en voeg dan daaraan toe: „Er bestaat ten gevolge hiervan reeds een Juffer-School, welk opgang schynt te zullen maaken.”⁴⁷⁾ Die stigting van 'n skool vir jong dogters in ooreenstemming met die begeertes van die Kommissaris, was dus 'n voldonge feit. Dit is deur Theal beskrywe as 'n „Superior girls' school.”⁴⁸⁾

Pahud skyn egter al kort na die stigting van die skool in verdere geldmoeilikhed te verkeer het. Soos reeds gemeld, het die Asiatiese Raad sy vertrek vanaf die moederland hierheen moontlik gemaak deur aan hom 'n geldelike voorskot van 3000 guldens te maak. Die ooreenkoms was

⁴⁶⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 67, p. 411; *Res. Pol. Raad* 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2076.

⁴⁷⁾ *Uitg. Brieven* 1805-1806, B.R. 89, p. 62.

⁴⁸⁾ Theal, *Hist. of S.A. Since 1795*, I, p. 174. Hy teken egter aan dat die skool in April 1805 geopen is, terwyl, soos so pas aangedui, 1 Mei as die openingsdag vasgestel was.

dat hy dit sou terugbetaal, drie maande na sy behoue aankoms aan die Kaap. Daar hierdie tyd verstryk het, is hy vroeg in November deur die heer Egbertus Bergh, in sy hoedanigheid as ontvanger-generaal, baie uitdruklik aangemaan om die genoemde bedrag terug te betaal.⁴⁹⁾

Aangesien Pahud nog nie kans gesien het om hieraan te voldoen nie, het hy hom na die Regering plaaslik gewend. By hierdie geleentheid het hy hulle daaraan herinner hoedat hy deur die Staatsbestuur van die Bataafse Republiek aangemoedig is om hom met sy huisvrou hierheen te begewe om 'n instituut te kom oprig vir die opvoeding van die Kaapse jeug, en hoedat dit slegs as gevolg van die geldelike steun van die Staatsbewind, vir hom moontlik was om die reis na die Kaap te aanvaar, waar hy dan ook op 19 Januarie 1805 aangekom het.⁵⁰⁾

Pahud het ook die Raad daaraan herinner hoedat die oprigting van 'n Instituut nie alleen die volle goedkeuring van die Asiatiese Raad weggedra het nie, maar ook hoedat laasgenoemde deur 'n skrywe die Regering aan die Kaap aangesê het om aan hom die nodige beskerming en hulp te verleen. Hy deel die Raad dan mee hoedat hy na sy aankoms hier in baie van sy verwagtinge „over den waare aart der Ingezeetenen deezer Colonie,” waarop hy eintlik voorgenoemde skuld by die Asiatiese Raad aangegaan het, teleurgesteld is. Hy verwittig die Raad hoedat hy reeds voor die vertrek van die Kommissaris hom van sy besorgdheid hieromtrent te kenne gegee het, waarop dit die Kommissaris behaag het om hom gerus te stel, met die belofte om „uit hoofde der zorgelijke omstandigheeden waarin de Colonie van de Kaap zich bevondt,” dit op hom te neem om by sy aankoms in die moederland die nodige te probeer bewerkstellig „om den Suppliant te doen ontslaan van zijne meergemelde Verbintenissen . . . by den Asiatischen Raad gecontracteerd.”⁵¹⁾ Pahud rig dan die „ootmoedige versoek” aan die Raad dat dit hulle „hooggunstig mogt behaagen, te decerneeren eene Commissie bekleed met de vereischte macht, om omtrent de voldoening der gezegde drie Duizend Guldens zodanig vergelijk te treffen en bepalingen te maaken als naar maate van des Suppliant omstandigheeden bevonden zullen worden billyk te zijn.”⁵²⁾

Die Raad het op 13 November hulle aandag aan hierdie versoekskrif gegee, en bevind dat hulle nie in staat was om daarop in te gaan nie, en dat Pahud gevolglik daarvan in kennis gestel moet word.⁵³⁾

⁴⁹⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 73, p. 107; *Res. Pol. Raad* (13 Nov.) 1805, B.R. 14, p. 3529.

⁵⁰⁾ Rekwes Pahud aan Goewr. en Raad, *Bijlagen* 1805, B.R. 73, p. 107.

⁵¹⁾ *Ibid.*, p. 112.

⁵²⁾ *Ibid.*

⁵³⁾ *Res. Pol. Raad* (13 Nov.) 1805, B.R. 14, p. 3533.

Die gevolg was dat Pahud andermaal genader is deur die ontvanger-generaal met opdrag om die 3000 guldens te betaal, en dat hy teen die end van November weer sy toevlug na die Politieke Raad geneem het.⁵⁴⁾ Nadat hy sy vorige beskrywing van die omstandighede wat tot sy koms hierheen gelei het en van sy gewaarwordinge hier, herhaal het, het hy hierdie slag kragtens die belofte van De Mist om pogings aan te wend om hom van sy verpligtinge aangaande die 3000 guldens onthef te kry, die Raad versoek dat dit hulle „mogh behaagen hier op een gunstige regard te slaan, en aan den Suppl. provisioneel uitstel van betaling te verlenen, tot dat de uitslag van Hoogstger. Commissaris Generaal's weldadige pogingen aan het Gouvernement alhier, ofte aan hem Suppl. zal zyn bekend geworden.”⁵⁵⁾

Nadat die Goewerneur verklaar het dat hy kennis dra van die toesegging wat die Kommissaris aan Pahud gemaak het, het die Raad besluit om aan Pahud se versoek te voldoen, „mits dat de Suppt. voldoende zekerheid stelle, dat indien de Raad der Aziatische Bezittingen en Etablissements niet mogt verstaan tot remissie der door den suppt. aangenomen betaling deeze betaaling zonder eenige exceptie ten eerster aanmaaning zal geschieden.”⁵⁶⁾ Hiervan sou ook kennis gegee word aan die Koloniale Rekenkamer en die ontvanger-generaal.

Teen hierdie tyd was daar blykens korrespondensie tussen die Asiatiese Raad en die Politieke Raad ook reeds sprake van, dat die borge van Pahud sou moes opdok.⁵⁷⁾ Die verdere verloop van hierdie saak is ons nie bekend nie. Dit is waarskynlik dat Pahud uit sy moeilikheid gered is deurdat die Kaap kort hierna, en wel in Januarie 1806, weer in Engelse hande oorgegaan het.

Intussen het die skool bly voortbestaan soos gereël deur die Skoolkommissie. Laasgenoemde het in hulle rapport van 1807 i.v.m. skole wat onder hulle ressorteer, hierdie skool vermeld as „A young ladies' school, under management of Mrs. Pahud, who at the same time is authorized to board young ladies.” Verder het hulle daaromtrent geskrywe: „This school has been set up by the present School Commission, and was intended for young ladies of some extraction desirous of a more distinguished education. Accordingly, they are taught in this school, in a gradual series of lessons, the principles of christianity, the Dutch and

⁵⁴⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 73, p. 327; *Res. Pol. Raad* (27 Nov.) 1805-1806, Dl. III, B.R. 14, p. 3649.

⁵⁵⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 73, p. 329.

⁵⁶⁾ *Res. Pol. Raad* 1805-1806, Dl. III, B.R. 14, p. 3654.

⁵⁷⁾ Vgl. *Uitgaande Brieven* 1805-1806, B.R. 89, p. 62.

French languages, geography and history, brought into such compass as may suit the situation of a lady in life, and, besides writing and arithmetic, different kinds of needlework. The scientific part of this instruction has been intrusted to Mr. Pahud; and one Cornelius Hugo is employed as a writing-master." ⁵⁸⁾

Die personeel van die skool het dus nou bestaan uit drie en hulle was die enigste onderwysers, benewens die van die Latynse skool, wat salarisse ontvang het uit die fonds onder die beheer van die Skoolkommissie. Mevr. Pahud het 'n salaris van 1200 Riksdalers ontvang terwyl haar man 'n toelaag van 600 Riksdalers jaarliks geniet het. Vir die vergoeding van die skryfmeester is reeds op 3 Julie 1805 deur die Politieke Raad voorsiening gemaak toe daar bepaal is dat hy 12 Riksdalers per maand sou ontvang. ⁵⁹⁾ Hulle het nog die huis in die Keizersgracht bewoon wat vir hulle deur die Skoolkommissie gehuur is teen 100 Riksdalers per maand. Van hierdie skool het toe gebruik gemaak ongeveer 25 leerlinge. ⁶⁰⁾ Teen dié tyd het die verengelsingsbeleid van die nuwe Regering hom tot die skool uitgestrek. So verneem ons dat die Skoolkommissie ywerig besig was om 'n Engelse onderwyser vir die skool te soek, wat 'n adisionele uitgawe van 50 Riksdalers per maand sou beteken. ⁶¹⁾

In die begin van 1809 het die Skoolkommissie nogeens verslag gedoen van die skole onder hulle beheer. Hieruit blyk dat die skool van die Pahuds toe gereeld besoek is deur sowat dertig „young ladies." Dit is in die tussentyd egter verskuiwe na die huis no. 20 in die Burgstraat, wat nog steeds deur die Skoolkommissie gehuur is uit fondse tot hulle beskikking. Hulle salarisse is nog steeds uit die fonds betaal terwyl die skoolgeld van die leerlinge wat op 6 Riksdalers per maand bepaal is, in die kas van die skoolfonds gestort word. ⁶²⁾

By dieselfde geleentheid het die Kommissie onder aanduiding „N.B." aangekondig, sonder opgawe van redes: „This institution, after the 1st of April next, is not longer to be continued as a public establishment." ⁶³⁾ Die tweejarige kontrak met die Pahuds wat in 1807 hernu is, sou dus nie weer hernu word nie. Dit sou dus na April 1809 nie langer as 'n geprivilegieerde skool met behulp van 'n toelaag van die staat, bly voort-

⁵⁸⁾ Report School Com. 1807, *Report Educ. Com.* 1863, App. V, No. 11.

⁵⁹⁾ *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2077.

⁶⁰⁾ Report School Commission, 1807, *op. cit.*

⁶¹⁾ *Ibid.*

⁶²⁾ Return relative to the present state of the Public Schools in Cape Town, 11 Jan. 1809, *Report Educ. Com.* 1863, App. V, No. 12.

⁶³⁾ *Ibid.*

bestaan nie. Waarom die toelaag teruggetrek is, is nie bekend nie. Theal gee die swak bywoning as rede hiervoor aan.⁶⁴⁾ Hierdie rede gaan onses insiens egter nie op nie omdat, soos so pas vermeld, dit in Januarie 1809 nog bygewoon is deur 30 leerlinge, — die maksimum deur die Skoolkommissie bepaal, — dus meer as in 1807 toe dit deur 25 dogters besoek is en die kontrak desnieteenstaande hernu is.

Die rede vir die vroeë opheffing van die kontrak moet waarskynlik daarin gesoek word dat die finansiële las wat die skool op hulle gelê het, te drukkend vir die Skoolkommissie was en dat hulle van die verpligtinge onthef wou wees. Dit is tog duidelik dat die onkoste van die Kommissie in verband met hierdie skool buite alle verhouding was as ons in aanmerking neem dat hulle nie alleen die salarisse van die leerkragte moes betaal nie maar ook nog maandeliks die huur vir die gebou moes aansuiwer.

Dit is waarskynlik dat die skool tog ook nog na 1809 as 'n private onderneming bly voortbestaan het en later weer onder 'n kontrak wat minder drukkend vir die Skoolkommissie was, regeringsteun geniet het. Dat dit later weer finansiële steun geniet het, getuig die feit dat dit in die „African Court Calender” van 1813 vir die eerste keer sedert 1809, weer aangeteken staan as 'n „Privileged School” vir „Young ladies,” onder mev. Pahud.⁶⁵⁾

⁶⁴⁾ Theal, *Hist. of S.A. since 1795*, I, p. 174.

⁶⁵⁾ *The African Court Calender for 1813* — Compiled by Geo. Ross.

HOOFSTUK VI.

VERDERE ONDERWYSAANGELEENTHEDE AAN DIE HOOFPLAAS.

DIE LATYNSE SKOOL.

Behalwe die skool van Mnr. en Mevr. Pahud was daar aan die Kaap intussen ander skole waar die onderwysers besig was om aan hulle leerlinge die so nodige kennis te verstrek. Onder die getal van hierdie skole verdien die Latynse skool eervolle vermelding.

Die Latynse skool wat die Bataafse owerheid by hulle aankoms hier aangetref het, was in alle waarskynlikheid nog dieselfde skool wat in 1793 tot stand gekom het as gevolg van 'n omvangryke „plan” van die Skolarge van 1790 om skole op te rig,¹⁾ waarvoor dan ook in 1794 'n uitvoerige „Instructie voor den Praeceptor der Latynsche School” opgetrek en goedgekeur is, terwyl Cornelis Josias van Baak reeds sedert die stigting as praeceptor daarin werksaam was.²⁾

Barrow wat sy waarnemings gedurende die Britse tussenbewind gemaak het, het melding gemaak van 'n Latynse Skool,³⁾ terwyl Theal in 'n beskrywing van die toestand van die Kolonie in 1800, skrywe van 'n skool aan die Kaap „in which Latin and French were taught.”⁴⁾ en De Mist kort na sy aankoms alhier in sy notule die bestaan van so 'n skool vermeld het. Hy het nl. op 29 September 1803 aangeteken dat hy die vorige dag „met genoegen” die promosie van 'n paar leerlinge uit die Latynse Skool bygewoon het.⁵⁾ Die Kommissaris was so ingenome met die werksaamhede van die konrektor daarvan, H. J. Klein, dat hy die Politieke Raad versoek het om as blyk van sy tevredeheid „en tot encouragement aan den conrektor,” wat volgens informasie deur hom ingewin, nieteenstaande sy goeie reputasie, „maar een zeer

¹⁾ Vgl. Du Toit, P. S., *Onderwys aan die Kaap onder die Komp.*, p. 219.

²⁾ *Ibid.*, pp. 219—220.

³⁾ Barrow, J., *Travels . . .*, II, p. 429.

⁴⁾ Theal, G. McC., *Progress of S.A. in the Century*, p. 2.

⁵⁾ *Not. de Mist*, 1803, Dl. VIII, B.R. 110, p. 61; *Uitg. St.* 181, *Ibid.*, p. 283.

gering appointement" geniet waarvan hy nouliks 'n bestaan kan vind, „by extra ordinaire ordonnantie, en met invoeging van het boven aangehaalde motif, aan denzelven geaccordeerd wierde eene gratificatie, van Een Honderd Kaapsche Ryksdaalders of Twee honderd Caroli guldens eens." ⁶⁾

Dit verbaas ons nie dat De Mist in sy belangrike Skoolorder spesiaal voorsiening gemaak het vir die Latynse Skool, en dit opgedra het aan die sorg en oplettendheid van die Skoolkommissie; hy het trouens die studie van die klassieke as 'n onontbeerlike vereiste vir 'n kompleete opvoeding beskou. Soos reeds aangedui, was hy van mening dat die skool behoort bedien te word deur twee deskundige leerkragte, en dat die „hier reeds aanweezige, en allen lof verdienende beginselen eener Latynsche School," ten grondslag kan dien in die tot stand bring van die inrigting wat hy beoog het.)

In ooreenstemming hiermee het die Politieke Raad op hulle sitting van 20 Februarie by geleentheid van die aanstelling van die nuwe Skolarge, die laasgenoemdes versoek om alvorens hulle tot die uitvoering van hulle eintlike werk oorgaan, die Goewerneur en Raad te berig: „Hoedanig in den geest van de Commissaris Generaals dispositie by het 27 artikul der School Ordonnantie, het reeds bestaande Latynsche School, met de Algemeene inrichting der Schoolen in verband behoort te staan." ⁸⁾

In uitvoering van hierdie en ander opdragte het die Kommissie reeds vroeg in die volgende maand by die Raad ingelewer 'n „Memorie . . . beantwoordende eenige aan de zelve voorgestelde vragen," waarin hulle dit as hulle gevoelens meegedeel het dat die Latynse Skool wel in verband behoort te staan met die algemene skole, en dat die Kommissie werksaam sal moet wees „om aan deze school een zodanige inrichting te geeven, als ten meesten nutte voor de Volkplanting zal kunnen gecoordeeld worden." ⁹⁾ Die Kommissie het egter nie kans gesien om hulle uit te laat oor die besondere manier waarop die Latynse skool met die ander skole in verband behoort gebring te word nie, alvorens hulle nie in staat sal wees „de hervorming van het Schoolwezen over het algemeen, te kunnen beginnen." ¹⁰⁾ Die Raad het met hierdie bevinding akkoord gegaan, en

⁶⁾ *Ibid.*

⁷⁾ Sien p. 34.

⁸⁾ *Res. Pol. Raad* (20 Febr.) 1805, B.R. 10, p. 677.

⁹⁾ *Bijlagen* (Maart) 1805, B.R. 63, p. 20; *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, DI. II, B.R. 11, p. 804.

¹⁰⁾ *Ibid.*

besluit om die Kommissie uit te nooi om in die gees van hulle bevindings met hulle werksaamhede voort te gaan.¹¹⁾

Ongeveer vier maande hierna was die Kommissie dan ook in staat om nadat hulle sekere reëlins in verband met die Latynse Skool getref het, by die Raad aan te beveel dat aan die onderwyser in die Latynse en Griekse tale, 'n werk toe nog waargeneem deur H. J. Klein, 1000 Riksdalers jaarliks toegesê moes word asook die huurgeld vir die skoolgebou.¹²⁾ Die Raad het vervolgens ook hiertoe die nodige maatreëls getref.¹³⁾

Ten spyte van hierdie bedrywigheid van die Skoolkommissie, lees ons egter nêrens van 'n tweede onderwyser in die Latynse skool nie, die getalle het so 'n uitbreiding skynbaar nie regverdig nie. Theal meen dan ook dat die skool nooit juis in 'n florerende toestand verkeer het nie.¹⁴⁾ Ook Janssens het teen die einde van 1805 bevind dat hier maar nog net een Latynse skool bestaan, „welk vermits men deze Taal hier in 't gemeen minder noodzakelyk acht, zeer weinig word gefrequenteeerd.”¹⁵⁾

Dit is belangrik om die aandag daarop te vestig dat niemand minder as die lede van die Kaapse Departement Tot Nut van 't Algemeen reeds in 1803 aan die wenslikheid van die bestaan van 'n Latynse Skool aan die Kaap getwyfel het nie. Dat hulle so 'n skool aan die Kaap ten minste misplaas gevind het, getuig die volgende woorde: „Wat! wy kunnen onze Moedertaal niet ordentlyk leezen en schryven, en wij Leeren Latyn?”¹⁶⁾ Hoe dit ook al sy, dit is baie duidelik dat die Latynse Skool aan die Kaap nooit ontwikkel het in die inrigting wat die Kommissaris-Generaal in sy Skoolorder beoog het nie.

Nadat die Kaap in 1806 in die hande van die Engelse oorgegaan het, het die Latynse Skool bly voortbestaan met Klein as rektor, en wel tot in 1810 toe hy opgevolg is deur dr. Laurens Halloran wat weer op sy beurt in 1813 vervang is deur Mnr. F. E. Turr. In 1809 is die skool wat nog steeds in 'n gebou in die Gravestraat gehuisves was, egter nooit deur meer as agt leerlinge besoek nie. Nadat dit in 1820 met die anglisasiepolitiek van Lord Charles Somerset kennis gemaak het toe hy geweier het om iemand as rektor aan te stel om rede dat die persoon die Engelse taal nie

¹¹⁾ *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 806.

¹²⁾ *Bijlagen* (Junie) 1805, B.R. 67, p. 412; *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2078.

¹³⁾ *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2079.

¹⁴⁾ Theal, *Hist. of S.A. since 1795*, I, p. 174.

¹⁵⁾ *Littg. Brieven* 1805-1806, B.R. 89, p. 62.

¹⁶⁾ *Ingek. St.* 232, *Not. de Mist* 1803, Dl. VI, B.R. 109, p. 324.

genoeg magtig was nie, is die skool in 1821 vervang deur 'n ander openbare regeringskool onder toesig van ds. George Hough, 'n skool wat in 1829 op sy beurt moes plaasruim vir die Suid-Afrikaanse Atheneum.¹⁷⁾

DIE GEWONE OPENBARE LAER SKOLE.

Die belangrikste onderwyswerk aan die hoofplaas was egter nog steeds, soos dit was gedurende die tyd van die Kompanjie, waargeneem deur die onderwysers van die gewone openbare laer skole. Hierdie leerkragte moes toestemming tot die waarneem van skole van die Regering deur middel van die Skolarge erlang, en was vir 'n bestaan enkel en alleen heengewys op die skoolgelde deur die leerlinge betaal, sonder dat hulle enige finansiële hulp van die Regering ontvang het.¹⁸⁾ Dit was hierdie tipe van skool waarvan daar in die Kaap in 1779 agt bestaan het, wat besoek was deur tesame die nie geringe getal leerlinge van 696, wat saamgestel was uit 290 seuns, 324 meisies en 82 slawekinders.¹⁹⁾

Dit is hierdie skole wat deur Janssens beskrywe is as „de gewoone Lees- en Schryfschoolen,”²⁰⁾ en waarop, volgens die memorie van die lede van die plaaslike Maatschappij Tot Nut van 't Algemeen aan die Kommissaris-Generaal, veral die jeug van die „middenstands,” vir hulle onderwys heengewys was. Blykens hierdie memorie het hierdie skole egter veel te wense oorgelaat en is hulle beskrywe as „allergebrekigst,” 'n toestand wat volgens hulle toegeskrywe moes word aan die onbekwaamheid van die onderwysers, dié gebrekkige toesig oor die skole en die slegte skooltug en inrigting daarvan.²¹⁾

Soos reeds aangetoon, was die behartiging van hierdie skole aanvanklik opgedra aan die Raad der Gemeente en het die Kommissaris in die optrek van sy skoolorder ook wel deeglik met hierdie skole rekening gehou en probeer om ook hier meer sisteem en orde te verkry.²²⁾ Dit was dan ook sy wens dat ook hierdie onderwysers voortaan 'n vaste besoldiging uit die skoolfonds moes ontvang.

Weens die afwesigheid van bevestigende gegewens, is dit nie moontlik om met absolute sekerheid veel aangaande hierdie laerskole tydens die Bataafse Republiek vas te stel nie. Tog is dit moontlik om aan die

¹⁷⁾ Sien Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, p. 223; *Onderwys in Kaapland*, p. 56.

¹⁸⁾ Sien Du Toit, *Onderwys... onder die Komp.*, Hoofstuk IX.

¹⁹⁾ *Ibid.*, p. 116.

²⁰⁾ *Uitg. Brieven 1805-1806*, B.R. 89, p. 62.

²¹⁾ Ingek. St. 232, *Not. de Mist* 1803, Dl. VI, B.R. 109, p. 326.

²²⁾ Sien p. 33.

hand van „Requesten om Emplouy,” kort notulerings, verspreide briewe en veral van bekendmakings in die *Kaapsche Courant*, by benadering vas te stel wie hierdie belangrike werk waargeneem het en watter vakke aangebied is. Daar kan byv. aangeneem word dat 'n aspirant onderwyser nie sy skool in die openbare pers sou geadverteer het nie, indien hy nie langs die gebruiklike weg verlot tot die oprigting daarvan verkry het nie, en dat so 'n skool dan wel tot stand gekom het.

Op 14 Maart 1804 het 'n sekere C. M. Villet 'n brief²³⁾ aan die Goewerneur gerig waarin hy sy begeerte te kenne gee het om ook behulpsaam te wees in die opvoeding van die jeug, deur hulle te onderrig in die Franse, Hollandse en Engelse tale.²⁴⁾ Hy het gevolglik die Goewerneur baie dringend versoek om aan hom toestemming te verleen om in die Hoofstad 'n skool te mag open. Hy was self daarvan oortuig dat sy leerlinge die grootste moontlike vordering sou maak aangesien die heer Benoit de la Motte, beëdigde vertaler, hom belowe het om die belangrikste deel van genoemde opleiding op hom te neem. Villet het ook die versekering uitgespreek dat die Goewerneur geen struikelblok in die weg sou stel in die oprigting van 'n inrigting wat bedoel is om die gees te verryk en die harte te „versier” van die jongere geslag wat vir altyd die wysheid van die Regering sou seën.²⁵⁾

B. de la Motte, sy mede-applikant, het in 1787 in Amsterdam in diens van die Kompanjie getree, met die enigste doelwit om na sy aankoms hier as landmeter aangestel te mag word. By sy aankoms hier kon of wou die toenmalige Goewerneur, Jacob van de Graaff, egter nie aan sy versoek voldoen nie aangesien hier reeds 'n landmeter was. Om 'n verdienste te vind, het hy toe besluit om van sy „verscheidenen bekwaamheiden” gebruik te maak, deur onderwys te gee in die „zedekunde, de Landmetry, in Taalen, in de Muziek en meer andren Weetenschappen.” Dit het hy gedoen totdat die Engelse die Kaap in '1795 geneem het, en het onder sy leerlinge getel Mnr. J. H. Neethling, wat op daardie tydstip sekretaris van die Politieke Raad was en wat een van sy voortreflikste dissipels was.²⁶⁾ Gedurende die eerste Britse Bewind het hy in samewerking met 'n sekere De Roubaix verlot gevra om 'n openbare skool aan die Kaap te mag oprig, 'n versoek wat in die hande van die Skool-

²³⁾ Dit is opgestel in die Franse taal.

²⁴⁾ Sien *Bijlagen* 1804, B.R. 47, p. 517.

²⁵⁾ *Ibid.*

²⁶⁾ *Requesten om Emplouij* 1803-1804, B.R. 81, p. 379.

kommissie gestel is²⁷⁾ en hom dan ook toegestaan is.²⁸⁾ Later het hy die betrekking gekry as geswore translateur in die Bataafse, Franse, Duitse en Engelse tale.²⁹⁾

Die versoek van Villet om in medewerking met De la Motte aan die Kaap 'n skool in moderne tale te mag oprig, is deur die Goewerneur, eienaardig genoeg, nie in die hande van die Skolarge geplaas nie, maar wel aan die prokureur-generaal Mnr. G. Beelaerts van Blokland oorhandig, met versoek om sy „consideratien en advies” daaromtrent te gee.³⁰⁾ Aangesien laasgenoemde gerapporteer het dat hy teen geen van beide persone „nadelige informasie” het nie, en aan die hand gedoen het dat hulle versoek toegestaan moes word, het die Politieke Raad op 21 Maart 1804 aan die betrokke persone die nodige verlof verleen, „mits zig stiptelyk gedraagende naar alle zodaanige orders en bepaalingen als ten opzichte van publieke skoolen in deeze Colonie gebruykelyk zyn ofte in het vervolg nog worden vastgesteld.”³¹⁾

Villet het vervolgens onder datum 14 April 1804 'n „Bekendmaking” in die *Kaapsche Courant* geplaas waarin hy die ingesetenes meegedeel het dat hy met die toestemming van die Regering 'n skool gaan oprig „voor de Fransche-Hollandsche- en Engelsche-taalen, alsmede voor de Rekenkunst.”³²⁾ Hierin is verder meegedeel dat, „om de onderwyzingen des te beter te kunnen waarneemen,” nie meer as twaalf leerlinge opgeneem sou word nie; dat onderwys gegee sou word daagliks van 8 tot 11 in die oggend en van 2 tot 5 in die namiddag, behalwe Sondae en feesdae; Woensdag- en Saterdagmiddae en die jaarlikse vakansiedae, en dat vir elke leerling wat homself sou moes voorsien van die nodige boeke, papier, penne en lei, 8 Riksdalers skoolgeld per maand gevorder sou word. Villet het verder onderneem om ook kosgangers in te neem wat vir die onderrig, kos en losies, nie meer as 25 Riksdalers per maand sal hoef te betaal nie, „met conditie dat ieder derzelve[n] zig zyn eigen Bed verschaffe.”³³⁾ Hy het origens meegedeel dat hy, sodra twaalf leerlinge hulle sou aangemeld het, bekend sou maak op watter dag en in watter huis die onderrig sou geskied, en het die ouers daarvan verwittig dat genoemde De la Motte,

²⁷⁾ *Letters despatched within the Colony 1801-1802*, B.O. 54, p. 215.

²⁸⁾ Scholarchs-Dundas, 5 Oct. 1801, *Letters from Stellenbosch 1800-1802*, B.O. 23, p. 327.

²⁹⁾ *Requesten om Emplooj 1803-1804*, B.R. 81, p. 381.

³⁰⁾ *Bijlagen 1804*, B.R. 47, p. 523.

³¹⁾ *Res. Pol. Raad (21 Maart) 1804*, B.R. 6, p. 1081.

³²⁾ *Kaapsche Courant*, 14 April 1804.

³³⁾ *Ibid.*

„wiens solide talenten genoegzaam bekend zyn, hem gunstiglyk belooft heeft, alsdan het gewigtigste deel der respective Instructien op zig te neemen.”³⁴⁾

Dit is nie moontlik om presies vas te stel of hierdie skool wel tot stand gekom het nie. Indien dit wel met genoemde twee persone as onderwysers begin is — soos ons dan ook alle reg het om op grond van die noukeurige voorbereidings te vermoed, — was sy bestaan egter maar van korte duur, want reeds ongeveer 'n jaar later, in April 1805, het C. M. Villet bekend gemaak dat hy van plan was om in medewerking met F. Delitz teen die middel van die maand agter die Kerkplein naas juffrou Swaneveld 'n aanvang te maak met 'n „publiek Fransch School, volgens speciale permissie van Gouverneur en Raaden.”³⁵⁾

Dit is met sekerheid vas te stel dat hierdie skool wel tot stand gekom het hoewel dit ook maar 'n kort bestaan geniet het, net om kort daarna weer in die lewe geroep te word. Op 5 April 1806 het Villet hom andermaal tot die pers gewend om die publiek mee te deel dat hy sy „Fransch en Hollandsch School *weder opgericht heeft*, No. 7, op het Kerkplein, naast Juffrouw Swaneveld.”³⁶⁾

'n Dergelike geval het ons in verband met J. B. Renou en J. G. Klijnders.³⁷⁾ Hierdie twee here het in November 1803 die Politieke Raad meegedeel dat hulle begerig was om in die Kaap op te rig „een School tot onderwys der Jeugd in de Nederduitsche en Fransche Taalen, mitsgaders in de Cyferkonst en Aardrykskunde en het geen verder tot eene goede opvoeding der Jeugd dienstig is.”³⁸⁾ Hulle versoek om „verlof en qualificatie” daartoe, is ewe-eens deur die Goewerneur en Raad gestel in hande van die Prokureur-Generaal Mnr. G. Beelaerts van Blokland, met opdrag om na 'n behoorlike ondersoek hulle „te dienen van bericht.”³⁹⁾

³⁴⁾ *Ibid.*

³⁵⁾ *Ibid.*, 6 April 1805.

³⁶⁾ *Ibid.*, 5 April 1806. Ek kursiveer.

³⁷⁾ Klynders was in diens van die Asiatiese Raad op pad na Batavia toe hy op 24 Maart op eie versoek sy ontslag van die Kom. Genl. verkry het met verlof om hom hier te vestig mits hy aan die Ontvanger-Generaal, A. de Waal, sou betaal „de door den Asiatischen Raad ten zijnen faveure gedaane kosten.” *Res. Pol. Raad* 1803, B.R. 1, p. 151.

³⁸⁾ *Bijlagen* 1803, B.R. 43, p. 23.

³⁹⁾ *Res. Pol. Raad* (9 Nov.) 1803, B.R. 4, p. 2208.

Wat die verdere verloop van die saak betref, tas ons in die duister, aangesien geen rapport van die Prokureur-Generaal dienaangaande geboek is nie.⁴⁰⁾

Behalwe hierdie skole verneem ons van nog 'n paar aspirant onderwysers wat hulle gereed en begerig verklaar het om skole aan die Kaap te open. Op 14 Mei 1803 het H. C. Vermaas, „geassocieerd zynde met A. van Vollesom, voorheen gepromoveerd Fransch Schoolhouder te Amsterdam,” wat onlangs hier aangekom het, aan die ouers aan die Kaap bekend gemaak dat hulle voornemens is om vanaf die begin van Junie aan die jeug onderwys te gee „in de Fransche en Hollandsche spraaken, als meede in het Schryven en Cyfferen, en in het opstellen van allerley Brieven, gepaard met het geeven van de beste en geschikte educatie, Zedelessen en inboezeming des diepsten Eerbied voor het Goddelyke Opperwezen, ware gevoelens van hoogachtung voor hunne overheden en voor deszelfs respective Ouderen, en behoorlyke liefde tot des even-naasten.”⁴¹⁾ Vir nadere informasie is ouers uitgenooi om aan te klop by Kerkplein no: 7.⁴²⁾

'n Geval van hierdie aard, interessant ook weens die ambisieuse leerplan wat aangebied is, is die van 'n sekere Hammerstein wat besluit het „om aan den pryzenswaardigen” hom onlangs meegedeelde wens „eeniger naar waarheid hygende Huisvaders,” te voldoen en 'n klein „Letter-Oeffeningsschool” op te rig vir 24 kinders van 12 tot 15 jaar oud.⁴³⁾ Terwyl Hammerstein sy dank teenoor die ouers uitgespreek het vir die vertrouwe wat hulle in hom gestel het, het hy tewens ook die geleentheid te baat geneem om een en ander openbaar te maak in verband met die „Lyceum of Oefenings-School” wat hy van plan was om op te rig. Die volgende sou daarin onderwys word: „Natuur-Historie, beginzelen van de Natuurkunde, de algemeene Waereldhistorie en Aardryks-beschryving, van den Mensch, van den Menschlyke Gezelschap, Lectuur der Nieuwste Nederduitsche Werken, om zich in deze Taal gantsch eigen te maken.”⁴⁴⁾ Laasgenoemde het hy as die noodsaaklikste „in den

⁴⁰⁾ Vgl. kanttkening deur Leibbrandt gemaak by 'n afskrif van die genoemde besluit van die Pol. Raad in sy *Extracts Relating to Education* in die Kaapse Argief.

⁴¹⁾ *Kaapsche Courant*, 14 Mei 1803.

⁴²⁾ Die huis hier vermeld is dieselfde waarin soos so pas aangedui, Villet in April 1806 sy skool waargeneem het.

⁴³⁾ *Kaapsche Courant*, 23 Julie 1803.

⁴⁴⁾ *Ibid.*

geheelen levensloop" beskou, en dit as onredelik gevind om te versuim onder voorwendsel dat dit goed genoeg deur die gebruik geleer kan word.

Verder het hy aangebied om voorlopig sy Atlas asook die klein voorraad boeke in sy besit, vir die doel te leen, mits die ouers mettertyd in die behoefte van 'n globe en 'n klein uitgesogte biblioteek sou voorsien. Ook het hy staat gemaak op die „mildheid van goedaartige Ouders" in die vind vir „deze *Lievelingen des Vaderlands*" van 'n kompas, 'n weer-glas, „wiskonstige kokers" en 'n mikroskoop. Hy sou self pogings aanwend om skilderye, prente, afbeeldinge, modelle ens. deur aankoop te verkry. Hy het besluit om die getal van 24 jongelinge in twee klasse te verdeel en met die onderrig van die een klas 'n begin te maak op 1 Augustus in die namiddag van een tot vieruur „ten huize van Mejuffrouw Neteling op het Kerkplein." Die Skoolgeld vir hierdie drie-urige onderrig daaglik sou 5 Riksdalers per maand bedra.

Hammerstein het veronderstel dat die jongelinge wat van sy onderrig meen gebruik te maak, reeds in staat sou wees om te lees en te skrywe. Hy het ten slotte onderneem om sodra die getal van 24 „dissipels" voltalig sou wees, 'n lys van hulle op te maak, wat saam met „het geheeel ontwerp van dit *Lyceum*" aan die ouers van die jongelinge oorhandig sou word.⁴⁵⁾

Dat die aangebode leervakke op hierdie skole nogal uiteenlopend van aard was, blyk verder uit die geval van J. H. Voorman wat in Maart 1806 in die *Kaapsche Courant* kennis gegee het dat hy van plan was om 'n „Mathematisch School" op te rig, „waarin ook alle de daaraan grenzende wetenschappen zullen geleerd worden." Hy het ook sy voorneme te kenne gegee om 'n „Tekenschool voor jonge Juffrouwen" op te rig en het alle ouers, „die den geest van hunne kinderen willen vercierd hebben," uitgenooi om die plan daarvan by hom te bekom.⁴⁶⁾

Ten spyte van die afwesigheid van bevestigende getuienis is dit meer as waarskynlik dat ten minste sommige van die hier genoemde aspirant-onderwysers daarin geslaag het om hulle planne in verband met die stigting van hulle voorgestelde skole ten uitvoer te bring. Almal trouens was in die openbaar bedrywig en het ook die nodige voorbereidings getref. Vermaas en Vollesom het selfs dag en datum aangegee waarop hulle met hulle skool 'n aanvang sou maak, terwyl Hammerstein selfs nadere besonderhede verstrek het en dan ook juis op aansporing van ouers

⁴⁵⁾ *Ibid.*

⁴⁶⁾ *Ibid.*, 8 Maart 1806.

ingewillig het om hom tot die gee van onderwys te leen. Hy kon dus met reg daarop aanspraak maak „de goedkeuring en weldadige ondersteuning van het geëerde Publiek te mogen genieten.”⁴⁷⁾ Alleen gebrek aan belangstelling van die kant van die ouers sou die sukses van hierdie ondernemings in die weg kon staan, en hieromtrent het die lede van die plaaslike Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen, in hulle Memorie in 1803 aan die Kommissaris, soos reeds aangetoon,⁴⁸⁾ op 'n oortuigende manier daarop gewys dat daar ouers is wat die vermoë besit om hulle kinders te laat onderrig in goedingerigte skole in vakke soos hulle moedertaal, die Franse en Engelse tale, boekhou, geografie, teken, matesis, gewyde en ongewyde geskiedenis, en dat diegene wat hulle daartoe sou aanbied nie nodig sou vind om te kla nie. Hulle voeg dan daaraan toe: „Immers het ontbreekt alhier, nog de ouderen aan goedwilligheid om hunne kinderen eene goede opvoeding te doen erlangen; nog de Jeugd aan geestvermogens, om van de Lessen des onderwijzers kennis te oogsten.”⁴⁹⁾

Uit die voorafgaande het reeds genoegsaam duidelik geword dat aan die Kaap ook gedurende hierdie tyd verskeie gewone openbare skole bestaan het en dat op sommige van hulle waarskynlik uiteenlopende vakke aangebied is, sodat hulle op 'n waardiger omskrywing sou kon aanspraak maak as „gewone lees en skryfskole.”⁵⁰⁾ Dit het verder ook duidelik geword dat hierdie onderwysers nog steeds afhanklik was van die skoolgeld wat die leerlinge betaal het.

Uit 'n opgawe van „Alle Collegien, Civile en Kerkelyke Ambte-naaren in de Bataafsche Volkplanting” vir die jaar 1806, word as geprivilegeerde skole naas die reeds genoemde Latynse Skool met Klein as pro- rektor, die meisieskool onder die Pahuds en 'n Franse skool met Johan Jacob de Bressner as leerkrag, ook nog ag ander skole genoem wat eenvoudig as „Ordinaire Hollandsche Schoolen,” aangeteken staan.⁵¹⁾ Onder die onderwysers in 'n paar van hierdie skole, was nog steeds werksaam manne wat reeds in die Kompanjiestyd baanbrekerswerk op die gebied van die gewone laer skole in Kaapstad verrig het. Ons mik hier op Willem Wydeman, Dawid Hendrik Mellet,⁵²⁾ Daniel Dureng, C. Hugo en C. de Kock. Wydeman het in 1777 onderwysreg van die

⁴⁷⁾ *Ibid.*, 23 Julie 1803.

⁴⁸⁾ Sien p. 19.

⁴⁹⁾ Ingek. St. 232, *Not. de Mist* 1803, Dl. VI, B.R. 109, p. 326.

⁵⁰⁾ Luitdrukking van Janssens, *Litg. Brieven* 1805-1806, B.R. 89, p. 62.

⁵¹⁾ *Kaapsche Almanack* 1806.

⁵²⁾ *Res. Pol. Raad* (17 Okt. 1769) 1769, C. 61, p. 285.

Politieke Raad erlang, nadat hy deur die Kerkraad ondersoek is en toegestaan is om 'n skool te mag open in lees, skrywe, reken en die gronde van die christelike religie.⁵³⁾ Beide hy en Mellet het in 1779 die klag- en versoekskrif van die gepermitteerdes teen die ongepermitteerde onderwysers onderteken.⁵⁴⁾ Tydens die skoolbesoek van die Skolarge op 13 Augustus 1779 is die skool van Wydeman besoek deur 98 leerlinge terwyl 62 leerlinge van die skool van Mellet gebruik gemaak het.⁵⁵⁾

Ook Dureng wat in 1779 56 kinders in sy skool gehad het, was 'n medeondertekenaar van die klagskrif.⁵⁶⁾ In 1795 het hy selfs 'n geldelike ondersteuning van die Kerkraad geniet toe hy in geldnood verkeer het omdat baie van die ingesetenes met hulle kinders landwaartsin getrek het, uit vrees dat hulle aan die diskressie van die „woedende” vyand oorgelaat sou word.⁵⁷⁾ Cornelis de Kock het in 1790 en Hugo maar pas in 1794 onderwysreg ontvang nadat hulle soos destyds gebruikelik, deur die Skolarge ondersoek is.⁵⁸⁾

Dit blyk dus dat bogenoemde onderwysers wat teen die end van die Bataafse Regering aan die Kaap nog in die laerskole werkzaam was, teen daardie tyd reeds aansienlike ondervinding van die werk moes gehad het. So het Mellet reeds die werk gedurende 37 jaar, Dureng gedurende 36, Wydeman gedurende 29, De Kock gedurende 16 en Hugo gedurende 12 jaar waargeneem. Geen wonder dus dat Janssens in 1805 aan die Asiatiese Raad kon meedeel: „de gewoone Lees en Schryfschoolen zyn vry goed.”⁵⁹⁾ Die skole het dan ook in die reel 'n groot bywoning gehad. Ongeveer hierdie tyd het van die ag „gewone Hollandse skole” soveel as 800 seuns en dogters gebruik gemaak,⁶⁰⁾ terwyl in 1809 nog, die ses gewone Hollandse skole wat toe bestaan het deur sowat 600 kinders besoek is.⁶¹⁾ Ons moet egter onthou dat daar teen hierdie tyd ook reeds dergelike Engelse skole bestaan het. Reeds in 1807 moes die reedsvermelde Franse skool byv. plek maak vir 'n Engelse Skool onder Mnr. Thomas Wight Doughty.⁶²⁾

⁵³⁾ *Res. Pol. Raad* (14 Jan. 1777) 1777, C. 69, p. 46.

⁵⁴⁾ Du Toit, *Onderwys onder die Kompanjie*, p. 142.

⁵⁵⁾ *Ibid.*, p. 116.

⁵⁶⁾ *Ibid.*, pp. 115 & 116.

⁵⁷⁾ *Ibid.*, p. 243.

⁵⁸⁾ *Ibid.*, pp. 246 & 247.

⁵⁹⁾ *Litg. Brieven 1805-1806*, B.R. 89, p. 62.

⁶⁰⁾ Report School Com., 1807, *Report Educ. Com.* 1863, App. V, No. 11.

⁶¹⁾ Report School Com. 1809, *Ibid.*, No. 12.

⁶²⁾ *Ibid.*, *African Court Calender*, 1808.

Omtrent die vyf hollandse meesters uit die tyd van die Kompanjie, val nog op te merk dat almal behalwe Mellet in 1807 nog in die tuig was, dat Dureng in hierdie jaar sy loopbaan as sodanig beëindig het, dat hy in 1808 deur Hugo gevolg is en dat Wydeman en C. de Kock hulle skole in 1811 nog waargeneem het.⁶³⁾ In 1819 was die skole van Wydeman en De Kock gehuisves in huise nos. 61 en 32 in Langstraat en in Loopstraat onderskeidelik.⁶⁴⁾

„KERKSKOLE”

Onder die geleedere van hierdie gewone laer skole het ook gestaan die skole wat meer in die besonder aan die verskillende kerke of gemeentes aan die Kaap verbonde was. Die kerkrade op wie se skouers die verpligting gerus het om voorsiening te maak in die onderwys van die minder gegoeede ingesetenes en van weeskinders, het nog by voortdoring daaraan voorkeur gegee om die sodanige kinders by dieselfde persoon te plaas, wat dan as Diakonie-Skoolmeester werksaam moes wees. So 'n persoon het dan ten behoeve van die minderbevoorregte kinders, vir sy onderrig aan hulle, vergoeding volgens ooreenkoms ontvang uit die fondse van die Diakonie of van die Weeskamer, ooreenkomstig die betrokke geval. Hierdie kinders het dan van die skool gebruik gemaak totdat hulle deur die onderwyser as „volleerd” by die Kerkraad aangemeld is. In die meeste gevalle het die Kerkraad verkies om gebruik te maak van die dienste van een van hulle kerklike amptenare, soos die voorleser of die koster. In sommige gevalle, veral waar gebruik gemaak is van 'n nie-kerklike amptenaar, is die diakoniemeester toegelaat om ander leerlinge teen betaling van die gebruikelike skoolgeld ook in sy skool op te neem.⁶⁵⁾

Nadat die krankebesoeker en diakonie-skoolmeester, Agterman, nie bevrediging gegee het nie is die Diakonie-kinders in 1776 van hom af weggeneem en in die skool van Albert Joosten geplaas. Omtrent hom verneem ons dat hy in 1796 nog as sodanig besig was en gedurende 'n tyd selfs bygestaan was deur 'n oudleerling van hom nl. Willem Jacobsz.⁶⁶⁾ Op die gebruikelike manier het hy nog in 1797 as Diakoniemeester drie

⁶³⁾ Vgl. *African Court Calender* vir resp. jare.

⁶⁴⁾ Return relative to the present state of the public schools in C.T. By Report Sch. Com. 1809, *Report Educ. Com.* 1863, App. V, No. 12.

⁶⁵⁾ Vir besonderhede oor hierdie gebruik sien Du Toit, *Onderwys onder die Kompanjie*, Hoofst. X.

⁶⁶⁾ *Ibid.*, p. 136.

leerlinge by die Kerkraad aanbeveel om van verdere skoolgaan vrygestel te word op grond daarvan dat hulle genoegsaam gevorder het.⁶⁷⁾

By voortdoring is aan behoeftige kinders vry skoolgaan toegesê. In Februarie 1800 is dit byv. aan die huisvrou van Johannes Pieterse, 'n visser, toegestaan om haar twee kinders Regina en Rosella vry te laat skoolgaan,⁶⁸⁾ terwyl in Maart 1805 aan die huisvrou van 'n sekere Boeve „het vrij school gaan van haar zoon Johan Gert Carolus Boeve bij den diaconys schoolmeester” toegestaan is.⁶⁹⁾

Intussen het ook die Kerkraad van die Lutherse gemeente aan die Kaap gesorg vir die daarstelling van 'n skool wat meer direk onder die kerk gestaan het en waarvan gebruik kon maak die kinders van behoeftige ouers asook die kinders van welgestelde lidmate, — teen betaling natuurlik, — van die Lutherse gemeente.

Dit het tot 1791 geduur voordat die Lutherse Kerkraad die gemeente van hulle eerste meester kon voorsien, in die persoon van Lourens Erzey, geboortig uit Amsterdam. Hy is op 3 Mei 1791 aangestel en moes ook die werk van koster, voorsinger en voorleser waarneem teen 'n salaris van 1000 guldens behalwe vrye huisvesting.⁷⁰⁾

Van 'n vergunning aan die Kerkraad in 1801 gemaak om meer skoolmeesters te mag aanstel, is blykbaar gebruik gemaak. Teen die begin van 1804 het 'n sekere H. Rozenberg sy naam geteken as „Schoolhouder en Koster der Lutherse Gemeente.” Hy het nl. onder datum 7 Januarie 1804 in die *Kaapsche Courant* aan „het respective publicum” en veral aan die respektiewe ouers van die aan hom toevertroude kinders, bekend gemaak dat hy op 15 Januarie sy woning uit Ziedekwarstraat en sy skool uit Loopstraat na Langstraat 23, sal verplaas. Hy belowe verder om „aan die hem toevertroude kinderen zo veel als mooglyk is zyn best te doen.”⁷¹⁾ Dit is nie duidelik of ook Erzey nog as koster aangebly het nie. Duidelik egter is dat Rozenberg se aanstelling nie die einde van Erzey se onderwysbedrywigheid beteken het nie. Trouens beide het nou openbare skole bedien.⁷²⁾

⁶⁷⁾ Res. Kerkr. Kaapstad (2 Jan. 1797) 1791-1802.

⁶⁸⁾ *Ibid.*, (3 Febr. 1800).

⁶⁹⁾ *Ibid.* (4 Maart 1805) 1802-1812.

⁷⁰⁾ Sien Hoge, J., *Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap*, pp. 83-84.

⁷¹⁾ *Kaapsche Courant*, 7 Jan. 1804.

⁷²⁾ Sien Lyst van alle Collegien, Civile en Kerklyke Ambtenaaren in de Bataaffsche Volkplanting, *Kaapsche Almanack* — 1806.

Ons word in ons vermoede dat hierdie „Diakonieskole“ nie radikaal sou verskil het van die gewone laer skole nie, daardeur gesterk dat beide die skole van Erzey en Rozenberg gegroeper is saam met die ander „Ordinaire Hollandsche Scholen,” as gepriviligeerde skole.⁷³⁾ Tog het die lede van die plaaslike Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen, nie 'n hoë dunk gehad van die manier waarop die minderbevoorregtes hulle onderwys bekom het nie. In hierdie verband het hulle aan die Kommissaris geskrywe „dat de derde Classe, de Jeugd des Armenstands en de weezen, den Aandagt van het Gouvernement hoog nodig heeft.”⁷⁴⁾ Dit het dan ook tot 1812 geduur alvorens die Kerkraad hulle ernstige aandag aan die saak geskenk het en dit noukeurig gereël het deur 'n „Reglement voor den onderweizer der Diaconys Kinderen aan deeze Hoofdplaats.”⁷⁵⁾

OORSESE STUDIE.

Vermelding verdien hier dat sommige ouers wat dit kon bekostig, nog steeds van die geleentheid gebruik gemaak het om hulle kinders ter erlanging van 'n goeie opvoeding, oorsee te stuur.⁷⁶⁾ In sommige gevalle het dit nogal geskied tot groot voordeel van die Kolonie, aangesien die jong manne by voltooiing van hulle studie hulle dienste tot die beskikking van die land gestel het. Dit was die geval met Daniel Frederik, seun van die oud-Kommissaris van siviele huweliksake, Anthony Berrange, wat in 1802 na 'n verblyf van 16 jaar in die moederland, gedurende welke hy hom in die onderskeie vakke van wetenskap toegelê het, sy studies voltooi het en tot Doktor in die Regte gepromoveer het.⁷⁷⁾

Die Regering was dan ook steeds bereid om die gebruik om vir verdere studie oorsee te gaan, aan te moedig en om waar nodig selfs finansiële bystand te verleen. So het die Kommissaris-generaal in Junie 1803 verorden dat aan H. Zorn 'n som van 2000 guldens „tot reiskosten en onderhoud van deszelfs zoon die tot voltrekking van zijne opvoeding naar Europa staat te vertrekken,” betaal moet word, asook aan die wed. Deneys, geb. Kruywagen, „tot een gelijk einde,” 1500 guldens.⁷⁸⁾

⁷³⁾ *Ibid.* Dit is opvallend dat nie een van hulle twee se name as sodanig verder verskyn het in die *African Court Calender* van die volgende jaar en die jare daarna nie.

⁷⁴⁾ Ingek. St. 232, *Not. de Mist* 1803, Dl. VI, B.R. 109, p. 326.

⁷⁵⁾ *Res. Kerkr. Kaapstad* (6 Jan. 1812) 1802-1812.

⁷⁶⁾ Vgl. Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, p. 255.

⁷⁷⁾ *Besluite van het Staatsbewind aan Com. de Mist* 1802, B.R. 101, p. 363.

⁷⁸⁾ *Not. de Mist* (11 Junie 1803) 1803, Dl. VII, B.R. 110, p. 13.

In Februarie 1804 het die Goewerneur en Raad die Asiatiese Raad meegedeel hoedat 'n buitengewone omstandigheid hulle beweeg het om „by deeze gelegenheid” aan 'n ongesalariëerde amptenaar Hendrik Cloete Snr., „inspecteur over s'lants Domeinen,” wat 'n seun in Europa het, 'n assignasie op hulle Departement ten bedrae van 2000 guldens af te gee. Hulle spreek dan die vertroue uit dat die Raad dit hulle nie ten kwade sal laat dui nie dat hulle „de Ingezeetenen die hunne kinderen naar het Moederland verzenden, ook het middel van derzelve onderhoud faciliteren — en dat deeze traitte derhalven met acceptatie en betaling zal worden gehonoreerd.”⁷⁹⁾ Dit is ons nie bekend of die Asiatiese Raad daaraan voldoen het nie. Goewerneur Janssens het sy persoonlike mening omtrent hierdie gebruik neergeskrywe waar hy as volg aangeteken het: „De Hollandsche Zuid Afrikanen de opvoeding in de Republiek te doen ontvangen, meer bijzonder voor de voornaamste classe, is zeer belangrijk, en kan niet te veel begunstigt worden.”⁸⁰⁾

'N BEDRYWIGE SKOOLKOMMISSIE.

Die nuut-saamgestelde Skoolkommissie wat, soos ons reeds aange-
toon het, in opdrag van De Mist se skoolorder, die nodige aandag aan
die stigting van 'n skool vir jong dogters asook aan die Latynse skool
gegee het, was intussen begerig om in verdere uitvoering van die be-
doelinge van De Mist, ook een en ander te reël in verband met die
bogenoemde laer skole en onderwys in die Kaap in die algemeen.

In April 1805 het die Kommissie meegedeel hoedat hy reeds met die
werksaamhede aan hom opgedra begin het en in die eerste plek tot
onderwerp van sy deliberasies gemaak het: „de verbetering van het
algemeen Schoolwezen in de Hoofdplaats.”⁸¹⁾ Tog moes hulle erken dat
tot nog toe, die omstandighede nie toelaat „dezen taak met zulken spoed
te volbrengen als zy het wel wenschte,” en het ewe-eens die vertroue
uitgespreek dat deur die kragdadige ondersteuning van die Regering en
die medewerking van die ingesetenes, „in dit gewigtig werk, naar tyds-
omstandigheden, wel te zullen slagen.”⁸²⁾

Waar hulle by hierdie geleentheid bekend gemaak het dat alles reeds
in die haak was vir die oprigting van 'n skool vir jong dogters, en dat
daarmee op 1 Mei 'n begin gemaak sou word, het hulle ook hulle begeerte

⁷⁹⁾ *Litg. Brieven 1803-1804*, B.R. 88, p. 344.

⁸⁰⁾ *Verhandeling omtrent het geene gedaan behoord te worden* . . . p. 46.

⁸¹⁾ *Kaapsche Courant*, 6 April 1805.

⁸²⁾ *Ibid.*

getuig om sodra moontlik 'n dergelike instituut vir jong seuns daar te stel. Hulle het trouens van die geleentheid gebruik gemaak om diegene wat hulle bekwaam daartoe mag ag en geneë mag wees om openbare skole te bedien, uit te nooi „om zich by hen te adresseeren, ten einde de verdere intentien der School-Commissie ten dien opzichte te verneemen.”⁸³⁾ Ons lees nie van dergelike aspirante wat hulle by die Kommissie aangemeld het nie. 'n Franse gepriviligeerde skool vir seuns met Mnr. J. J. de Bressner as leerkrag, het wel in die loop van 1806 tot stand gekom,⁸⁴⁾ maar is teen die end van 1807 deur die Skoolkommissie gesluit as gevolg van die wangedrag van die onderwyser.⁸⁵⁾

Die Skoolkommissie het ook probeer om die bestaan van die onderwysers in die gewone skole, wat nog steeds afhanklik was van die skoolgeld deur leerlinge betaal, te vergemaklik deur te verorden dat elke „geauthoriseerden Schoolmeester” 150 Riksdalers jaarliks betaal sou word, mits hy ten minste twee kamers vir die doel sou afsonder.⁸⁶⁾ Hoewel hierdie bepaling die goedkeuring van die Politieke Raad geniet het, is skynbaar nie van die vergunning gebruik gemaak wat die gewone laer skole betref nie. Dit is moontlik dat hulle nie in staat was om twee kamers vir die doel af te sonder nie, hoewel hulle skole deur gemiddeld 100 leerlinge elk per jaar besoek is.⁸⁷⁾ Miskien lê die rede daarin dat hulle nie geneë was om moeite te doen om 'n addisionele 150 Riksdalers te bekom nie omdat hulle tevrede was met die bedrag wat hulle wel in die vorm van skoolgeld ge-in het. Hoe dit ookal sy, in 1807 toe die gewone hollandse skole besoek was deur sowat 800 leerlinge, het die Skoolkommissie hieromtrent as volg aangeteken: „The Schoolmasters in the common Dutch schools derive no salary nor any emolument whatever from the Commission, but find their existence in a *precarious manner* by the school money paid into their hands by their pupils.”⁸⁸⁾

In hulle rapport vir 1809 waaruit dit blyk dat die gewone laer skole nie hoog aangeskrewe gestaan het by die Skoolkommissie nie, het laasgenoemde op die wenslikheid gewys dat elke onderwyser in 'n gepriviligeerde skool 'n klein maar vaste salaris moes ontvang omdat, „able and

⁸³⁾ *Ibid.*

⁸⁴⁾ Sien Lijst van Collegien ens., *Kaapsche Almanack* — 1806.

⁸⁵⁾ Sien Report Sch. Com. 1807, *Educ. Com.* 1863, App. V, No. 11.

⁸⁶⁾ *Bijlagen* 1805 (Junie), B.R. 67, p. 412; *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2078.

⁸⁷⁾ Sien Report Sch. Com. 1807, *op. cit.*

⁸⁸⁾ *Ibid.* Ek kursiveer.

respectable schoolmasters" dan gevind sou kon word.⁸⁹⁾ In hierdie jaar het slegs twee van die onderwysers in die gewone laer skole salarisse ontvang en wel Mnr. Doughty van die Engelse skool en Mnr. Fryling, 'n onderwyser in een van die gewone Hollandse Skole. Doughty het 360 Riksdalers en Fryling 120 Riksdalers per jaar ontvang.⁹⁰⁾ Fryling se skool wat geleë was in Loopstraat 68, is in hierdie jaar deur oor die 100 leerlinge besoek.⁹¹⁾

Die Skoolkommissie was sover doenlik ook behulpsaam in die bekom van die nodige boeke vir gebruik in die verskillende skole, 'n gebrek wat nogal nie so maklik was om aan te suiwer nie; die geval van Hammerstein wat soos ons vermeld het sy eie boeke aanvanklik ter beskikking van sy leerlinge gestel het, is 'n aanvullende bewys hiervan. Ons verneem byv. hoedat die Kommissie in Desember 1805 probeer het om met behulp van die Regering 'n hoeveelheid boeke uit die Moederland te kry wat dan volgens gebruik aan die verskeie skole te koop aangebied sou word. In genoemde maand het die Skoolkommissie hulle by wyse van 'n Memorie tot die Politieke Raad gerig, met die versoek dat vir dié doel uit die regeringskas aan hulle 'n som van 3,125 Riksdalers voorgeskiet moet word, sodat hulle in staat sal wees om 'n wissel op die Asiatiese Raad uit te maak.⁹²⁾

By die lees van hierdie Memorie het die Raad in aanmerking geneem dat die bedrag wat aan die Skoolkommissie voorgeskiet word vir die aankoop van sodanige boeke, weer in die fondse van die Kommissie by die verkoop daarvan, sou terugvloei. Aangesien die Kommissie nog nie in staat was om sulke voorskotte uit sy eie fondse te maak nie, is besluit om aan hulle versoek te voldoen, onderhewig aan die uitdruklike bepaling dat indien hulle daartoe inmiddels in staat sou raak, die terugbetaling moes geskied selfs nog voordat die boeke aangekom het.⁹³⁾

OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

Hoewel die Skoolkommissie, deels omdat die nodige fondse ontbreek het, nie in staat was om uitvoering te gee aan die ambisieuse skema vir die oprigting van 'n Kweekskool vir die opleiding van onderwysers, wat

⁸⁹⁾ Report Sch. Com. 1809, *op cit.*

⁹⁰⁾ *Ibid.*

⁹¹⁾ *Ibid.*

⁹²⁾ *Res. Pol. Raad* (11 Des. 1805) 1805-1806, Dl. III, B.R. 14, p. 3811; *Bijlagen* 1805-1806, B.R. 74, p. 197.

⁹³⁾ *Res. Pol. Raad* (11 Des. 1805) 1805-1806, Dl. III, B.R. 14, p. 3812.

De Mist so breedvoerig in sy skoolorder uitgewerk het, het hulle egter ook hierdie belangrike saak nie heeltemal links laat lê nie.

Vroeg in 1805 het die Politieke Raad die saak aangeroeer toe hy by geleentheid van die benoeming van die lede van die Skoolkommissie aan hulle opgedra het om alvorens hulle tot die uitvoering van hulle eintlike werk sou oorgaan, die Raad o.a. te berig: „of en in hoe verre nu reeds aan het oogmerk van den Commissaris-Generaal, tot het op kweken van jongelinge tot bekwame Schoolmeesters, zoude kunnen worden voldaan.”⁹⁴⁾

In 'n Memorie in antwoord hierop en op ander vrae, het die Skoolkommissie meegedeel dat hulle van mening was dat die oogmerk van die Kommissaris-Generaal in diër voege as wat dit in die koloniale Skoolorder uitgedruk is „voor als nog niet volkomen zoude kunnen voldaan worden.”⁹⁵⁾ Origens het hulle tog gemeen dat, „om dit heilzaam oogmerk eenigzints te bereiken,” dit reeds moontlik sou wees om jongelinge uit te nooi en aan te moedig om hulle onder goedkeuring van die Kommissie en teen 'n redelike vergoeding uit die skoolkas, by bekwame en geoutoriseerde skoolmeesters in die stad wat meestal met die onderwys van te veel kinders belas sit, as ondermeesters in diens te gaan, „om langs dien weg zich by aanvang bekwaam te maaken tot het onderwyzen der jeugd.”⁹⁶⁾

Die Politieke Raad het hieraan hulle goedkeuring geheg⁹⁷⁾ en sowat vier maande later 'n verdere besluit van die Skoolkommissie met hulle goedkeuring bekragtig, nl. dat „de somma van 25 Rd. pr. maand voor 6, 7 of 8 kweekelingen tot schoolmeesters onder een engagement voor drie jaaren,” beskikbaar gestel sou word. Die Kommissie het ook meegedeel dat hulle later „ter approbatie” sal voorstel 'n premie „voor dien Jongeling, welke zich het meest heeft gedistingueerd.”⁹⁸⁾

Ten spyte van hierdie bedrywigheid het daar van die opleiding van onderwysers, hetsy in 'n Kweekskool of as kwekelinge by ervare meesters, gedurende die Bataafse Bewind niks tereg gekom nie. Aan geesdrif en inisiatief van die kant van die Skoolkommissie, het dit egter nie ontbreek nie. In hulle rapport van 1807 het hulle vermeld dat hulle nog nie 'n poging aangewend het om 'n opleidingskool op te rig nie daar hulle nog nie daarin kon slaag om bekwame onderwysers vir so 'n inrigting te

⁹⁴⁾ *Ibid.* (20 Febr.) 1805, B.R. 10, p. 677.

⁹⁵⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 63, p. 17; *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 801.

⁹⁶⁾ *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 801.

⁹⁷⁾ *Ibid.*, p. 806.

⁹⁸⁾ *Ibid.* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2078; *Bijlagen* 1805 (Junie), B.R. 67, p. 412.

bekom nie, en ook omdat die nodige fondse ontbreek het.⁹⁹⁾ In hulle rapport van 1812 het hulle nogeens by die Regering aangedring op die stigting van: „a Seminary for School-Masters in Cape Town under the eye and superintendance of the School Commission.”¹⁰⁰⁾ Teen hierdie tyd was die Skoolkommissie egter reeds besig om ooreenkomstig hulle wenk van 1805, twee kwekelinge en wel Reinhard Mostert en Cornelis de Kock (Jnr.) te laat oplei as onderwysers.¹⁰¹⁾

Dit het egter nog lank geduur voordat die saak van die opleiding van onderwysers enigszins tot sy reg gekom het. Eers in 1842 is 'n eerste Normaalskool opgerig.¹⁰²⁾

DIE ONDERWYSFONDS.

Uit ons behandeling sover, het dit reeds voldoende geblyk dat een van die grootste belemmerende faktore wat in die weg gestaan het van 'n behoorlike behartiging van die belangrike saak van die onderwys, die gebrek aan 'n sterk en doeltreffende onderwysfonds was.

In hierdie verband moet ons daaraan herinner hoedat daar as gevolg van die bedrywigheid van die Skolarge en meer in die besonder van die drie ywerige predikante van Kaapstad, di. Serrurier, Van Lier en Fleck, reeds voor die end van 1790 'n fonds vir die doel, hoofsaaklik vir 'n Latynse Skool, bestaan het, wat opgebou was met behulp van vrywillige bydraes van die welwillende ingesetenes.¹⁰³⁾ Toe die Kaap in 1803 in die hande van die Bataafse Regering oorgegaan het, het hierdie fonds nog bestaan. Daar was egter nog verskeie persone wat bydraes belowe het en versuim het om dit te stort of om obligasies daarvoor in te lewer. Teen die end van 1794 was daar nog op hierdie manier 'n bedrag van 12,950 guldens uitstaande.¹⁰⁴⁾ Dit was om hiermee te kamp dat die „collegie van Scholarchen” op 30 Julie 1803 'n „Advertentie” in die *Kaapsche Courant* geplaas het waarin almal wat hulle by intekening verbind het „van te willen contribueeren tot 't fonds der Publieque Schoolen,” versoek is om dit te kom stort in die Konsistoriekamer van

⁹⁹⁾ Report Sch. Com. 1807, op. cit.

¹⁰⁰⁾ Aangehaal deur Kellermann, J. E., *Die Geskiedenis van die opleiding van Blanke Onderwysers in S.A.*, p. 56.

¹⁰¹⁾ *Ibid.* Dit is opvallend dat reeds so vroeg in ons onderwysgeskiedenis van die Kwekelingstelsel gebruik gemaak is. Eventueel is dit egter via Engeland, waar dit in 1838 in swang gekom het, ingevoer. *Ibid.*, p. 53.

¹⁰²⁾ Sien verder Kellermann, op. cit., Hoofst.V.

¹⁰³⁾ Vgl. Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 212, 223-226.

¹⁰⁴⁾ *Ibid.*, p. 226.

die Gereformeerde Kerk gedurende die maand Augustus, elke Dinsdagvoormiddag van 10 tot 12. Diegene wat agterstallig was met hulle rente, is ewe-eens gemaan om dit op bogenoemde tyd aan te suiwer „ten einde het Geforremeerd Plan van bovengem. Schoolen tot effect kan gebragt werden.”¹⁰⁵⁾

Dit het reeds uit 'n vorige hoofstuk genoegsaam duidelik geword dat die Kommissaris-Generaal die gebrek aan fondse in 'n ernstige lig gesien het, en besef het dat hy heelwat moeilikheid aan daardie kant te wagte kon wees. Dit is reeds bekend hoedat hy in hierdie verband in Mei 1803 die advies van die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen ingewin het en hoedat laasgenoemde hom dit baie sterk afgeraai het om die onderwysfonds te probeer styf met behulp van belastings, maar dat hy hom liewers moes verlaat op die bereidwilligheid van die ingesetenes tot die gee van vrywillige bydraes. Die lede van die Maatskappy het by hierdie geleentheid ook 'n wenk aan die hand gedoen wat dan ook later die enigste uitweg geblyk het, nl. die oorneem en aanwend van die reeds bestaande fonds tot 'n „nasionale skoolwese,” en die aanvulling daarvan met bydrae van die kant van die Regering.¹⁰⁶⁾

De Mist het hierdie belangrike saak nooit uit die oog verloor nie. In 'n voorstelling in Junie 1803 van die bruto beraming van „den tegenwoordigen staat der Finantiën,” het hy ook selfs rekening gehou met die geld wat nodig sou wees vir die onderwys op die platteland.¹⁰⁷⁾ Hy het intussen die saak ook by die Asiatiese Raad aanhangig gemaak en hulle om hulle ernstige aandag gesmeek toe hy aan hulle geskrywe het: „Tien-duizend guldens van Goevernements wege jaarlyks voor de publieke opvoeding besteed, is een capitaal, op zwaare renten uitgezet. Ik bidde, Ik smeek des ter liefde van myne Africaanen, en ten dienste van den Lande, dat hoe eerder zo beter door Uln. daar omtrend gunstige dispoisiten mogen geneomen worden.”¹⁰⁸⁾

Bekend is verder hoedat De Mist die administrasie van die bestaande skoolfonds opgedra het aan die nuwe Skoolkommissie wat ooreenkomstig sy Skoolorder tot stand sou kom, en hoedat hy nieteenstaande die feit dat die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen en die spesiale kommissie wat hy aangestel het om sy konsep van belastings te ondersoek, tog

¹⁰⁵⁾ *Kaapsche Courant*, 30 Julie 1803.

¹⁰⁶⁾ *Sien p. 18.*

¹⁰⁷⁾ *Secrete Notulen de Mist* (9 Junie 1803), B.R. 100, p. 82.

¹⁰⁸⁾ *Uitg. Brieven 1802-1804*, B.R. 92, p. 127; *Brieven van Com. de Mist aan Bat. Govt. 1802-1804*, B.R. 105, p. 163.

besluit het om die bestaande fonds met behulp van belastings in stand te hou en aan te vul, vandaar die tweede deel van sy skoolorder.¹⁰⁹⁾

Stappe is vervolgens gedoen om die fondse wat onder beheer van die ou Raad van Skolarge gestaan het, oorgeplaas te kry op die nuwe skoolkommissie, sodra dit benoem sou wees. Terwyl tot die benoeming van laasgenoemde eers op 20 Februarie 1805 oorgegaan is, was die Politieke Raad in staat om reeds op die 6de van die maand 'n balansstaat vir die jaar 1804, ingedien deur die lede van die ou Raad van Skolarge, te behandel.¹¹⁰⁾ Hieruit verneem ons presies hoe dit met die fonds gesteld was. Die inkomste vir die jaar het bedra, 5,220 guldens 11 stuivers, wat as volg saamgestel was: aan rente op uitgesette kapitaal en obligasies, 4095 guldens en 11 stuivers en „voor particulier trouwen van 15 paaren,” 1125 guldens.¹¹¹⁾ Die uitgawe vir die jaar het 1189 guldens 14 stuivers bedra, sodat 'n oorskot van 4030 guldens 13 stuivers op die jaar se rekening gelaat was.

Die volledige bate van die fonds het aan die einde van 1804 die som van 109,213 guldens 2 stuivers getoon, wat saamgestel was uit die bedrag 105,182 guldens 5 stuivers wat die bate aan die begin van die jaar was en die genoemde 4030 guldens 13 stuivers wat die oorskot van die inkomste van die jaar bo die uitgawe gelewer het. Hierdie totale bedrag van 109,213 guldens 2 stuivers, het aan die end van 1804 bestaan uit die volgende: effekte, krediete, kontant en die gebou „ten dienste der Publicque Schoolen” aangekoop, 15200 guldens; „aan skeepen, kennissen en obligatiën van intekening,” 71,575 guldens; diverse intekeninge waarvoor nog geen obligasies ingedien was nie, 9950 guldens, agterstallige rente 11074 guldens 3 stuivers en kontant in kas 1413 guldens en 15 stuivers.¹¹²⁾

Die Politieke Raad het met genoeg kennis geneem van die aanwas van die kapitaal gedurende die afgelope jaar, dog het „met bevreesing” gesien dat daar aan die einde van die jaar nog so 'n aansienlike som aan agterstallige rente uitstaande was. Hulle het verder die hoop uitgespreek dat dit in die loop van die jaar soveel doenlik vereffen moet word, „ten einde by die volgende rekening van het Fonds minder in het oog vallende te zijn.”¹¹³⁾

¹⁰⁹⁾ Sien voor pp. 36—38.

¹¹⁰⁾ *Per Pol. Raad* (6 Febr.) 1805, B.R. 10, p. 445.

¹¹¹⁾ 16 Stuivers = 1 gulden. Sien Thom, H. B., *Die Gesk. van Skaapboerdery in S.A.*, byvoegsel p. 386.

¹¹²⁾ Sien *Bijlagen* 1805, B.R. 62, p. 97.

¹¹³⁾ *Res. Pol. Raad* (6 Febr.) 1805, B.R. 10, p. 445.

Hoewel die ou liggaam van Skolarge wat eintlik maar net oor die Latynse skool beheer gevoer het en die genoemde fonds slegs in belang van hierdie skool aangewend het,¹¹⁴⁾ op 20 Februarie 1805 deur die nuwe Skoolkommissie vir „nasionale onderwys” vervang is, het die gewese Skolarge, Fleck, Von Manger, Truter en Hertzog, hulle op 25 Februarie tot die Politieke Raad gewend met ’n skriftelike verduideliking in verband met die Politieke Raad se verwysing na die agterstallige rente. Hulle doel was om aan te toon dat dit nie toegeskrywe kan word aan pligsversuim van hulle kant nie, en het betoog dat die enigste oorsaak vir die aansienlike som, daaruit voorspruit dat onder die rentedraende kapitaal van 71,575 guldens, sig ’n kontant van 12,275 guldens aan obligasies bevind deur verskillende persone ingelewer, waarvan die meeste sedert begin Januarie 1793 met die rente agterstallig is. Op hierdie manier het in die loop van die laaste twaalf jaar aan rente alleen agterstallig geraak die aansienlike som van 8,325 guldens en 6 stuivers, ’n bedrag wat nog veel hoër sou gewees het as al die intekenare aan hulle verpligtinge om obligasies in te lewer sou voldoen het, aangesien daar nog ’n bedrag van 9,950 guldens uitstaande is waarvoor die intekenare volstrek weier om met kontant te vereffen of om obligasies in te handig. Op die kapitaal van 59,300 guldens wat in kontant ingekom het en op rente uitgesit is, was nie meer as 2,748 guldens 13 stuivers nog uitstaande nie.

Hulle spreek hulle dan van alle blaam vry, deur daarop te wys dat „van tijd tot tijd zo door Particuliere aanmaaningen als advertenties in de Couranten geene moeyte zijn gespaard om Sodanige Intekenaaren tot de voldoening van dezelve door zachte middelen over te haalen, doch welke alle vrugteloos geweest zijn.”¹¹⁵⁾

Die Politieke Raad het besluit om hulle brief te stel in die hande van die nuwe kommissie wat intussen op 20 Februarie benoem was, met uitnodiging om daaromtrent sodanig te werk te gaan „als dezelve ten meesten dienste der publieke skoolen, zullen vinden te behooren.”¹¹⁶⁾

Gelyktydig met die benoeming van die lede van die nuwe Skoolkommissie, het die Politieke Raad hulle uitgenooi om hulle te berig „op welke regelmatige wyze het fonds der publieke skoolen, welk tot hiertoe door scholarchen van het Latynsche School . . . is geadministreerd geworden, tot het algemeen fonds kan en behoort te worden overgebragt? en welke contributiën, in de teegenwoordige omstandigheeden, op eene billyke wyze, tot versterking van het fonds, in werking zouden kunnen

¹¹⁴⁾ Vgl. *Ibid.*, p. 444.

¹¹⁵⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 63, p. 68; *Res. Pol Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 836.

¹¹⁶⁾ *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 837.

worden gebragt." ¹¹⁷⁾ Hieruit kan reeds afgelei word dat die Goewerneur en sy Raad waarskynlik nooit 'n plan gehad het om die belastings deur De Mist vir die doel beraam, van krag te maak nie. De Mist het dan ook ongeveer hierdie tyd die Kaap verlaat en toe in agtereenvolgende nommers van die *Kaapsche Courant* tussen 9 Maart en 1 Mei die eerste deel van die skoolorder afgekondig is, is die publikasie van die tweede deel, behelsende die belastingsvoorstelle, agterweë gelaat.

Die nuut-aangestelde kommissie het intussen sy aandag aan bogenoemde versoek gegee en op 6 Maart sy antwoord voor die Raad gelê. In sake die reedsbestaande fonds, was hulle van mening dat die oorbring daarvan tot die algemene skoolfonds nie besondere moeilikhede sou oplewer nie maar het tog die wens uitgespreek dat dit uitgestel moet word totdat die rekeninge oor die voorhande skoolfonds gehou, afgesluit sal wees en al die papiere wat daarop betrekking het in gereedheid gebring sal wees om deur die nuwe kommissie oorgeneem te word. Hulle het verder meegedeel „te moeten advyseren” dat die heersende omstandighede in die algemeen, en van die huisgesinne in die besonder, dit nie toelaat om enige kontribusies, hoe dit ook al genoem sal kan word, in te voer nie. Hulle was daarvan oortuig dat hulle in plaas van welwillende ondersteuning en vertroue, van alle kante teenkating, moeilikhede en klage sou ondervind, en het gevrees dat die Kommissie, indien hy sy werksaamhede sou aanvang deur belastings in te voer, maklik heeltemal buite staat gestel sou kon word „om weezentlyke verbeeteringen in het schoolwezen te maaken.” ¹¹⁸⁾ Sonder om enige positiewe voorstelle in die rigting te doen, het hulle verder daarop gewys dat die nodige geld „ter goedmaking” van die eerste en noodsaaklikste onkoste ten behoeve van die skole, op 'n ander en minder drukkende manier sou kon gevind word as deur die invoer van kontribusies. ¹¹⁹⁾

Die Raad was dan ook maar verplig om hulle by hierdie wenke neer te lê, hoewel dit die saak geensins bevorder het nie.

Daar het ook 'n vertraging gekom in die oormaking van die Skoolfonds aan die nuwe kommissie, sodat hulle genoodsaak was om hulle tot die Landsregering te wend om voorskotte. Die verpligting het reeds op hulle gerus om die salaris van die onderwyser in die Latynse skool te betaal en hulle het ook verpligtinge gehad teenoor Mnr. en Mevr. Pahud. Die gevolg was dat hulle in Maart 1805 genoodsaak was om, aangesien hulle die fondse wat tot voortsetting van die openbare onderwys onder

¹¹⁷⁾ *Ibid.* (20 Febr.) 1805, B.R. 10, p. 677.

¹¹⁸⁾ *Bijlagen* 1805, B.R. 63, p. 20; *Res. Pol. Raad* (6 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 805.

¹¹⁹⁾ *Ibid.*

hulle administrasie sou kom, nog nie ontvang het nie, ter nakoming van hulle verpligtinge 'n voorskot van 3000 Riksdalers van die Politieke Raad te vra, „om door de Commissie in haare qualiteit zodanig te worden verantwoord, als by Gouverneur en Raaden nader zal worden bepaald.”¹²⁰⁾ Die Raad was tegemoetkomend en het aan hierdie versoek voldoen.¹²¹⁾

Soos reeds vermeld, was die Skoolkommissie verplig om op hulle beurt voorskotte aan die Pahuds te maak nadat hulle hiertoe die toestemming van die Politieke Raad erlang het.¹²²⁾ Nadat hulle op hierdie manier agtereenvolgens bedrae van 1500 en 1000 Riksdalers aan hulle voorgeskiet het en van die genoemde 3,000 Riksdalers dus maar 500 oorgehou het, was die Kommissie derhalwe genoodsaak om in April die Raad om 'n verdere voorskot van 1,000 Riksdalers te versoek.¹²³⁾ Ook hierdie slag het hulle versoek nie op dowe ore geval nie.¹²⁴⁾

Eers nadat die bestaande skoolfonds aan hulle oorgemaak was, was die Kommissie in staat om nadere reëlings te tref in verband met die finansiering van die onderwys. In Julie 1805 het hulle 'n memorie by die Raad ingelewer „betrekkelyk de inrigting van het Schoolwezen alhier, en inzonderheid de bekostiging daarvan,”¹²⁵⁾ wat dan ook die goedkeuring van die Raad weggedra het.¹²⁶⁾ Hiervolgens is die salarisse van die onderwysers in die hoofplaas wat onder hulle ressorteer het asook die beloning van die klerklike personeel van die Skoolkommissie, nader bepaal.

Soos reeds duidelik geword het toe die Politieke Raad in Desember ingewillig het om 'n verdere voorskot van 3,125 Riksdalers aan die Skoolkommissie te maak vir die aankoop van die nodige skoolboeke in die moederland, kon die Kommissie by voortdoring reken op die welwillendheid en geldelike ondersteuning van die kant van die Regering.¹²⁷⁾ In hulle rapport van 1809 het die Skoolkommissie nogeens daarvan getuig dat aangesien die 71,000 guldens wat aan hulle oorhandig was en wat

¹²⁰⁾ *Bijlagen* 1805 (Maart), B.R. 63, p. 644.

¹²¹⁾ *Res. Pol. Raad* (20 Maart) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1070.

¹²²⁾ Sien voor p. 65.

¹²³⁾ *Bijlagen* 1805 (April), B.R. 64, p. 83; *Res. Pol. Raad* (3 April) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1176.

¹²⁴⁾ *Res. Pol. Raad* (3 April) 1805, Dl. II, B.R. 11, p. 1177.

¹²⁵⁾ *Bijlagen* 1805 (Junie), B.R. 67, p. 411; *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2076.

¹²⁶⁾ *Res. Pol. Raad* (3 Julie) 1805, Dl. III, B.R. 12, p. 2079.

¹²⁷⁾ Sien voor p. 88.

rente gedra het teen 6%, nie genoeg opgelewer het om hulle onkoste te dek nie, die Regering die gewoonte gehad het „to supply the deficiency, from time to time, by a direct assistance out of the Treasury.”¹²⁸⁾

Hierdie fonds is by voortdoring in belang van die onderwys aangewend en is later (in 1837) aan die Suid-Afrikaanse Kollege gegee.¹²⁹⁾

¹²⁸⁾ Report School Com. 1809, *op. cit.*

¹²⁹⁾ Sien Cillie, G. G., Die Onderwys aan die Kaap, *Populair Wetenskaplike Leesboek*, Dl. II, p. 321; Du Toit, *Ond. in Kaapland*, p. 76.

HOOFTUK VII.

DIE TOT NUT VAN 'T ALGEMEEN.

Behalwe die reeds behandelde Latynse Skool, die skool vir jong dogters en die gewone laer skole aan die Kaap, val nog 'n onderwysinrigting te vermeld wat reeds in die eerste jare van sy bestaan bestem was om 'n belangrike rol te speel en sy plek eervol in te neem onder die gelede van die onderwysinrigtings in die Hoofplaas, en wel die skool wat in 1804 deur die plaaslike Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen hier opgerig is.

In verband met hierdie Maatskappy en die skool deur hom gestig, dien herinner te word aan die bestaan van 'n Nederlandse Maatskappy met dieselfde naam en aan sy bedrywigheid op die gebied van die onderwys. In die verbygaan het ons reeds vermeld hoe die Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen in 1784 op Edam opgerig is deur 'n sekere doops-gesinde leraar, Jan Nieuwenhuizen, as gevolg van 'n drang tot verandering wat hom teen die einde van die 18de eeu openbaar het in verband met die laer onderwys wat veel te wense oorgelaat het.¹⁾ Aanvanklik het dit 'n plaaslike karakter gehad en was dit bekend as die „Edamsch Genootschap tot Nut van 't Algemeen.” Tog het dit ook mense uit ander gemeentes as lede toegelaat. Al gou' is gevoel dat waar daar lede was, afdelinge onder die naam van „departemente” opgerig moes word. As hoofdoel by die stigting is aangegee: „Beschaving van het hart en verstand, verbetering van de minder ontwikkelde volksklassen.”²⁾

Die Maatskappy het sy ontstaan te danke gehad aan 'die onbevredigende toestand van die laer onderwys in Nederland in daardie dae, wat ten spyte van heelwat belangstelling gedurende die laaste kwart van die eeu tog veel te wense oorgelaat het. Die lede daarvan het al dadelik beseft dat die vernaamste middel om hulle doel te bereik, die verbetering van die skoolwese en van die gehele opvoeding van die jeug was. Dit is veral beseft deur Martinus Nieuwenhuizen, 'n seun van die stigter aan wie die Maatskappy nog meer te danke gehad het as aan sy vader.

¹⁾ Sien p. 51.

²⁾ Versluys, J., *Geschiedenis van de Opvoeding en het Onderwys*, ... III, p. 307.

Veral in die begin het die nuwe genootskap baie moeilikhede ondervind; dit het selfs byna ten gronde gegaan as gevolg van inwendige tweedrag. Op sommige plekke, soos byv. in Zwolle, is die oprigting van 'n departement selfs deur die Regering verbied. Dit het veral van die kant van die onderwysers teenkantiing ontmoet.³⁾

Ons het reeds die geleentheid gehad om aan te toon hoedat dit vir die Maatskappy moontlik was om nadat hy met die politieke stryd gemeoid geraak het kragdadig mee te werk in die hervorming van volks-onderrys wat uitgelooop het op die skoolwet van 1801.⁴⁾ Ons het ook reeds betoog dat De Mist goed op hoogte van sake met die werksaamhede van die maatskappy moes gewees het, en die waarskynlike invloed van die werk en strewes daarvan op die vorming van De Mist se denkbeelde oor onderwys, aangedui.⁵⁾

Ook aan die Kaap is die waarde en die noodsaaklikheid van so 'n stigting, wat o.a. ten doel sou hê om die onderwys te bevorder, sterk gevoel. Enige beweging met dit ten doel, sou kon reken op 'n ruime mate van belangstelling en ondersteuning. 'n Aantal van die vooraanstaande manne aan die Kaap het derhalwe besluit om in navolging van die bestaande Maatskappy in die Moederland, 'n soortgelyke hier te stig. Hiertoe is oorgegaan op 15 Julie 1802, en wel onder aanvoering van H. A. Vermaak wat tydens 'n verblyf van twee jaar in die vaderland baie sterk onder die indruk van die nuttigheid van so 'n organisasie gekom het.⁶⁾

Kort na die aankoms van De Mist aan die Kaap, en wel op 13 April 1803, het die twee lede J. A. Horak en J. H. Neethling, in opdrag van die orige sewe lede, die Kommissaris-Generaal in kennis gestel van die oprigting van die Kaapse departement wat onderworpe aan die wette van die Algemene Maatskappy „wier wysheid de ondervinding waarborgt,” ook reeds deur andere wette sy huishoudelike sake gereel het. Reeds hier het hulle as doel aangegee om, volgens die voorbeeld van die Maatskappy in die Republiek, veral te sorg „om het alhier zo zeer verwaarloosd onderwys der Jeugd, te verbeeteren.” Hulle het hom vervolgens om 'n blyk van goedkeuring versoek.⁷⁾

³⁾ *Ibid.*, p. 308.

⁴⁾ Sien p. 52.

⁵⁾ Sien p. 53.

⁶⁾ Sien Van der Merwe, J. P., *Die Kaap onder die Bat. Rep.*, p. 189; Besselaar, G., *Zuid Afrika in de Letterkunde*, p. 231.

⁷⁾ *Notulen de Mist* 1803, Dl. VI, B.R. 109, p. 227.

Die Kommissaris het hiervan met die grootste genoeë kennis geneem en hulle missive onmiddellik „gratieuselyk” beantwoord.⁸⁾ Hy het sy toestemming en goedkeuring gegee in die volgende woorde: „Indien mijne Goedkeuring daarop bij ulieden van eenig gewigt geoordeeld wordt, geeve ik u dezelve in de Volsten zin bij dezen.”⁹⁾ Dit is trouens by hierdie geleentheid dat hy as blyk van sy geneëntheid om van die hulp en voorligting van die Maatskappy gebruik te maak in verband met die behartiging van die belange van die onderwys, hulle uitgenooi het om hom van hulle denkkeelde dienaangaande in te lig.¹⁰⁾ Hy het selfs nie versuim om die Asiatiese Raad in te lig omtrent die bestaan van hierdie Maatskappy nie, en het meegedeel hoedat hy hulle om hulle „consideratien omtrend de Schoolen” versoek het.¹¹⁾

Dit is reeds bekend hoedat die lede van die plaaslike vertakking van die Maatskappy aan die geëerde versoek voldoen het en watter moontlike invloed die idees oor die onderwys aan die Kaap, soos in hulle antwoord vervat, op die Kommissaris gehad het.¹²⁾ Die verhouding tussen De Mist en die lede van die Maatskappy was dus vanuit die staanspoor van 'n intieme aard.

Nadat die stigting 'n voldonge feit was en verseker was van die steun en medewerking van De Mist, is die deure oopgesit vir wyer kringe om toe te tree as lede. Op versoek en in opdrag van diegene wat reeds lede was, het die ywerige sekretaris, C. L. Neethling, wat trouens die eerste sekretaris van die Maatskappy aan die Kaap was, deur middel van die *Kaapsche Courant* 'n uitnodiging aan die publiek gerig om aan te sluit.¹³⁾ Op die „meedeburgers” is 'n beroep gedoen om deel te neem aan die werksaamhede. In dië oproep is ook die doel van die Maatskappy vermeld: „dat is te bevorderen uwen tydelyken en eeuwigen welvaart, zynde het hoofdoel . . . beschaving en verbetering der Zeden; brave Burgers — vlytige Werklieden — eerlyke Huisbezorgers — kuische Echtgenoten — verstandige Vaders — en kinder-lievende Moeders te vormen; en voornamentlyk, verstandige Belyders van den Christelyken Godsdienst — Hierby komt nog het gewigtig vak der opvoeding van de Jeugd, en de verbetering van het Schoolwezen, en van den Landbouw, zo allernood-

⁸⁾ *Ibid.*, (15 April 1803), B.R. 109, p. 49.

⁹⁾ *Uitg. Stuk 97, Not. de Mist* 1803, Dl. VI, B.R. 109, p. 379.

¹⁰⁾ *Ibid.*

¹¹⁾ *Uitg. Brieven 1802-1804*, B.R. 92, p. 127; *Brieven van Com. de Mist aan Bat. Govt.* 1802-1804, B.R. 105, p. 163.

¹²⁾ *Sien p. 39.*

¹³⁾ *Kaapsche Courant*, 30 April 1803.

zakelykst in deze Colonie." ¹⁴⁾ Uit die aankondiging verneem ons verder dat lidmaatskapsgeelde vir die vereniging op 10 Riksdalers p.j. bepaal was. Baie duidelik blyk die belangrike plek wat aan Godsdiensonderwys toegeken is asook die staatsburgerlike aard van die opvoeding wat be-oog was.

Die doel van die Maatskappy is in aanknoping by bogenoemde, by 'n later geleentheid breedvoeriger uiteengesit in 'n rede gehou deur Nicolaas van Es, een van sy lede, wat vervolgens in die *Kaapsche Courant* gepubliseer is. ¹⁵⁾ Nadat hy uitgewei het oor die middels waarmee beskawing en verbetering van die sedes aangehelp kan word, ¹⁶⁾ en 'n uiteensetting gegee het van wat onder 'n „brawe burger" verstaan moet word, ¹⁷⁾ het hy hom meer in die besonder gewend tot „de opvoeding der Jeugd en het Schoolwezen." ¹⁸⁾ Hiermee, betoog hy, is dit ellendig gesteld, vandaar dat 'n hoofdoel van die maatskappy is: „middelen uit te denken om dit kwaad, de bron van zo veel zeden verwoestende ondeugden tegen te gaan en te verhelpen." ¹⁹⁾

Hy het daarop gewys hoedat die Maatskappy reeds 'n aantal keurige „en na den aart der tedere jeugd" geskikte skoolboeke teen so 'n geringe prys uitgegee het, dat selfs die mindervermoëndes dit kan bekostig. Ook die plaaslike bestuur was aanhoudend besig om die geskikste en spoedigste middels ter hand te neem om die bekom van hierdie boekies te vergemaklik, „en voornamentlyk, om onder haar opzicht, de Jeugd een beter onderwys te doen geeven." ²⁰⁾

Verder het hy betoog dat die saak geen uitstel duld nie en dat elkeen, al besit hy nie die kundighede wat van 'n onderwyser van die jeug verwag word nie, sy deel kan bydra. Om vader of moeder te wees veronderstel reeds die goeie wil om die liefdepande tot deug en kennis op te lei. Hy maak dan veral 'n beroep op diegene wat die naam van vader dra, en wys hulle daarop dat hulle niesteenstaande die moeilikhede van hulle beroep en die tyd wat die uitoefening daarvan vereis, selfs ure nog tot hulle beskikking het „om aan u dierbaar kroost een zaadje van deugd in te planten."

¹⁴⁾ *Ibid.* Ek kursiveer.

¹⁵⁾ *Kaapsche Courant*, 18 Junie, 23 Julie en 30 Julie 1803.

¹⁶⁾ *Ibid.*, 18 Junie 1803.

¹⁷⁾ *Ibid.*, 23 Julie 1803.

¹⁸⁾ *Ibid.*, 30 Julie 1803.

¹⁹⁾ *Ibid.*

²⁰⁾ *Ibid.*

Dit is hierdie oplei tot deug, „t welk men zedelyke opvoeding noemt,” wat volgens hom in almal se mag is, „zo onze daaden, onze woorden maar niet beliegen, en men zich altoos toone, zo als men den kinderen hebben wil.” In verband met hierdie sedelike vorming van die kind waarmee reeds tuis 'n aanvang gemaak kan word, doen hy dan die volgende aan die hand: Leuentaal, misleiding, wreedheid, onbetaamlike spotsug, en omgang met slawe, „die alle zaaden van ondeugd in hunne jonge harten aankweeken,” moet nooit geduld word nie. Veral ondankbaarheid, die snoodste aller ondeugde, moet nooit geduld word nie. Intendeel moet hulle geleer word om matig, opreg, geduldig, standvastig, arbeidsaam en behulpsaam teenoor noodlydendes te wees. Maar daar moet veral by hulle aangekweek word 'n diepe eerbied vir die Opperwese waaruit natuurlik die ouerlike eerbied voortvloei. Van Es haal dan die vir hom so treffende woorde van „'n sekere groot digter” aan: „dat hy die God vreest, geene andere vreeze kent,” maar bevind dat die omgekeerde ongelukkig ook waar is, „want wie toch God niet vreest en erkent, zulk een is een monster in de Maatskappy, dewyl zeer zeker geen band hem heilig is.”²¹⁾

In die laaste instansie wys hy ook op die doel van die Maatskappy in verband met die landbou en die akkerbou. Die nuttigheid en voortreflikheid van die landbou word deeglik besef. As die landbou nie floreer nie, droog al die ander bronne van bestaan ook op en bedreig ondergang die staat. Die moeilike taak van die landbouer word ook beklemtoon.

Uit hierdie uiteensetting blyk duidelik die omvangrykheid van die doel van die Maatskappy. Behalwe dat dit hom in die besonder sou beywer vir die onderwys en die sedelike vorming van die jeug, sou dit ook in verskeie ander rigtings probeer voorligting gee.

Aangesien die onderwys van die jeug 'n belangrike punt op hulle program was, was hulle teen dié tyd reeds besig om hulle kragte in te span om die geskikte persoon vir hierdie belangrike werk te vind. „Reikhalzende, om aan het doel van deszelfs oprigting te geraaken,” is diegene wat die nodige bekwaamheid besit en daartoe geneë mag wees om die jeug grondig te onderwys in die lees en skrywe van die moedertaal, in rekenkunde „en andere, tot eene goede opvoeding vereischte Weetenschappen,” uitgenooi om hulle by die sekretaris, C. L. Neethling, aan te meld.²²⁾

²¹⁾ *Ibid.*

²²⁾ *Ibid.*, 30 April, 1803.

Op Vrydag 12 Augustus 1803 is die eerste Algemene of Jaarlikse Vergadering van die Kaapse Departement in die groot saal van die stads-huis gehou. Dit is geopen deur 'n kort maar gepaste toespraak deur J. A. Vermaak, die president en stigter van die Maatskappy aan die Kaap. Hierin het hy die lede gesamentlik aangemaan: „om met vereende krachten werkzaam te zyn ter verbetering van *het Onderwys der Jeugd, zo zeer verwaarloosd in dit land.*”²³⁾

Nadat die eerste penningmeester van die plaaslike tak, G. E. Overbeek, rekening en verantwoording gedoen het van die inkomste en uitgawes, het die sekretaris, C. L. Neethling, verslag gedoen van die werksaamhede van die Departement sedert die tyd van hulle werklike bestaan hier. Hieruit het o.a. geblyk hoedat hulle nadat hulle nie in staat was om plaaslik 'n onderwyser volgens hulle begeerte te bekom nie, dadelik doenig was om sodanige persoon uit die Bataafse Republiek hierheen te laat oorkom.

In navolging van die gebruik van die Moedermaatskappy, is vervolgens besluit om sekere prysvrae uit te skrywe. Die drie persone wat die beste verhandelinge sou lewer oor die drie volgende onderwerpe, te wete: Die voortreflikhede van die „Ricinus” of olyfboom en van die olie wat daarvan gepers kan word; die oorsake, verhoed- en geneesmiddels van die lamsiekte; en die teel van Spaanse skape en die voorkoming van verbastering, sou elk met 'n medalje beloon word.²⁴⁾

Die verhandelinge kon behalwe in die Hollandse, ook nog geskrywe wees in die Franse, Hoogduitse of Engelse tale, mits dit in duidelike Romeinse letters geskied, en moes voor of op 1 Julie 1804 posvry aan die sekretaris gestuur word. Elke verhandeling moes vergesel wees van 'n verseelde briefie, bevattende die naam van die skrywer en die titel van die stuk wat dit vergesel.

Hierna het die vergadering oorgegaan tot die besluit om 'n geskikte gebou aan te koop wat sou kon dien as 'n lokaal waar die gewone vergaderings gehou sou word, asook tot die oprig van die Departement se Skool en Biblioteek.

Die lid J. H. Neethling²⁵⁾ het 'n rede uitgespreek waarin hy betoog

²³⁾ *Ibid.*, 27 Aug. 1803.

²⁴⁾ *Ibid.*

²⁵⁾ Later voorsitter van die Maatskappy; 'n man van heelwat bekwaamhede; is deur die vorige Kommissaris-Generaal vir enige maande tot substituut-fiskaal bevorder, en het sedert die Engelse Bestuur as advokaat en notaris, „met applikasie,” gepraktiseer; was „van een goed en hier geëerd geslacht van onbesproken conductie en een zeer zacht humeur „*Secrete Notulen de Mist* 1802-1804, (12 Maart 1803), B.R. 100, p. 28.

het: „dat waare Volksbeschaving, voor ieder redelyk-denkenenden mensch aller menschenlyk is, en dat daar toe het zyne te hebben kunnen by-brengen, door den menschevrienden Yveraer, als het hoogst genoegen behoord geacht te worden.”²⁶⁾

'n Paar voorstelle het gevolg waaronder „uitgemunt” het die een van die lid J. H. Brinkhoff namens hom deur die Sekretaris ingedien en deur die vergadering met dank aangeneem: „om namentlyk ten voordeele des Departements, in deszelfs gebou, lessen te geeven, aan zodanige Jongelingen, als begeerig zullen zyn om zig in de Wis- en Rekenkunde te oeffenen.”²⁷⁾

Die verrigtinge is afgesluit nadat Vermaak die voorsitterskap oorhandig het aan N. van Es die nuwe president, en laasgenoemde 'n rede gelewer het in dieselfde trant as die van sy voorganger.²⁸⁾

Die lede van die Kaapse Departement het dadelik daarvan werk gemaak om deur aankoop die nodige gebou te bekom. 'n Maand nadat hulle besluit het om tot sodanige aankoop oor te gaan, was hulle in staat om die Goewerneur en Raad mee te deel dat hulle 'n geskikte lokaal op die hoek van Strand- en Bergstrate vir die som 75,000 guldens gekoop het. Op grond daarvan dat die poginge en die werksaamhede van die Departement deels aangewend word „ter bevordering en verbeetering, van het onderwijs der Jeugd ... en alles wat meer de beschaving, Bloei en Welvaart deezer volkplanting kan doen aanwasschen,” en bewus van die goedgesindheid van die Raad, het die Maatskappy die Goewerneur en Raad versoek dat hulle vrygestel mag word van die gebruikelike betaling „des vijftewintigsten penning” op die koop van vaste goedere; 'n versoek wat dan ook nie afgeslaan is nie.²⁹⁾

Met spoed is toe daaraan gewerk om die gebou behoorlik ingerig te kry, sodat die Departement in staat was om op 8 Oktober mee te deel dat die inrigting van die skool hopelik op die 15de voltooi sou wees. Die lede wat begerig mag wees om daarvan gebruik te maak, is derhalwe uitgenooi om daarvan kennis te gee en die nodige opgawes aan die

²⁶⁾ *Kaapsche Courant*, 27 Aug. 1803.

²⁷⁾ *Ibid.*

²⁸⁾ Ook Borchers vermeld in sy *Memoirs* hierdie eerste Algemene vergadering van die Maatskappy aan die Kaap, p. 245.

²⁹⁾ *Bijlagen* 1803 (Sept.), B.R. 39, p. 307; *Res. Pol. Raad* 1803, Dl. III, (22 Sept.), B.R. 3, p. 1809.

sekretaris te maak, nie later as die 12de van die maand nie. Geen leerling onder sewe jaar sou aangeneem word nie, en sodra die getal van die leerlinge 50 sou oorskry, sou „by onpartydige Reductie” en loting beslis word watter kinders vireers nie toegelaat sou kon word nie.³⁰⁾

As ons die volledige voorbereidings getref, en die haas waarmee gewerk is, in aanmerking neem, het ons alle reg om te vermoed dat hierdie skool vir kinders van lede van die Maatskappy bo sewe jaar wel op die bepaalde tyd tot stand gekom het.

Die skool wat aangekondig was om ingevolge die edelmoedige aanbod van die heer J. H. Brinkhoff in die begin van Januarie 1804 opgerig te word, sou dan wel 'n tweede inrigting met hom as leerkrag gewees het. Die onderrig sou ewe-eens in die gebou van die Maatskappy geskied, en wel in Wis- en Rekenkunde en op die volgende tye: in die somer 7 tot 8 in die voormiddag en in die winter van 5 tot 6 in die namiddag. Dit is duidelik dat hierdie lesure gereel was om in te pas by ander gesette tye. Hierdie lesse sou toeganklik wees selfs vir die kinders van ingesetenes wat nie lid van die Maatskappy was nie, maar hulle moes reeds die ouderdom van 14 jaar bereik het. Uit die aangebode vakke en gedagtig aan hierdie ouderdomsgrens, is af te lei dat dit 'n soort van voortsettingsonderwys sou wees.

Ook hierdie klasse sou onder beskerming van die Maatskappy gegee word. Om dit binne die bereik van alle stande te bring, is bepaal dat onvermoëndes die lesse gratis sou kon bywoon, terwyl die kinders uit bemiddelde families daarvoor maandeliks 5 Riksdalers sou moes betaal.

Ouers en voogde wat begerig mag wees om hulle kinders in hierdie wetenskappe te laat onderwys, is uitgenooi om hulle by die sekretaris aan te meld.³¹⁾

Brinkhoff het dus in sy hoedanigheid as onderwyser in die Maatskappy se skool, wat al gou as die „Tot Nut” bekend gestaan het, ongetwyfeld 'n besondere mate van bedrywigheid aan die dag gelê.

Hierdie eerste onderwyser van die „Tot Nut” het voorwaar 'n interessante lewensloop gehad. In Desember 1802 het hy 'n brief aan die Kommissaris gerig waaruit sy geskiedenis duidelik blyk.³²⁾ Hy het in die

³⁰⁾ *Kaapsche Courant*, 8 Okt 1803.

³¹⁾ *Ibid.*, 10 Des. 1803.

³²⁾ *Sien Not. de Mist* 1802-1803, Dl. II, B.R. 107, pp. 150 e.v.

begin van Augustus 1800 onder gunstige omstandighede en vir hom gewenste vooruitsigte, 'n reis van Amsterdam oor Noord-Amerika na Batavia onderneem. By sy aankoms hier in April 1801, is hy egter verhinder geword om sy reis voort te sit. Onder, volgens hom, haatlike en griewende omstandighede en voorwendsels is hy deur die toenmalige Engelse Goewerneur, Sir George Young, op die 15de van die maand van die skip „the Globe” afgehaal om tot nadere bevele hier as krygsgevangene te vertoef. Na herhaalde tevergeefse pogings om weg te kom, was hy genoodsaak om voor geweld en willekeur te buk; „ik was schoon het my byna een droom toescheen een krygsgevangenen.”³³⁾

Na herhaalde versoeke is dit later aan hom toegestaan om te mag vertrek, maar omdat hy nou nie die passaat kon bekostig nie en trouens nie eers sy skulde aan die Kaap aangeaan, kon vereffen nie, was dit nou onmoontlik om te vertrek. Intussen is ook die Goewerneur-Generaal, P. van Overstraaten, wat hom gunstig gesind was, oorlede.

Brinkhoff was trouens teen dié tyd nie meer so begerig om na Batavia te gaan nie en het die Kommissaris versoek om „op de ene ofte andere wyze ten nutte der Maatskappye geemployeerd te worden.”³⁴⁾ Hy verklaar hom veral begerig om besig te mag wees met die saak van die opvoeding: „Wanneer myne wenschen mogte vervuld worden zoude de opvoeding in deszelfs geheelen omvang de voornaamste werkzaamheden van den overrest myns leven's levens moeten uitmaaken. In geen opzicht of betrekking zoude ik ter verkryging van een matig bestaan volgens myne neiging en doorzicht meer ten nutte van de mensheid en het Vaderland kunnen werkzaam zyn, en tevens myne thans meer dan immer geliefkooste zucht tot de Studiën kunnen opvolgen.”³⁵⁾

Hoewel hy dit as voorbarig sou beskou om al dadelik 'n skets te wil gee van die slegte en allerjammerlikste toestand van die onderwys in die algemeen en van die ongeskiktheid en min bedrewendheid van diegene aan wie dit opgedra word, en van die nadelige invloed wat dit op die maatskappy het, vermeld hy dit tog. Hy prys homself dan aan as iemand „die zich bevoorens op de studien en letteroeffeningen ex processu toegelegd [heeft] door de invallende revolutie in den Jaare 1795 in zyn vooruitzigten te leur gesteld [was],” en aan wie die behartiging van so 'n belangrike taak opgedra sal kan word.

³³⁾ *Ibid.*, p. 153.

³⁴⁾ *Ibid.*, p. 156.

³⁵⁾ *Ibid.*, p. 157.

Hy het meegedeel hoedat hy gedurende die laaste twee jaar van sy verblyf in die Republiek, „as Commis Naturalis” van die Uitvoerende bewind fungeer het en hiervan eervol ontslag geneem het.

Die Kommissaris was hom gunstig gesind en het aan hom voorgestel om maar voorlopig in sy buro as „Commis Naturalis” op te tree totdat ander reëlings getref sou kon word.³⁶⁾

Brinkhoff kry dus wel die kans waarna hy gesoek het, nl. om hom aan die saak van die opvoeding te wy. Tog wil dit voorkom asof hierdie eerste onderwyser in die „Tot Nut” van ’n enigszins moeilike temperament was. Die sluier word vir ons so effens gelig in die „Secrete Resolusien,” waar in verband met „suspecte persoonen,” die inwendige rus wat die Kolonie geniet, toegeskrywe word aan die vertrek van ’n aantal oproerige Engelse onderdane’ asook aan die dood „van een oproerig en, omdat hy by zyne kwade gezindheid eenige talenten voegde gevaarlyk ingezetenen Jan Hendrik Brinkhoff.”³⁷⁾

Die skool van die Maatskappy het al gou vordering gemaak; meer en meer aansoeke tot toelating het ingekom. Die gevolg was dat die werk nie meer deur een onderwyser behartig kon word nie en dat die bestuurders hulle genoodsaak gevind het om in Julie 1804 ’n tweede onderwyser te soek. Aansoeke is ingewag van enigiemand van goeie gedrag wat die Nederduitse Taal, skrywe en syfer, grondig verstaan en wat geneë mag wees om teen ’n goeie jaargeld „als tweeden onderwyser” geplaas te word.³⁸⁾

Op Dinsdag 14 Augustus 1804 het die Maatskappy aan die Kaap sy jaarlikse vergadering gehou. Nadat ’n treffende koorsang deur die jong mense uit die skool van die Departement gesing is en die voorsitter J. H. Neethling die vergadering met ’n redevoering oor die pligte van die mens en burger geopen het, het die vergadering in verband met die prysvrae op die vorige samekoms uitgeskrywe, een verhandeling aangewys wat volkome beantwoord het aan die prysvraag oor die „Ricinus” of olyfboom. Die voorsitter het toe die brief wat die verhandeling vergesel het voor die volle vergadering oopgemaak, waaruit dit geblyk het dat

³⁶⁾ *Ibid.* (29 Des. 1802), p. 36.

³⁷⁾ *Secrete Resolusien* (1 Aug. 1804) 1803-1804, B.R. 75, p. 142; *Bijlagen Secrete Resolusien* 1803-1805, B.R. 77, p. 192. Ek kursiveer.

³⁸⁾ *Kaapsche Courant*, 21 Julie 1804, 28 Julie 1804.

die skrywer daarvan die heer P. H. Polemanus, Candid. Chym, en Pharmae was. Hy is vervolgens geroep om voor die vergadering te verskyn om die goue medalje te ontvang.³⁹⁾

Dat die lede van die Departement by voortdoring 'n groot belang gestel het in die werksaamhede van die skool wat onder hulle gersorteer het en die leerlinge steeds tot beter werk aangemoedig het, word daardeur bewys dat die Vergadering vervolgens deur middel van die voorsitter aan vyf skoliere uit die skool behaalde pryse vir gemaakte vordering „met gepaste loffspraken” oorhandig het. Die orige skoliere is „vermaan” om hulle te beywer om ook dergelyke beloning te behaal.⁴⁰⁾

Gedurende die loop van 1805 het alles blykbaar vlot verloop in verband met die skool en het die onderwyser hom met sukses beywer in sy belangrike werk, en veel daartoe bygedra om 'n verhoogde belangstelling by die publiek in onderwyssake aan te wakker. Op Dinsdag 12 Augustus is dan ook andermaal by geleentheid van die Jaarlikse vergadering van die Kaapse Departement „met gepaste aanspraaken en Vermaaningen” deur die voorsitter, pryse oorhandig aan sewe leerlinge uit die departementele skool. Die origes is weer uitgenooi om te probeer „zig door vlyt, leerzaamheid en gehoorzaamheid, ook die Eere waardig te maken.”⁴¹⁾

Die lede van die maatskappy wat tot in 1822, toe as gevolg van wrywing oor 'n geweierde wisselbrief die verband verbreek is,⁴²⁾ voorlopig aan die moedervereniging verbonde gebly het, het vanuit die staanspoor snel toegeneem; reeds in 1807 het dit op 114 gestaan.⁴³⁾

³⁹⁾ *Ibid.*, 25 Aug. 1804. Poleman het reeds in Julie 1803 in medewerking met D. Pallas sekere proewe in verband met die geperste olie van die Ricinus gemaak en vervolgens die Kommissaris versoek om die alleenreg tot die pers van hierdie olie, (*Not. de Mist* (26 Julie 1803), VI, B.R. 109, p. 62) 'n versoek wat ter ooreweging aan Dibbetz, die direkteur van die hospitaal opgedra is (*Ibid.*) Laasgenoemde het na 'n grondige studie en ondersoek aangaande die waarde van die olie, bevind dat die versoek „op goede en billijke gronden gebasseerd is.” Ingek. St. 286, *Not. de Mist*, Dl. VIII, B.R. 110 p. 132. As gevolg van die prysvraag van die Maatskappy waarop die antwoorde nog ingewag moes word, het die Kommissaris dit egter goedgevind „om gedane verzoek om octrooi voor als nog te houden in Advys.” *Not. de Mist* (29 Aug. 1803), Dl. VIII, B.R. 110, p. 36.

⁴⁰⁾ Ook die orige prysvrae is onder behandeling geneem en nuwes is uitgeskrywe. *Kaapsche Courant*, 25 Aug. 1804.

⁴¹⁾ *Kaapsche Courant*, 7 Sept. 1805. Ook aan die prysvrae by die vorige vergadering uitgeskrywe, is aandag geskenk en andermaal is nuwes uitgeskrywe.

⁴²⁾ Hofmeyr, J. H., *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, p. 17.

⁴³⁾ Van der Merwe, J. P., *Die Kaap onder die Bat. Rep.*, p. 189.

Die skool het by voortdoring baanbrekerswerk in die hoofstad verrig en het nadat dit 'n periode van kwyning deurgemaak het, in die dertigerjare kragdadig gevorder. In 1833 het sowat 360 leerlinge en 11 onderwysers intrek geneem in 'n sierlike nuwe gebou wat opgerig was op model van skoollokale in Holland en ingerig was om sowat 600 leerlinge te bevat.

Na 1860 het die skool die mededinging van ander skole begin voel en teen 1870 het die skuld op die gebou 'n swaar las geword. Teen die end van hierdie jaar, na die dood van die hoof, mnr. de Kock, is die taak van die skool as afgedaan beskou.⁴⁴⁾

Twee vername kentekens van die skool was die belangrike plek wat godsdiensonderwys steeds op die leerplan ingeneem het en die ywer tot die bevordering van die moedertaal.

Onder sy menigte van oud-leerlinge het die skool getel volks- en kerkmanne soos Nicolaas Hofmeyr, Jan Henoch Neethling, J. H. Hofmeyr (Onze Jan) en prof. J. G. Marais.

⁴⁴⁾ Hofmeyr, J. H., *op. cit.*, p. 18. Vir 'n oorsig van die latere geskiedenis van die skool, sien Du Toit, P. S., *Onderwys in Kaapland*, pp. 74-75.

HOOFSTUK VIII.

ONDERWYS IN DIE BUITEDISTRIKTE.

TOESTANDE IN DIE ALGEMEEN.

Een en ander aangaande die onderwys in die buitestedistrikte het reeds uit 'n vorige hoofstuk duidelik geword. Ons het byv. verneem hoedat De Mist met die oog op die optrek van sy Memorie, 'n voorlopige ondersoek dienaangaande ingestel het en tot die slotsom gekom het dat 'n vermeerdering van die getal van die onderwysers wat aldaar werksaam was, aansienlik sou kon bydra tot die verspreiding van die so hoog nodige eerste beginsels van die beskawing.¹⁾ Ook het ons verneem hoedat die Staatsbewind die behartiging van die belange van die Onderwys aan die Kaap, in die besonder aan die Goewerneur opgedra het, hoedat hulle 'n besondere waarde geheg het aan die gebruik van die drukpers as hulpmiddel hier,²⁾ en hoedat beide die Kommissaris en die Goewerneur vervolgens kort na hulle aankoms bedrywig was en reeds met die instelling van die Regeringsliggame aan elk van die vernaamste Kolleges, te wete die Politieke Raad en die Raad der Gemeente, sy besondere werk i.v.m. die onderwys aangewys het.³⁾

Heelwat lig omtrent die toestande waarin die onderwys in die binneland verkeer het, word gewerp deur die briewe wat die Goewerneur en die Kommissaris aan mekaar geskrywe het by geleentheid van hulle landsreise beurtelings afgelê. By hierdie geleenthede het beide uitgestrekte gedeeltes van die binneland deurreis en selfs die verste uithoeke nie oorgeslaan nie.

Janssens was eerste aan die beurt en het op 3 April 1803 sy meer-
vermelde reis aanvaar. Die bevindinge deur hom opgedoen gedurende hierdie reis betreffende die algemene toestand van die onderwys in die buitestedistrikte, en veral in die verafgeleë dele, is uiters belangrik. In 'n brief uit Swellendam onder datum 9 April, deel hy sy eerste indrukke

¹⁾ sien p. 2.

²⁾ sien p. 10.

³⁾ sien pp. 10—13.

aan die Kommissaris mee. Die mans beskrywe hy as „zonderling schoon, en schijnen goede inborsten met veel vooroordeel te hebben, braave voorgangers...”⁴⁾ Tog was dit vir hom baie duidelik dat „opvoeding en instructie ontbreekt hen, en niets behoeven zij meer dan dat.”⁵⁾ Hy lê vervolgens sy vinger op die oorsaak van hierdie kritieke toestand en bring dit met die volgende nadruklike woorde en aanbeveling onder die ernstige aandag van die Kommissaris: „Ik zoude vermeenen dat de Commissaris Generaal geen dag verliezen moest om uijt het Vaderland drie predicanten te laten komen, benevens ten minste een douzain schoolmeesters, maar dan, om Gods wil, door U.E. of die geene door U.E. volkomen betrouwen op hebt, uijt te zoeken, want zyn dezelve niet deugdzaam en verstandig zullen zij zoo veel kwaad doen als er anders goed van te verwagten is.”⁶⁾ Die betrekkinge moet nie op 'n basis van guns maar wel van verdienstelikeit, en aan uitgesoekte persone toegeken word. Hy beskou dit ook as van groot belang dat aan die onderwysers wat mag kom, nie vooraf 'n besondere plek toegesê moes word nie, maar dat hulle volkome tot die beskikking van die Regering moes wees, „om dezelve te etablisseeen daar waar zij het nuttigste bevonden zouden worden.”⁷⁾

Ook Janssens kon dus op grond van gedane ondersoek, bevestig dat die gebrek aan die nodige onderwysers 'n struikelblok in die weg van 'n effektiewe opvoeding van die jeug was. Waar hy nog onderwysers onder die boere aangetref het, moes hy ontwaar dat hulle onderwys maar veel te wense oorgelaat het. In 'n brief uit Mosselbaai het hy dan ook o.a. die volgende aangeteken: „Onderwijs behoeven zij boven al, maar hoe dit bezorgd? De predicanten verbeelden zig te groote heeren te zijn, de schoolmeesters zijn meest waanwijs, en zelden wijs, en de menschen wonen zoo verre uijt een dat het nog moeilijk zijn zal plaatsen voor de schoolmeesters uijttedenken, waar zij eenigzins tot algemeen nut zijn kunnen.”⁸⁾

Nog voordat De Mist op sy beurt op reis gegaan het, het hy tydens 'n uitstappie vroeg in Maart 1803 na Simonsbaai en omstreke gedaan, 'n aanduiding gekry van wat hy sou kon verwag in verband met die toestand van die onderwys in die meer afgeleë dele van die Kolonie. So aangedaan was hy weens die swak toestand van die onderwys en gods-

⁴⁾ Janssens-De Mist (9 April 1803), Theal, *Dokumenten*, III, p. 209.

⁵⁾ *Ibid.*

⁶⁾ *Ibid.*, p. 210.

⁷⁾ *Ibid.*

⁸⁾ Janssens-De Mist (16 April 1803), *Ibid.*, p. 212.

diens aldaar, dat hy besluit het om dit 'onder die aandag van die predikante van die Hervormde Gemeente van die Kaap te bring. Hy het ontwaar dat die staat van die Godsdiens en die onderwys „in het bitterst verval” was, „of liever, dat buiten het geen zommige geschikte ouderen daartoe binnen hunne huizen gebrekkig bybrengen, beide aldaar geheel onbekend zyn,” en dit nieteenstaande dat, volgens die opgawe van die bevolking, 180 blankes en 420 Hottentotte en slawe hulle aldaar bevind het nie.⁹⁾

Nadat hy gewys het op die nadelige gevolge van so 'n toestand, het hy aanbeveel dat die Heilige awendmaal sowel as die Heilige doop, vier maal per jaar daar bedien moes word, en bowendien as 'n dringende noodsaaklikheid onderstreep „dat eene geschikt persoon aldaar bescheiden worde van een onbesprooken gedrag, en van zo veel gezond verstand, om, behalwen het dagelyksch onderwys der Jeugd in het leezen, schrijven en rekenen, des Zondags morgens de Inwoonderen aldaar te stichten door het voorlezen van eenige daartoe interigten toepasselyke gebeden . . . alles zonder het aanvoeren van eenige dogmatiese geschillen tusschen bijzondere Kerkgenoodschappen.”¹⁰⁾

Dit was nie lank na hierdie kennismaking met die toestande wat nie ver van Kaapstad self geheers het nie, dat De Mist oorgegaan het tot die optrek van die reeds behandelde proklamasie van Junie 1803, wat hy deur publikasie onder die aandag van die hele volksplanting gebring het, en waarin hy in die besonder gedink het aan die heersende toestand van die onderwys in die binneland en vervolgens op die ingesetenes 'n beroep gedoen het om alles in hulle vermoë te doen om hierin verbetering te bewerkstellig.¹¹⁾

Die reis van die Kommissaris wat hy in Oktober van hierdie jaar onderneem het, — iets meer as twee maande na die terugkoms van die Goewerneur —, het hom in staat gestel om persoonlik met die koloniste in aanraking te kom en 'n insig in hulle leefwyse te kry en homself daarvan te oortuig dat wat Janssens oor die gebrekkige onderwys geskrywe het, nie oordryf was nie.¹²⁾ Dat De Mist aanvanklik heelwat bevooroordeeld was teen die boere, staan vas. Hy het onder die invloed van

⁹⁾ Com. Genl. — Predikante Herv. Gemeente (24 Maart 1803), *Not. De Mist* 1803, Dl. V, B.R. 109, p. 273.

¹⁰⁾ *Ibid.*, p. 275. Dit is dan ook geen wonder dat hy, soos reeds aangedui, later in sy Skoolorder spesiale voorsiening gemaak het vir die onderwys in Simonsbaai.

¹¹⁾ Sien p. 15.

¹²⁾ Sien o.a. brief aan Janssens uit Roode Zand (26 Nov. 1803), *Not. De Mist* 1803-1804, Dl. IX, B.R. III, p. 37.

Barrow gestaan na wie se werk en bevindinge hy soms verwys het. Aangenaam was hy egter verras, toe hy op 2 Desember by veldkornet Du Toit, naby Swellendam woonagtig, nadat hy vriendelik onthaal was, gevind het dat sy vrou, om sy eie woorde aan te haal: „In hare lewenswys zoo welopgevoed [was] dat men haar gemaklik in de fatsoenlike gezelschappen in het Vaderland zoude kunnen introduceeren.”¹³⁾

Ook die drie lede van die Kommissie van Landbou en Veeteelt, tewete die voorsitter, W. S. van Ryneveld, 'n ander Angloman, P. J. Truter en L. Huizer, wat 'n paar jaar later as Janssens en De Mist, en wel in September 1805, op reis gegaan het en die westelike helfte van die Kolonie deurreis het om wolskape aan die boere te toon en die voordele van die wolskape by hulle aan te prys,¹⁴⁾ het in hulle rapport, — 'n baie interessante dokument, — gelykluidende getuienis aangaande die onderwystoestande soos deur hulle aangetref, gegee. Tog het hulle gevind dat die ouers nie heeltemal onverskillig was omtrent hierdie belangrike saak nie; „een ieder lamenteerd zeer het gebrek aan onderwys zijner kinderen.”¹⁵⁾

Terwyl beide Janssens en De Mist die gebrekkige in die onderwys in die duidelikste kleure geskets het, het hulle egter nie versuim nie om omstandighede en faktore aan te dui wat grootliks vir hierdie toestande verantwoordelik was. Waar die mense in die reël nie onverskillig was aangaande die groot saak van die opvoeding van hulle kinders nie, was daar nl. sekere faktore wat 'n effektiewe onderwys in die weg gestaan het. Op die oosgrens was dit veral die toestand van onveiligheid, onbestendigheid en onsekerheid wat veroorsaak was deur die aanhoudende en stelselmatige plundertogte van die kaffers. Dit was dan ook hoofsaaklik om te beproef „of door zijne tegenwoordigheid en tusschenkomst een einde kon worden gemaakt aan de onlusten en verwoestingen, zedert eenen geruimen tijd aldaar hebbende plaats gehad,” dat Janssens sy landsreis onderneem het.¹⁶⁾ Die Goewerneur het dan ook tydens sy reis ruim geleentheid gehad om homself te oortuig van die haglike toestande waarin die grensbewoners hulle bevind het. In die omstreke van Mosselbaai het hy op 'n plaas 'n hele aantal mense bymekaar aangetref „welke uit onderscheide plaatzen uit de binnenlanden door de Caffers en oproerige Hottentotten zijn geplunderd en verjaagd.”¹⁷⁾ Hierdie persone

¹³⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 145.

¹⁴⁾ Sien Gie, S. F. N., *Gesk. vir S.A.*, II, p. 116.

¹⁵⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 428.

¹⁶⁾ Uitg. St. 78, *Not. De Mist* 1803, Dl. V, B.R. 109, p. 277.

¹⁷⁾ Molsbergen, *Reizen . . .*, IV, p. 111.

het vertel van „verscheydene scenes van gruwelen” wat in die distrikte plaasgevind het. In sy briewe het die Goewerneur telkens melding gemaak van vlugteling, en van verlate plase wat verbrand is nadat die kaffers die eienaars vermoor het.¹⁸⁾ Hierdie vlugteling het dan dikwels in belang van hulle veiligheid in groepe saamgekom. So het die Goewerneur by 'n sekere Botha aan die Stinkrivier, 'n aantal mense gevind wie se plase deur die kaffers en Hottentotte verbrand was.¹⁹⁾

Tekenend is ook 'n brief van die Goewerneur uit Algoabaai, waarin hy o.a. as volg geskrywe het: „Ik wenschte Uw een denkkebeeld van dit thans ongelukkig land te kunnen geeven: alomme plaatsen afgebrand en verlaten; de ingezeetenen zwerfende van den eene op den andere, zoo als het bouwen van hun plekje grond of het weijden van hun vee zulks vorderd. Hier aan schijnen zij reeds gewoon, en dit is voor hun, en voor het bestier, een groot kwaad; men vraagd hier niet meer waar woond die of die? maar waar legd thans die of die? legt dat klomje menschen nog daar of daar?”²⁰⁾

Soortgelyk was ook die tonele wat die Kommissaris moes aanskou tydens sy reis. Ook hy kon getuig van die verwoestings deur die Kaffers aangerig. Hy het o.a. vertel van 'n sekere Weyers wat toe 63 jaar oud was, wat vroeër welvarend was en deur die Kafferoorlog verarmd was, van geplunderde gesinne wat hulle by die Kromme Rivier gevind het en van verwoeste plase, o.a. van die plaas van Du Préz naby die Groot Visrivier wat hulle as 'n ruïne aangetref het.²¹⁾

Dit is nie moeilik om te verstaan dat die mense wat op hierdie manier geteister was nie veel kans sou gehad het om ernstig na te dink oor die onderwysbehoefte van hulle kinders nie en om daarin te voorsien nie.

Hierdie onbevredigende toestande is egter aangehelp deur 'n verdere faktor wat hom ook ter deë laat voel het en wat 'n veel groter gebied aangetas het. Dit was nl. die feit dat oor 'n groot oppervlakte 'n betreklike geringe getal huisgesinne versprei was, met die gevolg dat die afsonderlike families ver van mekaar gewoon het. Tereg kon die Goewerneur in naam van die Politieke Raad aan die Kommissaris-Generaal meedeel: „Het ontbreekt er en moet er aan Onderwijs ontbreken, en hoe zeer men verlangd goede Schoolen te stigten, zal er voor als nog een byna onoverkomelyke zwarigheid in zyn, door de groote afstand die de

¹⁸⁾ Sien o.a. Molsbergen, *Reizen*, IV, pp. 113, 117, 120 en Theal, *Dokumenten*, III, p. 214.

¹⁹⁾ Janssens De Mist, Mosselbaai (16 Apr. 1803), Theal, *Dok.*, III, p. 211.

²⁰⁾ Janssens-De Mist, Algoabaai (12 Mei 1803), Theal, *Dokumenten*, III, p. 218.

²¹⁾ Sien Molsbergen, *Reizen*, IV, pp. 230, 235, 237 en 241 resp.

eene woning van den anderen heeft." ²²⁾ Hy vervolg dan: „de Europiaanen die zig van den beginne buiten hebben nedergezet, kunnen niet verondersteld worden, tot de meest reedelyke Classe te hebben behoord — derzelve kinderen hebben geen andere voorbeelden als die van de ouders en by de vermoedste bekoomen zy Onderwys, meest al door persoonen, van dezelve stand en klasse, als de eerste bewooneren waaren." ²³⁾ Terwyl Janssens gekonstateer het dat die ondervinding geleer het dat die buitelandstrikte meermale die grootste ongerustheid aan die Regering veroorsaak het, het die Kommissaris bevind dat een van die hoofsaake van die wantoestande in die Kolonie gesoek moet word „in zyne al te groote uitgestrektheid." ²⁴⁾ Dit was gedeeltelik om hierin verandering te bring dat hy besluit het tot die stigting van die twee nuwe distrikte, Uitenhage en Tulbagh.

Selfs Barrow het 'n verskoning vir hierdie toestande aangebied waar hy geskrywe het: „the means of Education, it is true, must be very difficult to be had among a people so widely scattered over a vast extent of country as the peasantry are in the colony of the Cape." ²⁵⁾

Hierdie toestande is verder nog in 'n sekere mate aangehelp deur die trekgees wat vaardig was onder die veeboere. Daar was 'n voortdurende trekbeweging aan die gang. As dit nie „die eenvoudige trek agter die vee aan was nie," dan was dit as gevolg van die gewoonte om gedurende sekere tye van die jaar van standplaas te verander. Die Kommissie van Landbou en Veeteelt het bevind dat die beskawing in die verafgeleë distrikte maar langsaam „voortgegaan" het, „of gaat, om zo te spreken, zelfs veel eer ten agteren." Dit skyn volgens hulle grotendeels toegeskrywe te moet word aan die gebrek aan verbindingsmiddele met die hoofstad en by sommige in die Roggeveld veral, aan die swerwende lewe wat die ingesetenes daar te voer het; „zijnde men genoodzaakt in den winter met het geheele huishouden op te breek, en in de Carro in stroohutten verblijf te houden." ²⁶⁾

Dat as gevolg van die so pas behandelde leefwyse en omstandighede van 'n groot aantal van die koloniste op die uitwyke van die Kolonie en die gevolglike gebrekkige toestand waarin die onderwys verkeer het, nogal 'n betreklike groot aantal kinders van die voorregte aan 'n doel-

²²⁾ Ink. St. 364, *Not. De Mist* 1803-'04, Dl. X, B.R. 111, p. 335.

²³⁾ *Ibid.*, p. 336.

²⁴⁾ *Not. De Mist* 1803-'04, Dl. IX, B.R. 111, p. 295.

²⁵⁾ Barrow, J., *Travels*, I, p. 82.

²⁶⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 425.

treffende opvoeding verbonde, verstoke was, kan ons met reg aflei van die feit dat die ou boere in die reël groot huishoudinge gehad het en ryklik met kinders geseën was. Laasgenoemde het veral vir De Mist baie getref, sodat hy herhaaldelik daarvan melding gemaak het. Hy vertel o.a. hoedat hy aan die Klein Visrivier by 'n familie aan huis was waar die veertigjarige gasvrou vyftien kinders gehad het, terwyl in drie verdere huise deur hulle besoek, daar uit vyf huwelike, 61 kinders gebore was, 51 waarvan nog in lewe was.²⁷⁾ In die landstreek van Goudini het hy by 'n besonder beskaafde wynboer Daniel du Toit oornag. Sy gasheer wat toe 71 jaar oud was, was driemaal getroud. Hy het toe met sy derde vrou gelewe wat maar 30 jaar oud was. Ook uit hierdie huwelike is baie kinders gebore, die jongste waarvan nog drie jaar oud was nie. Sy oudste seuns was ook al grootvader en sy nakomelingskap het bestaan uit 83 siele.²⁸⁾

Dan is daar nog die geval van die kolonis J. van der Merwe by die Breërivier, wat 'n menigte familielede gehad het. Sy eie gesin het uit 12 kinders bestaan wat veral uitgemunt het vir hulle „reusachtige gestalte.” Sy vader het onlangs gesterf, maar nie voordat hy sy goue bruilof gevier het en 108 jaar oud geword het nie. By dié geleentheid is alleen die naaste bloedverwante uit die sylinie genooi, en tog was daar 170 Van der Merwes bymekaar.²⁹⁾ Aan die Valsrivier naby Swellendam, het De Mist die familie aangetref van 'n sekere Van Rensburg, wat die vorige dag begrawe is. Sy vyf-en-sestigjarige weduwee het 17 kinders gehad, 14 waarvan nog in die lewe was, terwyl sy hele nakomelingskap reeds 100 siele getel het.³⁰⁾ Op die plaas Groote Rietvalley, geleë aan die Bergrivier, het hy kennis gemaak met J. Loubser. Hier is daagliks 105 monde gespysig.³¹⁾

Ook Janssens het weens sy ondervindinge op sy landsreis opgedoen, gewag gemaak van die groot families, o.a. waar hy aangeteken het: „De landlieden hebben doorgaans talryke families.”³²⁾ Met hierdie aangehaalde gevalle sal ons volstaan. Hulle is genoeg om ons daarvan te oortuig dat in die binneland die onderwys van 'n groot aantal kinders op die spel gestaan het en dat die nadelige gevolge van die gebrekkige in die onderwys noodwendig 'n groot omvang moes aangeneem het.

²⁷⁾ Molsbergen, *Reizen*, II, pp. 183, 184.

²⁸⁾ *Ibid.*, IV, p. 218.

²⁹⁾ *Ibid.*, p. 219.

³⁰⁾ *Ibid.*, p. 225.

³¹⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 124.

³²⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 109.

Dit is nie moeilik om te begryp dat baie van die bewoners van die binneland weens die omstandighede waaronder hulle gelewe het en weens die afwesigheid van beskawingsinvloede, daaraan blootgestel was om van hulle kultuur en beskawing kwyt te raak nie. Dat 'n proses van verwildering in sekere dele dan ook ongetwyfeld aan die gang was, sou ons nie wil betwis nie.³³⁾ As ons alles in aanmerking neem, verbaas dit ons egter dat hierdie proses van verwildering nie meer slagoffers geëis het nie en dat nie meer van hulle die prooi van agteruitgang geword het en tot blinde barbarisme verval het nie.

Dit sou verkeerd wees om tot die gevolgtrekking te kom dat so 'n proses 'n algemene verskynsel was en dat die nadelige gevolge daarvan omvangryke afmetings aangeneem het. Die lede van die Kommissie vir Landbou en Veeteelt kon dan ook na aflegging van hulle reis in die binneland, hieromtrent as volg getuig: „Hoe onbeschaafd in sommige districten verskeide bewoonders ook zijn, die, schoon zij het doen kunnen, zij de eerste redelijke behoeftens van het leven niet veroorloven, enkel gesteld zijn de op hun gemak en zig nevens hunne kinderen kledende met schaape vellen broeken en baatjes, zoo treft men, voor zo verre de Commissie oppervlakkig heeft kunnen nagaan, er egter geene eigentlijke zedeloosheid aan. Men is zeer gesteld op wettige huwelijken. Op den godsdienst schijnt men prijs te stellen, de Bybel, een gebeden of ander godsdienstelijk boek, liggen overal by der hand . . . Een ieder wenscht (egter) in zijn district of in de nabijheid een kerk te hebben. Een ieder is gesteld op het doopen zijner kinderen, den eed houdt men voor een heilige zaak, nooit gaat men zonder te bidden aan tafel zitten.”³⁴⁾ Dat ook die lede van hierdie kommissie egter besorgd moes gewees het oor wat sou kon gebeur as hierdie toestande langer sou voortduur, is af te lei uit hulle woorde wat dan volg: „. . . deeze zijn dus alle kleine overblijfselen van goede zedelijke indrukzelen uit min of meer beschaafde voorouders voortgevolgied, welke egter, wanneer men de omstandigheden en de wijze van leven gade slaat niet anders geacht kunnen worden als allengskens te zullen moeten verdwijnen.”³⁵⁾

Daar moes dus ongetwyfeld tog invloede onder hulle aanwesig gewees het wat as teenwig gedien het om hulle teen totale verval en verbastering van hulle sedes te vrywaar. Een van hierdie kragte was ongetwyfeld die godsdienssin van die koloniste, waarvan bogenoemde

³³⁾ Vir voorbeelde sien o.a. Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Komp.*, pp. 171—176.

³⁴⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 428.

³⁵⁾ *Ibid.*

Kommissie melding gemaak het, 'n eienskap wat die meeste van hulle eie was. 'n Godsdienstige stemming het in elke huis geheers, die Bybel wat dikwels die enigste boek was wat 'n plek in die huishouding gevind het, was die daaglikse bron van lig en krag; huisgodsdienis het 'n ere-plek ingeneem³⁶⁾ en waar dit enigins moontlik was, is die kerk gereeld, of waar dit nie kon geskied nie, met gereelde tussenposes besoek. Die oubaas Du Preez uit die distrik Swellendam, wat op sestigjarige leeftyd sy kerk as 'ouderling gedien het en elke Sondag na die kerk gery het, hoewel dit hom ses uur daarheen en net so lank terug geneem het,³⁷⁾ was seker nie 'n uitsondering nie. Nog twintig jaar later kon 'n medewerker in die *Zuid-Afrikaanse Tydschrift* met verwysing na Lichtenstein se beskrywing uit hierdie tyd, dat die volksplanting „'n geheel godsdienstige liggaam” was, as volg getuig: „Het is onloochenbaar waar, dat... men onder de Zuid-Afrikanen en vooral onder de buitenlieden, meer godsvrucht, meer godsdienstige kennis en reiner zeden aantreft, dan onder vele dorpelingen in Holland en Engeland.”³⁸⁾

Waar ons hier te doen het met kerneienskappe van mense wat van baie voorregte van opvoeding en beskawing verstoke was, dien ons in die verbygaan 'n ander tipiese kenmerk van hierdie eenvoudige mense te vermeld, wat hulle bestempel het as lede van 'n beskaafde gemeenskap, en wel hulle gasvryheid. Reisbeskrywers en ander waarnemers was dit steeds oor hierdie saak eens, en het in die reël nie versuim om met waardering daarvan melding te maak nie. Selfs persone wat teenoor hulle godsdienstigheid maar skepties gestaan het en daaromtrent kon aantekene „it is only the outward shew of a Sunday morning; for, except on that day, they never have any concern with their Prayers or their Hymn book,”³⁹⁾ en dat hulle godsdienis slegs is „een godsdienst gemaakt voor den Zondag, en geen anderen dag in de week,”⁴⁰⁾ kon nie anders as om te getuig van hulle „allervriendelykste herbergzaamheid.”⁴¹⁾

Ook die bevindinge van Janssens en De Mist was in ooreenstemming hiermee en ook hulle het dit telkens vermeld. Janssens se vermelding in woorde soos die volgende: „vriendelike geleiders,” „de familie ontging ons met beleefdheid,” „de familie overlade ons met beleefdheid” en „de lieden onthaalde ons byzonder goed,”⁴²⁾ lewer voldoende bewys hiervan.

³⁶⁾ Sien o.a. Borchers, P. B.; *An Auto-biographical Memoir*, p. 55.

³⁷⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 224.

³⁸⁾ *Zuid Afrikaansche Tydschrift*, 1824, p. 29.

³⁹⁾ Percival, R. C., *The Cape of Good Hope*, p. 274.

⁴⁰⁾ Semple, R., *Wandelings en Schetsen aan de Kaap*, p. 25.

⁴¹⁾ *Ibid.*, p. 129.

⁴²⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, pp. 102, 109, 124 en 173 resp.

Hy kon o.a. aanteken : „Het geene men van de gastvrijheid zegt en schrijft is niet overdreven.”⁴³⁾ Ook De Mist self het telkens melding gemaak van vriendelikheid en gasvryheid wat hom en sy geselskap op sy reis te beurt geval het.⁴⁴⁾ Selfs Barrow wat, soos ons weet, in die reël nie iets goeds in die boere kon ontdek nie, kon nie anders as om van hulle te getuig : „Rude and uncultivated as are these minds, there is one virtue in which they eminently excel — hospitality to strangers,”⁴⁵⁾ terwyl 'n Engelse offisier wat ongeveer dieselfde tyd sy waarneminge hier gemaak het, sy ondervinding in die volgende bewoording gestel het : „It is a trite, but yet a true remark, that the farther we remove from the capital, and its immediate vicinity, we are more hospitably and kindly welcomed by the inhabitants.”⁴⁶⁾

Behalwe die genoemde godsdienstigheid van die boere wat hulle deels gevrywaar het teen algehele verwildering en verbastering van sedes, was daar egter nog 'n ander beskawingsfaktor wat sy heilsame uitwerking op die koloniste laat voel het, nl. die mate van onderwys wat hulle wel gehad het en wat hulle bekom het deur middel van boereskoolmeesters en huisonderwysers wat op die boereplase werkzaam was. Ons bedoel hier die meesters wat in die huishoudinge opgeneem is en as een van die familie aan die kinders op gesette tye letteronderrig gegee het, of diegene wat rondtrekkend was om dan gedurende 'n paar maande op 'n sekere plaas onderwys te gee waarna dieselfde werk op 'n ander plaas herhaal is.

Hierdie stelsel van boereskoolmeesters was reeds gedurende die Kompanjie se bewind in volle swang en het by gebrek aan iets beters met goedkeuring van die Owerheid en met hulle medewerking 'n groot omvang aangeneem en in 'n dringende behoefte voorsien.⁴⁷⁾ Die Regering het nl. posttiewe hulp verleen deur amptenare van laer rang, as knegte aan die boere af te staan. Sedert 1692 is skriftelike kontrakte tussen Vryburgers en knegte vereis. Die skaarsheid van goeie onderwysers het tot gevolg gehad dat die „geleerdste” van hierdie knegte ook as onderwysers vir hulle kinders gebruik is.

Dit was hierdie stelsel wat ten spyte van herhaalde pogings wat gedurende die 18de eeu owerheidsweë aangewend is om dit tot niet te

⁴³⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 206.

⁴⁴⁾ Sien o.a. Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 237 en Theal, *Dok.* III, p. 145.

⁴⁵⁾ Barrow, J., *Travels*, I, p. 83.

⁴⁶⁾ *Gleanings in Africa*, p. 277.

⁴⁷⁾ Vir 'n volledige behandeling hiervan sien Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 68—80, 166, 266—270.

maak en deur 'n beter stelsel te vervang, desnieteenstaande bly voortbestaan het; die gehalte van hierdie onderwysers was nl. in die reël maar baie laag, sodat die onderwys self maar al te dikwels veel te wense oorgelaat het.

Herhaalde verwysings na private skoolmeesters ook gedurende die periode hier onder behandeling, laat blyk dat die indiensneem van private meesters nog steeds die enigste uitweg gebied het in die nakom van die moeilike verpligting wat daar op die skouers van die ouers en die owerheid gerus het om in die onderwysbehoefte van die talryke jeug in die binneland te voorsien. Beide Janssens en De Mist het gedurende hulle landsreise geleentheid gehad om met hierdie mense kennis te maak, 'n nadere kennismaking wat nie juis tot voordeel van laasgenoemdes gestrek het nie. Dit is omtrent hulle wat Janssens bevind het dat hulle „meest waa'nwijs en zelden wijs” was.⁴⁸⁾

Terwyl dit vir De Mist opgeval het dat die koloniste in die binneland matige wyndrinkers was, het hy bevind dat „gewezen matrozen en soldaten, die nu knecht of Schoolmeester waren” hulle soms aan drank te buite gegaan het.⁴⁹⁾ In die „Memorie over de Kaap” word ook gewag gemaak van 'n private meester,⁵⁰⁾ terwyl ons origins verneem dat in die distrik van Stellenbosch alleen, daar teen die middel van 1806 vier-en-twintig private meesters werkzaam was, wat „op het land onder de wyd en zyd verspreidde christen families woonden; en in het onderwys der kinderen werkzaam waren.”⁵¹⁾ As rede vir hierdie „menigte van private Schoolmeesters,” word dan aangegee die uitgebreide grense wat dit onmoontlik maak vir die verafwonende families om hulle kinders na die dorpskool te stuur.⁵²⁾

Dit was dan ook om 'n beter orde en meer sisteem te bring in die hele stelsel dat die Skooldkommissie van Stellenbosch wat intussen saamgestel is uit die landdros en die predikant in uitvoering van De Mist se meervermelde ordonnansie, in Maart 1806 opgetrek het hulle „Instructie voor de Respective Schoolmeesters die by de Ingeseetenen inwoonen buyten den dorpe Stellenbosch en de Paarl waarna zylieden hun sullen moeten gedragen.”⁵³⁾

⁴⁸⁾ Theal, *Dok.*, III, p. 212.

⁴⁹⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 224.

⁵⁰⁾ Theal, *Dok.*, III, p. 119.

⁵¹⁾ *Zuid Afrikaansche Tydschrift*, Dl. II, 1825, p. 416.

⁵²⁾ *Ibid.* As ons die uitgebreidheid van die gebied in aanmerking neem waarvan daar hier sprake is, sou ons kon beweer dat die getal private onderwysers maar gefing was; in dié geval sou ons egter besig wees om gebruik te maak van moderne maatstawwe.

⁵³⁾ *Instruksies vir Onderwysers, ens. 1805-1835*, 22/183.

In sewentien artikels is hierdie saak nader uiteengesit. Geen privaat skoolmeester sou toegelaat word wat nie deur die Skolarge van die distrik geëksamineer en goedgekeur is nie; hulle moes indien nie deur wettige redes verhinder nie, die hele jaar skoolhou en die jeug alleen op die volgende dae vakansie gee: gedurende Paas en Pinkster en die twee daaropvolgende dae, vanaf die dag voor Nuwejaarsdag en op Hemelvaartsdag. Die onderwysers moes die hele week skoolhou, in die voor- sowel as in die namiddag, behalwe gedurende Woensdag- en Saterdagmiddag, „als dienende tot een uytspanning voor de Jeugd.”⁵⁴⁾ Hulle moes die skool open en eindig met 'n gebed en danksegging, asook met die sing van een of meer verse uit die psalms, en moes toesien dat dit met orde en eerbied verrig word asook dat die leerlinge by die uitgaan van die skool telkens die goeie sedes en deugde aanbeveel en hulle uitdruklik gelas word om hulle stil en ordelik buite die skool te gedra.

Die seuns en die dogters moes afsonderlik sit en onderskeiding geniet in verhouding met hulle bekwaamheid.

In die skool sou geen boeke toegelaat word wat nie reeds in gebruik was nie, met die uitsondering egter van boeke wat die Skoolkommissie nuttig sou mag vind.

Die meesters moes hulle leerlinge ernstig vermaan om die Here te vrees, hulle owerheid, lerare en almal wat oor hulle gestel is, ook die oues van dae, altyd en orals eerbied te bewys, om ook hulle medeleerlinge vriendelik te behandel, nie die Here se naam te ontheilig nie, geen vuil en lasterlike woorde te gebruik nie, en om niemand op enige manier te beledig of te erger nie, het sy met woord of daad.

As die geleentheid hom sou voordoen om na die dorp en die kerk te gaan, moes hulle hul skoliere daarheen vergesel en sorg dat die kinders met eerbied en aandag luister. Aangesien dit egter veelal nie moontlik was nie, moes die meesters Sondae die huisgodsdienste met die kinders waarneem, hulle laat bid en sing en vir hulle 'n preek of iets stigteliks voorlees.

Die skoolmeesters moes sorg vir goeie tug en orde, en die vlytiges wat hulle goed gedra, alle onderskeiding laat geniet om sodoende ambisie op te wek. Diegene wat traag en ongereeld is, moes hulle berisp, hulle „kleine veragting aandoen” en in geval van halsstarrigheid of moedswilligheid, en as vermaning nie baat nie, gebruik maak van die „roede ofte een leedere Plack” en 'n kinderlike kastyding „na evenredigheid van de misdryven en overeenkomstig hunne verschillende geartheid” toedien.⁵⁵⁾

⁵⁴⁾ *Ibid.*

⁵⁵⁾ *Ibid.*

Die bedrag van die skoolgeld moes onderling gereël word tussen die onderwysers en die betrokke ouers.

Dit sou die meesters vrystaan om op 'n uur afstand van die dorpe, ander kinders uit die buurt by hulle in die skool op te neem indien die persone by wie hulle inwoon dit sou toelaat. Kinders wat nader aan die dorp woon, sou hulle nie mag opneem nie „om door dien weg de dorp schoolmeesters in hun wettig inkoomen te benadeelen.”

Wanneer die meesters van losies- of woonplek sou verander, het sy omdat hulle nie met die ouers kon ooreenkom nie of omdat die kinders „volleerd” is, moet hulle die skolarge daaromtrent in kennis stel sodat dit aangeteken sou kon word. In die eerste geval sou dit die Skolarge vrystaan om ondersoek in te stel, terwyl in die tweede bewys gelewer sou moes word dat die kinders wel sodanig gevorder het. Die Skolarge het hulle die reg voorbehou om so dikwels as wat hulle dit sou goeddink, „ondersoek en eksaminasie te doen” na die gedrag en die onderwys van die meesters asook na die vordering van die leerlinge. As bevind sou word dat 'n meester hom nie aan sy Instruksie gehou het nie en hom nie behoorlik gedra het nie, sou dit die Skolarge vrystaan om hom die skoolhou te verbied en om indien nodig, verdere stappe te neem.

Om te verseker dat die bogenoemde reëlings noukeurig in ag geneem sou word, het die Skolarge besluit om aan elke meester 'n Kopie van die Instruksies te oorhandig.⁵⁶⁾

In ooreenstemming met laasgenoemde besluit het die volgende dertien onderwysers uit onderskeie wyke op 4 April hulle opwagting voor die vergadering gemaak: Jurgen Holweder uit Groot Drakenstein, Jan Kips uit Hottentotsholland, Johan Matthys Sekler van net buitekant die Paarl, Laurens Stammer uit die Bangehoek, Johan Godlief John uit Fransch Hoek, Anthony Clausen en H. W. Borgwedel van net buitekant Stellenbosch, J. W. Henning en Frans Kok uit die „Piquet Bergen,” Jean Papineau, Jan Knoop en C. G. van Spyk uit die wyk Eerste Rivier en Fredrik Brand uit Riebeeck Kasteel.⁵⁷⁾

Diegene wat nie bewys kon lewer dat hulle vroeër geëksamineer was nie, is by hierdie geleentheid aan 'n „eksamen” onderwerp en daarna is aan elkeen 'n kopie van die „Instruksies” oorhandig. Almal het nie volle bevrediging gegee nie. Frans Kok is onbekwaam gevind en aangesê om hom binne 'n jaar vir hereksamen aan te meld „op poene dat wanneer by de nadere examinatie onverhoopt bevonden worden mogte, dat hy in zyne onbekwaamheid volhard, als dan 't verder schoolhouden zal worden ont-

⁵⁶⁾ *Ibid.*

⁵⁷⁾ *Kladnotule Skoolkom. Stellenbosch (4 Apr. 1806) 1806-1821, 22/170.*

zegt." ⁵⁸⁾ Ook J. W. Henning is tot 'n hereksamen gelas om blyke te gee of hy hom meer toegelê het op „cyfferen." Jan Knoop, 'n seun van „dominee" Knoop wat roem verwerf het as onderwyser op Stellenbosch, ⁵⁹⁾ is in kennis gestel „dat hy binnen 't halfjaar zal moeten aantoonen zich meer met de Borst te hebben toegelegd om zig in zyn fak te bekwamen." ⁶⁰⁾

By 'n latere geleentheid, (3 Junie 1806) het 'n verdere ag privaat skoolmeesters die Instruksies ontvang. ⁶¹⁾

Verskeie ander skrywers en waarnemers as die reeds aangehaalde, uit dié tyd, het van hierdie gewoonte om huisonderwysers in diens te neem, gewag maak. Barrow het dit as volg vermeld: „Some have a person in the house whom they call the schoolmaster. This is generally a man who had served out his time in the ranks. This employment, in his new situation is not only to instruct the children to read, to write, to sing psalms, and get by heart a few occasional prayers, but he must also make himself serviceable in other respects. At one place that we passed, the poor schoolmaster was driving the plough, whilst the Hottentot had the more honourable post of holding and directing it." ⁶²⁾ Ook die skrywer van *Gleanings in Africa* het vermeld dat „Among the better sort of farmers you find a person dignified with the name of *Master*," en vervolg dan: „he is, in fact, the private tutor to the children, and instructs them to read and write; besides he is the politician and oracle of the family." ⁶³⁾

Hoewel die getuienisse in die reël hierdie huisonderwysers in 'n baie slegte lig plaas — die van Janssens en De Mist vorm hier geen uitsonderinge nie —, beide wat hulle sedelike gedrag en bekwaamheid in hulle werk betref, ⁶⁴⁾ bly dit as 'n onomstootlike feit staan dat hulle ook gedurende hierdie jare belangrike kultuurwerk verrig het, gedurende 'n tyd toe, ten spyte van die begeertes en ernstige pogings van die owerheid om verbetering aan te bring, niks beters as hulle dienste in die verafgeleë binnelande te bekom was nie. Hulle het by voortdoring die enigste uitweg gebied uit 'n byna onoorkoomlike moeilikheid.

⁵⁸⁾ *Ibid.*

⁵⁹⁾ Sien Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 271—279.

⁶⁰⁾ *Kladnotule Skoolkom. Stellenbosch* (4 Apr. 1806) 1806—1821, 22/170.

⁶¹⁾ *Ibid.*, (3 Junie 1806).

⁶²⁾ Barrow, J., *Travels*, I, p. 82. Hierdie getuienis van Barrow laat blyk dat die gewoonte wat gedurende die Kompanjie se bewind bestaan het, waarvolgens van die onderwyser verwag was om behalwe sy onderwyswerk ook ander „redelike dienste" te verrig, nog in swang was. Sien Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 72—73.

⁶³⁾ *Gleanings in Africa*, p. 276.

⁶⁴⁾ Sien Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 268—269.

Nieteenstaande die skadusy aan hierdie soort van onderwys verbonde, het hulle baanbrekerswerk van hoë waarde verrig. Waar die koloniste om een of ander rede nie so 'n meester in diens gehad het nie, het die kinders meestal opgegroeï sonder enige boekgeleerdheid. Hierdie onderwysers het ongetwyfeld gedurende hierdie jare baie daartoe bygedra om die koloniste in die binneland teen algehele ongeletterdheid te vrywaar.

DORPSKOLE.

Meer gelukkig, uit die oogpunt van onderwysfasiliteite beskou, as die kinders op die afgesonderde en verafgeleë boereplase, was die kinders wat op die dorpe of in die nabyheid daarvan gewoon het. Op hierdie dorpies, waarvan daar aan die begin van die 19de eeu reeds sewe was, het ons in die reël een of meer openbare skole gehad. In hierdie verband dien ons daaraan te herinner dat daar teen hierdie tyd afgesien van die Kaapse gemeente nog ses ander gemeentes was, te wete Stellenbosch, Drakenstein, Roodezand, Swartland, Graaff-Reinet en Swellendam, terwyl die kolonie, afgesien van die Kaapse distrik, vir administratiewe doeleindes in die drie verdere distrikte Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet verdeel was, wat elk sy eie hof van Landdroes en Heemrade gehad het. Bogenoemde kerkplekke het dan ook mettertyd in Kerkdorpies en later in dorpe ontwikkel, waar 'n hele aantal families saamgewoon het. Aan hierdie gemeentes was dan openbare skole verbonde wat in die reël deur een van die Kerklike dienare, gewoonlik die sieketrooster of die Voorleser, bedien was en wat in die eerste instansie onder die toesig van die Kerkraad plaaslik gestaan het.

Dit is ons doel om vervolgens stil te staan by hierdie dorpskole en na te gaan wat die onderwystoestande in elkeen van hierdie dorpies was.

STELLENBOSCH:

Dit was die inwoners van Stellenbosch en omstreke wat so gelukkig was om sedert 1785 te kon beskik oor die bekwame dienste van 'n man soos „dominee” Knoop.⁶⁵⁾ Hy het die gemeente getrou gedien as voorleser-skoolmeester en die kinders onderwys gegee in „reading, writing,

⁶⁵⁾ *Ibid.*, Hoofstuk XXI. Stellenbosch het as dorp teen die tyd hier onder behandeling, reeds aanmerklik gevorder. De Mist het hieromtrent geskrywe: „Stellenbosch is buiten tegenspraak het fraaiste dorp van de Geheele Colonie, en men zal er weinige zo als dit in het vaderland vinden.” Dit het reeds sowat 100 woonhuise gehad en tussen 800 en 900 inwoners. Theal, *Dok.*, III, p. 187.

arithmetic, the Heidelberg Catechism and 'Hellenbroek',⁶⁶⁾ totdat sy kragte hom vroeg in 1800 begewe het en die Kerkraad genoodsaak was om hom 'n assistent in sy werk te gee in die persoon van Jan Freiling, aan wie hulle die belofte gemaak het dat hulle hom in geval „van een aanhoudend goed gedrag” later as opvolger van Knoop by die Regering sou aanbeveel; kort hierna is „dominee” Knoop dan ook oorlede.⁶⁷⁾

Met die dood van Knoop vroeg in 1800 het die rustige toestand wat daar op Stellenbosch gedurende die laaste jare op onderwysgebied geheers het, ook ten einde gekom, en het die woelinge van vorige jare weer begin. Die Kerkraad het hulle woord gehou, en aangemoedig deur die aanbeveling deur Knoop self voor sy dood gedoen dat Freiling hom mag opvolg, Freiling as enigste geskikte sollicitant by die Regering aanbeveel.⁶⁸⁾

Die aanstelling van Freiling was egter nog nie van regeringskant gemaak nie, toe twee burgers D. W. Hofmann en Gideon Joubert by die Kerkraad aangeklop het met die versoek dat 'n tweede skool op Stellenbosch, en wel vir kinders buite die dorp, opgerig moes word en terselfder tyd as onderwyser voorgestel het 'n sekere gewese offisier, Storm, wat toe op Hottentots-Holland woonagtig was.⁶⁹⁾ Met die saak sou egter gewag word totdat ondersoek ingestel sou wees na die getal van die skoolkinders, om dan vas te stel wat wenslik sou wees, óf om 'n ondermeester in die bestaande skool aan te stel, óf om 'n tweede skool te stig buitekant die dorp.⁷⁰⁾

Na gedane ondersoek deur die predikant en die oudste ouderling in hulle hoedanigheid as Skolarge, is bevind dat die dorpskool besoek is deur 44 kinders van die dorp en sewe kinders van buite, en dat die versoek van die twee burgers nie van alle grond ontbloom was nie, aangesien die skoolgebou te klein en die getal van die kinders te groot was om deur een persoon onderwys te word.⁷¹⁾ Hierop het die Kerkraad tot 'n besluit gekom waarmee hulle hulself baie moeilikheid en onenigheid op die hals gehaal het, nl. om wel by die Regering die stigting van 'n tweede skool aan te beveel, met verdere aanbeveling dat die skeiding tussen die twee sou berus op 'n territoriale verdeling: die dorp sou in twee dele verdeel word met 'n sekere vermelde straat as skeidslyn; almal wat ten

⁶⁶⁾ Borchers, P. B., *An Auto-biographical Memoir*, p. 18.

⁶⁷⁾ Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, p. 278.

⁶⁸⁾ *Notulen Kerkr. Stellenbosch 1755—1804* (14 Apr. 1800), III.

⁶⁹⁾ *Ibid.*

⁷⁰⁾ *Ibid.*

⁷¹⁾ *Sien Post Acta, Ibid.*

Ooste van hierdie straat woonagtig was, moes skoolgaan by Jan Freiling terwyl dit diegene wat aan die westekant daarvan gewoon het, sou vrystaan om te gaan na die skool van hulle eie keuse. Laasgenoemdes sou alleen verantwoordelik wees vir die onderhoud van die skoolmeester.⁷²⁾

Nadat die Regering hierdie plan goedgekeur het,⁷³⁾ asook die onderwyser, Storm, wat die Kerkraad vir die nuwe skool aanbeveel het, is daarmee op hierdie grondslag 'n begin gemaak.⁷⁴⁾

Hierdie nuwe reëling het ten spyte van die verwagtinge van die Kerkraad, al gou onenigheid tussen die twee meesters veroorsaak. Op 30 Maart 1801 moes Storm voor die Kerkraad verskyn op aanklag van Freiling dat hy kinders in sy skool opgeneem het wat eintlik in sy skool tuisgehoort het. Hoewel Storm ter verskoning aangevoer het dat hy dit gedoen het met die toestemming en voorkennis van die Landdros, is hy daarop gewys dat die landdros „wettiger wyze over 't school weezen niets had te gebieden,” en is hy gelas om in die toekoms ooreenkomstig die instruksies te handel. Freiling is ook aangeraai om wanneer hy weer bevind dat Storm hom nie ooreenkomstig hulle ooreenkoms gedra nie, met die Regeering te onderhandel, wat hom tot dorpskoolmeester aangestel het.⁷⁵⁾

By dié geleentheid het ook 'n sekere meester met name Louyssen, op aanklag van Freiling dat hy van huis tot huis gaan en kinders onderwys in lees, skrywe en reken, ter verantwoording voor die Kerkraad verskyn. Daar dit egter geblyk het dat hy alleen les gegee het in reken en in die geometrie, waardeur hy dus geen inbreuk op die dorpskool gemaak het nie, is dit hom nie verbied nie.⁷⁶⁾

Uit 'n sertifikaat deur ds. Borchers aan hom verstrekkend, blyk dat Freiling aanvanklik sy werk tot algemene tevredenheid van die Kerkraad sowel as van die ouers waargeneem het.⁷⁷⁾ Ook tussen die twee meesters het nou 'n beter verstandhouding bestaan. In Junie vind ons selfs dat die twee gesamentlik by die Kerkraad aanklop met 'n versoek dat hulle toegelaat mag word om hulle skoolgeld ietwat te verhoog. Freiling het ook uit sy eie aangebied om onder sekere voorwaardes af te sien van sy privilegie dat sekere kinders alleen na sy skool mag kom. „Ter wille van

⁷²⁾ *Ibid.*

⁷³⁾ *Not. Kerkr. Stellenbosch 1755—1804* (11 Nov. 1800), III.

⁷⁴⁾ *Ibid.* 28 Sept. 1800, 11 Nov. 1800, en 30 Nov. 1800.

⁷⁵⁾ *Ibid.*, 30 Maart 1801.

⁷⁶⁾ *Ibid.*

⁷⁷⁾ *Byvoegsel Ibid.*, 30 Maart 1801.

die vrede," is hierdie versoek toegestaan en is bepaal dat dit in die toekoms elke ouer sou vrystaan om self te besluit waarheen hy sy kinders wou stuur. Storm is aangesê om by indisposisie van Freiling die voorlesersdiens uit naam van die Kerkraad waar te neem.⁷⁸⁾

Toe in November van die volgende jaar 'n aanstelling gemaak moes word in die plek van Storm wat as tweede skoolmeester bedank het, het andermaal 'n groot onenigheid losgebars. Freiling het nl. die Kerkraad versoek om met die aanvulling te wag tot die koms van die verwagte Hollandse Goewernement, of so nie, dat die tweede skool heeltemal moes verval. Die Kerkraad het nie hiervoor kans gesien nie, aangesien baie van die gesiene ingesetenes nie meer tevrede was met die onderwys van Freiling nie. Toe sy versoek derhalwe geweier is, het hy die Raad op 'n brutale wyse aangespreek en hulle, maar veral die president, daarvan beskuldig dat hulle hom mislei en onderkruip het, „scheuwende in 't uitgaan van de deur dat hy zyn bediening zou neerleggen — met welke insolentie men hem liet vertrekken.”⁷⁹⁾

'n Rukkie later is hy op eie versoek nogeens binnegelaat „en als toen alle pligten van betaemelijkheid en ontzach geheel vergeetende,” het hy uitgelaat dat hulle sy versoek moes toestaan, dat hy los wou wees van alle dwang en dat veral die predikant hom skuldig gemaak het deur in alle opsigte dwinglandy uit te oefen. Toe hulle van mening was dat hierdie skouspel lank genoeg aan die gang was, het die Kerkraad hom beslis gelas om dadelik die vergadering te verlaat.⁸⁰⁾

Hierdie brutale en oneerbiedige optrede van hom het egter nognie die einde van sy loopbaan as voorleser-skoolmeester beteken nie. Later in dieselfde maand het hy andermaal voor die Kerkraad verskyn, waar hy sy spyt om sy onbetaamlike handelwyse te kenne gegee het en sy verskoning aangebied het. Nadat hulle hom vermaan het, het die Kerkraad dit aanvaar.⁸¹⁾ Hy het hierdie werk bly waarneem tot in Augustus 1806 toe hy self sy ontslag aangevra het en sy werk neergelê het.⁸²⁾ As sy opvolger is deur die Kerkraad, nadat hulle hom ondersoek en bekwaam gevind het, aanbeveel, en gevolglik deur die Regering aangestel, die adjunk-voorleser in Kaapstad, Jan de Vries.⁸³⁾

⁷⁸⁾ *Ibid.*, 28 Junie 1801.

⁷⁹⁾ *Ibid.*, 7 Nov. 1802.

⁸⁰⁾ *Ibid.*

⁸¹⁾ *Ibid.*, 28 Nov. 1802.

⁸²⁾ *Ibid.*, IV (31 Aug. 1806).

⁸³⁾ *Ibid.*

Omtrent die vakke wat Freiling in sy skool aangebied het en die manier waarop hy in die aanbieding van sy lesse te werk gegaan het, word vir ons een en ander duidelik uit 'n nagelate verslag deur homself opgestel in die vorm van beknopte aantekeninge wat hy daagliks bygebring het van wat in sy skool plaasgevind het gedurende die maand Maart 1806.⁸⁴⁾ Hieruit blyk dat die beginners die A.B.C. van buite geleer het en dan leer spel het. Die gee van huiswerk en werk wat tuis voorberei moes word, was algemeen, en die leerlinge is noukeurig die volgende dag daarna ondervra. Die onderwys van skrif het gereeld aan die beurt gekom en op sommige dae het dit nogal 'n groot gedeelte van die skooldag in beslag geneem. Hierby is gebruik gemaak van monsters wat nageskrywe moes word of van gedeeltes wat aan die kinders voor-gelees is. Rekenonderwys het egter 'n uiters geringe plek ingeneem.

Benewens die onderwys in spel, lees en skrywe, het godsdiens-
onderwys 'n ereplek gehad in sy skool. 'n Deeglike kennis van die Bybel en die Katechismus is vereis, wat moes dien as 'n voorbereiding tot lidmaatskap van die kerk. Hier is gebruik gemaak van Borstius se „Enige Korte vragen voor de kleine kinderen,” van die Bybel self, van Hellenbroek se „Voorbeeld der Goddelyke Waarheden” en van die „Heidelbergsche Katechismus.”

Uit die verslag is vas te stel dat die leerlinge maar dikwels nie bevrediging gegee het in verband met die voorbereiding van hulle lesse nie en dat Freiling soms verplig was om streng op te tree teen die traes en die ongereëldes. By een geleentheid het hy 'n seun gevonniss om 64 dae op skool te bly, van 8 tot 12 in die voormiddag en van 'na die middagete tot sonsondergang, Woensdag en Saterdag ingesluit. Hy moes elke dag 'n „vragenles” opsê en sou in geval van onvermoë „twaalf plakken daarvoor ontvang.”

Intussen is ook die vakature wat in die tweede skool ontstaan het as gevolg van die vertrek van Storm, aangevul. In November 1802 het die Kerkraad nadat hulle hom ondersoek het, besluit om die reeds vermelde Louyssen se versoek om as tweede skoolmeester te mag optree, voorlopig toe te staan, op voorwaarde dat hy sy attestasie sou inhandig.⁸⁵⁾ Ook hy het sy werk as sodanig voortgesit tot in 1806 toe hy na Swartland vertrek het.⁸⁶⁾

⁸⁴⁾ *Inkomende Briewe aan Skoolkommissie 1817—'21*, 22/177.

⁸⁵⁾ *Not. Kerk. Stellenbosch 1755—1804* (28 Nov. 1802), III.

⁸⁶⁾ *Ibid.*, IV (6 Febr. 1806).

DRAKENSTEIN (PAARL):

Die jeug van Drakenstein was eweëens bevoorreg om ten minste 'n paar goeie openbare skole tot hulle beskikking te hê.⁸⁷⁾ In die eerste instansie was daar die skool wat direk onder die toesig van die Kerkraad waargeneem is deur die gewese soldaat en Kompanjiesdienaar, Johan Diederich Hermans; trouens sy hele diensperiode op Drakenstein het gestrek van 1790 tot 1812.

Nadat hy gedurende die eerste jare sy werk gedoen het tot die bevrediging van Kerkraad en ouers, was die Kerkraad teen 1798 nie meer heeltemal tevrede met die gedrag van hulle onderwyser nie. In Oktober van hierdie jaar is hy van deelname in die „ergelyke kaartspel” aangekla. Die predikant het nl. aan die Kerkraad meegedeel dat hy reeds meer as 'n jaar gelede vasgestel het dat Hermans „aan 't ergerlyke Kaartspel geattacheerd zij,” dat hy hom die onbetaamlike van die spel onder die oë gebring het en hom vermaan het om hom in die vervolg daarvan te onthou, asook om sodanige geselskappe „daar deze zondige tydorkting gedreven word,” te vermy, „ten einde zig zoowel voor den schyn als voor den daad van dit kwaad te hoeden.”⁸⁸⁾ Hoewel Hermans beterskap belowe het, het die predikant sedert dien by vernuwung vasgestel dat hy „het kaartspel nog drijve.” Ook 'n verdere vermaning het vrugteloo geblyk. Hierop het die predikant hom vir 'n derde keer „op de serieuste wyse” vermaan om van die „ergerlike bedryf” afstand te doen. Die predikant het meegedeel dat hy hom verplig ag om die vergadering hieromtrent in te lig. Hermans is gevolglik aangesê dat ingeval hulle nogeens met sekerheid sou kon vasstel „dat hy in desen ergerlyken wandel blyve verkeren,” hy dan voor die vergadering getrek sal word en met hom na verdienste gehandel sou word.⁸⁹⁾

Geen nege maande later was Hermans weer in die moeilikheid, en hierdie slag oor 'n ernstiger vergryp waaraan hy homself skuldig gemaak het. Hy moes nou ook persoonlik voor die vergadering verskyn om verantwoording te doen. Ds. Aling het meegedeel hoedat hy hom in die vorige maand, op die dag van Voorbereiding, „zeer onvoorzichtig en aanstotelyk hebbe gedragen,” deur sonder oorsaak die hand te slaan aan

⁸⁷⁾ Oor die Onderwys op Drakenstein sien verder, Du Toit, P. S., *Onderwys in Drakenstein gedurende 'n anderhalwe eeu, 1689—1839. Kwartmillenium Gedenkboek Paarl (Drakenstein) Gemeente, 1691—1941.*

⁸⁸⁾ *Notulen Kerkraad Drakenstein 1784—1805* (21 Okt. 1798), p. 136.

⁸⁹⁾ *Ibid.*

die onskuldige lidmaat, Johannes Albert de Villiers, en hom op 'n brutale wyse deur 'n menigte „stokslagen" erg mishandel het.⁹⁰⁾

Hierdie onbesonne en onchristelike daad het die predikant sodanig geërger dat hy die Awendmaal wel kon bedien maar die meegebruik daarvan nie betaamlik gevind het nie. Nadat hy vasgestel het dat al die Kerkraadslede deur die daad geërger was, het ds. Aling meegedeel dat „volgens voorlichting van het Evangelium," hy van mening was dat die voorleser verplig moes word om sy onversigtige daad voor die Kerkraad te bely. Nadat Hermans binnegelaat is, het hy dan ook onomwonde erken dat hy aan die hele vergadering ergernis veroorsaak het en dat hy gewillig was om dié verwerkte ergernis deur 'n christelike daad te vergoed. Toe hy dan ook aangesê is om die predikant in die besonder en die hele vergadering in die algemeen, om vergiffenis te versoek, het hy dit terstond gedoen, „waarop men hem, naa eene gegevene Kristelyke vermaning, om voortaan voorzigtiger, en zonder aanstoot en ergernis te geven, zig te gedragen, in vrede liet henengaan."⁹¹⁾

Daar was nog steeds nie 'n afsonderlike gebou of vertrek in die Paarl aan te wys nie wat moes dien as 'n lokaal vir die skool wat die voorleser-skoolmeester waargeneem het. Nog in 1794 het Hermans tevergeefs by die Kerkraad aangeklop om vir dié doel 'n vertrek óf aan die woonhuis óf aan die pakhuis van die voorleser te laat aanbou; hy is eenvoudig aangesê om in een van die vertrekke van sy woonhuis skool te hou.⁹²⁾

In Maart 1805 het Hermans sy versoek herhaal, en hierdie keer persoonlik sy opwagting by die Kerkraad gemaak. Die Kerkraad het sy versoek oorweeg en dit as billik beskou, maar het besluit dat met die aanbou daarvan vireers sou moes gewag word aangesien die bou van die nuwe kerk met baie onkoste gepaard gegaan het.⁹³⁾ In September is die saak weer onder behandeling geneem en is Hermans uitgenooi om die naam te verstrek van die persoon wat hom aangebied het om gemelde kamertjie volgens opgaaf deur hom, Hermans, verstrek te bou, en wel vir hoeveel, sodat hulle verder oor die saak sou kon besluit.⁹⁴⁾ Die uitslag hiervan was dat die Kerkraad verklaar het dat die opgegewe koste weens die teenswoordige staat van die Gemeente, asook andersins, te veel vorder,

⁹⁰⁾ *Ibid.* (14 Julie 1799), p. 144.

⁹¹⁾ *Ibid.*

⁹²⁾ *Ibid.* (2 Febr. 1794), p. 95.

⁹³⁾ *Ibid.* (10 Maart 1805), p. 222.

⁹⁴⁾ *Ibid.* (8 Sept. 1805), p. 232.

waarop besluit is „om te sien de gemelde camertie met minder coste gemaak te kryge.”⁹⁵⁾

Toe in November die skoolkamertjie weer onder bespreking gekom het, is besluit om, hoewel die versoek van Hermans by 'n vorige geleentheid van die hand gewys is, in aanmerking nemende die voorleser se langdurige en meer as gewone dienste aan die Gemeente sedert die oorlye van ds. Aling in April 1800, asook op grond van ander dringende redes, tot die aanbou daarvan oor te gaan, op voorwaarde dat dit nie meer as 415 Riksdalers sou kos nie, en dat die bou daarvan uitgestel moes word totdat die goedkeuring van die Goewerneur verkry sou wees. Dit is ook goedgevind om 'n gebou te laat optrek van 30 by 15 voet, sodat dit desnoods in twee vertrekke afgeskort sou kon word, en om die aanbod van die meulenaar Bart Louw wat aangebied het om dit teen 415 Riksdalers op te rig, aan te neem.⁹⁶⁾

Die Goewerneur het sy goedkeuring aan hierdie plan geheg en Louw het met sy werk begin.⁹⁷⁾ Dit is egter eers in 1807 voltooi en uitbetaling aan Louw is nie gemaak nie alvorens twee diakens nie afgevaardig was om die „berugte” skoolkamer te besigtig en dit in orde gevind het nie.⁹⁸⁾ Nou het die voorleser-skoolmeester eindelik in Drakenstein 'n lokaal gehad waarin hy ongestoord sy onderwyswerk kon waarneem.

Soos gebruiklik by hierdie soort openbare skool, is ook Hermans se salaris as voorleser aangevul deur die skoolgeld wat die leerlinge betaal het, die bedrag waarvan deur die Kerkraad vasgestel is. Ook het die Kerkraad nog steeds waar nodig, in die geval van behoeftige ouers of weduwees, 'n helpende hand gebied. So is byv. in April 1806 aan die Kassier opdrag gegee om die skoolrekening deur Hermans aan die weduwee van die gewese koster, Jacobus Luttig, uitgereik, te betaal.⁹⁹⁾

Hermans het sy werk by voortdurende tot algemene bevrediging bly waarneem¹⁰⁰⁾ tot in 1812. In hierdie jaar het Cradock die s.g. „Church Clerk School” in die lewe geroep en alhoewel die Kerkraad nie geaarsel het om hulle voorleser aan te beveel om sy onderwyswerk onder die nuwe voorwaardes voort te sit nie, het Hermans om redes wat hy aangevoer het, besluit om hom die nuwe aanstelling nie te laat welgeval nie.¹⁰¹⁾

⁹⁵⁾ *Ibid.* (20 Okt. 1805), p. 233.

⁹⁶⁾ *Ibid.* (17 Nov. 1805), p. 234.

⁹⁷⁾ *Ibid.* (8 Des. 1805), p. 236.

⁹⁸⁾ *Ibid.* 1806-'37 (25 Apr. 1807), p. 15; (6 Junie 1807), p. 17; (26 Sept. 1807), p. 19.

⁹⁹⁾ *Ibid.* (12 April 1806), p. 4. Sien ook *Ibid.* (23 Jan. 1808), p. 23.

¹⁰⁰⁾ Sien o.a. *Ibid.* (14 Aug. 1817), p. 119.

¹⁰¹⁾ Du Toit, *Onderwys in Drakenstein, 1689—1839, op. cit.*, p. 311.

Behalwe hierdie skool het daar aan die Paarl sedert 1793 nog 'n tweede openbare skool bestaan.¹⁰²⁾ Dit is hier waar sedert 1794 werkzaam was, Moses Davids, wat aangestel is nadat die Skolarge ondersoek ingestel het of hy die vereiste „kapasiteite” besit om die jeug te onderwys in sodanige „wetenskappe” as wat in die gewone openbare skole geleer word, en hom „redelik geskik” daartoe bevind het.¹⁰³⁾

Nadat hy vir sowat drie jaar as onderwyser werkzaam was, het hy blykbaar minder bevrediging gegee. In Desember 1797 het die Kerkraad nl. verplig gevoel om dit aan die broeder Minnaar op te dra om hom aan te sê dat hy, „met meerder attentie en vlyt” moes skoolhou, en dat hy nie sonder voorkennis van die Kerkraad sy skoolgeld sou mag verhoog nie.¹⁰⁴⁾

Sedert Maart 1805 was hy, onder toesig van die Kerkraad, en nadat hy 'n verdere eksamen voor ds. Borchers en ouderling Du Toit afgelê het, ook besig as „oewenaar in de goddelyke waarheden voor hydene en ook voor christenen.”¹⁰⁵⁾ Drie jaar later het ons hom voor die Kerkraad aangetref waar hy op eie versoek verskyn het om mee te deel hoedat 'n sekere Jacobus Matyssen ongepermitteerd in die dorp 'n publieke skool opgerig het, waarheen ook 'n paar van sy kinders verhuis het, sodat hy sy eie bestaan daardeur benadeel gevind het.¹⁰⁶⁾

Omtrent Davids verneem ons verder dat hy teen Augustus 1813 nie meer skoolgehou het nie en maar onder uiters armoedige omstandighede gelewe het. Op aanbeveling van Chr. Paulsen het die Kerkraad besluit om hulle oor hom te ontferm. Hulle het in aanmerking geneem dat hy reeds diep in die 70 was en gevolglik nie meer lank sou lewe nie, en „dat hy zyn Leven en zyne kragten besteed heeft tot onderwys der Jeugd,” en het besluit om hom aan die sorg van Paulsen op te dra teen betaling van 30 Riksdalers per maand, sodat hy die weinige orige dae wat hy nog mag lewe, rustig en tevrede onder die sorgvuldige toesig van 'n vriend mag verkeer.¹⁰⁷⁾

Hierdie tweede openbare skool sou in wese nie verskil het van die „Kerkskool” nie. Dit het van laasgenoemde verskil in soverre dat Davids uitsluitlik afhanklik was van die skoolgeld van sy leerlinge. As leervakke het ook maar gaged lees, skrywe, reken en veral godsdiensonderwys.

¹⁰²⁾ Du Toit, *Onderwys ondër de Komp.*, p. 286.

¹⁰³⁾ *Ibid.*, p. 288.

¹⁰⁴⁾ *Not. Kerkr. Drakenstein 1784—1805* (5 Des. 1797), p. 126.

¹⁰⁵⁾ *Ibid.* (10 Maart 1805), p. 221.

¹⁰⁶⁾ *Ibid.* 1806—1837 (13 Apr. 1808), p. 26.

¹⁰⁷⁾ *Ibid.* (27 Okt. 1813), p. 77.

Vermelding verdien hier die besondere privaatskool wat in 1803 naas die twee openbare skole in die Paarl geopen is en waar volgens sekere getuïenisse belangrike werk gedoen is. Dit was die skool vir seuns wat in hierdie jaar aldaar opgerig is deur 'n Duitser Jan von Lindenbaum, gebore in 1762 te Molsheim in Elzasz.¹⁰⁸⁾

Von Lindenbaum is in 1794 op eie versoek „uit hoofde van zijne debile lichaams gesteldheid,” uit die diens van die Kompanjie ontslaan,¹⁰⁹⁾ en het in Augustus 1803 die Goewerneur per brief genader waarin hy beleefd te kenne gegee het dat hy voornemens was om in die dorp Paarl 'n kosskool vir 12 kinders van die manlike geslag op te rig, om hulle te onderrig „in het Nederduitsch, de Fransche taal en Teekenkunst en verder in het geen tot eene goede opvoeding vereischt wordt,” teen betaling van nie meer as 150 Riksdalers per leerling per jaar nie. Hy het vervolgens verlof gevra tot die oprig van die skool en versoek dat onder goeie borge uit die Regeringskas aan hom die som van 3,500 Riksdalers geleen mag word, aangesien hy nie finansiëel in staat was om die nodige gebou op te rig nie.¹¹⁰⁾

Die gevraagde verlof tot die oprig van die skool is hom op gunstige aanbeveling van die raadslid Van Medenbach Wakker verleen, maar aangaande sy tweede versoek, is hom meegedeel dat hulle „buite die geleentheid is” om hom die geld voor te skiet.¹¹¹⁾

Die skool het desnieteenstaande wel tot stand gekom. Lichtenstein getuig hieromtrent: „An institution for the education of boys is another thing well worthy of remark at this place: it is the undertaking of a German, by name Lindebaum. The pupils, among whom are the sons of some of the first families at the Cape Town, are all in a spacious house with the master and are instructed in religion, in the living languages, in history, geography, and some of the arts. This is the only institution of the kind in the whole country.”¹¹²⁾

Hierdie skool het waarskynlik nie langer as 'n paar jaar bestaan nie, want ons lees dat Von Lindenbaum in 1806 die pastorie op Stellenbosch gehuur het vir 'n tydperk van twee agtereenvolgende jare „tot een instituut voor het onderwys in de Fransche tale, en de verdere wetenschappen tot

¹⁰⁸⁾ Sien Hoge, J., *Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap*, p. 84.

¹⁰⁹⁾ *Res. Pol. Raad* (15 Okt. 1794), Dl. III, C. 107, p. 277.

¹¹⁰⁾ Hy is nl. deur die Kaffers geplunder en van sy besittings beroof toe hy nog in Plettenbergsbaai woonagtig was. *Bijlagen* 1803, (Sept.), B.R. 39, p. 308; *Res. Pol. Raad* 1803, Dl. III, B.R. 3, p. 1585.

¹¹¹⁾ *Res. Pol. Raad* 1803, Dl. III (26 Sept.), B.R. 3, p. 1813.

¹¹²⁾ Lichtenstein, H., *Travels in Southern Africa*, II, p. 122.

zijns plan behorenden." ¹¹³⁾ Hoe dit ookal sy, ons het hom later weereens in die Paarl aangetref waar hy andermaal as onderwyser werksaam was. Hy het nl. in 1813 vir Sekler wat die eerste onderwyser was in die sg. „Church Clerk School” van Goewerneur Caledon aldaar, opgevolg. In hierdie hoedanigheid was hy bedrywig tot in 1817 toe hy na Kaapstad verhuis het om daar 'n Franse skool te begin. In 1819 is sy aanstelling as skoolmeester van die Lutherse Gemeente deur die Goewerneur goed-gekeur, „having undertaken and also been found capable of giving instructions in the English, French and Dutch languages besides the other usual lessons." ¹¹⁴⁾

Nog 'n interessante geval het hom in hierdie tyd voorgedoen. Teen die einde van die Bewind van die Bataafse Republiek hier, het 'n sekere Katolieke priester ¹¹⁵⁾ 'n reis na Paarl en Stellenbosch onderneem, waar hy verskeie Katolieke aangetref het, een waarvan 'n onderwyser in die Franse taal was. Hy het verskeie leerlinge gehad wat hy in sy eie huis onderrig het. ¹¹⁶⁾ Ongelukkig kan nie met sekerheid vasgestel word of hy aan die Paarl of wel te Stellenbosch sy onderwyswerk verrig het nie.

Tot tyd en wyl dat uitvoering gegee is aan die Skoolorder van De Mist in soverre dit die beheer oor die onderwys in die buitestede betref het, is die bogenoemde dorpskole te Stellenbosch en in die Paarl,

¹¹³⁾ Sien Hoge, J., op *cit.*, p. 84. Dit was een van die eerste proefnemings van die nuwe plaaslike Skoolkomitee wat in uitvoering van De Mist se skoolorder tot stand gekom het, om Von Lindenbaum se skool op eie versoek na Stellenbosch oor te plaas, waar dit dan ook op 1 Julie 1806 geopen is. *Kladnotule Skoolkom. Stellenbosch* (4 Apr. 1806) 1806—1821, 22/170. Die „Prospectus” en „Reglement der dagelyksche order” vir die Kosskool opgestel, bied interessante besonderhede. *Instrukties vir Onderwysers, ens.* 1805—1835, 22/183.

¹¹⁴⁾ *Churches* 1819, C.O. 237, No. 22. Oor sy dienstryd op Stellenbosch tussen 1813—1817 sien verder Du Toit, *Onderwys in Drakenstein*, pp. 314—322.

¹¹⁵⁾ Tydens die bestuur van Janssens is Katolieke priesters toegelaat om hulle as almoeseners van die soldate en burgers in Kaapstad te vestig. So het die Bataafse owerheid in 1806 welwillend drie priesters, te wete, J. Lansink, J. Nelissen en L. Prinsen vir Kaapstad toegestaan. Dog nouliks vier maande na hulle aankoms het die Kaap weer in vreemde hande oorgegaan. Die gevolg was dat die drie „missionarii apostolici” verban is. Sien *Copia: Scrittura rifirete nei Congressi Belgio-Ollanda dal 1806—1816*, No. 17. (Archives of the Congregation of Propaganda Rome.) Hierdie interessante afskrif het deur vriendelike bemiddeling van prof. Franken onder my aandag gekom. Vgl. ook Lenaghan, K. C., *De Kerk in Zuid-Afrika*. ('n Kort oorsig van die geskiedenis van die Roomse Kerk in Suid-Afrika.) Ook Van der Merwe vermeld die verblyf van hierdie drie priesters aan die Kaap. Sien *Die Kaap onder die Bat. Rep.*, p. 208.

¹¹⁶⁾ Sien *Copia: op. cit.*

soos tot toe gebruiklik was, deur die betrokke kerkrade beheer.¹¹⁷⁾ Vroeg in 1806 het hierin egter 'n verandering gekom toe in uitvoering van bogenoemde skoolorder die Landdros R. J. van der Riet en die predikant ds. M. Borchers die beheer van die onderwys in die distrik van Stellenbosch oorgeneem het. Hoewel die nuwe kommissie hulle eerste vergadering in April 1806 gehou het,¹¹⁸⁾ was hulle reeds vroeër bedrywig in die beraming van planne ter verbetering van die onderwys in die gebied wat onder hulle geressorteer het. Die resultaat hiervan was die reedsbehandelde instruksie vir die skoolmeesters buite die dorpe van Stellenbosch en Paarl en 'n verdere „Instructie voor de Respective Dorp Schoolmeesters waarna zijlieden hunnen zullen moeten gedragen.”¹¹⁹⁾

In 'n twintigtal artikels wat gladnie oorspronklik was nie en 'n duidelike ooreenkoms vertoon met dié vervat in die Reglement van die Kaapse Skolarge van 1782 en wat vervolgens in 1788 deur die Kerkraad op die Stellenbossche skole van toepassing gemaak is,¹²⁰⁾ het die plaaslike kommissie probeer om die bestaande regulasies en gebruike te bestendig en andermaal op die voorgrond te plaas.

Die skoolmeesters sou verplig wees om self skool te hou en dit nie aan ondermeesters oor te laat nie tensy hulle wettiglik deur siekte of ander noodsaaklike ampsverrigtinge verhinder word. Geen ondermeester sou in diens geneem kon word, dan met die voorkennis van die Skolarge. Hy moes eers eksamen aflê en dan die nodige toestemming van die Skolarge erlang.

Die skole moes oop wees gedurende die hele week van 8 tot 11 v.m. en van 1 tot 4 n.m., behalwe Woensdag en Saterdagmiddag wat as 'n „matige uitspanning” sou geld. As die gewone vakansiedae sou alleen die volgende dae dien: Paas en Pinkster en die twee daaropvolgende dae, vanaf die dag voor Kersfees tot aan die tweede dag na Nuwejaarsdag, Hemelvaartsdag en op die dae wat Burger- en Wapenoefening gehou word. Die meesters moes noukeurig oplet wie afwesig is, indien nodig ondersoek instel en na bevinding handel.

Die skool moes elke dag met gebed en danksegging begin word en met die sing van 'n paar verse uit die psalms eindig. Terwyl die meesters moes sorg dat dit met orde en eerbied verrig word, moes hulle verder die leerlinge by die uitgaan vermaan tot goeie sedes en deug en hulle uitdruklik gelas om hulle stil en ordelik op die straat te gedra.

¹¹⁷⁾ Vgl. Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, Hoofst. XXI en XXII.

¹¹⁸⁾ *Kladnotule Skoolkom. Stellenbosch* (4 April 1806) 1806—'21, 22/170.

¹¹⁹⁾ *Instruksies vir Onderwysers, ens.* 1805—1835, 22/183.

¹²⁰⁾ Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, Hoofst. XV.

Die meesters moes in hulle skole self sorg vir die nodige banke en skryftafels, in soverre dit nie van Kerkweë voorhande was nie; hulle moes die seuns en die dogters afsonderlik laat sit, gerangskik volgens hulle bekwaamheid, en sorg dat geen nuwe boeke sonder die goedkeuring van die Skoolkomitee in gebruik geneem word nie.

Van die onderwysers is verwag om hulle leerlinge ernstig te vermaan om die Here te vrees, hulle owerheid, lerare en almal wat oor hulle gestel is, ook die oues van dae, alle eerbied te bewys en op die strate eerbiediglik te groet, om hulle medeleerlinge vriendelik en beskeie te behandel, nie die Here se naam te ontheilig nie, geen vuil en lasterlike woorde te gebruik nie en voorts niemand ooit op enige manier te beledig of te erger nie, hetsy met woord of gebaar.

Hulle moes soveel as wat in hulle vermoë was sorg dat hulle leerlinge Sondags die Katechisasie en die openbare godsdiensoefeninge bywoon en probeer om self ten minste om die beurt daarby teenwoordig te wees.

Hulle moes 'n goeie orde en tug handhaaf, die vlytiges en diegene wat hulle goed gedra, alle onderskeiding laat geniet om sodoende tot ambisie te prikkel. Die traes en ongereëldes moes hulle berispe en in geval vermaning nie die gewenste uitwerking het nie, hulle op die gepaste manier straf toedien.

Die meesters sou vir elke kind 'n behoorlike maandgeld kon eis, wat nie die volgende te bowe moes gaan nie: twaalf skellings vir onderrig in lees, skrywe en syfer, 1 Rdl. vir spel en lees, en 6 skellings vir die leer van die A.B.C. Van mindervermoëndes sou hy minder kon neem terwyl dit die meer gegoede ouers sou vrystaan om meer te betaal. Vir onderwys buite die gebruiklike ure gegee, kon hulle soveel neem as wat hulle met die ouers sou kon ooreenkom.

Dit is verder bepaal dat die Skolarge van die distrik elke eerste Dinsdag in Julie en in Desember die skole sou besoek om vas te stel of die leerlinge sowel as die meesters hulle plig behoorlik nagekom het. Ook het hulle vir hulself die reg voorbehou om so dikwels as wat hulle dit nodig mag ag, ondersoek in te stel „ten beste der Jeugd.”

In geval van klaarblyklike onvermoë aan die kant van die ouers, sou die onderwysers as die ouers daarom aansoek doen, van die Skolarge uit die fondse van die Kolonie die beloning vir die onderwys aan sodanige kinders ontvang.

'n Meester wat hierdie artikels te buite sou gaan of hom onbehoorlik sou gedra, sou hom daaraan blootstel om die verdere skoolhou verbied te word en daarom is besluit om aan elkeen 'n kopie van die Instruksie te

oorhandig. Elke meester moes aan die einde van die maand 'n lys ingee bevattende sekere besonderhede in verband met sy leerlinge.

In uitvoering van hulle besluit het die betrokke onderwysers van Stellenbosch en die Paarl in April 1806 voor die Skolarge op Stellenbosch verskyn. By dié geleentheid het verskyn Jan Freiling van Stellenbosch aan wie ook opdrag gegee is om ondersoek in te stel watter kinders van behoeftige ouers ten koste van die landskas onderrig sou moes word, die voorleserskoolmeester van die Paarl, Johan Diederik Hermans, en sy kollega Moses Davids wat reeds vroeër sy eksamen afgelê het by ds. Serrurier.¹²¹⁾

ROODE ZAND:

Dergelike skole as wat op Stellenbosch en in Drakenstein bestaan het en wat in die reël bedien is deur die voorleser of sieketrooster van die Gemeente, het in hierdie tyd ook op die ander kerkdorpe, te wete Roode Zand, Swartland, Graaff-Reinet en Swellendam, bestaan.

Dit is op Roode Zand waar in 1743 'n afsonderlike gemeente gestig is en wat deur De Mist beskryf is as „eigentlijk eene verzameling van verscheidene boeren plaatsen, op behoorlijke distanties van elkanderen, en meest alle met zware boomen beschaduwed en omgeven,”¹²²⁾ waar sedert hierdie jaar as sieketrooster-skoolmeester agtereenvolgens werksaam was Louis van Dyk, Jan Verbeek, Pieter de Vos en Bruggemans.¹²³⁾ Die dorp is sedert 1804 bekend as Tulbagh en die dorpskool is van 1805 deur die voorleser A. C. Broodryk waargeneem en wel tot in 1817 toe hy oorlede is.¹²⁴⁾

SWARTLAND:

Ook die skool wat in 1745 op Swartland met Wietse Bootes as leerkrag geopen is,¹²⁵⁾ het ten spyte van waarskynlike onderbrekings, bly voortbestaan. Teen die einde van die Bataafse Bewind was as voorleser daar werksaam H. van der Horst.¹²⁶⁾ Nadat hy vertrek het, is vroeg in 1806 as sy opvolger benoem Willem Hendrik Louyssen wat soos ons

¹²¹⁾ *Kladnotule Skoolkom. Stellenbosch* (4 Apr. 1806) 1806—'21, 22/170.

¹²²⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 143.

¹²³⁾ Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 163—164.

¹²⁴⁾ Venter, C. R., *Die Ontwikkeling van die Onderwys in Tulbagh, 1700—1905*, p. 14. (M.Ed.-tesis, Univ. S.A.) Sien ook *Notulen Kerkraad Roode Zand, 1806—1830* (9 Julie 1817).

¹²⁵⁾ Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, p. 164.

¹²⁶⁾ *Notulen Kerkr. Swartland 1750—1829* (5 Jan. 1806).

reeds vermeld het toe aeger het as tweede skoolmeester op Stellenbosch. Die Kerkraad van Swartland het dan ook ingewillig om hom as hulle nuwe voorleser by die Regering aan te beveel, met die uitdruklike verstandhouding dat hy daar ook die skool sou moes bedien, ten behoeve van alle ouers wat onderrig vir hulle kinders sou mag begeer.¹²⁷⁾ So is hy met goedkeuring van die Regering aangestel tot voorleser, koster en skoolmeester.¹²⁸⁾

GRAAFF-REINET :

Hoewel die eerste Kerkraad op Graaff-Reinet eers in 1792 ingerig is en ds. Von Manger 'n paar maande later sy werk as predikant onder die veeboer-pioniers begin het, is die eerste onderwysfasiliteite reeds vroeër daargestel. Kort na die proklamering van die nuwe distrik in 1785, het die Politieke Raad besluit om ten opsigte van die kerk in Graaff-Reinet, die gemeente te voorsien van geleentheid tot godsdiensoefeninge en die onderwys van die jeug in die gronde daarvan, deur die plasing aldaar van Hermanus Ter Smitten as 'n persoon wat daartoe die vereiste bekwaamhede besit.¹²⁹⁾ Aangesien hy vroeg in 1788 te kenne gegee het dat „zyne lighaams konstitutie zig niet gewinnen kunnende aan de fatigues met welke sijn dienst aldaar verzeld ging,” is hy toegelaat om met een van die retoerskepe na Nederland terug te keer.¹³⁰⁾

Terwyl hierdie belangrike werk vroeg in die neentigerjare o.a. deur Jan Daniel Simonds van Rotterdam afkomstig,¹³¹⁾ en deur 'n sekere De Vries,¹³²⁾ waargeneem is, het ons verneem dat met 'n messelaar in Julie 1798 ooreengekom is om sekere herstelwerk aan die skoolhuis te doen.¹³³⁾ Teen die einde van laasgenoemde jaar is Willem Rens as voorleser en Krankebesoeker daar aangestel.¹³⁴⁾

Ten spyte van hierdie bedrywighede het die toestand van die onderwys en verligting in die algemeen, in Graaff-Reinet en distrik, blykens 'n brief van die Kerkraad aan Goewerneur Janssens in Augustus 1803, veel te wense oorgelaat. Hulle het die ellendige toestand waarin die gemeente hom bevind het en die onkunde wat in die Kolonie geheers het,

¹²⁷⁾ *Ibid.*

¹²⁸⁾ *Ibid.* (20 Febr. 1806.)

¹²⁹⁾ *Res. Pol. Raad* (14 Junie 1786) 1786, Dl. II, C. 80, p. 667.

¹³⁰⁾ *Ibid.* (12 Febr. 1788) 1788, C. 83, p. 210.

¹³¹⁾ *Ibid.* (16 Febr. 1790) 1790, Dl. I, C. 87, p. 217.

¹³²⁾ *Not. Kerkr. Kaapstad* (2 Apr. 1792) 1791—1802.

¹³³⁾ *Not. Kerkr. Graaff-Reinet* (16 Julie 1798) 1798—1826, p. 4.

¹³⁴⁾ *Ibid.* (24 Des. 1798), p. 10.

toegeskrywe aan „het min onderwijs aan de eenre, zo wel als de minlust-hebbende keuze daartoe aan de andere zijde.”¹³⁵⁾ Tot remediëring hiervan en „ten einde de ferfoeyelijke onkunde te verbannen en de nog onbeschaafde tot bekwaame burgers der Maatschappij te hervormen, zo wel van zogenaamde christenen als tot nog toe onverligte Heidenen,” het die Kerkraad dan versoek dat sodra moontlik aan hulle behalve 'n predikant, ook nog bekwaame skoolmeesters gestuur moes word.¹³⁶⁾ Die Raad het belowe om dit te doen sodra hulle daartoe in staat sou wees.¹³⁷⁾

Toe die betrekking van voorleser-skoolmeester vroeg in 1805 vakant was, het di. Fleck en Von Manger van Kaapstad, hulle daarin beywer om hierdie vakature weer aan te vul.¹³⁸⁾

SWELLENDAM:

Die laaste gemeente wat in die 18de eeu gestig is, was Swellendam. Hoewel sy bestaan as 'n afsonderlike gemeente eers sedert 1798 dateer, is dit reeds in 1745 as 'n afsonderlike distrik geproklameer; 'n paar jaar later is 'n dorpsaanleg met dieselfde naam begin.¹³⁹⁾ Hier was dus al gou 'n openbare skool moontlik, 'n werk wat Hendrik Havinga teen 1790 reeds gedurende 'n geruime tyd waargeneem het, nadat Jacobus de Coo, en Christoffel Keurigheim voor hom, daar werksaam was.¹⁴⁰⁾ In 1790 is Havinga op eie versoek „rusgasie” toegestaan; hy was toe reeds 35 jaar in diens van die Kompanjie en 60 jaar oud en het nie meer bekwaam gevoel om sy werk voort te sit nie.¹⁴¹⁾

Havinga is opgevolg deur Compagne wat later uit die land verban is omdat hy hom nie aan die Engelse Regering wou onderwerp nie en wel nadat 'n kampanjie teen die boereskoolmeesters op tou gesit is omdat hulle daarvan beskuldig is dat hulle die Hollandse gesindheid onder die bevolking lewendig gehou het.¹⁴²⁾

Die Swellendammers was blykbaar nie tevrede met die onderwys-fasiliteite wat hulle te beurt geval het nie. Die „nasionale burgers” het nl. in 1795 te kenne gegee dat hulle teen die gebruik van papiergeld gekant was, daar baie mense benadeel word omdat hulle nie kan lees wat op die

¹³⁵⁾ *Bijlagen* 1803 (Okt.), B.R. 41, p. 45.

¹³⁶⁾ *Ibid.*, p. 46.

¹³⁷⁾ *Res. Pol. Raad* (6 Okt.) 1803, B.R. 4, p. 1885.

¹³⁸⁾ *Kaapsche Courant*, 12 Jan. 1805.

¹³⁹⁾ *Theal. Hist. of S.A. Before 1795*, III, p. 70.

¹⁴⁰⁾ *Sien Res. Pol. Raad* (5 Maart), 1772, C. 64, p. 147.

¹⁴¹⁾ *Sien Res. Pol. Raad* (28 Sept.) 1790, C. 88, p. 819.

¹⁴²⁾ *Overgave der Kaap*, V.C. 76, p. 170.

geld staan nie, en het dan betoog dat hulle daarvoor „vryelik” hulle here en meesters kan „verdag hou,” „door die ons geen Schoolmeesters verstrekt wort.”¹⁴³⁾

Swellendam het waarskynlik teen die end van 1798 'n tweede openbare skool gehad, want in Oktober van hierdie jaar het die kerkraad die versoek van P. Aanhuyzen om as tweede voorleser en skoolmeester toegelaat te mag word, sonder enige traktement, toegestaan.¹⁴⁴⁾ Die eintlike voorleser en skoolmeester in hierdie tyd was Cornelis Isaak Gelderblom.¹⁴⁵⁾

Dat die Kerkraad nogal begerig was dat dit aan die onderwyswerk van die voorleser nie moes skeel nie, word daardeur bewys dat hulle hul in April 1800 genoodsaak gevind het om aan genoemde Gelderblom, weens die swakheid van sy gesig en omdat hy onbekwaam geword het tot die waarneem van die grootste gedeelte van sy amp, „en wel voornaamlyk tot 't zoo onontbeerlyke Onderwys der Jeugd,” voor te stel of hy nie geneë sou wees om van die kostersamp af te sien nie, ten behoeve van die skoolmeester Willem Paulse wat bekwaam en ook geneë was om (onder gemelde voorwaarde) die voorlesersamp by die kostersamp waar te neem. Gelderblom het hiermee ingestem nadat hulle belowe het om hom weens sy swakheid nie te verstoot nie, en so is Paulse dan ook tot koster en skoolmeester aangestel.¹⁴⁶⁾

Teen die tyd dat De Mist Swellendam besoek het, het dit as 'n dorpie reeds redelike afmetings aangeneem. Dit het veral gedurende die laaste jare snel uitgebrei. Terwyl daar in 1789 slegs 5 huise was, was daar tydens die besoek van die Kommissaris reeds 40.¹⁴⁷⁾

De Mist was begerig om ook hier die godsdienst „en de daarmede onafscheidelyke bevordering van beschaving, verligting en deugt,” te bevorder,¹⁴⁸⁾ en het veral tydens sy besoek aldaar verbetering in dië rigting probeer aanbring. Hy het veral baie klem gelê op die noodsaaklike samewerking tussen die Kerkraad en die Landdros,¹⁴⁹⁾ 'n samewerking

¹⁴³⁾ *Revolt at Swellendam 1795*, S.W.M. 12/90, p. 46.

¹⁴⁴⁾ *Not. Kerkr. Swellendam 1798—1840* (15 Okt. 1798), p. 9.

¹⁴⁵⁾ *Ibid.* (23 Julie 1798), p. 3.

¹⁴⁶⁾ *Ibid.* (14 Apr. 1800), p. 33.

¹⁴⁷⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 223; Theal, *Dokumenten*, III, p. 148.

¹⁴⁸⁾ *Sien Not. De Mist 1803*, Dl. VI, (19 Apr. 1803), B.R. 109, p. 65.

¹⁴⁹⁾ *Sien Bijlagen (Des.) 1803*, B.R. 43, p. 343. Insake De Mist se besoek en reëlinge hier, sien ook *Not. Kerkr. Swellendam 1798—1840* (23 Mei 1803), pp. 41 e.v., *Korrespondensie Gemeente Swellendam 1798—1822*. (Hoofsaaklik Inkomende briewe en ander Bylae — foutief op buiteblad van die band beskrywe as *Notule*.)

wat ook die behartiging van die onderwysbelange van die Kerkraad ten goede sou kom. In verband met die geldsake van die Gemeente het hy o.a. aanbeveel dat 'n sekere som „op solide effecten,” ten behoeve van die kerk belê moes word waarmee later „vastighede” aangekoop sou kon word, „of wel een of ander nuttig etablissement ter opvoeding der Jeugd” aangelê sou kon word, „zoals in der tyd raadzaamst zal worden geoordeeld.”¹⁵⁰⁾

Ook hier is die vernaamste onderwyswerk by voortdoring waargeneem deur die Voorleser van die Gemeente. Toe in Oktober 1804 die betrekking van Voorleser en onderwyser vakant was, is aansoeke van persone wat geneë mag wees om hierdie werk „onder een favorabel Tractement,” waar te neem, ingewag. Van sodanige applikante is egter uitdruklik verwag dat hulle lidmaat moes wees van die Hervormde kerk, asook die vereiste bekwaamhede moes besit om beide die Kerk- en skooldiens waar te neem.¹⁵¹⁾

Dat hierdie dorpskole by gebrek aan beter onderwysinrigtings ongetwyfeld ten spyte van die gebreke waaraan hulle mank gegaan het, belangrike werk verrig het, is nie moeilik om te begryp nie. Tog het die opstellers van die „Memorie over de Caap de Goede Hoop,” geskrywe deur Egbertus Bergh, — wat uit hierdie tyd dateer —, dit nodig gevind om in die volgende woorde ongunstig te rapporteer aangaande die gehalte van die onderwys wat daarin verstrekk is: „Die welke men (nl. publieke skole) in de stad, mitsgaders op de dorpen en bij de Pastorijen aantrof, waren daarbij van zoo geringe beduidenis dat zij bij gebreke van wat beters alleen konden dienen om kleine kinderen door een onbekwamen, en dikwels ook liederlijke meester, slegt spellen, leezen, schrijven en cijfferen te laten leeren, gepaard met de eerste beginzelen van den gereformeerden godsdienst. De discipelen, door dit een en ander tot een zekere hoogte gevordert zijnde, was de Praeceptor uitgestudeerd, en dan moesten de ouders zich haasten hunne kinderen wederom 't huis te nemen, ter voorkoming dat zij geen rugwaardsche progressen maakten, en om tevens te bearbeiden, aan de weder ontworteling der kwade manieren, vices en onfatsoenlijke hebbelikheden gedurende hun aanwezen op de school gecontraheerd.”¹⁵²⁾

¹⁵⁰⁾ *Bijlagen* (Nov.) 1803, B.R. 43, p. 346.

¹⁵¹⁾ *Kaapsche Courant*, 6 Okt., 13 Okt., 27 Okt., 1804.

¹⁵²⁾ *Theal, Dokumenten*, IV, p. 115.

VERDERE REËLINGS OWERHEIDSWEE.

As ons alles wat reeds duidelik geword het aangaande die gebrekkige onderwystoestande in die binneland in aanmerking neem, verbaas dit ons geensins dat De Mist nadat hy selfs die hulp van die lede van die plaaslike Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen ingeroep het,¹⁵³⁾ vervolgens in sy reeds-behandelde skoolorder, regmatige aandag bestee het aan die belangrike saak van die onderwys aldaar.¹⁵⁴⁾

Die owerheid het dit egter nie hierby gelaat nie, maar verdere ordonnansies insake die bestuur in die buiteland het ook die onderwys ten goede gekom. Bekend is hoedat die Kommissaris kort voor sy vertrek sy Huweliksordonnansie gepasseer het wat burgerlike huwelike gewettig het en spesiaal in die belang en tot die gerief van die ingesetenes van die buiteland bedoel was. Die Ordonnansie het op 1 Januarie 1805 in werking getree en Artikel 5 hiervan het bepaal dat die bruidspaar vir die huwelik, ten profyte van die kerk waaronder die bruid val, 5 Riksdalers moes betaal. In die so pas aangelegde drosdy van Uitenhage, moes hierdie geld, totdat daar ook 'n kerk gebou sou wees, gevoeg word by die „*Kerk- en Schoolen Fonds*, onder de bewaaring van Landdrost en Heemraaden zynde, of zullende koomen.”¹⁵⁵⁾ 'n Verdere artikel het bepaal dat in buitengewone gevalle die voltrekking van 'n huwelik ook in partikuliere huise sou kon geskied, maar dan sou behalwe die vergoeding van die reiskoste van die kommissarisse „ten profyte van het *Kerk- en Schoolen Fonds* van die Drosty moeten betaald worden vyf en twintig Ryksds., eens.”¹⁵⁶⁾ Die persone wat op trou staan sal verplig wees om hulle in die huwelike staat te laat bevestig uiterlik binne drie maande na die onverhinderde afloop van die derde of laaste gebod, sonie sou hulle 'n honderd Riksdalers verbeur „ten profyte van het *Kerk- en Schoolen-fonds der Drosty*” waar die huwelik geskied het, vir elke maand wat hulle na die eerste drie maande ongetroud bly.¹⁵⁷⁾

Die Kommissaris het gemeen om langs hierdie weg die moeilikheid wat in die weg van effektiewe onderwys gelê het weens die skaarsheid aan fondse, gedeeltelik uit die weg te ruim.

¹⁵³⁾ Sien p. 18.

¹⁵⁴⁾ Sien p. 31.

¹⁵⁵⁾ Provisioneele Ordonnantie op het voltrekken van Huwelyken door de Bewoonders der Buiten-Districten binnen de Bataafsche Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop. *Orig. Placaatboek* 1803—1806, B.R. 115, p. 641.

¹⁵⁶⁾ *Ibid.*

¹⁵⁷⁾ Art. 34, *Ibid.*, p. 648; *Kaapsche Courant*, 19 Jan. 1805.

Ook in hulle „Ordonnantie raakende het bestier der Buiten-districten, in de Nederlandsche Zuid-Africaansche Volkplanting,” van 23 Oktober 1805, het die Goewerneur en die Raad die belange van die onderwys in die buitelandstrikte nie uit die oog verloor nie. So is in die „Instructie voor de Landdrosten der respectie Buiten-Districten,” o.a. bepaal dat die Landdrost wat reeds kragtens De Mist se Skoolorder aangesê is om as honorêre skolarg 'n wakende oog oor die onderwys te hou, noukeurig moet let op die opvoeding van die Jeug en moet probeer om die middele daartoe nodig binne die bereik van elke huisvader te stel. Hy moes veral probeer om die jeug „tot nyverheid aan te moedigen, door den arbeidzaamen Landman met onderscheiding te behandelen en den stand van zodanige Landlieden, als eere waardig, en hoogstnuttig voor de Volkplanting, te doen beskouwen.”¹⁵⁸⁾

Maar ook die hulp van die veldkornette is ingeroep. In 'n ander afdeling van genoemde Ordonnansie, bevattende 'n „Instructie voor de veldcornets . . . ,” is neergelê dat niemand wat nie 'n burger van die Volksplanting is, of die reg van inwoning besit nie, hom in enige van die buitelandstrikte as skoolmeester, ambagsman of kneg ens. mag bevind nie sonder in besit te wees van 'n skriftelike verlov van die Regering. Hierdie verlobbrief moes hy dan by sy aankoms toon, nie alleen aan die Landdrost van die distrik nie, maar ook aan die veldkornet van die omtrek waarin hy van voornemens is om te woon. Dit is aan die veldkornet opgedra om mense wat sodanige verlov nie kan wys nie, in versekering te neem en aan die Prokureur-Generaal of die Landdrost uit te lewer.¹⁵⁹⁾

Op die aangeduide weg het dus ook die Sentrale Regering aan die Kaap daarin volhard om hulle aandag te skenk aan die behartiging van die belange van die belangrike saak van die onderwys in die binneland.

¹⁵⁸⁾ *Ordonnantie Rakende het Bestuur der Buitendistrikten 1805*, B.R. 116, p. 6; *Kaapsche Courant*, 16 Nov. 1805.

¹⁵⁹⁾ Arts, 249—250, *Ibid.*, p. 54.

HOOFSTUK IX.

ONDERWYS AAN NIE-BLANKES.

Maar ook die onderwys en algemene opvoeding van die nie-blankes wat hulle in die samelewing en dieper in die binneland bevind het, het nie in hierdie jare heeltemal buite die berekening van die Owerheid en ander belangstellendes geval nie.

SLAWE-ONDERWYS.

In verband met die slawe dien ons daaraan te herinner dat die Bataafse Regering 'n baie duidelike en uitgesproke beleid teenoor hierdie ongelukkige mense gevolg het. Doelbewuste pogings is aangewend wat ten minste tot 'n beperking van die invoer gelei het. In 'n „Provisioneele Instructie voor den Ontvanger . . .” is dan ook neergelê dat geen slaaf aan wal sou mag gesit word nie, of van 'n vreemde op 'n Bataafse skip oorgelaai sou mag word nie, „dan met voorafgegaan speciaal en schriftelyk consent van den Gouverneur, of by deszelfs afwezigheid van den Voorzitter van den Raad van Politie, by poene van daadlyke confiscatie.”¹⁾

Die Kommissaris-Generaal was van mening dat by voorkeur Hottentotte in diens geneem moes word dan om slawe aan te koop.²⁾ Tog is slawe by voortdoring hier geland en verkoop. In Maart 1804 het die Politieke Raad byv. 'n sekere Izaak Strombom toegelaat om 240 slawe wat hy met die Amerikaanse skip Minerva aangevoer het, aan wal te sit en in die openbaar te verkoop.³⁾

Hoewel die direkte gegewens in verband met onderwys aan slawe uit die periode hier onder behandeling, maar skraal is, het ons alle reg om aan te neem dat die gebruik wat hier tydens die bestuur van die Kompanjie bestaan het, waarvolgens slawe opgeneem is in die gewone openbare skole soos die gewone laer skole en die skole wat meer direk onder die Kerkrade geval het en deur die voorleser, as onderwyser, bedien

¹⁾ *Instructiën 1802-1805*, B.R. 114, p. 173.

²⁾ *Bijlagen 1803*, B.R. 34, p. 187; *Not. De Mist 1803*, Dl. VI, 109, p. 58.

³⁾ *Res. Pol Raad (14 Maart) 1804*, B.R. 6, p. 983.

is,⁴⁾ nog in swang was. As ons dus lees dat in 1779 daar in al ag die gewone laer skole wat in die hoofstad bestaan het ook slawekinders opgeneem was, en wel 82 uit 'n getal van 696 skoliere tesame,⁵⁾ kan ons, aangesien daar sedert dien geen verandering in die beleid dienaangaande gekom het nie, aanneem dat daar ten minste in sommige van die bestaande openbare skole in 'n vroeëre hoofstuk behandel, ook slawekinders moes gewees het. Hierdie gewoonte het dan ook nog lank hierna bly voortbestaan.

Ook die skool wat daar in die slawelosie vir slawekinders ingerig was en wat in 1779 deur 84 kinders besoek was, terwyl hulle getal in 1794 tot 47 gedaal het,⁶⁾ het in alle waarskynlikheid bly voortbestaan. Ook in die dorpskole op die platteland het ons nog steeds slawekinders aangetref,⁷⁾ terwyl selfs die koloniste nie altyd versuim het om in hierdie behoefte van hulle slawekinders te voorsien nie, al was dit dan ook maar om hulle saam met hulle eie kinders deur private meesters of huisonderwysers te laat onderrig. Die boer Pierre Rousseau wat 'n onderwyser gehuur het om „syn geheele famielie, tot slaaven daar onder begrepen,” op te voed,⁸⁾ sou seker nie 'n uitsondering gewees het nie en sy goeie voorbeeld sou steeds navolging gevind het.

Terwyl Janssens hom uitgespreek het ten gunste van die beskawing en onderwys, veral godsdienstonderwys, van slawe,⁹⁾ verneem ons van 'n skool vir onvermogene bejaarde persone en slawe wat in hierdie tyd aan die Kaap bestaan het,¹⁰⁾ asook van vrygelate slawe wat in Kaapstad hulle brood verdien het met die gee van musieklesse.”¹¹⁾

SENDING-ONDERWYS.

Teen hierdie tyd was dit egter hoofsaaklik die Sendinggenootskappe en ander sendingvriende wat veul gedoen het vir die onderwys van die nie-blankes, en wel die Hottentotte in die besonder. Hierdie werk staan in die lig van die godsdienstige herlewing wat daar teen die einde van die 18de eeu in Europa plaasgevind het en wat gelei het tot die stigting

⁴⁾ Sien Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, pp. 183 en 253.

⁵⁾ *Ibid.*, p. 183.

⁶⁾ *Ibid.*, p. 253.

⁷⁾ *Ibid.*, Du Toit, *Onderwys in Drakenstein*; op. cit., p. 346.

⁸⁾ *Contracten 1714—'15*, C.J. 1128, No. 21; Vgl. ook Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, p. 253.

⁹⁾ *Zuid-Afrikaansch Tydschrift*, VI, 1829, p. 461.

¹⁰⁾ *Res. Kerkr. Kaapstad* (5 Julie 1802) 1802—1812; *Ibid.* (2 Jan. 1804).

¹¹⁾ Molsbergen, *Reizen*, II, p. 172.

van verskeie Sendinggenootskappe wat hulle verteenwoordigers ook na Suid-Afrika gestuur het.

Beide De Mist en Janssens was die Sendingsaak goedgesind, hoewel eersgenoemde nie juis gediend was met die feit dat sendelinge hulle ook op die dorpe waar die kerk die werk kon waargeneem het, gevestig het nie.¹²⁾ Dit was dan ook veral nadat hy van die ongerymdhede wat in dier voege op Stellenbosch ontstaan het, verneem het,¹³⁾ dat hy dit nodig gevind het om sekere waarskuwings te uit o.a. teen „sogenaamde” sendelinge wat hulle onder die heidene mag vestig. Verder was hy egter van mening dat as so 'n persoon geneig sou wees om van sodanige genootskap as waaraan hy mag behoort, af te sien, met die idee om as privaat en vrye persoon binne die volksplanting te bly „en zyn kost te winnen met het onderwyzen in leezen, schryven, catichiseeren en diergelyke nuttige oefeningen,” hy vooraf van die Regering verlov sou moes kry om hier te vertoef. Vervolgens sou hy hom by die naaste Kerkraad waar hy meen om hom te vestig, moes vervoeg, „ten einde zich daardoor denzelve te doen examineeren of hy tot het onderwys van eenen reedelyken Godsdienst de nodige geschiktheid heeft.”¹⁴⁾

Die Goewerneur skyn inskikliker teenoor die Sendelinge te gewees het.¹⁵⁾ Terwyl hy die beskawing en godsdienstonderwys as hoogs nuttig beskou het en die Politieke Raad in hulle ordonnansie rakende die bestuur van die Buitedistrikte, die beskawing van die Hottentotte as 'n voorwerp van sorg aan die Landdros opgedra het,¹⁶⁾ het die Raad tog in Februarie 1805, nadat hulle gehandel het oor die verskillende Sendinginstitute, neergelê dat „vermits het Schryven tot de aanvankelyke beschaving niet noodzakelyk is, daarin geen onderwys aan de Naturellen mogen worden gegeeven; maar zal dit onderwys uitgesteld moeten blyven, tot dat daartoe uitdrukkelyk verlov van den Gouverneur en Generaal en Chef zal zyn verkregen.”¹⁷⁾

Maar om te kom tot die onderwyswerk deur verskeie genootskappe by hulle s.g. institute waargeneem.

¹²⁾ Sien Moorrees, A., *Die Ned. Ger. Kerk in S.A.*, p. 391.

¹³⁾ *Ibid.*, p. 392.

¹⁴⁾ *Not. De Mist* 1803—'04, Dl. IX, B.R. 111, p. 509.

¹⁵⁾ Janssens aan direkteur S.A. Send. Genootskap, *Z.A.T.*, VI, 1829.

¹⁶⁾ *Ordon. rakende het Best. der Buitendist.*, B.R. 116, p. 7.

¹⁷⁾ *Res. Pol. Raad* 1805, B.R. 10, p. 537; *Orig. Placaatboek* 1803—1806, B.R. 115, p. 702; *Kaapsche Courant*, 23 Febr. 1805.

DIE MORAWIESE SENDELINGE EN GENADENDAL.

In die eerste plek was daar die Morawiese Genootskap. Dit het tot 1792 geduur alvorens die nuttige werk te Baviaanskloof, wat met die vertrek van Georg Schmidt in 1743 gestaak is,¹⁸⁾ hervat is. Drie persone, te wete Hendrik Mansveld van Gouda, 'n Hollander, Daniel Schwinn en Johann Christian Kühnel, het hulle met die doel daar gevestig. Groot moes hulle verbasing gewees het, toe hulle nog spore daar aangetref het van Schmidt se leesonderrig. Ou Lena wat ten minste 80 jaar oud moes gewees het, het 'n Nederlandse Nuwe Testament tevoorskyn gehaal en hoewel sy weens gebrekkige gesig nie kon lees nie, het 'n ander meid na vore gekom wat vloeiend daaruit gelees het.¹⁹⁾

Hierdie drie broeders het nie gras onder hulle voete laat groei nie. Binne enige maande was 'n woonhuis reeds opgerig, 'n tuin aangelê en 'n skool vir Hottentotte met 61 leerlinge geopen.²⁰⁾ Von Bouchenroeder wat tydens die Bataafse Bewind hier, die skool besoek het, het omtrent die bestaan daarvan getuig: „De Broeders onderwijzen de Hottentotten in den godsdienst, het lezen en schrijven, en de vrouwen der Zendingen onderrigten de Hottentotsche meisjes in het naaijen, breijen en andere huisselijke werkzaamheden. Dagelijks wordt er school gehouden, en twee- of driemaal ter week kerk . . .”²¹⁾ Dit is trouens goed bekend hoedat hierdie gesante na die Heidenwêreld die Hottentotte nie net leer lees het nie maar ook om nuttige arbeid te verrig. 'Geen wonder dus dat Von Bouchenroeder kon waarneem dat die nedersetting bestaan het uit sowat 200 huisies en hutte wat elk voorsien was van 'n klein groentetuintjie van sowat 25 by 15 tree, behalwe nog 'n groot stuk koringland vir gemeenskaplike bewerking, en dat hy origens kon gewag maak van die allesins prysenswaardige goeie orde wat die Sendelinge onder hulle gehandhaaf het, sodat hulle hul selde aan buitensporighede skuldig gemaak het.²²⁾

Beide Janssens en De Mist het tydens hulle reise Baviaanskloof besoek, en altwee was baie ingenome met die werk aldaar. Die Goewerneur het na 'n besonder vriendelike ontvangs, 'n grondige ondersoek ingestel na die werk deur die Sendelinge daar verrig, en was getref deur

¹⁸⁾ Du Toit, *Onderwys onder die Komp.*, p. 187.

¹⁹⁾ Du Plessis, J., *A Hist of Christian Missions in S.A.*, p. 73.

²⁰⁾ *Ibid.*

²¹⁾ Von Bouchenroeder, B. F., *Reizen in de Binnelanden van Z.A.*, p. 93.

²²⁾ *Ibid.*, p. 95.

die sindelikeid van die Hottentotte. Hy het ook 'n openbare godsdiensoefening bygewoon en is by een geleentheid verwelkom deur die kinders, „de jongens aan de eene en die meysjes aan de andere zyde van de deur geschaard.” Met „zeer veel decentie en onbegrijpelijk schoon,” het hulle vir hom 'n kerklike gesang gesing.²³⁾ Hy het ook die geleentheid gehad om die skoolkinders op 'n feestelikeid te trakteer.²⁴⁾

Ook De Mist het met hoë lof gewag gemaak van die werk deur die Sendelinge daar verrig. By sy aankoms daar „waren eenige Hottentots meisjes en jongens verzameld, die hem met een aangenaam choormuziek ontvingen.”²⁵⁾ Daar was toe sowat 1100 persone woonagtig op die Sendingstasie. Hy het gevind dat die Hernhutters baie vlyt aan die dag gelê het, dat hulle 'n slag gehad het om met die Hottentotte om te gaan en dat hulle getrag het om van die inboorlinge eers mense te maak en daarna christene.²⁶⁾

So ingenome was die Kommissaris met die werk hier gedoen, dat hy die Goewerneur en Raad versoek het om aan die Bestuurders van hierdie „Instituut der Evangelische Broederen, tot beschaving en Onderwys der Hottentotten,” as 'n bewys van die Regering se goedkeuring en beskerming, uit die landskas 'n som van 250 Riksdalers te betaal.²⁷⁾ In sy motivering van hierdie stap het hy gewag gemaak van „het nut dat deze Broederschap het Menschdom, en inzonderheid deeze Volkplanting aanbrengt, en van de verpligting van het Goevernement om hunne loflyke pogingen te ondersteunen.”²⁸⁾ In Junie 1804 het die Goewerneur en Raad dan ook per brief van die Sendelinge te Baviaansklouf getuig van die heilsame gevolge waarmee hulle „pogingen ter onderwys der heidenen tot nu toe zyn beloond.”²⁹⁾ Dit was trouens op aanbeveling van Goewerneur Janssens dat die stasie vroeg in 1806 verdoop is tot die meer aantreklike naam, Genadendal.³⁰⁾

As ons bogenoemde in gedagte hou, verbaas dit ons nie dat die Kommissaris-Generaal in samestemming van die Goewerneur, in Augustus 1804 „ter harte neemende het lot en de zedelyke beschaving der Hotten-

²³⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 103.

²⁴⁾ Du Plessis, J., *op cit.*, p. 84.

²⁵⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 146.

²⁶⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 220.

²⁷⁾ *Res. Pol. Raad* (9 Mei) 1804, B.R. 7, p. 1607; *Inkomende Brieven* 1803, B.R. 87, p. 225; *Not. De Mist* 1803-'04, DI. IX, B.R. 111, p. 180.

²⁸⁾ *Ibid.*

²⁹⁾ *Uitgaande Brieven* 1803—1804, B.R. 88, p. 309.

³⁰⁾ *Kaapsche Courant*, 4 Jan. 1806.

totsche natie," sy uiterste bes gedoen het om die Hernhutters by Baviaans-kloof te beweeg om een van hulle getal te stuur na die „thands in s'Lands dienst genomen en aan de Wynbergen gelegerd Corps Hottentotten, om by het zelve hunne nuttige pogingen tot onderwys en beschaving te doen werken." ³¹⁾ Sy versoek het nie op dowe ore geval nie en so is die broeder J. P. Kohrkammer na hierdie Hottentotkamp gestuur; waar ook hy nuttige beskawingswerk verrig het. ³²⁾

Terwyl die Sendelinge op Genadendal in eenvoudige maar gerieflike huisies gewoon het, het hulle hul gedurende die dag besig gehou „in teaching in the school, and imparting instruction in certain elementary handicrafts." ³³⁾ In hierdie skool is by voortduring, ook nog nadat die Kaap in 1806 andermaal in Engelse hande oorgegaan het, belangrike werk verrig. Reisigers en ander waarnemers wat die sendingstasie besoek het, het in die reël nie versuim om hiervan te getuig nie. In 1816 het Latrobe die stasie besoek en gevind dat daar toe afsonderlik van die skool vir jongetjies, ook 'n skool vir meisies, besoek deur ongeveer 130 leerlinge, bestaan het, ³⁴⁾ terwyl Moodie wat 'n paar jaar later daar besoek afgelê het ook vertel het hoedat in die skool daar, beurtelings deur die sendelinge onderwys gegee is, „at certain hours which may the least interfere with their other numerous avocations." ³⁵⁾ Ook Teenstra het meegedeel hoedat hy die skool besoek het waar vier persone beurtelings onderwys gegee het aan meer bejaarde mense en aan kinders, in 'n fraai en ruim gebou wat in 1812 opgetrek is. Daar is toe afsonderlik onderrig gegee aan 105 jongens en aan 120 meisies. Dat die aanleer van nuttige handwerk, veral by die meisies, nog steeds 'n belangrike plek ingeneem het, getuig sy verdere woorde: „Zoo wel als de mannen onderwijs geven aan de jongens, doen dit ook hunne vrouwen aan de meisjes; deze onderwijzen dezelve in het breiden, naaijen, borduren en andere vrouwelijke werkzaamheden." ³⁶⁾

³¹⁾ *Not. De Mist* (30 Aug. 1804) 1803—1804, Dl. X, B.R. 111, p. 100. Hier was benewens 'n 400 Hottentotte ook nog sowat 500 vroue en kinders aanwesig. Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 86.

³²⁾ *Not. De Mist* (20 Aug. 1804) 1803—1804, Dl. X, B.R. 111, p. 100.

³³⁾ Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 85.

³⁴⁾ Latrobe, *Journal*, p. 115.

³⁵⁾ Moodie, J. W., *Ten Years in Southern Africa*, I, p. 78.

³⁶⁾ Teenstra, M. D., *De Vruchten mijner Werkzaamheden*, p. 213.

DIE SENDELINGE VAN DIE L.S.G. EN BETHELSDORP.

In 1799 was hier 'n tweede Sendinggenootskap in die veld, wat op sy beurt ook Sendingskole onder die nie-blankes, en insonderheid onder die Hottentotte gestig het. Ons dink hier aan die stigting van die Londense Genootskap in 1795 en die belangrike werk wat hulle sendelinge onder die Hottentotte verrig het. Die eerste verteenwoordigers van hierdie Genootskap om hulle in Suid-Afrika te vestig, was die twee Hollanders J. T. van der Kemp en J. J. Kicherer, en die Engelse Edwards en Edmonds wat na 'n vermoeiende reis met 'n bandieteskip, die „Hillsborough” wat op pad was na Botany-Baai, in Maart 1799 hier aangekom het.³⁷⁾ Hulle sowel as die lede van die tweede geselskap van Sendelinge wat in September 1800 hier geland het, was vervolgens op verskeie plekke werksaam waar hulle Sendingstasies gestig het waaraan daar ook Sendingskole verbonde was.

Die belangrikste van hierdie gesante na die heidenwêreld was waarskynlik dr. Van der Kemp. Hy het aanvanklik 'n oog gehad op werk onder die Kaffers, maar moes weens die onluste daar asook as gevolg van die wantroue waarmee hy deur Gaika se mense bejeën is, hierdie planne van hom laat vaar. Vervolgens het hy sy aandag gegee aan die Hottentotte in die Kaffergebiede, maar was genoodsaak om teen die einde van 1800 na Graaff-Reinet terug te keer. By sy aankoms hier, het 'n nuwe aankomeling, Read, by hom aangesluit. Hulle het dadelik onder die Hottentotte begin arbei en teen September 1801 reeds 62 kinders in hulle skool gehad.³⁸⁾

Met die oog op die swerwende lewe van die Hottentotte, is besluit om 'n Sendingstasie onder die toesig van dr. Van der Kemp te stig. In April 1802 is hy gevolglik deur die Regering geoutoriseer en gelas „to instruct the Hottentots in the neighbourhood of the Zwartkops Bay, (naby die teenswoordige Port Elizabeth) in the Christian Religion, and by exhortations to reclaim them from their present wandering marauding state, to animate them to industry and to encourage them under every circumstance to act with moral rectitude and humanity.”³⁹⁾ Hy het gevolglik sy skool op Graaff-Reinet opgebreek en dit, saam met enige honderde van sy „gemeentelede” wat hom gevolg het, oorgeplaas na sy nuwe tuiste.⁴⁰⁾

³⁷⁾ Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 102.

³⁸⁾ *Ibid.*, p. 124.

³⁹⁾ *Letters despatched within the Colony 1802—1803*, B.O. 55, p. 27.

⁴⁰⁾ Du Plessis, *op. cit.*, p. 124.

Weens herhaalde plunderinge deur vyandige Hottentotte, het hy hom verplig gevind om veiligheidshalwe terug te trek tot by Fort Frederick, (Algoa Baai). Dit was hier waar Janssens vir hom en Read gedurende sy reis in Mei 1803, as leraars van ongeveer 200 „ellendige, armoedige Hottentotten van alle jare en sexen,” aangetref het.⁴¹⁾ Dit was duidelik dat die toestand hier maar veel te wense oorgelaat het en dat die stigting nie aan die vooropgesette doel beantwoord het nie. Op 31 Mei 1803 het die Goewerneur vervolgens aan Van der Kemp berig dat „de situatie waarin U.E. zig met de Hottentotten bij u school zijnde bevind kan niet langer op deze onwisse voet blijven als het thans is. Zonder werk, en dus zonder voortbrengselen van de grond, kunnen de menschen niet leven.”⁴²⁾

Dit was om 'n end hieraan te maak dat die Goewerneur dit hom derhalwe toegestaan het om sy nedersetting te verplaas na 'n plek geleë aan die Roode Pan by 'n fontein tussen die rekognisieplase van Thomas Ignatius Ferreira en die weduwe Scheepers. Volgens Van der Kemp se eie begeerte is hom toegestaan om aan die nuwe stigting die naam Bethelsdorp te verleen.⁴³⁾ Voordat hy sy reis voortgesit het, het hy voorlopige instruksies vir die nuwe instituut tot algemene beskawing van die Hottentotte, opgetrek en vir Van der Kemp laat verstaan dat die Kommissaris-Generaal definitief sou bepaal onder watter „advantages en verpligtingen” die sendelinge „ter bekeering en onderwys der Heidenen” in hierdie Volksplanting hulle werk sou moes doen.⁴⁴⁾

Gedurende sy landsreis het Kommissaris De Mist op sy beurt 'n besoek by sy vorige klasmaat, Dr. Van der Kemp, op Bethelsdorp afgelê. Groot was sy teleurstelling in wat hy hier moes ontwaar, temeer daar dit so 'n skerp teenstelling gevorm het met wat hy op Genadendal gesien het. Hy het hier 'n smerige versameling van 'n aantal leeglêer Hottentotte aangetref; „Bethelsdorp was looked upon by them as a hotbed of indolence and vice.”⁴⁵⁾ Die beskrywing van dr. Lichtenstein, wat De Mist vergesel het, van Bethelsdorp is dan ook uiters ongunstig. Hier volg slegs 'n paar sinsnedes daaruit: „It is scarcely possible to describe the wretched situation in which this establishment appeared to us... the ground all about is perfectly naked, and hard trodden down, nowhere the least trace of human industry: wherever the eye is cast, nothing is presented but

⁴¹⁾ Theal, *Dokumenten*, III, p. 219. Sien ook Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 134.

⁴²⁾ Janssens—v. d. Kemp, 31 Mei 1803, Theal, *Dokumenten*, III, p. 235.

⁴³⁾ *Ibid.*, p. 235.

⁴⁴⁾ *Ibid.*

⁴⁵⁾ Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 127.

lean, ragged, or naked figures, with indolent countenances... he (Van der Kemp) had never turned his thoughts seriously to instilling habits of industry into his disciples." ⁴⁶⁾

Dat in so 'n verrotte samelewing geen ordentlike skool kon bestaan het nie, is maklik om te verstaan. Van der Kemp was vervul met die idee dat die Hottentot 'n vrye wese is met al die regte en voorregte van 'n vrye burger van die land, daarom het hy geweier om enige dwang op hom uit te oefen. Die gevolg was dat dit aan die kinders vrygelaat was om die skool te besoek, al dan nie; „the children might attend school or not, as they pleased; truancy was visited with no subsequent punishment." ⁴⁷⁾ Sels 'n biograaf wat baie simpatiek teenoor Van der Kemp en sy strewestaan, het terwyl hy verskonings vir die bestaande toestand in die skool aangevoer het, hom as volg daaroor uitgelaat: „Work amongst the children was carried on with difficulty, largely owing to the frequent removals of their parents. When these latter obtained work on any of the Boer farms the children had to go with them. Progress in the school would have been greater, perhaps, if Van der Kemp and his colleague had employed either stricter or more engaging methods. From all accounts they seem to have anticipated something of the principle of Madame Montessori, without, however, being able to allure their pupils to the delights of knowledge." ⁴⁸⁾

Die Kommissaris was baie teleurgesteld met die toestand van sake wat hy op Betheldorp aangetref het, ⁴⁹⁾ maar het net soos in die geval van Genadendal, ook hier 'n geldelike geskenk aangebied; hierdie slag egter sekerlik nie uit 'n gevoel van voldoening nie. Hy het die Regering gelas om aan Van der Kemp ten behoeve van sy instituut die som van 250 Riksdalers uit te betaal. Van der Kemp het egter verkies om in stede daarvan van die Regering „ten dienste van het Instituut" te mag ontvang, 'n aantal artikels wat hy gespesifiseer het. So het hy versoek dat benewens 'n ploeg, 'n aantal handbyltjies, handboortjies, pennemessies, handsagies, skeermesse, krale, knope ens. „maar geen schaaren," vir hom aangestuur moes word, en dan heet dit verder, — vreemd byna, — „om den arbeid der Hottentotten te beloonen." ⁵⁰⁾ Verder het hy gevra dat „eenige Leerzame en vermakelyke boekjes tot presentjes voor kinderen," aan hom gestuur moes word. Hierdie „leerboekjes" ten bedrae van 47 Riksdalers en 4

⁴⁶⁾ Lichtenstein, H., *Travels in Southern Africa*, I, p. 294.

⁴⁷⁾ Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 126.

⁴⁸⁾ Martin, A. D., *Doctor Van der Kemp*, p. 139.

⁴⁹⁾ Molsbergen, *Reizen*, IV, p. 239.

⁵⁰⁾ *Res. Pol. Raad* (5 Julie) 1804, B.R. 8, p. 2138; *Bijlagen* 1804, B.R. 52, p. 55.

Skellings is toe onder die sorg van die sekretaris van die Raad, Mnr. J. A. Truter aangekoop en saam met die ander artikels versend.⁵¹⁾ Ongelukkig is hierdie „leerboekjes” en „leerzame en vermakelyke boeken” nie nader omskrywe nie.

Hierdie stigting wat, soos bekend, nie in die smaak van die koloniste geval het nie, het ook by die outoriteite in onguns gebly. Teen die einde van 1805 is Van der Kemp en Read na Kaapstad ontbied as gevolg van sekere onreëlmatighede wat op hulle stasie plaasgevind het. Hier het hulle vertoef totdat die reg om terug te keer aan hulle verleen is nadat die Engelse in 1806 weer besit van die Kaap geneem het.⁵²⁾ Van der Kemp het sy werk voortgesit totdat sy kragte hom begewe het. Teen die tyd van sy dood in 1811 het Bethelsdorp 'n bevolking van 1,150 gehad, wat ongeveer 140 huise bewoon het.⁵³⁾

DIE SUID-AFRIKAANSE SENDINGGENOOTSAP.

Spesiale vermelding verdien hier ook die werk van die eerste Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap. Hierdie Genootskap het onder die invloed van die besondere geesdrif wat daar teen die einde van die 18de eeu tot bekeringswerk onder die Heidene ontwaak het en as gevolg waarvan die Londense Genootskap in 1795 en die Rotterdamse Genootskap in 1797 opgerig is, in 1799 tot stand gekom.⁵⁴⁾ Belangrike voorbereidingswerk tot die stigting daarvan is gedoen deur manne soos di. Van Lier en M. C. Vos. Toe 'n aanvang gemaak is met die insameling van die nodige fondse, het die weduwe Mulder die goeie voorbeeld gestel deur 15,000 guldens (sowat £1250) van haar kant by te dra.⁵⁵⁾ So het in April 1799 die stigting van „Het Zuid Afrikaansche Genootskap ter bevordering van de uitbreiding van Christus Koninkryk,” werklikheid geword.⁵⁶⁾ Dit sou hom beywer vir „de uytbreiding van het Ryk van Christus *alhier*, onder de onverlichte in deeze Colonie en Heidenen zo binnen als buyten dezelve door allerly middelen.”⁵⁷⁾

Die aanvang was maar gering en aanvanklik is onderwys aan die

⁵¹⁾ *Res. Pol. Raad* (1 Aug.) 1804, B.R. 8, p. 2386; *Bijlagen* 1804, B.R. 52, p. 865.

⁵²⁾ Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 127.

⁵³⁾ Martin, A. D., *op. cit.*, p. 138.

⁵⁴⁾ *Res. Pol. Raad* (21 Maart) 1804, B.R. 6, p. 1065; *Z.A.T.*, 1824, p. 25; *Ibid.*, 1825, p. 19.

⁵⁵⁾ *Sien Z.A.T.*, 1825, p. 19; Du Plessis praat van „a widow, Mrs. M. A. Möller,” *op. cit.*, p. 92.

⁵⁶⁾ *Z.A.T.*, 1825, p. 19.

⁵⁷⁾ *Res. Pol. Raad* (21 Maart) 1804, B.R. 6, p. 1066.

Heidene gegee in besondere huise van verskeie lede. Teen 1804 was hulle egter reeds sodanig gevorder dat hulle kon intrek neem in 'n gebou in Langstraat wat vir die doel ingerig was en bekend gestaan het as „het groote Oefeningshuis.”⁵⁸⁾ Behalwe godsdiensonderwys is in hierdie gebou ook eenvoudige letteronderwys gegee; „op elken dag der week stonden de deuren open en die naar onderwys begerig waren, vonden er gelegenheid, om in hunne begeerte voldaan te zien.”⁵⁹⁾ Tog skyn dit asof van die skool nie veel tereg gekom het tydens die Bataafse Bewind nie, weens die onsimpatieke houding van die outoriteite. De Mist was die Genootskap onvriendelik gesind omdat dit volgens hom inbreuk gemaak het in die regte van die gevestigde Gereformeerde Kerk. Janssens egter was meer toegewend.⁶⁰⁾

Nadat Manenburg vir 'n paar jaar hier as Sendeling van die Genootskap ageer het, het hy weens die stremmende atmosfeer wat daar geheers het, sy werk gestaak. 'n Tydlank is die werk voortgesit met behulp van broeder Le Roux en sendeling A. A. van der Lingen, wat aangestel is om Manenburg se werk voort te sit. Na verloop van ses maande het die Kommissaris-Generaal, Van der Lingen verbied om te preek of godsdienste te hou in 'n publieke gebou of om godsdiensonderwys aan slawe te gee en daarvoor geld te trek van die Genootskap. As hy onderwys aan slawe wou gee, moes hy deur hulle meesters besoldig word. 'n Deputasie deur die Direksie na die Kommissaris gestuur, het slegs tot gevolg gehad dat hy o.a. die volgende beginsel neergelê het: „Die Regering sou deur die oprig van skole voorsiening maak vir die onderwys van slawe, en die onderwys moet voorafgaan om hulle tot verder onderwys in die godsdienste voor te berei. Indien sendeling Van der Lingen, as skoolmeester die slawe in lees en skrywe wil onderwys, sal hom daartoe die geleentheid gegee word. Indien die Genootskap onder die woeste heidene wil arbeid, sal hy dit alle moontlike proteksie verleen.”⁶¹⁾

Die Goewerneur het hom inskiklikker betoon ten opsigte van die werk van die Genootskap en het selfs toestemming gegee tot die inwyding van die „Oefeningshuis,” wat vervolgens op 15 Maart 1804 plegtiglik waargeneem is deur ds. J. P. Serrurier, as oudste predikant aan die Kaap. Die Goewerneur het ook vrystelling verleen van die hereregte op die koopsom van die erf.⁶²⁾

⁵⁸⁾ Z.A.T., 1824, p. 19.

⁵⁹⁾ *Ibid.*

⁶⁰⁾ Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 97.

⁶¹⁾ Moorrees, A., *op. cit.*, p. 396.

⁶²⁾ Sien Res. Pol. Raad (14 Maart) 1804, B.R. 6, p. 994; *Ibid.* (21 Maart), p. 1066.

WERK IN DIE BUITEGEMEENTES.

Die werk van die Suid-Afrikaanse Genootskap was egter nie beperk tot die hoofstad nie. Korrespondente is op die platteland aangestel wat die direkteure op hoogte van sake gehou het. Plaaslike komitees is aangestel wat aanvanklik in noue kontak met die moedergenootskap gestaan het, dog mettertyd onafhanklike groepe geword het. Dergelike plaaslike komitees het bestaan op Stellenbosch, Wamakersvallei, Roode Zand, Graaff-Reinet en elders, waar dan ook plaaslike sendelinge aangestel is.⁶³⁾

Spesiale vermelding verdien miskien die onderwyswerk wat deur of onder invloed van die Genootskap op Stellenbosch deur plaaslike Sendelinge en ander belangstellendes verrig is, 'n bedrywigheid wat ook hier net soos in die hoofstad die onderwys van die slawejeug ten goede gekom het.

Die tak van die Genootskap op Stellenbosch dateer uit die jaar 1800, sodat dit in 1824 by geleentheid van die inwyding van 'n nuwe kerk „voor de Heidenen” op Koningsplein geleë, sy vier-en-twintigjare bestaan kon herdenk.⁶⁴⁾

Op Stellenbosch het die saak van die sending al gou 'n vurige ondersteuner en kampvegter gevind in die persoon van J. N. Desch wat herhaalde kere op die Kerkraad gedien het. Reeds in 1792 toe die Herrnhutters hulle werk hier hervat het en die Stellenbossche Kerkraad onder leiding van ds. Borchers die Regering versoek het om die verdere uitbreiding van die Herrnhutters teen te gaan, het hy as diaken saam met ouderling Groenewald, hom nie met die besluit verenig nie.⁶⁵⁾

Met die stigting van die Suid-Afrikaanse Genootskap, het Desch wat toe ouderling was, lid daarvan geword en namens die Genootskap dit aan ds. Borchers voorgestel om ook lid te word. Hoewel hy dit geweier het, het die bespreking oor die Genootskap, wat daarop gevolg het tot gevolg gehad dat dit die aandag gevestig het op „den beklaaglyken toestand van het Oberbergsche gedeelte hunner parochie.” Hulle het derhalwe verlot gevra om een of twee persone te mag aanstel „tot onderwys van minkundigen en heidenen.” Hulle kon meedeel hoedat hulle met dié doel op Stellenbosch reeds provisioneel iemand aangestel het in die persoon van 'n sekere Bakker, 'n gewese stuurman, maar dat hulle as gevolg van die bepaling dat niemand mag skoolhou wat nie ondersoek is

⁶³⁾ Sien Cruse, H. P., *Geskiedkundige oorsig van Kleurlingonderwys*, p. 5.

⁶⁴⁾ *Z.A.T.*, 1824, p. 19.

⁶⁵⁾ Moorrees, A., *op. cit.*, p. 369.

nie, en omdat daartoe 'n fonds voor nodig was, besluit het om die saak eers voor sy Eksellensie te bring.⁶⁶⁾

Hoewel die Goewerneur sy goedkeuring aan hulle plan geheg het asook sy toestemming verleen het tot die insameling van vrywillige subskripsies, het die Kerkraad besluit om vir G. Freiling wat hom daartoe bereid verklaar het, as voorleser na die „Overbergsche District” te stuur maar om i.v.m. Bakker vireers nog geen kollekte te laat hou nie maar daarmee te wag.⁶⁷⁾ Later is besluit dat die Kerkraad die banke wat hy tot die onderwys van slawe nodig gehad het, sou laat maak, op voorwaarde dat dit vir die gebruik die eiendom van die kerk sou bly.⁶⁸⁾

Bakker het gevolglik met sy werk begin. Sy oefeninge vir slawe was egter so gewild dat sy huis al gou te klein geword het. Hy was nie lank besig nie toe hy na Kaapstad vertrek het waar hy hom by die Suid-Afrikaanse Genootskap vervoeg het en na Europa gegaan het vanwaar hy, nadat hy deur die Londense genootskap georden is, in Mei 1801 as sendeling na Suid-Afrika teruggekeer het.⁶⁹⁾

Desch was egter nie van plan om maar toe te sien dat Bakker se werk gestaak sou word nie en het met ds. Borchers onderhandel oor die wenslikheid om die skool vir slawekinders tydens sy afwesigheid voort te sit. Ds. Borchers het sy plan goedgekeur, mits hy hom met dié doel by die Kerkraad sou vervoeg. Dit was egter nie sy bedoeling nie. Hy en twee ander, nl. nog 'n lidmaat van die Gemeente, Nic. Hamman en 'n Lutheraan Jan Morelle, was benoem tot plaaslike direkteure van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap. Hulle het hul dus geregtig geag om 'n skool buite die Kerkraad om op te rig en die bestuur daarvan op hulle te neem.⁷⁰⁾

Die saak is in die Kerkraad ter sprake gebring en alhoewel hulle daaroor eens was dat die oprig van so 'n skool 'n reg was wat volgens die Kerkorder slegs die Kerkraad toegeken was, het hulle besluit om die saak maar oogluikend deur die vingers te sien, deels uit aanmerking van die goeie oogmerk en deels ter wille van die vrede. Hulle het hulle egter die reg voorbehou om later sodanige maatreëls te tref as wat hulle nodig mag vind.⁷¹⁾

⁶⁶⁾ Sien brief Kerkr. aan Goewr. Dundas, Post Acta by *Not. Kerkr. Stellenbosch* (12 Julie 1799) 1754—1804, III.

⁶⁷⁾ *Not. Kerkr. Stellenbosch* (9 Aug. 1799) 1754—1804, III.

⁶⁸⁾ *Ibid.* (28 Nov. 1799).

⁶⁹⁾ Moorrees, A., *op. cit.*, p. 381. Sien ook *Not. Kerkr. Stellenbosch* (8 Maart 1803) 1754—1804, III.

⁷⁰⁾ *Not. Kerkr. St. bosch* (8 Maart 1803) 1754—1804, III.

⁷¹⁾ *Not. Kerkr. St. bosch* (23 Maart 1800) 1754—1804, III.

Bakker het in 1801 na Suid-Afrika teruggekeer en hom tot die Kerkraad op Stellenbosch gewend met 'n aanbevelingsbrief van die Direkteure van die Nederlandse Sendinggenootskap, waarin hulle die Kerkraad versoek het om voorbidding vir hulle pogings tot onderwysing van die Heidene in die Christelike leer. Hoewel die Kerkraad gevoel het dat die saak in homself loflik is, en hulle hoogste goedkeuring verdien, het hulle besluit om liewers nog nie in korrespondensie met die genoemde genootskappe te tree nie.⁷²⁾ In hierdie houding is hulle deur die Kaapse Kerkraad gesterk.⁷³⁾

Die sterk houding wat De Mist ingeneem het teen die verblyf van Sendelinge in die afsonderlike gemeentes onder afsonderlike direksies en onafhanklik van die Kerkraad, het op Stellenbosch daartoe aanleiding gegee dat die Kerkraad aan sendeling Bakker voorgestel het om voortaan as onderwyser van die heidene in die Gemeente werksaam te wees, onder direkte toesig en uit naam van die Kerkraad.

Bakker het die aangebode hand van vriendskap aangeneem en homself per brief geneë verklaar „om uit naam en onder het opzigt van den Kerkenraad ... als onderwyser der Heidenen” op te tree en hom met die oog hierop te laat eksamineer.⁷⁴⁾ Die ondersoek is gevolglik waargeneem deur die predikant in teenwoordigheid van die oudste ouderling, waarna hy „een zeer voldoende en loflijk getuigenisse van deszelfs kundigheid in de leere en goed stigtelijk gedrag” ontvang het.⁷⁵⁾

Uit die onderhandelinge met Bakker gevoer, blyk duidelik dat die Kerkraad se onsimpatieke houding veral terug te voer was na die handelwyse van Desch wat na Bakker se vertrek 'n skool vir slawekinders onder 'n afsonderlike direksie en buite die Kerkraad om, opgerig het. Bakker het tot verontskuldiging aangevoer dat hy wel by sy vertrek versoek het dat sy werk in verband met die skool voortgesit moes word, maar dat hy niks te doen gehad het met die wyse waarop dit uitgevoer was nie.⁷⁶⁾

Die resultaat van hierdie nuwe verstandhouding was dat die Kerkraad 'n rukkie later kon berig dat „de verwarring waarvoor men weleer reede had te vreezen door den ongeregelden aanleg van in zich zelve anders zeer loflijk pogingen tot onderwijs der Heidenen binnen de Kerkelijke limieten, gelukkig afgekeerd is, doordien de alhier domicilieerende zendeling Bakker, na een voorafgegaan examen door eene Kerkraads

⁷²⁾ *Ibid.* (28 Junie 1801).

⁷³⁾ *Res. Kerkr. Kaapstad* (3 Aug. 1801) 1791—1802.

⁷⁴⁾ *Not. Kerkr. Stellenbosch* (22 Julie 1804) 1804—1809, IV.

⁷⁵⁾ *Ibid.* (4 Okt. 1804).

⁷⁶⁾ *Ibid.*

commissie dit nuttig werk uit deszelfs naam verrigt, en zich in alle opzichten zeer loflijk onderscheid, niet alleen door vlijt en iever in zijnen pligt, maar ook door gepaste observance der op dit stuk voorgeschrevene wetten." 77) Bakker het met hierdie belangrike werk onder toesig van die Kerkraad volgehou tot in 1821. 78)

Hoewel 'n sekere Paulsen in Desember 1806 die reg van die Kerkraad van Drakenstein ontvang het om „uijt liefde voor de Godsdienst" die slawe wat daartoe geneë mag wees te onderwys in spel en lees en tewens om in die distrik op sekere dae tot bevordering van die kennis in die Heilige waarhede, oefeninge te hou, 79) het dit tot 1813 geduur voordat 'n oefeninghuis deur genoemde Paulsen en verskeie vriende aan die Paarl opgerig is met die oogmerk om driemaal in die week aan Heidene daarin onderwys te gee en hulle te leer lees, sodat hulle in staat sou wees om die leer van die Kerk en die Heilige Skrif te lees. 80)

Nie veel is gedurende hierdie jare gedoen om deur onderwys of andersins die ander seksies van die nie-blanke bevolking, te wete die Boesmans en die Kaffers te beskaaf nie. In hierdie verband is slegs 'n paar vroeër sporadiese pogings van Sendelinge te vermeld. Kicherer en Edwards het na hulle vertrek uit Kaapstad in 1799 doelbewuste pogings aangewend om die uiters onbeskaafde Boesmans tot 'n beter leefwyse te bring. Hulle het egter gou uitgevind dat met hierdie woeste struikrowers niks uit te rig was nie en moes hulle sending as 'n totale mislukking laat vaar. 81)

Ook die Kaffers is in hierdie tyd nog aan hulle woeste lot oorgelaat. Van der Kemp het wel in 1799 'n poging aangewend om van hulle te beskaaf toe hy hom onder Gaika se mense gevestig het, maar ook hy was verplig om van sy oorspronklike plan af te sien. 82) Al opvoeding wat hierdie mense geniet het, was nog maar steeds 'n sedelike en liggaamlike opvoeding wat hulle van ouer lede van hulle stam ontvang het. 83)

77) Sien *Ibid.* (4, 5 Okt. 1804 en 15 Maart 1805). Aangehaal deur Moorrees, *op. cit.*, p. 393.

78) Cruse, H. P., *op. cit.*, p. 5.

79) *Not. Kerkr. Drakenstein* (10 Des. 1806) 1806—1837, p. 9.

80) *Ibid.* (27 Okt. 1813), p. 75.

81) Du Plessis, J., *op. cit.*, p. 105.

82) *Ibid.*, p. 122.

83) Sien o.a. „Lichamelijke en Zedelijke Kinder-opvoeding der Caffers." Alberti, L., *Beschrijving der Caffers*, pp. 67—80.

HOOFSTUK X.

BESLUIT.

Ons het aan die einde gekom van ons uiteensetting van wat gedurende die bewind van die Bataafse Republiek aan die Kaap op die gebied van die onderwys onderneem is en van wat tot stand gebring is. Daar dit egter duidelik geword het dat hier gedurende die jare 1803 tot 1806 veel meer op die program van die hoofpersone in die drama gestaan het as wat in die praktyk werklikheid geword het, wil ons ten slotte vasstel wat dan wel die prestasies van die Bataafse Owerheid op hierdie gebied was en waarom daar nie meer van die ambisieuse planne tereg gekom het nie. By wyse van afsluiting wil ons dan die persoon wat die siel van die onderwysbedrywighede gedurende dié tyd hier was, in die regte perspektief plaas.

Niemand sou kon betwis dat die owerheid, met Kommissaris De Mist aan die spits, gedurende hierdie jare wel deeglik doelbewuste pogings aangewend het om verbetering te bring in 'n saak wat helaas nie die aandag owerheidsweë geniet het waarop dit met reg aanspraak kon maak nie. Die geskiedenis van die onderwys aan die Kaap gedurende hierdie jare, neem dan ook terég 'n aanvang by De Mist waar hy, nog voordat hy na die Kaap gekom het, as hoofpersoon by die opstel van die *Memorie* sy aandag geskenk het ook aan die heersende toestande in verband met die onderwys, en vervolgens nadat hy aangewys was om sake hier te kom reël, bedrywig was om hom deur middel van korrespondensie of andersins op die hoogte te stel aangaande die besondere behoeftes in hierdie verband aan die Kaap.

Nadat hy aan die Kaap aangekom het, het hy geen gras onder sy voete laat groei nie en al dadelik die verskillende Regeringsliggame op hulle besondere verpligtinge teenoor die onderwys van die jeug gewys en gevolglik hulle werksaamhede in hierdie verband duidelik vasgelê. Intussen was hy besig om homself verder op die hoogte te stel in verband met die heersende toestande en gebreke, ook in die mees afgeleë dele van die binneland. Bekend is hoedat hy met die oog hierop gekorrespondeer het met die betrokke predikante en landdroste, hoedat hy en

die Goewerneur beurtelings 'n reis na die binneland onderneem het om eerstehandse kennis op te doen en hoedat hy selfs die hulp ingeroep het van die pasgestigte Maatskappy Tot Nut van 't Algemeen en van 'n spesiale verteenwoordigende Kommissie wat hy met die doel saamgestel het. Dit was eers nadat hy op hierdie manier haarfyn die toestand te wete gekom het en die behoeftes aangevoel het, dat hy besluit het om die gebreke aan te suiwer met behulp van 'n noukeurig en in besonderhede uitgewerkte skoolorder. Hierdie reusewerk kenmerk dan ook die hoogtepunt in die progressiewe werk wat hy in verband met onderwys sake aan die Kaap verrig het.

Dit het duidelik geword dat hy hierdeur die onderwys van blankes in al sy aspekte en met die oog op die uiteenlopende vertakkinge daarvan wou reël en dat hy nie alleen hiertoe die nodige masjinerie wou daarstel nie maar ook die moontlikhede wou skêp om die masjinerie aan die gang te hou; vandaar die tweede deel van sy skoolorder wat bestaan het uit sy belastingsvoorstelle. Hiermee het gepaard gegaan twee idees wat op hulle beurt weer hand aan hand gegaan het, nl. dat onderwys sonder meer 'n saak van die staat is en dat die skole los moes wees van die direkte invloed en gesag van die Kerk.

Hierdie skoolorder het egter nie 'n dooie letter gebly nie. Nog in dieselfde maand dat De Mist sy werk as afgedaan beskou het en sy terugreis aanvaar het, is 'n eerste begin gemaak met die uitvoering daarvan, en wel toe die Skoolkommissie in ooreenstemming met sekere bepalings van die skoolorder saamgestel is. Bekend is ook hoedat ten minste die predikant en die Landdros van Stellenbosch gebruik gemaak het van die mag aan hulle verleen, en as 'n soort van plaaslike Kommissie bedrywig was om ook die taak wat op hulle gelê was, te behartig. Bekend is ook hoedat die hoofkommissie vervolgens bedrywig was om uitvoering te gee aan verdere bepalings van die Skoolorder en hoedat deur hulle bemiddeling 'n skool vir jong dogters, soos deur De Mist bepaal, in die Hoofstad geopen is.

Hoewel dit nie moontlik is om baie gevalle aan te dui waar letterlik uitvoering gegee is aan die bepalings in die skoolorder vervat nie, het dit tog darem duidelik geword dat nog verskeie ander aspekte van die onderwys voordeel getrek het uit die feit dat die skoolorder hierdie sake so pertinent onder die aandag gebring het. Hoewel die beoogde Kweekskool vir die opleiding van onderwysers nie tot stand gekom het nie, het ons tog darem van pogings verneem om hierin verbetering te bring. In die gees van die Skoolorder het ook die Latynse skool die aandag geniet en is owerheidsweë selfs doelbewuste pogings aangewend met die oog

op algehele verbetering van die onderwys in die buiteland. In 'n paar gevalle is selfs die diensvoorwaardes van onderwysers verbeter, in so verre dat hulle verseker is van hulle salarisse.

Ons sou egter tot die slotsom kom dat van die „verligte” idees van De Mist nie veel tereg gekom het nie. By 'n aanduiding van die redes hiervoor, dink ons daaraan hoedat die Kommissaris versuim het om die tweede deel van sy Skoolorder, wat die belastingsvoorstelle behels het, te laat publiseer, hoewel die eerste gedeelte in agtereenvolgende nommers van die *Kaapsche Courant* verskyn het. Die rede hiervoor moet in die eerste instansie daarin gesoek word dat De Mist gevrees het dat dit nie 'n goeie ontvangs sou geniet nie; die blote idee van belastings vir onderwysdoeleindes was 'n vreemde. Origens was hy voldoende gewaarsku deur die persone en liggame wat hy geraadpleeg het, dat so'n stap geensins gewild sou wees nie.

In hierdie versuim om die tweede deel van sy Skoolorder te publiseer en gevolglik om die belastings daarin vervat, te hef, moet dan ook waarskynlik die vernaamste rede gesoek word vir die feit dat daar nie meer van sy hele skema tereg gekom het nie. Voldoende fondse was 'n voorvereiste om van die skema wat hy beoog het 'n sukses te maak. Tereg kon die Skoolkommissie in 1809 dit bekla dat die tweede deel van die Skoolorder nie in werking gebring was nie en dat hulle derhalwe nie in staat was om hulle werk behoorlik te verrig nie en maar steeds afhanklik was van finansiële toeseggings van die kant van die Regering.¹⁾ Dat dit 'n groot struikelblok was wat die uitvoering van De Mist se idees in die weg gestaan het, was trouens ook die mening van die Onderwyskommissie van 1863.²⁾

'n Mens sou wel die twyfel kon uitspreek of die stelsel van De Mist met algehele welslae ingevoer sou kon gewees het, gestel die nodige fondse was wel voorhande. Ons het wel tot die slotsom gekom dat De Mist nie juis sy tyd so ver vooruit was nie en dat hy wel deeglik in moederaarde gewortel het. Tog moet ons erken dat die Kommissaris by die toepassing van idees wat so pas hulle verskyning in Europa gemaak het, te haastig tewerk gegaan het en dat die toepassing daarvan onder die destyds konserwatiewe bevolking aan die Kaap, deur hulle as 'n uiters rewolusionêre daad beskou is. Geen wonder dat sy Skoolorder deur hulle as 'n „irreligious ordinance” bestempel is.³⁾ Tereg kon De Montmorency hieromtrent aanteken: „In 1804 he (De Mist) found it possible

¹⁾ Report School Commission, 1809, *Report Educ. Commission* 1863, App. V, No. 12.

²⁾ *Report Educ. Commission* 1863, p. 28.

³⁾ Vgl. De Montmorency, J. E., *State Intervention in English Education*, p. 150.

to place upon the Statute Book all those principles regarding the elementary education of the masses which Mr. Robert Lowe in 1863 in England after a long and bitter struggle incorporated in his Revised Code." ⁴⁾ Betekenisvol in hierdie verband is ook die opmerking van die Skoolkommissie in 1809 waar hulle geskrywe het dat die toepassing van die stelsel onmoontlik was, want „all improvements and alterations should be introduced gradually and slowly, with a constant attention to the real state of the society in which we live here. This society, in point of general civilization, being less advanced than the societies in Europe does not admit all at once, and as with a leap, even, real and incontestible improvement, of which indeed even societies in Europe have not been susceptible till lately." ⁵⁾ Uit hierdie oogpunt gesien sou ons ten minste kon beweer dat De Mist nie genoegsaam rekening gehou het met plaaslike omstandighede nie.

Uit die voorafgaande het dit genoegsaam duidelik geword dat die enigste rede waarom so min van De Mist se idees aan die Kaap tereg gekom het, nie gesoek moet word in die feit dat die Bataafse owerheid, aangesien die Kaap kort daarna andermaal in Engelse hande oorgegaan het, nie tyd gehad het om daaraan uitvoering te gee nie. Tog sou ons moet erken dat laasgenoemde wel 'n terugslag in die weg van die uitvoering van die idees moes gewees het en dat die „klok ongetwyfeld daardeur 'n hele end teruggesit is." In die lig hiervan is dit maklik te begryp dat hierdie idees feitlik geen invloed uitgeoefen het op die onderwysreëlings gedurende die jare wat onmiddellik op die oorname deur die Engelse gevolg het. Dit verbaas ons dan ook nie dat hoewel die Skoolkommissie, wat bly voortbestaan het soos in 1805 saamgestel, in sy rapport van 1807 nog uitvoerig melding gemaak het van die Ordonnansie van De Mist, ⁶⁾ dit in sy rapport van 1809 hom uitgelaat het oor die onuitvoerbaarheid van die stelsel. ⁷⁾ Uit die Rapport wat P. J. Truter as Kommissaris van die Rondgaande hof in Februarie 1824 voorgelê het aangaande die toestand van die skole onder regeringstoelig, blyk dat in daardie jaar daar nie 'n enkele skool onder die bestuur van die Kommissie was wat gestig of bestuur was in ooreenstemming met die Skoolorder van De Mist nie. ⁸⁾ Intussen is selfs die samestelling van die Skoolkommissie

⁴⁾ *Ibid.*, p. 149.

⁵⁾ Report School Commission, 1809, *op. cit.*

⁶⁾ Report School Com. 1807, *Report Educ. Com.* 1863, App. V, No. 11.

⁷⁾ Report School Com. 1809; *op. cit.*

⁸⁾ Report on the State and Progress of the Govt. Schools in 1824, *Report Educ. Com.* 1863, App. V, No. 19.

verander toe dit in 1813 gewysig is en sedert dien as die Bybel- en Skoolkommissie bekend geword het. Hierdie wysiging asook die veranderinge wat die instelling van die Voorleserskole van Cradock in 1812 ten gevolg gehad het, is deurgevoer sonder dat die Goewerneur, by wie toe die Wetgewende mag berus het, enige verwysing na die Ordonnansie van De Mist gemaak het; „it was passed over in silence, as if not in existence.”⁹⁾

Hoe dit ookal sy, die driejarige bewind van die Bataafse Regering aan die Kaap, was ook wat onderwyssake betref, nie tevergeefs gewees nie. Dit is gekenmerk deur 'n besondere mate van bedrywigheid en dit sal ongetwyfeld moeilik gaan om in die onderwysgeskiedenis van enige volk wat onder dergelike afgesonderde en pioniersomstandighede geleef het, 'n periode van drie jaar aan te wys wat hiermee gelyk staan. Die hoofpersoon in hierdie drama was Kommissaris Jacob Abraham de Mist, en die spil waarom alles gedraai het, sy „verligte” Skoolorder. Sy werk hier sal altyd bly staan as een van die glansryke hoogtepunte in die onderwysgeskiedenis van ons land, terwyl hyself as opvoedkundige 'n ereplek sal inneem in die ry van groot manne wat na hom gekom het. Ons stem derhalwe saam met Malherbe waar hy van die Skoolorder skrywe as „one of the most enlightened pieces of legislation that had ever been made in South Africa or in any country at that time One of the most suggestive contributions to educational theory, that has ever been made by one man in the history of South African Education.”¹⁰⁾ Geen wonder dat De Montmorency nie die versoeking kon weerstaan om hom besonder hoog aan te slaan waar hy hom beskrywe het as „one of the soundest educationalists of either the eighteenth or nineteenth centuries.”¹¹⁾

⁹⁾ *Report Educ. Com.* 1863, p. 37.

¹⁰⁾ Malherbe, E. G., *Educ. in S.A.*, p. 55.

¹¹⁾ De Montmorency, J. E., *op. cit.*, p. 149.

LITERATUUR EN BRONNE.

I. GESKIEDKUNDIGE WERKE.

A. ALGEMENE.

- Blok, P. J.: *Geschiedenis van het Nederlandsche Volk*, Dl. VI, Groningen, 1904.
- Du Plessis, C. J. N.: *Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders*. Amsterdam, 1898.
- Du Plessis, J.: *A History of Christian Missions in South Africa*. Londen, 1911.
- Geyer, A. L.: Die Stellenbosse Gemeente in die Agtiende Eeu. *Annale Univ. Stellenbosch*, Jaargang IV, Reeks B. (Junie 1926.)
- Gie, S. F. N.: *Geschiedenis van (vir) Suid-Afrika* (twee dele). Stellenbosch, 1924 en 1928.
- Hofmeyr, J. H.: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan.)* Kaapstad, 1913.
- Hoge, J.: Die Geschiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap. *Archief Jaarboek vir S.A. Gesk.*, Jaargang I, Dl. II. Kaapstad, 1938.
- Theal, G. M.: *History of South Africa Before 1795*, III. Londen, 1922.
- Theal, G. M.: *History of South Africa Since 1795*, I. Londen, 1915.
- Thom, H. B.: *Die Geschiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika*. Amsterdam, 1936.
- Van Berckel, G. J. A.: *Bijdrage tot de Geschiedenis van het Europeesch Opperbestuur over Nederlandsch Indie, 1780—1806*. Leiden, 1880.

B. SPESIALE.

- Cole, R.: *A History of Educational Thought*. Londen, 1931.
- Craik, H.: *The State and Education*. Londen, 1884.
- Cruse, H. P.: *Geskiedkundige oorsig van Kleurlingonderwys*. Herdruk uit verslag van Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie — gepubliseer 1937 — Bylaag 48.
- De Montmorency, J. E. G.: *State Intervention in English Education*. Londen, 1902.
- De Zeeuw, P.: *De Worsteling om het Kind. De Stryd om een vrye School*. Amsterdam, 1925.
- Du Toit, P. S.: *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652—1795. 'n Kultuur-Historiese Studie*. Kaapstad, 1937.
- Du Toit, P. S.: *Onderwys in Drakenstein gedurende 'n Anderhalwe Eeu, 1689—1839. Kwartmillenium Gedenkboek, Paarl (Drakenstein) Gemeente 1691—1941*, pp. 283—349. Paarl, 1941.
- Du Toit, P. S.: *Onderwys in Kaapland, 1652—1939. 'n Historiese Oorsig*. Pretoria, 1940.
- Franken, J. L. M.: *Huisonderwys aan die Kaap (1692—1732)*. *Annale Univ. Stellenbosch*, Jaargang XII, Reeks B, Afl. I (Julie 1934).
- Hall, W. C.: *The State and the Child*. Londen, 1917.

- Hoge, J.: *Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de Eeu. Annale Univ. Stellenbosch*, Jaargang XII, Reeks B, Afl. I (Julie 1934.)
- Kellermann, J. E.: *Die Geskiedenis van die opleiding van Blanke Onderwysers in S.A., 1652—1936*. Ongepubliseerde proefskrif vir D. Educ., Univ. Stellenbosch, 1936.
- Malherbe, E. G.: *Education in South Africa (1652—1922)*. Kaapstad, 1925.
- Martin, A. D.: *Doctor Van der Kemp*. Westminster, S.W. I (sonder datum.)
- Martinius, M. E.: (tans mevr. McKerron) *A Sketch of the Development of Rural Education (European) in the Cape Colony, 1652—1910*. Grahamstad, 1922.
- McKerron, M. E.: *A History of Education in South Africa (1652—1932)*. Pretoria, 1934.
- Moorrees, A.: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652—1873*. Kaapstad, 1937.
- Reisner, E. H.: *Nationalism and Education since 1789*. Nu-York, 1923.
- Rombouts, F. S.: *Historiese Pedagogiek. Grote Lijnen der Geschiedenis van het opvoedkundig denken en doen in doorlopend verband met de Kultuurontwikkeling (2 dele)*. Tilburg, 1927.
- Van der Merwe, J. P.: *Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803—1806*. Amsterdam, 1926.
- Venter, C. R.: *Die ontwikkeling van die Onderwys in Tulbagh, 1700—1905*. Ongepubliseerde M.Educ.-thesis, Univ. S.A.
- Venter, E. L. J.: *Die verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika*. Amsterdam, 1929.
- Versluys, J.: *Geskiedenis van de Opvoeding en het Onderwys vooral in Nederland, Dele III en IV*. Groningen, 1878 en 1879.

II. LETTERKUNDIGE BRONNE.

- Alberti, L.: *Beschrijving der Caffers*. Amsterdam, 1810.
- Barnard, Lady Anne: *South Africa a Century Ago*. Londen, 1910.
- Barrow, J.: *Travels into the Interior of Southern Africa*, I en II. Londen, 1806.
- Besselaar, G.: *Zuid-Afrika in de Letterkunde*. Amsterdam, 1914.
- Borcherds, P. B.: *An Auto-biographical Memoir*. Kaapstad, 1861.
- Burchell, W. J.: *Travels in the Interior of Southern Africa (2 dele)*. Londen, 1822 en 1824.
- Campbell, J.: *Travels in South Africa*. Londen, 1815.
- Gleanings in Africa*. By an English Officer. Londen, 1806.
- Godee Molsbergen, E. C.: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd*. (4 dele. Deur Linchoten Vereniging). Den Haag, 1916, 1922 en 1932.
- Latrobe, C. J.: *A Journal of a visit to South Africa*. Londen, 1821.
- Lichtenstein, H.: *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805, 1806*. (2 dele, uit Duits vertaal. Van Riebeeck Vereniging Nos. X en XI). Kaapstad, 1928, 1930.
- Moodie, J. W. D.: *Ten Years in Southern Africa*. Londen, 1835.
- Percival, R. C.: *The Cape of Good Hope*. Londen, 1804.
- Semple, R.: *Wandelingen en Schetsen aan de Kaap de Goede Hoop, en Reis van Kaapstad naar Plettenbergsbaai (Uit Engels vertaal)*. Amsterdam, 1804.
- Teenstra, M. D.: *De Vruchten mijner werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug over St. Helena naar de Nederlanden*, I. Groningen, 1830.
- Von Bouchenroeder, B. F.: *Reize in de Binnelanden van Zuid-Afrika gedaan in den jare 1803*. Amsterdam, 1806.

III. ARTIKELS IN/EN PERIODIEKE PUBLIKASIES.

- African Court Calender* — Compiled by Geo. Ross. Jare 1807—1814.
- Beschrijving van Stellenbosch, deur ds. M. Borchers. *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*, II, 1825.
- Cillié, G. G.: Die Onderwys aan die Kaap. *Populair Wetenskaplike Leesboek*, Dl. II. Kaapstad, 1919.
- Eybers, E.: Hoofstukke uit die Geskiedenis van Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Derde Jaargang (Mei 1925) en Vierde Jaargang (Aug. en Nov. 1925.)
- Iets over de Zendingen aan de Kaap de Goede Hoop (Geskrywe deur Janssens „in 't Hoofd-kwartier aan de Kaap de Goede Hoop, 9 Mei 1805) *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*, VI, 1829.
- Inwijding van de Kerk voor de Heidenen te Stellenbosch, met eene korte schets van hetgeen de Zuid-Afrikanen hebben gedaan ter verlichting en beschaving der Heidenen. *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*, I, 1824.
- Kaapsche Almanack: Lyst van Collegien, Civile en Kerkelijke Ambtenaaren in de Bataafsche Volkplanting*, 1806.
- Kaapsche Courant*, 1803—1806.
- Kandel, I. L.: The State of Education in Europe. *Teacher's College Record*, Mei 1930.
- Rede ter gelegenheid van het vyf-en-twintig jarig bestaan van het Zuid-Afrikaansch Zendingelings Genootschap, ter uitbreiding van het Evangelie van Christus onder de Heidenen binnen deze Volkplanting, opgerigt aan deze Hoofdplaats den 22 April 1799 (uitgespreek by viering, 3 Des. 1824 deur ds. J. C. Berrange.) *Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift*, II, 1825.
- Report Education Commission* 1863. (Watermeyer Kommissie).

IV. UITGEGEWE ARGIVALE BRONNE.

- De Mist, J. A.: *Memorie over de Caab*. (Van Riebeeck-Vereniging, No. III). Kaapstad, 1920.
- Dreyer, A.: *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in S.A.* Kaapstad, 1936.
- Plaacaats, Resolutions, Proclamations, Government Advertisements, Minutes, Reports etc. on Education from 1676—1863. Bylaag V By *Report Education Commission*, 1863.
- Spoelstra, C.: *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika*. (2 dele). Amsterdam, 1906.
- Theal, G. M.: *Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika*, III. Kaapstad, 1911.
- Theal, G. M.: *Records of the Cape Colony*, 1800—1803, en 1803—1806. Kaapstad, 1899.

V. ONUITGEGEWE ARGIVALE BRONNE.

A. IN KAAPSE STAATSARGIEF.

- Bataviasche Correspondentie* 1803—1805, B.R. 91.
Besluiten van het Staatsbewind aan Com. De Mist, 1802, B.R. 101.
Brieven aan Commissaris De Mist, 1802, B.R. 106.
Brieven van Commissaris De Mist, 1802, B.R. 104.
Brieven van Commissaris De Mist aan het Bataafse Goevf. 1802—1804, B.R. 105.
Brieven van Go. Janssens op zijn Landreizen gez. 1803, B.R. 93.
Bijlagen tot de Resolutien (R. van Politie) 1803—1806, B.R. 33—74.
Bijlagen tot de Secrete Resolutien (R. v. Politie) 1803—1805, B.R. 77.
Churches 1819, C.O. 237.
Contracten tusschen Vrijburgers en Dezelve Knechts 1714—1715, C.J. 1128.
Extracts Relating to Education (Afgeskryf deur Leibbrandt e.a.)
Inkomende Brieven 1803, B.R. 87.
Inkomende briewe aan Skoolkommissie (Stellenbosch) 1817—1821, 22/177.
Instructiën 1802—1805, B. R. 114.
Instructiën voor den Raad van Politie, Raad van Justitie, Landdrosten, Heemraden, Veldcornets enz. 1803, B.R. 117.
Instruksies vir onderwysers, Konsep-plan ter verbetering van die onderwys, Skoolwette, skoolrapporte, en ander dokumente van die Skoolkommissie (Stellenbosch) 1805—1835, 22/183.
Kaapsch Rapport 1802, B.R. 86.
Kladnotule Skoolkommissie Stellenbosch 1806—1821, 22/170.
Letters despatched within the Colony 1802—1803, B.O. 55.
Letters from Stellenbosch 1800—1802, B.O. 23.
Letters received from Churches 1795—1802, B.O. 29.
Minuteels Brieven Bataafsche Commissarissen 1802—1803, B.R. 103.
Notulen den Dagverhaal van Commissie van Veeveelt en Landbou 1805, B.R. 98.
Notulen van Commissaris De Mist, 1802—1805, B.R. 107—112.
Ordonnantie rakende het Bestuur der Buiten-distrikten enz. 1805, B.R. 116.
Origineel Placaatboek 1803—1806, B.R. 115.
Overgave der Kaap 1795, V.C. 76.
Proclamatien Com. De Mist 1803, B.R. 118.
Register op de Resolutiën (R. v. Politie), B.R. 135.
Requesten om Employooy 1803—1804, B.R. 81.
Resolutiën Politieke Raad (Kompanjie), 1769, C. 61; 1772, C. 64; 1777, C. 69; 1790, C. 88; 1794, C. 101.
Resolutiën van den Raad van Politie, 1803—1806, B.R. 1—14.
Revolt at Swellendam 1795, S.W.M. 12/90.
Secrete Notulen (De Mist) 1802—1804, B.R. 100.
Secrete Resolutiën (R. v. Politie), 1802—1806, B.R. 75—77.
Uitgaande Brieven, 1802—1806, B.R. 88, 89 (Buiteland), 90 (alhier), 92.
Verhandeling omtrent het geene gedaan behoort te worden indien de Hollandsche Volkplanting aan Afrika's Zuidelijk voorgebergte bij de Vrede weder aan de Bataafsche Republiek terugkomt, deur J. W. Janssens „aan boord Cartel-schip Bellona, den 10 Meij 1806” (Getikte kopie gemaak van 'n handskrif-kopie deur prof. S. P. Engelbrecht gemaak van die oorspronklike stuk in die Ryksargief, Den Haag.)

B. IN KERKARGIEWE.

- Resolutiën Kerkraad Kaapstad*, 1791—1812. (Kerkargief, Kaapstad.)
Notulen Kerkraad Stellenbosch, 1755—1809. (Kerkargief, N.G. Kerk, Stellenbosch.)
Onderwys-Gesorteerde Stukke. (Kerkargief, N.G. Kerk, Stellenbosch.)
Notulen Kerkraad Drakenstein, 1784—1837. (Kerkargief N.G. Kerk, Paarl.)
Notulen Kerkraad Roode Zand (Tulbagh) 1771—1830. (Kerkargief, Kaapstad.)
Notulen Kerkraad Swartland, 1750—1829. (Kerkargief, Kaapstad.)
Swartland Brieweboek 1743—1828. (Kerkargief, Kaapstad.)
Notulen Kerkraad Graaff-Reinet, 1798—1826 (Kerkargief, N.G. Kerk, Graaff-Reinet.)
Notulen Kerkraad Swellendam, 1798—1810. (Kerkargief, N.G. Kerk, Swellendam.)
Korrespondensie Gemeente Swellendam, 1798—1822. (Kerkargief N.G. Kerk, Swellendam. Foutief op rug van band beskrywe as Notule — wel hoofsaaklik Inkomende briewe en ander Bylae.)

MONUMENT-REEKS

No. 1	Die Geboorte van Suid-Afrika. 'n Simboliese toneelspel, deur W. Hessels	2/-
No. 2	Trekvoëls. deur Sangiro	3/-
No. 3	Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers. deur J. van Melle	2/-
No. 4	Die Afrikaanse Psalmberyming, deur dr. G. Dekker	3/-
No. 5	Die Epos van Trichardt en Van Renaburg, deur Manfred Nathan	3/-
No. 6	Beatryx. 'n Middeleeuse Juweel. In Afrikaans oorvertel deur dr. P. C. Schoonees	2/-
No. 7	Opstelle oor Poësie, deur H. A. Mulder	3/-
No. 8	Leengoed. Gedagtes oor Taal, Volksgeloof, Kultuur, deur dr. Abel Coetzee	2/-
No. 9	Die Nuwe Testament deur die eeue bewaar, deur Prof. dr. E. P. Groenewald	3/-
No. 10	Die Moderne Opvoeding, deur Prof. dr. J. C. Coetzee	3/-
No. 11	Gesprekke met Dr. W. J. Leyds, deur Kees van Hoek	3/-
No. 12	Berigte te Velde. Opstelle oor die idee van 'n Afrikaanse Letterkunde, deur N. P. van Wyk Louw	4/-
No. 13	Jan Lion Cachet met sy Sewe Duiwels, deur dr. P. J. Nienaber	3/-
No. 14	Dink vir Jouself. deur dr. P. C. Schoonees	3/-
No. 15	Da. S. J. du Toit, die eensame Ismael, deur dr. P. J. Nienaber	3/6
No. 16	Onderwys in Kaapland, 1652-1839, deur dr. P. S. du Toit	5/-
No. 17	Onderwys in Transvaal 1838-1938. 'n Historiese oorsig deur Prof. dr. J. Chr. Coetzee	5/-
No. 18	Onderwys in Natal 1824-1940, deur Dr. L. Steenkamp	5/6
No. 19	Onderwys in die Oranje Vrystaat, deur Thos. Blok (Op die pers).	
No. 20	Tokkelossie deur Dr. Abel Coetzee.—'n Bydrae tot die Afrikaanse Volkslewe en Taalkunde. Uitgegee in opdrag van die Universiteit van die Witwatersrand	4/-
No. 21	Sestig jaar belewenis van Dietse Kultuur, deur Prof. Dr. G. Besselaar	3/6
No. 22	Taalgeografie. Inleidende gedagtes oor Dialekstudie deur S. A. Louw (Universiteit van Pretoria)	5/-
No. 23	Fabrieksgeheimen deur J. Greshoff. Prys 5/- (gebind) Oor die ontstaan van poësie.	6/-
No. 24	Muze, mijn Vriendin deur J. Greshoff	5/6
No. 25	Bestendige Onbestendigheid deur O. van Oostrum	4/6
No. 26	Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek 1803—1806— deur P. S. du Toit	

J. L. VAN SCHAIK, BEPK., UITGEWERS, PRETORIA.

